UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DS L E BRANDT (1873 - 1939)
# AS KERKLIKE LEIER EN BOUER

deur

HENDRIK JACOBUS BOTES

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

DOCTOR DIVINITATIS

in die vak

KERKGESKIEDENIS

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE, AFDELING A

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF. DR. A.D. PONT

Oktober 1989.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opgedra aan Hulda,


Nico, Carlien, Wilhelm

en Jobeth.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DS LOUIS ERNST BRANDT



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## VOORWOORD

Dit is my aangename plig om dank te betuig aan 'n aantal persone en instansies wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie studie te voltooi.

In die eerste plek wil ek my promotor, prof dr A D Pont, van harte ~~te~~ bedank vir sy rigtinggewende en bekwame leiding. Blootstelling oor 'n lang periode aan hierdie geniale en kleurryke persoon se sprankelende geaardheid en knap vakkundigheid was nie slegs hoogs betekenisvol nie, maar inderdaad 'n voorreg. Oor die lewe en werk van A D Pont as mens, en as'n geleerde van internasionale formaat, sal in die toekoms beslis nog veel gesê word.

Ek is ook veel dank verskuldig aan proffe J P Oberholzer en G M M Pelser, onder wie se toegewyde leiding ek my byvakke vir die doktorale studie kon voltooi. Meteen wil ek ook my waardering betuig aan proffe B J Engelbrecht, F J van Zyl en wyle J I de Wet, wat saam met die bogenoemde drie geleerdes my in die wonderwêreld van die teologie ingelei het.

Ek is ook verplig om my dank te betuig aan die volgende instansies wat my in staat gestel het om noodsaaklike navorsing in Nederland te kon gedoen het: die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Hoofbestuur van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging, die Van Ewijck Stigting, Stichting Neerlandia, die Nederduitsch Hervormde Gemeente Bethal en die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging se Stichting



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Studiefonds Voor Zuidafrikaanse Studenten.

Graag wil ek ook die volgende persone bedank, wat my besonder behulpsaam was tydens my verblyf in Nederland: ds B J van Wyk, proffe Ido Enklaar en De Waard, asook hulle eggenotes; mnr B Bakker van Niezijl, mnr Kruijswijk-Jansen van Velp en in besonder dr A de Groot van die Theologisch Instituut van die Rijksuniversiteit van Utrecht. Hierby in aansluiting, wil ek ook my dank betuig aan die personeel van die Bibliotheek der Rijksuniversiteit Utrecht, die Rijksarchief van Utrecht, die Gemeentearchief van Utrecht, die Gemeentearchief van Rheden en die NZAV-archief in Amsterdam.

My hartlike dank aan mnr Riek van Rensburg, argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk en sy vriendelike, hulpvaardige assistente, mev Myburgh. Sonder die buitengewone moeite van die wellewende mnr Riek van Rensburg sou my studie nie na wense kon vorder nie.

Ek is ook veel te danke aan die volgende kinders van wyle ds L E Brandt vir waardevolle inligting: mev Emmie Kellerman van Pietersburg, ds A Brandt van Vancouver en mev Mira Dunant van Genève. Laasgenoemde wil ek veral bedank vir haar volhardende korrespondensievoering en die gulhartige wyse waarop sy my en my vrou tydens die somer van 1988 in Genève ontvang het. Namens die hele Nederduitsch Hervormde Kerk bedank ek haar vir waardevolle Brandtiana wat sy aan my oorhandig het vir bewaring in die kerkargief in Pretoria.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mev Emmie Kellerman word bedank vir kosbare foto-materiaal wat sy verskaf het.

Ek is ook veel dank verskuldig aan wyle prof C H Rautenbach vir sy bydrae waardeur interessante perspektiewe op die gekompliseerde historiese tydvak 1900 - 1939, geopen is. My talle gesprekke met hom oor die fase van die geskiedenis sal 'n verrykende ervaring bly.

'n Opregte woord van dank aan een van my ouderlinge op Bethal, die enigmatiese ouderling Klasie van Rensburg vir sy belangstelling en steun.

'n Opregte woord van dank aan mev Marietjie le Roux van Bethal vir die tik van die manuskrip. Haar toewyding en geduld, asook die puik werk deur haar gelewer kan nie hoog genoeg waardeer word nie.

Dan wil ek ook mnr W A S Gouws (oom Fanie) van Bethal, bedank vir sy kritiese proeflees van die manuskrip.

By wyse van herinnering wil ek ook my ouers huldig, wie se opvoeding en aanmoediging dit vir my moontlik gemaak het om in vryheid te kon studeer.

My dank ook aan my skoonmoeder, mev C E N Heyns wat deur die jare vir my en my gesin 'n bron van inspirasie was. Haar liefde en sorg was deur die jare onmisbaar.

Afgesien van drie en 'n half maand se opgehoopte studieverlof in die buiteland, is hierdie studie afgehandel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onder al die bedrywighede heen van normale gemeentelike werk. In die lig van die veeleisende omstandighede wil ek my innige dank betuig aan my vrou en kinders vir hulle liefde, geduld en ontberings. Ek dra hierdie proefskrif aan julle op as 'n klein blykie van waardering.

H J Botes



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| | VOORWOORD | iv |
| INLEIDEND | | 1 |
| 1 | Inleiding | 1 |
| 2 | Aanleiding tot ondersoek | 2 |
| 3 | Vraagstelling | 2 |
| 4 | Opset en metode van ondersoek | 3 |
| HOOFSTUK 1 - AFKOMS EN JEUGJARE | | 6 |
| 1 | Afkoms | 6 |
| 2 | Jeugjare | 8 |
| 3 | Skoolloopbaan | 13 |
| 4 | Aantekeninge | 14 |
| HOOFSTUK | 2 - AAN DIE UTRECHTSE AKADEMIE 1893 - 1898 | 17 |
| 1 | In Utrecht | 17 |
| 2 | Brandt se leermeesters | 19 |
| 2.1 | Die ryksbenoemde hoogleraars | 19 |
| 2.1.1 | Die sinodaalbenoemde hoogleraars | 22 |
| 2.1.2 | Opsomming | 22 |
| 3 | Die teologiese klimaat in die Nederlandse Hervormde Kerk in die algemeen tydens L E Brandt se studiejare | 24 |
| 3.1 | Reaksie teen die gees van die tyd | 26 |
| 3.2 | Die Réveil | 26 |
| 3.2.1 | Die ontstaan van die Reveil-beweging | 26 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.2 | Die ontstaan en denke van die Reveil in Nederland | 26 |
| 3.3 | Die eties ireniese rigting | 29 |
| 4 | Brandt se betrokkenheid by studente-aktiwiteite | 36 |
| 4.1 | Kerklik-godsdienstige aktiwiteite | 36 |
| 4.1.1 | Die Theologisch Litterarisch Gezelschap "Secor Dabar" te Utrecht | 36 |
| 4.1.2 | Brandt se betrokkenheid as lid van Eltheto en die NCSV | 40 |
| 4.2 | Bandt se betrokkenheid by studente-organisasies van kulturele aard | 44 |
| 5 | Aantekeninge | 49 |
| HOOFSTUK 3 - VOLTYDS IN DIENS VAN DIE NCSV | | 57 |
| 1 | Aantekeninge | 64 |
| HOOFSTUK 4 - IN DIE PASTORIE VAN NIEZIJL | | 67 |
| 1 | Sy huwelik | 70 |
| 2 | Die Brandts verhuis na Suid-Afrika | 81 |
| 3 | Brandt neem afskeid van Niezijl | 83 |
| 4 | Aantekeninge | 85 |
| HOOFSTUK 5 - VAN NIEZIJL NA TRANSVAAL | | 89 |
| 1 | Aantekeninge | 119 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 6 - PREDIKANT VAN ZOUTPANSBERG/WATERBERG 1904 - 1908 125

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Inleiding | 125 |
| 2 | Bevestiging as predikant van Zoutpansberg/Waterberg | 129 |
| 3 | Brandt se posisie in die Hervormde kerk | 139 |
| 4 | Die gesindheid jeens Brandt | 142 |
| 5 | Brandt se veeleisende taak | 145 |
| 6 | Brandt as prediker | 154 |
| 7 | Positiewe steun vir Brandt se opbouwerk | 157 |
| 8 | Brandt se bydrae op Potgietersrus en Louis Trichardt | 176 |
| 9 | Brandt se verhouding met sy kollegas | 178 |
| 10 | Brandt se arbeid begin vrugte afwerp | 182 |
| 11 | Brandt en onderwys en opleiding in Noord-Transvaal 1904 - 1908 | 188 |
| 11.1 | Brandt as vurige voorstander van CNO-skole | 189 |
| 11.1.1 | Die oorsprong van die CNO-skole | 189 |
| 11.2 | Die Brandts se spinskool | 199 |
| 12 | Brandt se sosiale en kulturele bydrae | 205 |
| 13 | Brandt se reis na Holland | 211 |
| 14 | Brandt se pastorie- en gesinslewe | 213 |
| 15 | Brandt neem afskeid van Zoutpansberg/Waterberg | 218 |
| 16 | Slotopmerkings | 222 |
| 17 | Aantekeninge | 223 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 7 - EERSTE VASTE PREDIKANT VAN JOHANNESBURG 1908 - 1924 268

1 Die Nederduitsch Hervormde gemeente van Johannesburg - Die eerste jare van opbou 268

2 Ds L E Brandt - vir sestien jaar lank predikant in Johannesburg 272

3 Brandt as prediker in Johannesburg 288

4 Brandt se deelname aan sosiale opheffingswerk aan die Rand 292

5 Brandt se deelname aan sosiale aktiwiteite in die Goudstad 302

6 Brandt se bydrae tot onderwys 304

7 Brandt en partypolitiek 311

7.1 Rebellie van 1914 311

7.2 Brandt kandidaat vir die Nasionale Party in 1915 314

7.3 Die Nasionale Vroue-Party 320

7.4 Die staking en opstand van blanke werkers in 1922 320

8 Brandt se bydrae in die Nederduitsch Hervormde Kerk in die algemeen vanaf 1908 - 1924 324

9 Brandt en die Ruysch van Dugteren-saak 328

9.1 'n Bondige agtergrondskets 328

10 Voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1916 - 1937 338



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 11 | Brandt se rol in die totstandkoming van die kerk se teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria | 338 |
| 11.1 | Agtergrond | 338 |
| 12 | Brandt en die Van Broekhuizen saak | 349 |
| 12.1 | Agtergrond | 349 |
| 13 | Brandt se aandeel in die sendingwerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk | 362 |
| 14 | Brandt se rol om die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk se gevoel van eie waarde te verhoog | 373 |
| 15 | Ongewone huislike omstandighede | 386 |
| 16 | Brandt se eerste besoek aan lidmate in Oos-Afrika | 392 |
| 16.1 | Die Nederduitsch Hervormde Kerk in Oos-Afrika - 'n kort oorsig | 392 |
| 17 | Terug in Johannesburg | 402 |
| 18 | Afskeid van Johannesburg | 403 |
| 19 | Aantekeninge | 404 |

HOOFSTUK 8 - BRANDT PREDIKANT VAN VEREENIGING EN HEILBRON 1923 - 1930 428

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Die ontstaan van Vereeniging | 428 |
| 1.2 | Die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde gemeente: Vereeniging | 430 |
| 2 | Die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde gemeente: Heilbron | 435 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 3 | Brandt se arbeid in Vereeniging - Heilbron kombinasie as gemeentepredikant | 437 |
| 3.1 | Vereeniging | 437 |
| 3.2 | Heilbron | 440 |
| 4 | Brandt en die eerste geestelike liederebundel in Afrikaans | 447 |
| 5 | Die teologiese fakulteit van die Nederduitsch Hervormde kerk aan die Transvaalse Universiteitskollege in die weegskaal. Brandt se aandeel om die behoud daarvan | 450 |
| 5.1 | B Gemser - 'n kort lewenskets | 452 |
| 5.2 | Die stryd rondom die aanstelling van Gemser | 452 |
| 5.3 | Die bedreiging van die Fakulteit in 1928 | 456 |
| 6 | Brandt en die Krugersdorpse weeshuis | 461 |
| 7 | Brandt besoek Oos-Afrika vir 'n tweede keer | 464 |
| 8 | Johanna Brandt se ontdekking van die druiwekuur | 468 |
| 9 | Brandt en die sosiale lewe van Vereeniging | 471 |
| 10 | Brandt neem afskeid van Vereeniging/Heilbron | 472 |
| 11 | Aantekeninge | 476 |

HOOFSTUK 9 - LAASTE TYDPERK 492

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Predikant van Turffontein-Kensington 1930 - 1939 | 492 |
| 2 | Brandt gedwing om af te tree as predikant van Turffontein vanweë sy vrou | 496 |
| 3 | Die ongewone pastorie van Turffontein-Kensington | 501 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 4 | Brandt se betrokkenheid in wyer verband as die gemeente Turffontein-Kensington | 505 |
| 4.1 | Bevordering van die Afrikaner se kultuur en taal | 505 |
| 4.2 | Maatskaplike- en liefdadigheidswerk | 509 |
| 4.2.1 | Die armblanke vraagstuk | 509 |
| 5 | Kerkwerk in wyer verband | 516 |
| 6 | Brandt en tussen-kerklike verhoudings | 519 |
| 7 | Uittrede as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering | 525 |
| 7.1 | Evaluasie van Brandt se rol as Voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 1916 - 1937 | 527 |
| 8 | Uittrede as predikant | 530 |
| 9 | Dood en begrafnis | 533 |
| 10 | Aantekeninge | 542 |

HOOFSTUK 10 - 'N WAARDERING VAN BRANDT SE TEOLOGIESE BENADERING EN SY ARBEID IN SUID-AFRIKA 555

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Aantekeninge | 562 |
| | SAMEVATTING | 564 |
| | SUMMARY | 567 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INLEIDEND

"In het verleden ligt 't heden,
In het nu wat worden zal.

Er is in het leven van de menschen samenhang en voortzetting; daarom is het noodig de geschiedenis te kennen, die ons dien samenhang aanwijst, zoodat wij uit het verleden onzen eigen tijd kunnen leeren kennen en onze toekomst kunnen vormen voorzoover die in onze eigen handen ligt."

L E Brandt

## 1 Inleiding

Louis Ernst Brandt 1873 - 1939, was vanaf 1904 tot en met sy dood in 1939 predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. In vele opsigte was hy 'n baanbreker wat met groot offervaardigheid, gestempel deur 'n waardige styl, meegewerk het aan die heropbou van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder, en die Afrikanervolk in die algemeen, in die periode na die Engelse Oorlog van 1899 - 1902. Prof C H Rautenbach, tipeer die periode ná die Engelse Oorlog as die belangrikste fase in die geskiedenis van die Afrikaner, omdat dit 'n periode van oorlewing of verdwyn was vir dié bepaalde volk. Van dit alles was Brandt 'n getuie, maar ook 'n hersteller van gebreekte mure op kerklike en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geestelik-kulturele terrein. In die beskrywing van sy lewensgang wat chronologies aangebied sal word, word gepoog om te wys op sy betekenisvolle bydrae.

Omdat hy 'n selfstandige persoonlikheid in eie reg was, sal hy, as sodanig, met die nodige eerbied geteken word, teen die agtergrond van 'n kerk en volk in 'n moedelose en verarmde toestand. Soms sal onvermydelik iets deurskemer van 'n fynbesnaarde mens se persoonlike stryd en leed, sodat daar selfs momenteel in die beskrywing van sy lewe sprake kan wees van 'n: Brandt Tragicus.

## 2 Aanleiding tot ondersoek

Die genoemde omstandighede waaronder Brandt in Suid-Afrika kom werk het laat baie vrae ontstaan. Onder andere word gevra: waarom offer 'n begaafde persoon, met 'n sekere toekoms alles op om onder beproewende omstandighede alles ten offer te bring onder 'n vreemde volk en omstandighede? Dit is as sodanig 'n boeiende kwessie.

## 3 Vraagstelling

In die lig van bogenoemde kom vele vrae na vore. Vrae soos: Uit watter dimensies het Brandt gelewe? Wat was die dryfkrag in sy lewe? Wat was die werklike toestand van die Nederduitsch Hervormde Kerk en Afrikanervolk met Brandt se oorkoms hierheen, en wat was sy invloed, dus die betekenis van sy lewe en werk?

Hierdie vraagstellings dwing die ondersoeker tot nadenke van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese, aktuele en wetenskaplike aard wat deurlopend 'n karakter van vervlegtheid met mekaar vertoon. By alles, staan die persoon van Brandt sentraal wie se lewensloop op chronologiese wyse weergegee word.

## 4 Opset en metode van die ondersoek

Vir die rekonstruksie van Brandt se lewe en die neem van en uitvoering gee aan belangrike beslissings, is ruimskoots gebruik gemaak van argiefmateriaal waaronder Brandt se korrespondensie 'n belangrike plek inneem. Vanweë Brandt se konsensieuse aard het hy met groot ywer en toewyding alle korrespondensie noukeurig bewaar. As sodanig is dit seker nie oordrewe om te sê dat die Brandt-versameling in die Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Pretoria, waaronder sy vrou se persoonlike geskrifte ook gereken word, seker die grootste versameling van die aard in Suid-Afrika is. Dit kan in sekere sin 'n lewenstaak wees om elke stuk afsonderlik te bestudeer, te evalueer en te plaas en daarom is 'n bepaalde seleksie gemaak om sodoende slegs die historiesbelangrike na vore te bring.

Die enigsins uitvoerige aanhalings uit Brandt en sy vrou se geskrifte het sekerlik die omvang van hierdie werk vergroot. Tog is dit so dat die aanhalings die karakteristieke van Brandt na vore bring en daarby bevat sy, sowel as sy vrou se geskrifte insigte van besondere kultuur-historiese aard wat nie onder die maatemmer van bondigheid geplaas mag word nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die navorsing oor Brandt, sy lewe en werk, sy invloed en betekenis was in meer as één opsig 'n boeiende ervaring. Dit is veral so omdat die periode waarin Brandt in Suid-Afrika lewe, dit wil sê die periode van 1904 - 1939, nog nie wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika betref, deeglik nagevors of beskryf is nie. Selfs nou, vyftig jaar na Brandt se heengaan, is dit duidelik dat sy invloed en betekenis nog deurwerk omdat hy in sy lewe 'n bepaalde stempel op die kerk en sy mense geplaas het.

Hierdie poging om met die persoon van Brandt in die middelpunt, die worsteljare van heropbou na die Engelse Oorlog van 1899 - 1902 en die bou van 'n behoorlike kerklike struktuur in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te beskrywe, het beteken dat grotendeels ongebaande weë betree moes word. Die hoop bestaan dat hierdie navorsing 'n bydrae sal wees tot die verstaan van ons kerk se verlede. Die enigste volstandige navorsing wat ten opsigte van die verlede van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in hierdie periode gedoen is, was die biografie van S J Botha, _Marie Joseph Goddefroy. 1848 - 1920. Sy lewe en betekenis_, Pretoria 1981. Dit het egter 'n beperkte waarde vir hierdie periode omdat dit nie verder as 1920 gaan nie. Dit is vandag duidelik, dat die kerk in die periode ná die oorlog van 1939 - 1945, wanneer daar 'n welvaartsgolf oor die Afrikanervolk spoel, in 'n totaal nuwe situasie te staan gekom het. Dat die kerk in die afgelope vier dekades op soveel vlakke kon groei en bloei, was tot 'n hoë mate te danke aan die sorgvuldige,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toegewyde werkywer van mense soos Brandt en sy tydgenote wat dikwels in neerdrukkende omstandighede, die noodsaaklike grondslae gelê het waarop voortgebou kon word.

Waar Brandt in sy lewenstyd as groot kerkleier op die voorpunt staan van die lewe van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, was dit byna vanselfsprekend om sy lewe en werk te beskryf as 'n inleiding tot die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die periode na die Engelse oorlog. Uit die aard van die saak kan hierdie studie, met sy fokus op Brandt, nie 'n volledige beeld gee nie. Dit sal mettergaan aangevul moet word om sodoende 'n volledige historiese beeld te teken van ons kerk se lewe en werk in die byna vier dekades na die eeuwisseling. Brandt en sy geskiedenis bly egter van groot belang omdat dit die periode omvat waarin die Transvaalse volk, en dus ook die kerk, moes aanpas by die Engelse oorheersing, die rebellie van 1914 - 1915 en die toenemende verstedeliking na die depressie van die dertigerjare. Die Nederduitsch Hervormde Kerk word al gedurende Brandt se leeftyd, geleidelik omvorm van 'n hoofsaaklik plattelandse na 'n verstedelikte kerk, en Brandt het in dié gebeure in die middelpunt gestaan.

In meer as een opsig, was Brandt die leier en die koersaanwyser vir die kerk, en daarom is sy lewe en werk na die mens gesproke, van groot betekenis vir die verstaan van die kerk se jongste verlede.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

## AFKOMS EN JEUGJARE

### 1 Afkoms:

Louis Ernst Brandt is op 21 Oktober 1873 te Zoeterwoude in Nederland gebore. Hy was die oudste van agt kinders uit die huwelik tussen Andreas Hegelund Brandt (1846 - 1913) en Emilie Marie Dorotheé Labouchere (1848 - 1936).[1] Die Brandts se voorsate was Dene en die Labouchere's was nasate van 'n ou Nederlandse aristokratiese geslag.[2]

Andreas Hegelund Brandt wat tydens die geboorte van Louis Ernst burgemeester van Zoeterwoude was, was die enigste oorlewende kind van Andreas Ludvig Brandt (1820 - 1882) die toenmalige Deense konsul in Amsterdam, en die Nederlandse jongmeisie Debora Petronella van Eeghen (1822 - 1897). Laasgenoemde was 'n standvastige matriargale figuur. Tussen haar en die jong Louis Brandt was daar tot en met haar afsterwe 'n besondere band. As hy dan ook met haar afsterwe in 1911 haar lewe in herinnering roep, verklaar hy:[4]

> "De herinnering aan die lieve Grootmoeder is nooit anders dan heerlijk geweest, in haar leven en bij haar sterven. Ik heb veel aan haar te danken, misschien meer dan ik self weet."

Die reeds genoemde Andreas Ludvig Brandt is gebore uit die huwelik van Johannes Hegelund Brandt (1788 - 1840), 'n welvarende koopman van Kopenhagen en Elizabeth Stallknecht



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1788 - 1856). Johannes Hegelund, die oor-grootvader van L E Brandt was op sy beurt die seun van Johannes Joachim Brandt (1741 - 1800) en Barbra Elizabeth Clausen (1734 - 1827). Johannes Joachim Brandt se vader was Joachim Brandt (1708 - 1786) en sy moeder Maria (1705 - 1792) was 'n boorling van Noorweë.

Die genealogiese besonderhede van die familie Brandt kan ongelukkig nie verder nagevors word nie as dat net aangedui word dat Joachim 'n seun van Thomas en Veberke Brandt was, sonder verdere besonderhede. Daarna ontbreek verdere gegewens. Dit is egter ook nie van soveel gewig, dat verdere navorsing op hierdie punt noodsaaklik geag is nie.

Die migrasie van mense oor en weer tussen Nederland en Denemarke wat duidelik blyk uit die genealogiese feite van die Brandt-familie, het primêr te make gehad met die eeue-oue handelsbetrekkinge tussen dié twee lande. Dit is bekend dat alreeds sedert die negende eeu die Dene en Nederlanders wedersydse handelsbande gehad het.[5] Die bande is algaande verder versterk deur wedersydse kulturele beïnvloeding.[6] Ook op politieke gebied was daar van oudsher af betekenisvolle verbondenheid tussen dié twee Noord-Europese state. Gedurende die 17de en 18de eeue was Nederland vier keer in oorlog teen Engeland gewikkel wat elke keer hoofsaaklik oor die opperheerskappy van die see en seevaarthandel gegaan het. In wisselende mate van intensiteit was Denemarke telkens een van Holland se bondgenote.[7] So gesien bly dit merkwaardig om vas te stel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoe politieke bondgenootskappe en kulturele wisselwerking ook meehelp om familiegeskiedenisse te bepaal, soos hier in die geval van die Brandts.

## 2 Jeugjare

By die skryf van 'n biografie, ontstaan die vanselfsprekende vraag: Hoe moet die hooffiguur van die verhaal geteken of verstaan word. Dié metodologiese vraag bied verskillende moontlike antwoorde. So stel Dresden in sy werk wat handel oor die struktuur van die biografie dat daar gewaak moet word teen 'n eensydige natuurwetenskaplike mensbeskouing. Dit is die benadering wat onvermydelik as uitkoms het dat die mens slegs begryp kan word as slagoffer van sy omstandighede.[8] Hy bring die gevolge van 'n sodanige mensbeskouing in verband met die (vir elke biograaf altans) relevante vraag na die invloed wat 'n mens ondergaan in die milieu waarin hy gebore en getoë is. Dresden verwoord sy beswaar teen so 'n mensbeskouing so:-[9]

> "Deze invloeden zijn immers van de held zelf afhankelijk en worden door hem bepaald. Niet de invloeden bepalen de persoon, maar deze determineert de ondergane invloed."

Dié natuurwetenskaplike mensbeskouing wat as aksioma aanvaar dat "die omstandighede" die mens-wees van die mens bepaal, word aan die anderkant weerspreek deur 'n ideologies bepaalde mensbeskouing. Dit is 'n siening dat slegs die genetiese in oorweging geneem moet word vir die verstaan van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n mens. Dresden pleit vir 'n ewewigtige benadering. Aan die eenkant wys hy die siening af dat slegs die omstandighede bepalend is vir die mens, maar tog aan die anderkant wys hy aan die hand van talle voorbeelde uit die geskiedenis dat invloede van buite en blootstelling aan 'n bepaalde milieu, rigtinggewend kan wees vir 'n mens se bestemming in die wêreld.[10] Dit beteken dat sowel oorerwing as die lewenswêreld waarin 'n mens opgroei in berekening gebring moet word by die beskrywing en verstaan van 'n mens se lewe.[11]

In die lewe en werk van L E Brandt sien 'n mens dat sy opvoeding en agtergrond, sowel as sy genetiese herkoms as deel van die gedugte, vindingryke en talentvolle Nordiese-mensheid telkens met onthullende krag na vore gekom het.

Vervolgens word aandag geskenk aan die omgewingsfaktore wat 'n rol gespeel het in sy vorming as mens. J van Laarhoven tipeer die periode van die geskiedenis waarin Brandt grootgeword het, as die "La Belle Epoque".[12] Van Laarhoven beweer dat die bepaalde fase van die Europese geskiedenis vanaf ongeveer 1880 tot en met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog geduur het. Die term "La Belle Epoque" dien as aanduiding van wat in die Engelse wêreld as Viktoriaans aangedui word en in Europa gekenmerk is deur 'n besondere beskaafde en welvarende bestaan wat deur die bemiddelde middel- en hoërklasse gevoer is, terwyl die arbeiders en laer klasse veel nooddruf ervaar het. Die verskil tussen ryk en arm het veral tot uitdrukking gekom deur uiterlike



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

welstand soos gemanifesteer deur opvoedingsmoontlikhede, wellewendheid, kleding, woninginrigting, huishoudelike personeel en dies meer.[13]

Haas beskryf La Belle Epoque as:-

> "...... im Grunde ein gesellschaftlicher Begriff. Es ist eigentlich eine ganz kurze Epoche, viel kürzer als etwa der Barock, der doch in einer unverhältnismässig kurzen Zeit die Monumentalgebäude von halb Europa gebaut oder umgebaut hat."

Hy voeg verder hieraan toe dat La Belle Epoque:-

> ".... eine ungewöhnlich geistvolle geselschaft war."

Aangesien Louis Ernst Brandt uit 'n patrisiese geslag gestam het, behorende tot die elitaire families van Nederland wat boonop welaf was, het hy as jongeling in die Belle Epoque-periode deel gehad aan die swier en elegansie wat dié families in daardie tyd beskore was.

In 1881 het die Brandt-gesin vanaf Zoeterwoude na Velp in Gelderland verhuis, waar die gesinshoof tot in 1913 die amp van burgemeester van die gemeente Rheden beklee het, wat die dorpe Velp, Rheden, Ellecom, Dieren, Spankeren en Laag-Soeren ingesluit het.[15] Hierdie gebied en veral Velp was in daardie dae 'n gesogte woonplek vir gegoede koopmanne vanweë die gunstige klimaat en natuurskoon wat kenmerkend is van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daardie geweste.

In die Brandts se woning, Klein Gelrestein, 'n indrukwekkende herehuis wat 'n onontwykbare landmerk was op die hoek van Bosweg en Ringallee,[16] is 'n hoë lewenstandaard gehandhaaf. Goeie musiek en leesstof, kwaliteit lewensmiddele en 'n innerlike verfynde gekultiveerde lewensstyl was deel van die alledaagse bestaan. Anders gestel:- kultuur, beskawing en geleerdheid as eenheid met as basis die protestantse godsdiens, was in die Brandthuishouding 'n leefwyse.

Burgemeester Brandt, 'n gedoktoreerde in die regte, was 'n waardige en hooggeagte figuur in die gemeente Rheden. Hy het al sy kragte en talente aan die belange van kerk, volk en gesin gewy.[17] Hy was 'n manlike figuur in wie 'n mens:[18]

> " ..... de onverbasterde Nederlandsche beschaving, in echte oorspronkelijkheid ontdekte."

Vir Andreas Hegelund Brandt was deugdelikheid en onvervalste godsdiens metgeselle.

Die moeder van die groot gesin kon beskrywe word as die toonbeeld van die Hollandse vrouekarakter van weleer:- huislik, bedrywig en opreg godsdienstig. Haar vroulikheid, liefdevolle geaardheid en intellektuele skerpsinnigheid het van haar 'n ideale vrou en moeder gemaak.[19]

Die ouerpaar van Louis Ernst, asmede die omstandighede waarin hy groot geword het, het 'n onuitwisbare stempel op



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

hom as mens geplaas. Dit is 'n ou opvatting dat die roem van ouerlike deug en braafheid op grond van jeugindrukke, by die regskape jongeling edele hoogmoed inboesem.[20] Brandt se betaamlike selfrespek en waardering vir die eie het onteenseglik in dié milieu ontstaan.

Die kerk en godsdiens het 'n sentrale plek ingeneem in die lewe van die inwoners van Klein Gelrestein. Iets daarvan word weerspieël in 'n brief van Brandt se broer George, wat hom by geleentheid inlig oor 'n vriendin Vivien. Hy sê sy is:-[21]

> "... zeer gedistingeerd en erg musicaal. Zij speelt prachtig piano. Zij is opgevoed op dezelfde wijse als wij alleen, nl zij beschouwt het ware geloof als het eerste en voornaamste ding van dit leven, en bewijsd dit dagelijks door haar groote oprechtheid in liefde voor de Heer."

Vir die jong Brandt was sy jeug byna idillies. Dit is hom gegun om vrye uiting te gee aan sy liefde vir die buitelewe. Sport en spel het 'n belangrike deel van sy lewe uitgemaak.[22]

Die familie het periodiek gereis en vakansie gehou. In 1888, toe Brandt vyftien jaar oud was, het die gesin 'n uitgebreide Europese reis onderneem. Die jong Louis het van dié reis 'n joernaal opgestel,[23] wat op verrassende wyse getuig van 'n sensitiewe jong seun se gevoelige uitbeelding van 'n ryk geskakeerde jeugervaring.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Klein Gelrestein, die herehuis waarin Louis Ernst Brandt besondere gelukkige kinderjare deurgebring het.

## 3 Skoolloopbaan

Die jong Louis se skoolopleiding het te Klein Gelrestein begin waar hy en sy broers en susters onderrig is deur 'n Engelse, 'n Duitse en soms 'n Franse Goewernante.[24] Hierdie voorreg om tuis skoolonderrig te ontvang bevestig die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevoorregte omstandighede waaronder Louis Ernst grootgeword het.

Sy middelbare skoolloopbaan het hy vanaf 1887 aan die Stedelike Gimnasium te Arnhem deurloop. Op 28 Junie 1893 is 'n getuigskrif volgens artikel 11 van die Wet op Hooger Onderwijs aan Louis Brandt uitgereik. Hierin word verklaar dat hy die sesjarige kursus aan die Stedelike Gimnasium van Arnhem met goeie gevolg afgelê het. Daardeur is hy bevoeg verklaar:-[25]

> "..... tot die studie aan eene Universiteit in de faculteit der Godgeleerdheid."

4 Aantekeninge:-

1. Nederlands Patriciaat 51 ste jaargang, 1965. Uitgave van het Centraal Bureau voor Genealogie te s'Gravenhage, p. 25-33.

2. Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, jrg.41, - 1947, p. 29.

3. Brief van E J Kruijswijk-Jansen van De Oudheidkundige Kring van Rheden-Rozendaal, 20 Junie 1988.

4. Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/30, 20 November 1911.

5. N. Japikse, Leerboek der Nederlandsche Geschiedenis, Groningen 1915, p. 11.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6. P.J. Blok, Geschiedenis van het Nederlandsche Volk, Leiden 1923, I, p. 635.

7. Ibid., III, p. 139-606.

8. S Dresden, De Structuur Van De Biografie, Den Haag 1956, p. 118-148.

9. Ibid., p. 131.

10. Ibid., p. 137.

11. W.J. Jordaan, J.J. Jordaan en J.M. Nieuwoudt, Algemene Sielkunde 'n Psigobiologiese Benadering, Johannesburg 1978, I, p. 57.

12. J van Laarhoven, De Kerk van 1770-1970, Nijmegen 1974, p. 233. "La Belle Epoque" beteken in die Frans letterlik: "Die mooi tyd".

13. Th. Tijn, Het Sosiale Leven In Nederland 1888-1914, Algemene Geschiedenis De Nederlanden, Haarlem 1978, XIII, p. 295-314.

14. Willy Haas, Belle Epoque, München 1967, p. 14. Haas beweer dat die oorsprong van die term Belle Epoque kan teruggevoer word na die titel van die blyspel van F de Jouvenot uit die jaar 1888.

15. Kruijswijk-Jansen, ibid.

16. Brief van F C Wehum van die Gemeentearchief van Gemeente Rheden, 15 Junie 1988.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

17. Kruijswijk-Jansen, op. cit. Vid., Stellingen, LIX/197 in NHK-Argief Pretoria. A H Brandt het op 11 Oktober 1872 aan die Universiteit van Leiden 'n doktorsgraad in die Regte verwerf.

18. G H M Delprat, Der Redevoering Over Enige Heerschende Wanbegrip Omtrent Den Maatstaf Der Ware Volksbeschaving, Leiden 1941, p. 152.

19. Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/1 - 205, varia.

20. A de Groot, Leven en Arbeid van J H van der Palm, Wageningen 1960, p.13.

21. Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/11, - 3 Mei 1908.

22. Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/6, varia.

23. Reisjoernaal van "Onze reis in Zwitzerland 1888", NHK-Argief Pretoria, LIX/5

24. Brief van Mira Brandt-Dunnant (dogter van wyle L E Brandt), 21 Junie 1988.

25. Stukke i.v.m. inskrywings, NHK-Argief Pretoria, LIX/46.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

## AAN DIE UTRECHTSE AKADEMIE 1893 - 1898

### 1 In Utrecht

Teen die einde van die somervakansie van 1893, het die 20-jarige Louis Ernst Brandt na Utrecht vertrek om teologie te studeer.

Utrecht is een van die oudste stede in Wes-Europa met 'n besonder ryk verlede. Die geskrewe geskiedenis van die stad gaan terug tot die jaar 47 van die Christelike jaartelling.[1] As stad van Willibrord (omstreeks 692), het Utrecht ontwikkel tot 'n vername geestelike en kulturele middelpunt van die Noordelike Nederlande, wat as sodanig deur die loop van die eeue 'n weldadige invloed op die Europese beskawing in wye verband uitgeoefen het.

In 'n netjiese huis in Nobelstraat 27,[2] omring deur talle imposante middeleeuse bouwerke, waarvan die nabygeleë gotiese Domkerk sekerlik die aanskoulikste is, het die jong Brandt sy intrek geneem. In hierdie sjarmante oud-wêreldse stad met sy kenmerkende gragte, sou hy 'n belangrike fase van sy lewe met die oog op die voorbereiding van sy lewenswerk deurbring.

Die opleiding aan die Universiteit wat alreeds van 1634 af bestaan, asmede 'n besondere vriendekring sowel as al die kulturele aktiwiteite waaraan hy blootgestel was, het 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diepgaande vormende invloed op hom uitgeoefen wat van betekenis was vir sy latere lewe en werk in die kerk.

Met Brandt se aanmelding by die Universiteit, was dit nie baie jare nadat De Wet op het Hoger Onderwijs van 1876 geimplimenteer was nie.[3] Dié wetgewing met die vernuwing van die Universiteitswese in Holland voor oë, het as uitgangspunt die eenheid van ondersoek en opleiding ten doel gehad.

Hierdie wetgewing het ook besliste implikasies vir die teologiese opleiding gehad. Voor 1876, kragtens die Organiek Besluit van 1815, het die teologiese fakulteit:[4]

> "..... als enige taak de vorming der kweekelingen voor den hervormden godsdienst, dwz de staat nam de volledige opleiding van één kerk op zich."

Vanaf 1876 sou 'n neutrale owerheid hom voortaan beywer vir die gelykberegtiging van al die kerkgenootskappe in die land.[5] Van toe af is hoogleraars in die teologie van staatsweë aangestel om studente te vorm en voor te berei vir die selfstandige beoefening van die teologie.[6] Artikel 104 van genoemde wet het aan die Nederlandse Hervormde Kerk die moontlikheid gebied vir die benoeming van eie kerklike hoogleraars wat deur die staat vergoed sou word. Hierdie kerklike hoogleraars sou die leerstellige en die praktiese godgeleerdheid, soos dit bekend gestaan het, aanbied. Volgens artikel 42 lid 1, het die wetgewers die leergang wat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die teologiese studente by die ryksbenoemde professore moes deurloop, statutêr bepaal. Die ondergenoemde vakke was die nie-kerklike voorgeskrewe curriculum:-[8]

(a) encyclopedie der godgeleerdheid;
(b) geschiedenis der leer aangaande God;
(c) geschiedenis der godsdiensten in het algemeen;
(d) geschiedenis van de Israelitische godsdienst;
(e) geschiedenis van het christendom;
(f) Israelitische en oud-Christelijke godsdienst;
(g) uitlegging van het Oud en Nieuw Testament;
(h) geschiedenis der leerstellingen van de Christelijke godsdienst;
(i) wijsbegeerte van de godsdienst;
(j) zedekunde.

Tot in 1876 was die teologiese fakulteit van 'n universiteit in Nederland deur drie professore beman. Hebreeus en die Ou Testamentiese vakke is vir die rekening van die lettere fakulteit gelaat. Die nuwe wet het Hebreeus en Israelitiese oudheidkunde deel laat vorm van die propaedeutiese gedeelte van die teologiese kursus wat oor vyf jaar gestrek het.[9]

2 Brandt se leermeesters:-

2.1 Die ryksbenoemde hoogleraars:

Op dié stadium van die geskiedenis het daar 'n periode van betreklike bloei aan die Universiteit van Utrecht geheers.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandt kon dus uit die lesings van toegewyde kundiges profiteer.[10] Die eerste lesing wat hy op 19 September bygewoon het,[11] het gehandel oor die ensiklopedie van die teologie, aangebied deur Prof. dr H G Kleijn (1859 - 1896). Vir bykans drie jaar is Brandt deur hom, wat bestempel is as 'n man van buitengewone geleerdheid en wat tot die konfessionele rigting behoort het,[12] geskool.

Na die vroeë oorlye van Kleijn word hy opgevolg deur dr S D van Veen (1856 - 1923),[13] wat 'n heftige bestryder was van Kuyper se doleansie. Sy primêre belangstelling was die geskiedenis van die Hervormde Kerk van Nederland, maar omdat hy algemene kerkgeskiedenis en dogmengeskiedenis moes doseer, was dit die waarskynlike rede hoekom hy nie 'n meesleurende dosent was nie.

Daarteenoor was die professor in Ou-Testament J J P Valeton jr (1848 - 1912) 'n boeiende leermeester. Van hom word gemeld dat hy in daardie jare ongetwyfeld die invloedrykste dosent in die fakulteit was. Sy simpatieke en vriendelike aard het baie daartoe bygedra dat hy groot invloed op die studente uitgeoefen het.[14] Valeton was 'n nougesette eksegeet wat sy studente in aanraking gebring het met die resultate van die literêr-kritiese skool van Graf-Kuenen-Wellhausen. Wat veral belangrik is om in verband met Valeton op te merk, is dat hy tot die etiese rigting in die teologie behoort het, waartoe, grootliks deur sy toedoen, die jong Brandt beïnvloed is.[15]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Prof. dr G H Lamers (1834 - 1903), wat die onderwys van die geskiedenis van die godsdienste, die leer aangaande God, die wysbegeerte van die godsdiens en oud-christelike letterkunde as onderwysopdrag gehad het, was bekend vir sy beminlikheid en formidabele geheue.

Hy het wat sy teologiese benadering aanbetref aansluiting gevind by die histories-kritiese siening van Doedes. Dat hy egter tot die etiese rigting geneig het blyk uit die feit dat hy dit as die taak van die Dogmatiek gesien het om "de idee des Christendoms te behandelen". Die begrip "idee des Christendoms" was in Lamers se tyd 'n algemeen gebruikte begrip waarmee bedoel is: die wese of wesentlike van die Christendom. Vir Lamers is die wese van die Christendom "gevonden in het geloofsleven".[16]

Prof. dr J Cramer (1833 - 1895), word 'n dankbare leerling van Vinet genoem.[17] As sodanig kan dit nie anders nie dat hy 'n reveil-gesinde was. Hy het die uitleg van die Nuwe Testament en oud-Christelike letterkunde behartig. Vir Cramer het die "harmonieuse ontwikkeling van die christen" na aan die hart gelê. In die betragting van Louis Brandt se lewe moet toegegee word, dat Cramer 'n belangrike rol gespeel het in die boetsering van Brandt se menswees. In 1895 is hy deur dr J M S Baljon (1861 - 1908)[18] opgevolg wat uitgemunt het as 'n akademikus met 'n besondere vaardige pen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 2.1.1 Die sinodaalbenoemde hoogleraars

Die twee sinodaal-benoemde hoogleraars in daardie dae was: proffesore T Cannegieter (1846 - 1929) en E H van Leeuwen (1833 - 1913). Cannegieter[19] wat die kennis aangaande die leerstellige godgeleerdheid, die geskiedenis van die Nederlandse Hervormde Kerk en dié se leerstellings, asook kerkreg by die studente moes bybring, was teologies gesproke 'n modernis. Dogmatiek was vir hom die filosofiese beskrywing van die mens se geloofservaring. In verskeie Kerkreg-dissertasies uit sy pen, gee hy ook blyke dat die Algemeen Reglement van 1816 in sekere sin sy kerkregtelike-visie bepaal het.

Prof. E H van Leeuwen het Bybelse- en praktiese godgeleerdheid en sending gedoseer.[20] Van Leeuwen was dogmaties, maar nie in kerkregtelike sin nie, konfessioneel. Van hom is by wyse van retrospeksie gesê, dat sy deftige, langsame, droë lesings nie die studente kon aanspreek nie.

### 2.1.2 Opsomming

As 'n mens Kleijn wat tot die konfessionele, en Cannegieter wat tot die vrysinnige modaliteit behoort het, uitsonder - was die algemene teologiese klimaat aan die Universiteit van Utrecht in dié dae van Brandt gedomineer deur die etiese teologie. In die periode is die studente ook in aanraking gebring met die histories-kritiese metode van Bybeluitleg.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Louis Ernst Brandt in 1896 as student

aan die Universiteit van Utrecht.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3 Die teologiese klimaat in die Nederlandse Hervormde Kerk in die algemeen tydens L E Brandt se studiejare

Uit die kursoriese oorsig van Brandt se teologiese leermeesters, blyk dit duidelik dat daar in daardie dae verskillende teologiese strominge in die Nederlandse Hervormde Kerk waarneembaar was. Haitjema tipeer die strominge of modaliteite as:[21] (a) konfessioneel, (b) evangelies, (c) modern, en (d) eties.

Hierdie ontwikkeling van modaliteite in die kerk wat gedurende die 19de eeu na vore gestu het, was 'n vrug van die Aufklärung van die agtiende en negentiende eeu, wat as Europese geestesverskynsel deur I Kant in 1784 soos volg beskryf word:-[22]

> "Aufklärung ist der Ausgang des Menschen aus seiner selbstverschuldeten Unmündigkeit"

Hiervolgens het die Bybel sy objektief-geldende krag ingeboet en is saam met die kerk voor die regbank van die verligte menslike ratio gedaag. Die Aufklärung het 'n radikaal nuwe periode in die westerse geskiedenis ingelui. Troeltsch, verwoord die algehele omwenteling wat deur die Aufklärung meegebring is so:-[23]

> "Die Aufklärung ist Beginn und Grundlage der eigentlich modernen Periode der Europäischen Kultur und Geschichte im Gegensatz zu der bis dahin herrschenden kirchlich und theologies bestimmten Kultur."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie gebeurlikheid van "Enttheologisierung" het geleidelik alle Europese lewenssfere aangetas, met vanselfsprekende ingrypende betekenis vir die kerk.

Onvermydelik het die Aufklärung-gees op alle lewensterreine reaksies en teenreaksies ontlok. Soos reeds aangedui, was die verskillende teologiese modaliteite wat in die Nederlandse Hervormde Kerk in die dae ontstaan het, gedeeltelik te wyte aan die invloed van die Aufklärung.

Met die verloop van tyd het die rasionalisties bepaalde tydsgees die weg voorberei vir teologiese denkrigtings wat al hoe verder verwyder geraak het van die Calvinistiese oortuigings. So was daar byvoorbeeld die teologie van die <u>Groninger skool</u>[25] onder leiding van prof Hofstede de Groot (1802 - 1886). Die Groninger rigting wou vry wees van alle formulierbindinge en het die Calvinisme as 'n uitheemse teologie beskou en veral aansluiting gesoek by die 16de eeuse Humanisme. Die persoon van Christus is wel van belang geag, nie as Versoener nie, maar as Opvoeder van die mensheid. Dit het die weg voorberei vir die Modernisme met voormanne: Pierson (+ 1875) Opzoomer (+ 1892) Scholten (+ 1885) en Kuenen (+ 1892). God, deug en onsterflikheid verteenwoordig vir hulle die ewige waarhede. Verder wil hulle alles skrap wat nie klop met die ervaring nie. Wonders beskou hulle as iets onmoontliks, gebedsverhoring bestaan nie, en geloof word verskraal tot die instemming met 'n paar algemene stellings wat 'n mens kon aflei uit die empiriese wêreld.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.1 Reaksie teen die gees van die tyd

### 3.2 Die Réveil

Die Nederlandse Réveil was die protesbeweging teen die gees van die Verligting en rasionalisme wat vaardig was in die teologie van die dag.[26] Aangesien die etiese rigting voortkom uit die Réveil-beweging, moet laasgenoemde gebeurtenis in fokus kom.

#### 3.2.1 Die ontstaan van die Réveil-beweging

Réveil is 'n Franse woord wat letterlik: opwekking of ontwaking beteken. Dit dui 'n teologiese stroming aan wat in die eerste helfte van die 19de eeu in Franssprekende Switzerland ontstaan het. Te Genéve en Lausanne het Merle d' Aubigné (1794 - 1872) en Alexandre Vinet (1797 - 1847), geesverwante van Pascal en pleitbesorgers van skeiding tussen kerk en staat, groot stukrag aan die beweging verleen. 'n Belangrike faset van die Réveil was die stimulans wat dit gekry het vanuit die Engelse metodisme. Dit beteken dat die Réveil van die begin af 'n subjektiewe element gehad het waar gevra is na die geloofservaring en die sekerheid van die heil wat daaruit voortvloei.

#### 3.2.2 Die ontstaan en denke van die Réveil in Nederland

Willem Bilderdijk (1756 - 1831) word allerweë beskou as die vader van die Réveil in Nederland. Hy was 'n merkwaardige man. Rasker probeer om hom ten opsigte van vier aspekte te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

karakteriseer:[27]

> "als levenslang teleurgestelde; als romanticus, die compensatie voor sijn teleurstellingen zocht in een geïdealiseerde verleden; als christen, die het om geloof en bekering te doen was; als radicaal voorstander van de Restauratie, monarchist en contrarevolutionair."

Na vele omswerwinge vestig hy hom in 1817 in Leiden, en alhoewel hy 'n regsgeleerde was, tree hy hier as privaatdosent op in vaderlandse geskiedenis. In hierdie verband het hy diepgaande invloed uitgeoefen op 'n aantal toegewyde studente waarvan die bekendstes: I da Costa (+ 1860), dr Capadose (+ 1874), Willem de Clercq (+ 1844), Pierson, ds J de Liefde en Groen van Prinsterer (+ 1876) e.a. was.

Op kerklike gebied het die Réveil-gesindes, of "Christelijke vrienden" soos hulle hulself genoem het, 'n nuwe, verfrissende geluid laat hoor in 'n gemaksugtige, selfgenoegsame kerklike lewe met hulle oproep: terug na Christus! Hulle was gedronge om die Nederlandse kerk- en volkslewe:[28]

> "..... te ontrukken aan de verstarring van het humanistisch-christelijk rationalisme der achtiende eeuw."

Sonder tegemoetkoming of kompromieë het die genoemde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leidsmanne van die Réveil teen die gees van rasionalisme in die kerk en teologie van die negentiende eeu te velde getrek.[29] Tekenend van die Réveil-mense was die gevoelsvroomheid wat hulle uitsprake en byeenkomste gekenmerk het.[30]

Fiolet[31] stel dat die Europese Réveil sy oorsprong in die Engelse Metodisme gevind het. Die Nederlandse Réveil wat via Switzerland in Nederland wortel geskiet het, het egter 'n eie karakter gehad vanweë 'n gehegtheid aan die Calvinistiese belydenisskrifte.[32] As sodanig het die Nederlandse Réveil geneig na die ortodoksie en het die opvatting later ook na vore getree in die etiese teologie.

Op die terrein van die opvoeding het die Réveil-mense met onvermoeide ywer gestry vir die realisering van christelike waardes in die openbare skool, en voortdurend daarop aangedring dat die Bybel 'n sentrale plek in die skool behoort in te neem. Groen van Prinsterer het in hierdie stryd vir baie jare 'n betekenisvolle bydrae gelewer. Vanuit die Réveil-beweging het ook 'n inwendige sendingaksie gepaard met maatskaplike betrokkenheid, opgeleef. Ds O G Heldring (+ 1876) het te Zetten tehuise vir gevalle vroue en meisies gestig en die stryd teen prostitusie aangeknoop. Sy opvolger Pierson beywer hom vir die sedelike opheffing van die vrou. Die versorging van wese het besondere aandag geniet en kinderhuise het hulle verskyning gemaak.[33]

Die leemte van die Réveil by al die positiewe wat hulle



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedoen het, was egter dat dit die klem gelê het op die subjektiewe vroomheid van hart en dat min ruimte gelaat is vir:[34]

> ".... bezinning op de samehangende lijnen van een theologie, die deze vroomheid echt ruggegraat geven kon."

Hierdie gebrek by die Rèveil-beweging setel in die feit dat dit nie 'n breë beweging was nie maar beperk in sy aanspraak.[35] Gedra deur 'n betreklike klein groep van deftige burgers en aristokrate, was dit sowel 'n binne as buitekerklike beweging. So was Bilderdijk, die eerste leiersfiguur van die Rèveil nie lidmaat van die kerk nie,[36] maar aan die anderkant was mense soos Da Costa en Groen van Prinsterer oortuigde lidmate van die kerk. Uiteindelik was die Rèveilbeweging wat meer 'n beweging as 'n groep of party was, tog 'n stroming wat merkwaardige invloed gehad het.

3.3 <u>Die eties ireniese rigting</u>

Dr Daniël Chantepie de la Saussaye (1818 - 1874) die Groningense professor in dogmatiek, was die eerste teoloog wat aan die Rèveil 'n teologiese onderbou gegee het. Hy word die grondlegger van die etiese-ireniese rigting in die kerk wat Haitjema beskryf.[37]

> ".... als een proeve van theologie, die uit het Rèveil werd geboren."

Chantepie de la Saussaye se betekenis lê ook daarin dat die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Réveil wat nooit 'n sterk eenheidskarakter gehad het nie, in twee duidelike onderskeibare rigtings verdeel het. Chantepie word die eerste leier van die eties-ireniese rigting wat 'n ander koers gegaan het as die meer juridies-konfessionele groep waarvan Groen van Prinsterer mettergaan die belangrikste woordvoerder geword het. Chantepie het met sy eties-ireniese teologie aanvanklik nogal verwarring geskep.[38] Op grond van die ireniese beginsel is De la Sussaye van onbepaaldheid en louheid beskuldig. Met die begrip "irenies" het De la Saussaye egter nie vrede tot elke prys bedoel nie, maar verdraagsaamheid in die kerklike stryd. Hierdie ireniese ingesteldheid was sy verweer teen die juridies-konfessionele groep wat deur die tug, almal wat die belydenisskrifte nie kon of wou onderteken nie uit die kerk wou verwyder. Sy argument was:[39]

> "De geheele Kerk is ziek en slechts een algehele vernieuwing van leven in alle leden kan redding bring."

Wat die term "eties" betref, betoog De Lange[40] dat De la Saussaye dié term ontleen het aan die, deur Schleiermacher geïnspireerde Duitse Vermittlungstheologie. Die soeke na die presiese betekenis van eties soos gebruik deur De la Sussaye, en gesien vanuit De Lange se argument aangaande die oorsprong daarvan; bring 'n mens op die spoor van die wyse waarop die Duitse Vermittlungstheoloog Richard Rothe die kategorie "moralisch" definieer. De la Sussaye het 'n groot bewondering vir Rothe gehad en van vroeg af reeds sy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teologiese hoofwerk Theologisch Ethik geken.[41] Al het De la Sussaye sy etiese teologie onafhanklik van Rothe se etiek ontwikkel, moet die invloed van Rothe op De la Sussaye nie onderskat word nie.[42] Rothe het "das Moralische" verstaan as die dade wat deur die eie menslike selfbepaaldheid verrig word. So noem De la Sussaye ook:[43]

> ".....  al die zaken 'etisch' of 'zedelijk' die door de vrije menslijke zelfbepaling door de daad zijn voortgebracht."

Hierdie etiese-handeling staan teenoor die natuurlike handeling wat die produk is van die ombewuste kragte van die natuur.[44] Die mens wat die waarheid van Christus se offer ken, kan eties handel. In die sin is die waarheid wat God aangaande sy Seun meedeel 'eties'. Vir De la Sussaye steun die verlossing van die mens nie op historiese of dogmatiese gronde nie, maar wat die mens ervaar van die geloof deur die Heilige Gees wat 'n mens nou verbonde met God laat voel. Die werking van die Heilige Gees is gerig op die persoonlike geloof van die individuele gelowige, tog kan die individu die lewegewende krag van die Heilige Gees slegs deur die gemeente ontvang. As sodanig is die gemeente, wat deur die Heilige Gees gekonstitueer word, vir die etici een van die grondpeilers van hulle teologie.

Dit is verder van belang om te wys op De la Sussaye en ook die latere etici se leer aangaande die gewete. Vir die etici, is die mens se gewete nie soos die kategoriese



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

imperatief by Kant, die onfeilbare kenbron nie. Vir die etici is die gewete dié orgaan waardeur die mens tot bewuswording van sy eie self kan kom:[45]

> "Het is de richtende stem, die beschuldigt of ontslaat, waarschuwt en straft. Het is de stem des gezags in den mensch."

Die gewete wat die sedelike-godsdienstige middelpunt van die menslike natuur is, is voortdurend aan stryd of vernuwing onderhewig. Die gewete se waarde is verder daarin geleë dat dit bepaal wat tot die leer behoort.[46] Volgens De la Sussaye staan die saak so:[47]

> "...... alles wat de consientie zich niet kan assimileeren, behoorde niet tot de leer, behoort niet te huis op het zedelijk-godsdienstig gebied, behoort niet tot de waarheid, die de kerk belijdt, en waarvan de leer de uitdrukking is."

Alhoewel Brandt in sy persoonlike biblioteek[48] die vernaamste werke van Chantepie de la Sussaye gehad het, is hy méér beinvloed deur prof Valeton en prof J H Gunning jr.

Prof Josue Jean Philipe Valeton jr, was tydens Brandt se studiejare, die teologiese professor aan die fakulteit wat die grootste impak op die jong Brandt gemaak het. In Brandt se latere persoonlike korrespondensie, word telkens met waardering na Valeton verwys.

Uit die onderwysverslae in die <u>Utrechtse Studenten</u>



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Almanak,[49] blyk dat Valeton van meet af onder die meeste studente gewild was. Hierdie erkenning wat Valeton van die studente ontvang het moet toegeskryf word aan die deeglike voorbereiding en dinamiese aanbieding van sy lesings. Daarby het Valeton besonder bemoeienis met die studente se teologiese godsdienstige verenigings gemaak en was hy immer bereid om op diè vlak vaderlike bystand en leiding te gee.

Valeton het met sy intreerede as hoogleraar aan die Universiteit van Utrecht verklaar dat hy 'n leerling "in geestelijke zin"[50] van Chantepie de la Sussaye was. Vir Valeton was die kenmerk van die etiese rigting:[51]

> ".... haar beginsel. De ethische theoloog probeert de geestelijke dingen wetenschappelijk te beschrijven, zooals hij ze door de Heilige Schrift en in de gemeente heeft gezien en verstaan. Krachtens het ethisch beginsel hangt de mate van juistheid van een theologie af van de diepte en veelzijdigheid der geestelijke levenservaring. Het komt niet aan op formules."

Valeton het deurgaans sy studente probeer leer dat sy waardering vir die teorieë van Graf, Kuenen en Wellhausen en die resultate van die Ou-Testamentiese wetenskap hulle nooit moes belet om na die betekenis van die Bybelteks vir "die lewe" van die gemeente te vra nie.[52] Sy lesings het altoos blyke gegee van die waarde wat sy wetenskaplike arbeid "voor het eigen hart had."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy arbeid as Ou-Testamentikus het Valeton die etiese beginsel in feite as 'n hermeneutiese prinsipe hanteeer. In 'n artikel uit sy pen oor Enige opmerkingen over hermeneutiek, sê hy:[54]

> "Het moet de exegeet erom te doen zijn door zijne uitlegging dezelfde snaren in het gemoed der hedendaagsche hoorders of lezers te doen trillen, die schrijver bedoeld te voeren."

Alhoewel Brandt nie formeel die lesings van die Leidse teologiese hoogleraar J H Gunning (1829 - 1905) gevolg het nie, het hierdie toonaangewende etiese teoloog 'n groot bydrae gelewer in die vorming van Brandt se teologiese en lewensbeskoulike denke. Afgesien daarvan dat Brandt se biblioteek Gunning se hoofwerke bevat het,[55] het Gunning nes Valeton met toegespitste aandag steun en leiding geskenk aan die studente-organisasies waarby Brandt intens betrokke was. De Lange beskryf dit soos volg:[56]

> "...... op de aan hem geestverwante studenten oefende Gunning invloed uit:- dit goed met name die studenten, die verbonden waren met de uit het Réveil voortgekomen Utrechtse studentevereniging Eltheto, en Gunning bereikte via zijn lezingen voor haar te Leiden en Utrecht en via zijn artikelen in haar tijdschrift. Gunning kan beschouwd worden als een van de voorbereidende factoren voor de omvorming van Eltheto tot de Nederlandsche Christelijke Studentevereeniging."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat Gunning in 1899 as hoogleraar geëmeriteer het, het hy hom op Arnhem gevestig, digby Velp waar Brandt se ouers gewoon het. As huisvriend van die Brandt-gesin het die jong Louis Brandt dikwels in aanraking met Gunning gekom en ook by hom "privaat colleges" bygewoon[57]. Later in sy lewe het Brandt Gunning met bykans onbedwingbare bewondering bestempel as: "'n Apostoliese figuur, wat met God gewandel het." Gunning was ook 'n warme voorstander van die republikeinse strewe van die noordelike-Afrikaners in Suid-Afrika.[58]

De Lange sê van Gunning dat almal wie se weg met hom gekruis het:[59]

> "..... ondergingen de bekoring van zijn persoon en woord."

As etiese teoloog het Gunning swaar klem gelê op die verantwoordelikheid van die wedergeborene om homself te verloën en te offer,[60] want die wese van die godsdiens is "het offer". Met dié siening staan die kruis sentraal:[61]

> "In Christus' offerhande, de groote zwakheid Gods, waar Hij geheel door menschelijke boosheid overwonnen wordt, dáár, dáár bovenal verheerlijkt zich Gods macht. Voor de mensch betekent dit, dat bekering, wedergeboorte, heiliging, niet een opstijgen zijn tot een hoger niveau van menslijkheid, maar dat hij de weg gaat van zelfverloochening en kruisdragen, de weg



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> waarop God in Christus tot ons gekomen is."

As aangeneem word dat Gunning 'n belangrike mentor was vir Brandt, is dit te begrype waarom Brandt in sy latere lewe met ongekende selfverloëning die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika kon dien en met ireniese gelatenheid persoonlike smart en teëwerking offervaardig kon verduur.

## 4 Brandt se betrokkenheid by studente-aktiwiteite

### 4.1 Kerklik-godsdienstige aktiwiteite

#### 4.1.1 Die Theologisch Litterarisch Gezelschap "Secor Dabar" te Utrecht.

Die teologiese vereniging Secor Dabar[62] wat in 1844 aan die Universiteit van Utrecht opgerig is, was vir baie jare 'n kleurvolle en tradisieryke liggaam waaruit nie alleen regsinnige predikante nie, maar ook kabinetsministers voortgekom het. Ander studente het soms spottenderwys na die geselskap as die "bidklub" of "sjokoladeklub" verwys, omdat die lede slegs sjokolademelk by hulle byeenkomste genuttig het.

Vos omskryf die doel van Secor Dabar soos volg:[63]

> "Geheel in de geest van het Réveil wilde men de wetenschappen beoefenen die gevorderd worden tot het voortreffelijk ambt van evangelieprediker."

Die invloed van die Réveil op die organisasie blyk ook



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daaruit dat die lede 'n deel van hulle vrye tyd moes bestee in die :-[64]

> ".... opzoeken van ellendigen in hun woningen om ze naar ziel en lichaam te helpen en ze te brengen tot een leven en tot beoefening van deugden door het ware Christendom gekweekt."

Kragtens die geselskap se grondwet[65] was die lede ook verplig om op mekaar onderling ag te slaan deur mekaar hartelik lief te hê met broederlike liefde, en mekaar teen sedelike gevare te waarsku.

'n Voortreflike kenmerk van Secor Dabar was, dat:[66]

> "Men studeerde met hart en ziel:- exegese en kritiek van Oude en Nieuwe Testament, kerkgeschiedenis, verdediging van theses, meestal in het klassieke Latijn, en de oratorische oefeningen. 'Wie niet studeert, is niet bekeerd', dat woord was in hun hart geschreven."

In die dae van Brandt se betrokkenheid by Secor, is veral prof Valeton se voordragte oor verskeie onderwerpe met groot aandag gevolg.[67] In 1859 is die "Litterarische Sectie" van Secor opgerig. Ook in hierdie afdeling was ernstige studie een van die beginsels waaruit die lede geleef het. Tog was daar ook die vrolike oomblikke in die lewe van die geselskap se lede, soos byvoorbeeld die uitbundige vieringe van die lustra, die installasieplegtighede en die jaarlikse rytogte.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 16 Oktober 1893 is Louis Brandt deur 'n studente vriend voorgestel tot lid[68] en die daaropvolgende maand, op 11 November, geïnstalleer.

Brandt was 'n toegewyde lid van Secor[69] en is in 1897 tot praeses van die vereniging gekies. In dié jaar het Brandt 'n lesing by die vereniging gehou met die titel[70]

> "Het leger der Heils verdient in vele opsichten onze navolgen en onze steun."

Opvallend van die geselskap was die talryke vergaderings, daar is ten minste een maal en soms meer keer per week 'n byeenkoms in die Dom of Janskerk gereël. By die meeste van hierdie byeenkomste het Brandt 'n prominente rol gespeel. Hy het veral aktief deelgeneem aan die oratoriese seksie waar preke aangehoor en bespreek is.[71]

Secor Dabar sal ook onthou word vir sy simpatie met die Afrikaner in die laaste jare van die vorige eeu en veral gedurende die Engelse oorlog van 1899 - 1902.[72] Reeds in 1881 is 'n mosie van steun vir die Afrikaner eenparig aangeneem. Toe het Secor se lede besluit:-[73]

> "Toen de tijding tot ons door drong van het geweld en onregt door Engeland gepleegd, en heel Nederland een kree van verontwaardiging deed horen, stemden de leden van Secor Dabar met de bede om recht en vrijheid voor de Zuid-Afrikaners in.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Ook wij meenden dat een Hollandsch sprekend natie den nek niet krommen kan onder een vreemd juk, en daarom hadden de dappere strijders in de Transvaal ons geheele sympathie."

In daardie tyd het die Secor-lede ook £200 byeengebring vir die vegtende Boere in Transvaal.

Tydens die vergadering van 12 November 1897 het Brandt vir die laaste keer as aktiewe lid en praeses die vergadering toegespreek. Die notule van genoemde vergadering beskryf die gebeure soos volg:-[74]

> "Nu was het plechtige ogenblik gekomen, waarop de heer Brandt voor't laast als praeses van Secor ons toesprak. Praeses sprak zijn dankbaarheid uit voor alles wat hij door Secor genoten had, wel waren misschien de vergaderingen vele, maar juist dat komt ons ten goede, we waardeeren, dragen, beschaven elkaar. Als we hier aankomen als student, met veel idealen, dan is er nog zoveel in onze levensbeschouwing en in ons karakter dat moet veranderen, en dat leeren we het best in een kring, waar we met liefde ontvangen worden."

Creutzberg, Brandt se opvolger as praeses het vervolgens 'n hartlike woord tot Brandt gerig en gesê dat[75]

> ".... hoewel hij het met vele baantjes zeer druk gehad heeft, altijd een uitnemend praeses was."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.1.2 Brandt se betrokkenheid as lid van Eltheto en die NCSV

Ook in Eltheto (Die Nederlandsch Christen Zending Vereeniging) en die daaruit voortkomende Nederlandsch Christen Studenten Vereeniging, blyk dit duidelik dat Brandt in die organisasies 'n leidinggewende rol gespeel het.

Die NCSV in Nederland het sy ontstaan te danke gehad aan die feit dat 'n klein klompie studente uit verskillende fakulteite aan die Universiteit van Utrecht telkens in 'n konventikel byeengekom het om:-[76]

> "Samen Gods Woord biddend wenschen te overdenken, als grondslag voor een christelijken levenswandel in hun omgeving."

Louis Brandt was een van die eerste studente wat in 1894 deel uitgemaak het van dié konventikel. Aanvanklik is daar nie veel deur hierdie gebedskring verrig nie. Vanaf 1894 het daar egter 'n wending ingetree, veral deur die toedoen van prof J J P Valeton jr se bemoeienis met dié groepie studente.[77] Vanaf hierdie tydperk was hy aktief betrokke by die konventikel-byeenkomste, deur ondermeer maandeliks vir hulle die "Bybelbespreking" te lei. Op die wyse was Valeton as't ware die groep se raadsman gewees, waardeur die fondament gelê is vir groei en vooruitgang, want:-[78]

> "Zoo ontstond langzamerhand een vereeniging die tot zinspreuk koos:- eltheto hy basileia sou (Joh 8:32)."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dié vereniging wat in die najaar van 1894 opgerig is het aanvanklik as Gnosesthe bekendgestaan. Dit het van meet af oor 'n eie reglement beskik om dit te onderskei van Eltheto wat alreeds in 1846 gestig is met die doel om sending te bevorder. Bykans al die stigters van Gnosesthe was ook lede van Eltheto

Eltheto[79], met die leuse:- Gnosesthe tyn alytheian " het grootliks daarin geslaag om sy lede bewus te maak van die groot verantwoordelikheid van die "uitwendige-sending", soos die evangelieverkondiging aan die heidene in ander lande getipeer is. Langs hierdie weg het Brandt wat lid, en in 1896 voorsitter van Eltheto was, alreeds as jong student verneem van die sendingnood in Suid-Afrika.[80]

Die nuwe liggaam Gnosesthe, waarvan Brandt van die begin af lid was, wou egter meer as Eltheto wees, in die sin dat dit:[81]

> "....... de studenten, die den Heiland wilden volgen, nauwer te verbinden en tot grooter zegen te stellen voor hun commiletiones."

Talle buitelandse sprekers, onder andere van Amerika het as die verlangde stimuli gedien om Gnosesthe te laat ontwikkel in 'n selfstandige liggaam wat met die verloop van die tyd Eltheto in aktiwiteite en toewyding sou oortref. Veral die besoek van ds Andrew Murray van Suid-Afrika in 1895 aan Utrecht was van betekenis, omdat hy tydens 'n byeenkoms wat hy toegespreek het:[82]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ".... velen had opgewekt tot een hooger gemeenschapsleven met God."

Die belangrike faktor wat bygedra het tot die omskepping van Gnosesthe in 'n selfstandige nasionale vereniging wat die naam sou dra: Nederlandsch Christen Studenten Vereeniging, was die bywoning van elf Utrechtse studente van die International Students Missionary Conference te Liverpool vanaf 1 - 5 Januarie 1896.[83] Louis Brandt was een van die vooraanstaande lede van dié afvaardiging.

Daar word gerapporteer dat: tydens die byeenkoms te Liverpool het Brandt en sy vriende die volgende verklaring uitgereik:-[84]

> "De Hollandsche afvaardigden verklaren na ernstig gebed hun leven geheel aan 's Heeren dienst te wijden en Hem biddend te vragen hoe Hij hen gebruiken wil."

Met dié groep se terugkeer na Nederland is dadelik 'n byeenkoms aan huis van Brandt se ouers, Klein Gelrestein, te Velp gereël - om die konferensie van Liverpool:-[85]

> "... nog eens te doorleven en te oorwegen wat nu voor Holland stond te doen."

Van die byeenkoms te Liverpool het Brandt 'n uitvoerige verslag opgestel. Vervolgens:-[86]

> "... ging men over tot bespreking van hetgeen kan worden gedaan tot uitbreiding van Gods Koninkrijk in de



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

studentenmaatschappij."

Aan die einde van die vergadering is eenparig besluit dat dit wenslik geag word:-[87]

> "...... dat aan elke Universiteit een bidstond te houden. En ten slotte werden door de vergadering goedgekeurd de door S Schoch en L E Brandt opgestelde bepalingen die zouden dienen voor de op te richten nationale Vereeniging."

So het Brandt die leiding geneem in die stigting van die Nederlandsch Christen Studenten Vereeniging wat op 27 Februarie 1896 tot stand gekom het. Een van die hoofdoelstellings van die vereniging was: om siele vir Jesus te wen.[88]

Op 3 - 5 September 1896 het die eerste nasionale konferensie van die NCSV in Holland te Laren plaasgevind. Ook aan hierdie byeenkoms het Brandt 'n leeue-aandeel gehad. In Berichten van Eltheto doen Brandt breedvoerig verslag oor dié konferensie. Hy sluit die berig af met die volgende woorde:[89]

> "Wij zijn samen geweest om Gods aangezicht te zoeken, wij hebben onze schuld beleden, vergeving gesmeekt voor onze zonden en God gebeden om Zijn zegen, om voorlichting en wijsheid op den weg, dien Hij wil, dat wij gaan zullen."

Met die verloop van die jare het die NCSV, waarvan Brandt



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seker een van die vernaamste grondleggers was, in Nederland ontwikkel tot 'n sterk en dinamiese jeugvereniging. Net soos by die reeds genoemde godsdienstige-verenigings was prof J H Gunning jr en prof J J P Valeton jr by die NCSV se aktiwiteite dominerend aktief. Valeton was ondermeer 'n ruk lank ere-president van die NCSV.[90] Afgesien van Brandt se deelname aan Eltheto en die NCSV was hy ook vir twee jaar agtereenvolgens Utrecht se verteenwoordiger op die hoofbestuur van die Nederlandsche Studenten-Geheel-Onthouders-Vereeniging. Vir die duur van sy studie was hy 'n getroue lid van die Utrechtse-afdeling van die organisasie.[91]

Oor Brandt se betrokkenheid by bogenoemde godsdienstige verenigings is enigsins breedvoerig gehandel om daardeur aan te toon in welke mate hy in die dampkring van die etiese of réveil teologie gestaan het, en op welke wyse dit hom meegevoer het.

## 4.2 Brandt se betrokkenheid by studente-organisasies van kulturele aard.

Afgesien van die leidende rol wat Brandt gedurende sy studentedae in genoemde godsdienstige verenigings gespeel het, het hy ook oor die hele breë spektrum van die buitemuurse bedrywighede van die studentelewe betrokke geraak. Trouens, sy deelname by 'n groot aantal geselskappe van uiteenlopende aard, en die leiding wat daar van hom



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitgegaan het onderstreep die feit dat hy 'n besonder begaafde en veelsydige persoon was.

Van die begin van sy studietyd af was hy lid van die Utrechtsche Studente Corps, en betrokke by talle van die instelling se geselskappe.

Sy opregte liefde vir musiek en die vermoë om daaraan uitvoering te gee deur sang en die bespeling van die waldhoorn en kornet, word bevestig deur sy intensiewe gemoeidheid met die koorvereniging:[92] Nunc Cantes Resonet, waarvan hy twee jaar agtereenvolgens praeses was, sowel as sy deelname aan die musiekgeselskap: Fanfare Corps,[93] ondermeer as abactis. Dan was hy ook bestuurslid van die Studenten Concert.[94] Van die geselskap Panta Noita[95] was Brandt ook bestuurslid en in 1896 praeses. Sy meelewing met die besondere geselskap, belig iets van sy intrinsieke verfyndheid en die bereidheid tot die verinniging en veredeling van die menslike gees en intellek. Panta Noita het gereelde byeenkomste belê waartydens die lede toegespreek is oor die letterkunde en ander vorme van die kuns, asook 'n verskeidenheid van aktuele sowel as kultureel opbouende en vormende onderwerpe. Sommige van die voordragte is deur Franse geleerdes in hulle moedertaal aangebied.

Prof J H Gunning was soms ook op uitnodiging die referent voor Panta Noita. In 1897 was prof Muller, latere Transvaalse predikant by 'n byeenkoms die geleentheidspreker, waartydens hy gehandel het oor: "De



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Riviera". Volgens Panta Noita se jaarverslag het prof Muller onder meer die volgende gesê:-[96]

> "Na het karakter van een Franschman in vergelijking gebracht te hebben, met dat van een Engelschman, wist spreker in schitterende kleuren de vanity fair in Nice, de carnavals, de batailles de fleurs, enz. voor oogen te stellen...... na de pauze ging Prof Muller over tot eene bespreking van die geduchte, zwarte plek in die heerlijke natuur der Riviera: Monaco en Monte Carlo. Na eene historisch inleiding over het ontstaan van dat prinsdom en de ontwikkeling der speelbank, schetste spr. met ontzettende kleuren de verderflijkheid van het spel. Het groote motief, waarom door de mogendheden, en in de eerste plaats Frankrijk, aan eene dergelijke barbaarscheid geen einde maakten, vond spr gelegen in de omstandigheid, dat er te veel menschen bij het blijven bestaan ervan geinteresseerd zijn."

By al die genoemde verenigings waarby Brandt ingeskakel het, was hy ook die 1895 senator van Sessa 'n skaak-geselskap met die leuse: "Amat Victoria Curam."[97] Daar dien ook vermeld te word dat die ondernemende student Brandt, ook hoofredaksielid was van die studenteweekblad:- Vox Sandiosorum.[98] Die jong Brandt het oor al die geestelike en fisiese eienskappe beskik wat 'n natuurlike sportman benodig. Met volhardende ywer en gloeiende belangstelling in amper elke bekende sportsoort van sy tyd het hy daarin geslaag om in talle sportsoorte uit te blink.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op Universiteit was hy 'n ywerige skaatser en was dit nie vreemd nie toe hy in 1896 aangewys is as praeses van die Utrechtsche Studenten Ijsclub.[99] Onder sy praesidaat is 'n Inter-Academiale Ijsbond opgerig. Ook was hy 'n staatmaker by die Utrechtsche Lawn-Tennis Club: Spizaerinda.

Dié sportsoort waarin hy egter die meeste uitgemunt het was roei. As lid van die beroemde klub: Triton, het hy en sy spanmaats: H H C Hartog, C Lulofs en J G Moltzer vir die klub sowel as vir die Universiteit en Nederland roemryke oorwinnings behaal.[100]

In die Utrechtsche Studentenblad van 1896 word breedvoerig vermeld van die glorieryke ontvangs wat Brandt en sy spanmaats te beurt geval het met hulle terugkeer na Utrecht, nadat hulle in genoemde jaar tydens die inter-universitêre roeikampioenskappe vir Utrecht die hoogste louere ingeoes het. Die Studentenblad gee die ontvangs van dié sportspan op die stasie so weer:-

> "Jubelend klonk hun 't[101] Iö-vivat tegen der muziekkapel, donderend was het hoezee geroep, waarmede hun verschijnen werd begroet. De Senaat, het bestuur van Triton en die prijswinnaars namen plaats in vijf gereedstaande met vier paarden bespannen rijtuigen. Door Van Essen werden de door de roeiers verworwen lauwerkransen aan een roeispaan rondgedragen en over de verschillende rijtuigen verdeeld. Voorop de studenten-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

weerbaarheid in hun keurig, kranig uniform, het geweer over den schouder, daarachter de muziek, dan de rijtuigen, omgeven door fakkeldragers en gevolgd door de studenten met hunne banieren. De geheele stoet werd omstuwd door eene groote massa volk, die blijkbaar werd aangestoken door de vroolijkheid en luide met de muziek medezong. De stoet volgde den aangewezen weg, overal opgewacht door nieuwsgierigen, die, na hunne oogen te hebben vergast zich aansloten en hem zoo steeds in omvang deden toenemen. Op de Mariaplaats, Zadelstraat, Choorstraat, Oudegracht en verder op zijn tocht werd de stoet overal verwelkomd met bengaalsch vuur, dat de met vlaggen getooide huizen werd ontstoken, waar Triton-vrienden woonden."

In dieselfde jaar, dit wil sê 1896, het Brandt en sy span in Frankfurt, Duitsland met die volgende pryse weggestap:-[102]

> Germania preis, Preis der stadt Frankfurt, Universitätspreis, Preis des Deutschen Rüderverbandes en zelfs de oudste Kaiserpreis nog door Wilhelm I uitgeloofd."

Die Duitse tydskrif <u>Wassersport</u> het van dié, vir Brandt-hulle, suksesvolle byeenkoms gesê:-[103]

> "Die Holländer erwiesen sich als eine Mannschaft ersten Ranges. Ihr Achter war unvergleichlich schön, ein bild stroffer Selbstzucht und feinsten sportlichen Verständnisses. Da war alles so ebenmässig und ruhig,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dass mann sich kaum etwas besseres denken kan."

Vir die doel van hierdie studie is slegs oorsigtelik verwys na Brandt se deelname aan die roeisport en enkele seges wat behaal is. Veel meer kan hier bygevoeg word om aan te toon dat hy in sy studentedae in Nederland, sowel as op talle plekke in die buiteland getakseer is as 'n sportman van internasionale gehalte.

Die grootste eer wat Brandt egter in sy studentelewe te beurt geval het was toe hy vir die jaar 1897 verkies is tot Fiscus van die Utrechtsch Studenten-Corps. Ook in hierdie prestige-liggaam het hy met onderskeiding gedien.

In November 1898, met die suksesvolle aflegging van die proponents-eksamen,[104] loop Brandt se akademiese loopbaan ten einde. 'n Ryk en vol periode in sy lewe wat onweerlegbaar getuig het van sy talle vermoëns.

5 Aantekeninge:-

1 Suid-Afrikaners in Utrecht, Utrecht 1954, p 13-16

2 Utrechtsche Studenten Almanak, Utrecht 1894.

3 De Utrechtsche Universiteit 1636-1936, Utrecht 1936, II, p 161.

4 Albert de Lange, De Verhouding Tusschen Dogmatiek en Godsdienswetenschap Binnen De Theologie. Een onderzoek



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

naar de ontwikkeling van het theologiebegrip van J.H. Gunning jr., 1829 -1905, Kampen 1987, p 92-93.

5 Ibid., p 92.

6 Ibid., p 92-93

7 Ibid.

8 Ibid.

9 De Utrechtsche Universiteit 1636-1936, op.cit., p 164.

10 Ibid., p 160.

11 Utrechtsche Studenten Almanak, op. cit., p 76.

12 De Utrechtsche Universiteit 1636-1936, op. cit., p 171.

13 Ibid.

14 Ibid., p 168-169

15 In sy latere lewe as predikant het Brandt in sy uitgebreide versameling van persoonlike korrespondensie, vid., NHK-Argief, Pretoria, telkens met gloeiende waardering na Valeton verwys.

16 C.J. Mans, Die Lewe En Werk Van Die Dogmatikus P.J. Muller, (Ongepubliseerde D.D.-Verhandeling U.P.), Pretoria 1967, p 118.

17 De Utrechtsche Universiteit 1636-1936, op. cit., p 170.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

18 Ibid., p 171

19 Ibid., p 167

20 Ibid., p 172

21 Th. L. Haitjima, De Richtingen In De Nederlandse Hervormde Kerk, Wageningen 1953, p 11.

22 Cassirer, Immanuel Kants Werke, s.a. IV, S.L. p 169-176

23 Ernst Troeltsch, Gesammelte Schriften, Bnd. IV, Tubigen 1925, p 338.

24 A.J. Rasker, De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795, Kampen 1974, p. 20.

25 Ibid., p 45-54.

26 Th. L. Haitjima. op. cit., p 46.

27 A. J. Rasker, op. cit., p 76.

28 M.E. Kluit, Het Protestantse Réveil In Nederland En Daarbuiten 1815-1865, Amsterdam 1978, p 323.

29 A.F. Fiolet, Een Kerk In Onrust Om Haar Belijdenis, Nijkerk 1953, p 33.

30 A Pierson, Willem de Clercq Naar Zijn Dagboek, Haarlem s.a., p 333



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

31 A.F. Fiolet, op. cit., p 101.

32 Ibid.

33 A.J. Rasker, op. cit., p 98.

34 Ibid.

35 A.F. Fiolet, op. cit., p 105.

36 S.M. Brouwer, _De Oorsprong Van Het Réveil In Nederland_, Stemmen Voor Waarheid En Vrede, s.l., 1912, 49ste jrg., p 54.

37 Th. L. Haitjima, op. cit., p47.

38 A.F. Fiolet, op. cit., p 146.

39 Ibid.

40 Albert de Lange, op. cit., p 33.

41 Ibid, p 33-34.

42 Ibid.

43 Ibid.

44 Ibid.

45 D Chantepie De la Saussaye, _Gesag en Vrijheid, Ernst en Vrede_, s.l., 1853, I, p 17.

46 J. Veenhof, _Revelatie En Ispiratie_, Amsterdam 1968, p 158-167.

47 D Chantepie De la Saussaye, _Beoordeling van het werk_



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>van Dr. J.H. Scholten oor de leer der Hervormde Kerk</u>, Utrecht 1859, p 16-17.

48 <u>Boekery inventaris</u>, NHK-Argief Pretoria, LIX/198.

49 F.G.M. Broeyer, "Valeton jr., Josué Jean Philippe" in : D Nauta, A de Groot, O J de Jong, S van der Linde, G H M Posthumus, red., <u>Biografisch Lexicon Voor De Geschiedenis Van Het Nederlandse Protestantisme</u>, III (Ongepubliseerd), p 647.

50 Ibid.

51 Ibid., p 648.

52 Ibid., p 648-655

53 Ibid.

54 J.J.P. Valeton jr, Enige Opmerkingen Over Hermeneutiek, in T S 1887, soos aangehaal deur Broeyer op. cit., p 648.

55 <u>Boekery inventaris</u>, op. cit.

56 Albert de Lange, op. cit., p 12.

57 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 17 Februarie 1931.

58 Albert de Lange, op. cit., p 227.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

59 Ibid., p 11.

60 Ibid., p 158.

61 A.J. Rasker, op. cit., p 144.

62 Gemeentelijke-Archief, Utrecht, Secor Dabar Lêer 61.

63 Ibid. In die beginjare van Secor Dabar is die studente gereeld toegespreek deur Capadose en Da Costa.

64 Ibid.

65 Gedenkboekje Bij Gelegenheid Van Het Vijftiende Lustrum Van Secor-Dabar, Utrecht 1919, p 13-11.

66 Gemeentelijke-Archief Utrecht, Secor Dabar Lêer 61.

67 Ibid., p 20.

68 Gemeentelijke-Archief Utrecht, Secor Dabar Notule.

69 Ibid., p 50.

70 Ibid., p 50.

71 Ibid., p 143.

72 Ibid., p 196.

73 Ibid., p 143.

74 Ibid.

75 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

76 Th. Scharten, _De Wording der Nederlandsche Christen-Studente Vereeniging_, Leiden s.a., p 2.

77 Ibid., p 23.

78 Ibid.

79 _Berichten Uitgegeven Door het Utrechtsche Studenten-Zendinggezelschap_, Utrecht 1896, p 66-68. Genoemde sendinggeselskap het aanvanklik as "Eltheto" bekend gestaan. Die amptelike lyfblad het ook bekend gestaan onder dieselfde naam. Toe die sendinggeselskap uiteindelik oorgegaan het in die Christen-Studente-Vereniging het die blaadjie van die _NCSV_ steeds Eltheto bly heet. Vid. E.P. Jooste, _Die Nederlandse Réveil En Die Nederduitse Gereformeerde Kerk_, (Ongepubliseerde DD-verhandeling, U.P.), Pretoria 1986.

80 Th. Scharten, op. cit., p 25.

81 Ibid., p 4.

82 Ibid., p 4-6.

83 Ibid., p 25.

84 Ibid., p 26.

85 Ibid.

86 Ibid.

87 Ibid., p 27.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

88 Ibid., p 27.

89 Berichten NCZV, p 184.

90 A Barger, A M J de Buis en J J Koeleman, red., Jongenskampen der Nederlandsche Christen-Studenten Vereeniging, Haarlem 1923.

91 Utrechtsche Studenten Almanak, Utrecht 1894, p 164, et 1896, p 164.

92 Ibid., 1897, p 156.

93 Ibid., 1896, p 165.

94 Ibid., 1896, p 154.

95 Ibid., 1897, p 164.

96 Ibid., 1898, p 246-247.

97 Ibid., 1896, p 164.

98 Ibid., 1897, p 158.

99 Ibid., 1897, p 155.

100 Ibid., 1897, p 267.

101 Ibid., 1897, p 268-269.

102 Ibid., 1897, p 274.

103 Ibid., 1897, p 247.

104 Ibid., 1899, p 132.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 3

## VOLTYDS IN DIENS VAN DIE NCSV

Na afloop van sy proponentseksamen in November 1898, het Brandt voltyds in die diens van die Nederlandsche Christen-Studenten-Vereeniging getree as reisende sekretaris.[1] Die besluit tot hierdie stap moet na alle waarskynlikheid gesoek word in Brandt se meelewing en belangstelling van die begin af in die NCSV se werksaamhede.

Aanvanklik het hy in Nobelstraat 27 Utrecht, waar hy as student gewoon het aangebly, vanwaar hy die sekretariaat behartig het. Volgens sy kantoorkorrespondensie het hy ook vir lang periodes vanuit sy ouerhuis, Klein Gelrestein te Velp geopereer.[2]

Die vergoeding aan die pos was FL 400 per jaar plus reiskostes.[3] Die uitgawes is bestry deur ledegelde wat FL 1 per jaar per lid beloop het. In ruil hiervoor moes Brandt die NCSV vestig en bevorder onder Nederlandse studente. Hierdie omvangryke werksopdrag word deur die NCSV-Mededeelingen van Oktober 1898 aangedui as:-[4] Die Universiteite van Utrecht, Leiden, Groningen, Amsterdam (Vrye sowel as Gemeentelike), die Teologiese Skool van Kampen, die Politegniese Inrigting te Delft. Daarby moes hy sover moontlik poog om diegene wat aan die Gimnasia en Hoër Burgerskole gestudeer het te bereik. By hierdie lys is ook gevoeg:- studente van die Koninklike Militêre Akademie te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Breda, die Kadetteskool van Alkmaar, kandidate vir die Leierskursus te Kampen en die studente van die Koninklike Marine Instituut (die Adelborste) te Nieuwediep.

Hierdie wye werkkring het meegebring dat Brandt in sy hoedanigheid as reisende sekretaris voortdurend op weg was deur die land. In 1899 was daar 183, en in 1900 185 ingeskrewe lede van die NCSV in Nederland.[5] Hierdie lede, verspreid oor die hele Nederland het Brandt jaarliks individueel besoek. By dit alles het hy verskeie byeenkomste georganiseer om die doelstellings van die NCSV waarvan hy mede-opsteller was te propageer. Dié doelstellings het soos volg daaruit gesien:-[6]

"(a) Studenten te brengen tot het geloof in Jesus Christus als hun persoonlijke Verlosser en Heer.

(b) Het geestelijke leven der studenten op te bouwen.

(c) Zoowel deur wetenschappelijke als door andere vereenigingen onder studenten een actieve belangstelling te bevorderen in die zaak des Heeren op elk gebied, zoowel in ons vaderland als daarbuiten.

(d) De nationale en internationale band te versterken."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 'n onafgebroke basis het Brandt byeenkomste gereël waar hy, of ander sprekers soos Proffe J H Gunning jr, J J P Valeton jr, I van Dijk en H Bavinck opgetree het.[7] Op al sy reise, en by elke gereëlde byeenkoms het Brandt Bybel- en sendingkringe op die been gebring.[8] Volgens Brandt se eie oortuiging was Bybelstudiekringe die beste metode om die doelstellings van die NCSV te bevorder. In die verband het hy verklaar:-[9]

> ".... onze groote kracht ligt in de Bijbelkringen."

Volgens voorskrifte deur hom uitgereik, sou hierdie kringe die effektiefste gefunksioneer het in groepe van tussen vier en agt studente onder leiding van 'n leier deur die Bybelstudiegroep aangewys. By so 'n byeenkoms moes ook liefs geen dogmatiese kwessies te berde gebring word nie, maar moes dit in hoofsaak gaan om die band van broederskap wat gelê is. Op grond van dit alles het Brandt ook gepleit om 'n gees van geselligheid by sulke samekomste te bewerk.[10]

As reisende sekretaris het hy ook verskeie kere na die buiteland gereis om die internasionale band met die NCSV wêreldwyd te verstewig. Sommige kere het hy na die buiteland gegaan met die doel om meer kennis te bekom wat vrugbaar toegepas kon word in die NCSV-aktiwiteite in Holland. Van so 'n besoek in die middel van 1899 aan die VSA het Brandt gesê:-[11]

> „De langere ondervindingen der Amerikanen kan ons veel leren omtrent de manier van werken. Zelf heb ik zeer



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veel aan gehad."

Van die bepaalde besoek het John Mott leier van die Amerikaanse Christelike-Studente-Vereniging gesê:[12]

"We have all been very grateful to welcome Mr Brandt to our country and to our conferences. He has made a splendid impression where ever he has gone, and his visit will do us much good."

Afgesien van sy besoek aan die VSA het hy in sy kapasiteit as die reisende sekretaris van die NCSV vanaf 2 - 6 Januarie 1900 die internasionale konferensie van die CSV in Londen bygewoon. Na afloop van die byeenkoms het Brandt van die toenmalige heersende gees onder die studente gesê:-

"Temptations manifest themselves in all possible forms. Intellectualism often results in criticism, unbelief, making slight of the spiritual things. Study of the Bible seems to us the most helpful way to meet and overcome them."

In dieselfde jaar het Brandt ook 'n CSV-kongres in Versailles bygewoon.[14]. 'n Beleidstuk waarin die Nederlandse CSV se verhouding met dié van Frankryk, Switzerland en België uiteengesit word, is in Frans deur Brandt opgestel.

Vir 'n reis na die Skandinawiese-lande terwille van die NCSV het Brandt tyd ingeruim om sy kennis van Deens en Noors op



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te knap. Hy vermeld dat sy vader in die verband tot groot hulp was.[15]

Die reise het hoë eise gestel aan sy geestelike en liggaamlike vermoëns. Hiervan sê Brandt self:[16]

> "Zeer wel ben ik mij bewust, dat menigmaal mijne krachten te kort zijn geschoten, maar God heeft mij ook meermalen een zeer gezegende tijd doen doorbrengen op deze bezoeken."

Mededeelingen, 'n vlugskrif van die NCSV onder die studente, is grootliks deur die reisende sekretaris vol geskryf en versorg. Ook tydens die periode wat Brandt die sekretariaat behartig het, weerkaats dié geskrif veel van die Anglo-Amerikaanse teologiese invloed wat die Nederlandsche CSV ondergaan het. Die mees sprekende bewys van hierdie invloed is die gebedslyste, waarin partikuliere sake uitgesonder word, wat telkens in Mededeelingen verskyn.

'n Ander belangrike geesteskind van die NCSV wat tydens Brandt se dienstermyn as sekretaris beslag gevind het was die jongenskampe wat vanuit Engeland na Nederland oorgebring is.[17] Die jeugkampe as 'n bepaalde werkwyse van die NCSV kan in 'n hoë mate aan Brandt se inisiatief toegeskryf word. Die heel eerste jongenskamp in Nederland in 1899 te Hattem, is volledig deur Brandt en sy goeie vriend dr A R van de Laar (die latere leier van die Christelik-Sosiale Party in Nederland) georganiseer.[18]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede jongenskamp wat in 1900 plaasgevind het, is ook deur Brandt en 'n ander lewenslange vriend, dr C W Th van Boetzelaer (wat later 'n bekende lid van die Tweede Kamer geword het) gereël.[19]

Die metode van bearbeiding wat by die kampe gevolg is, was[20]

> "... indirecte beïnvloeding, gevolg van de atmosfeer, die geboren word in een gemeenschap waar allen als kinderen van God tracht te leven."

Tydens die kampe is veel klem gelê op sportbeoefening, kultuurverryking en karakterbou. Net soos in die geval van die Bybelkringe was die uitgangspunt by die kampe:-[21]

> "Voorzichtig met traditie en sprak men er weinig of nooit over dogmatische beschouwingen."

In 1921 toe Brandt alreeds etlike jare predikant in Suid-Afrika was, het hy tydens 'n besoek aan Nederland weer 'n jongenskamp bygewoon, wat sy lewenslange intense belangstelling vir die jongenskampe bevestig het. Na afloop van genoemde kamp het hy dan ook verklaar:-[22]

> "... ik zal God blijven danken voor de gezegenden invloed die er uitgaat van het NCSV-kampen."

Bo en behalwe Brandt se binne en buitelandse reise en die organisering van kampe en gebedskringe het hy ook die vereniging se binne en buitelandse korrespondensie behartig, en die argief en biblioteek van die NCSV onderhou.[23]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die slotwoord van Brandt se jaarverslag as sekretaris, pas voor sy uittrede uit die NCSV se diens, vat hy die gees en rigting van die vereniging saam met 'n wekroep wat hy laat opklink:-[24]

> "Niets kan ons uitdrijven tot een werkelijk Koning maken van Christus in ons leven en in onze omgeving, dan een leven vervult met den Heiligen Geest. Die alleen kan ons bezielen en tot actie brengen. O, laten wij toch ophouden met ons eigen werk. Laten wij toch meer bidden, meer intelligent en tegelijk stichtelijk den Bijbel lezen, want dat sluit elkaar volstreckt niet uit."

Die Nederlandse Christen-Studente Vereeniging het met die loop van jare tot 'n kragtige organisasie ontwikkel. Dus in Brandt se lewe kon hy met dankbaarheid toesien en verneem dat 'n organisasie waarvan hy die primêre grondlegger was gegroei en gebloei het. Selfs die jongenskampe, waarvan Brandt ook die oprigter was, het ontwikkel in 'n omvangryke bedrywigheid. Later is ook meisjeskampen ingestel. Die kampe het 'n kultuur van hulle eie gehad en die kampgangers in die Nederlandse maatskaplike en kerklike lewe met 'n besondere band saamgesnoer.

In 1985 het die NCSV en die daarmee gepaardgaande jeugkampe tot niet gegaan. Die Nederlandse koerant Trouw rapporteer oor die gebeurtenis soos volg:-[25]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "De leden van de Nederlandse Christen-Studenten Vereeniging hebben besloten hun organisatie op te heffen. Door gebrek aan kader, aan kampdeelnemers, aan eenheid en aan een gezamenlijke noemer. In plaats van 'getuige van Christus' werd de NCSV 'getuige van Marx'."[26]

In die lewe van Louis Brandt het die NCSV egter 'n besondere rol gespeel. Sy taak as reisende sekretaris het aan hom die geleentheid gebied om sy vermoë om te organiseer, en sy administratiewe aanleg tot ontplooiing te laat kom. Daarby was hy teen die einde van 1900 met die aanname van 'n beroep na Niezijl, ook deels vanweë die NCSV 'n wel berese persoon met baie ondervinding van omgang en onderhandeling met mense ook op internasionale vlak. Ook kon die NCSV 'n bydrae gelewer het om hom te beïnvloed om later na Suid-Afrika te verhuis, vanweë die vereniging se destydse empatie met die strydende Afrikaners in die noordelike dele van Suid-Afrika.[27]

1 Aantekeninge

1 NCSV-Mededeelingen, Rijksarchief Utrecht, nr 1025, p 22.

2 NCSV-Korrespondensie, Rijksarchief Utrecht, nr 545, varia.

3 Mededeelingen, op. cit., p 4.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4 Ibid.

5 NCSV-Jaarverslag 1900, Rijksarchief Utrecht, nr 289.

6 Mededeelingen, op. cit., p 4.

7 Ibid, p 21.

8 NCSV-Jaarverslag 1900, op. cit.

9 Mededeelingen, op. cit., p 40.

10 Ibid, p 4.

11 Ibid, p 9.

12 <u>NCSV-Korrespondensie</u>, op. cit., 30 Junie 1899.

13 Ibid, 30 April 1900.

14 Ibid, 21 Februarie 1900.

15 Ibid, 17 Januarie 1899.

16 <u>NCSV-Jaarverslag</u>, op. cit.

17 G A Barger, A M J Beus en J J Koeleman red., <u>Jongenskampen der Nederlandsche Christen-Studenten-Vereeniging</u>, Jubileum-Boek, Haarlem 1923, p 9.

18 Ibid., p 19-32.

19 Ibid, p 19.

20 Ibid, p 15.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

21 Ibid, p 13.

22 Ibid, p 91.

23 NCSV-Jaarverslag, op. cit.

24 Ibid.

25 Trouw, Wo 18 September 1985.

26 Dit is nie so vreemd dat die NCSV in die hande van die Marxisme beland het nie as gelet word op die werk van R Sauerzapf, Die Säkularisierung der Genfer Oekumene, (ongepubliseerde DD-proefskrif UP 1975), p 39 - 54.

27 NCSV-Jaarverslag, op. cit. Hiervolgens het die NCSV gedurende 1900 'n "adres van hulde" aan pres. S J P Kruger van Transvaal aangebied.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 4

## IN DIE PASTORIE VAN NIEZIJL

Na uitdienstreding by die NCSV, het Brandt beroepe ontvang na die gemeentes Puyflijk/Leeuwen kombinasie, Terhorne, Hoogeloonen en Niezijl.[1]

Die beroep wat op 28 Oktober 1900 eenparig deur die kerkraad van Niezijl op hom uitgebring is het hy hom laat welgeval.[2] Die rede waarom Brandt die beroep aangeneem het, moet waarskynlik gesoek word in die versoeke wat vooraf in die verband tot hom gerig is. Op 25 September 1900, het ouderling Broenssme van Niezijl prof S D van Veen van Utrecht versoek om 'n gematigde proponent van Utrecht by hom aan te beveel met die oog op 'n beroep, vanweë die baie modernistiesgesinde lidmate in die gemeente. S D van Veen het proponent L E Brandt aanbeveel. Op 26 September 1900 het Van Veen self aan Brandt geskryf. In die skrywe moedig hy Brandt aan, om as hy beroep sou word na Niezijl, die beroep ernstig te oorweeg, omdat:-[3]

> "Wij denkt, dat dit juist een beroep is voor u."

Niezijl, geleë in die noorde van Nederland was alreeds met die wisseling van die negentiende na die twintigste eeu 'n klein plattelandse gemeente wat in daardie tyd uit slegs 200 lidmate bestaan het.[4]

Alhoewel die gemeente nie sterk in getalle was nie, was dit 'n finansieël selfstandige gemeente wat tydens Brandt se



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verblyf aldaar elke finansiële jaar, nadat alle verpligtinge nagekom is, met 'n batige saldo kon afsluit.[5] Volgens die kerkraadsnotules kon die kerkraad benewens eie verpligtinge ook nog op 'n gereelde grondslag ruim ondersteuning bied aan veskillende Christelike welsynsorganisasies. In alle opsigte was Niezijl dus 'n goed geordende, rustige gemeente waar Brandt sonder probleme die verpligtinge as pastor kon nakom. Op 6 Januarie 1901 is Brandt deur sy leermeester prof J J P Valeton jr. in Niezijl se kerkgebou wat alreeds in 1661 opgerig is, as predikant bevestig.[6] Inmiddels het die vrygesel-dominee sy intrek in die ruim, gerieflike pastorie geneem, wat hoofsaaklik ingeboedel was met kosbare ameublement wat hy geërf het.[7] Vir die duur van sy verblyf op Niezijl het hy beskik oor die bekwame dienste van 'n huishoudster Jantje Scholtz, wat veral uitgemunt het as kok.[8]

Brandt se traktement was FL 1000 per jaar wat deur die owerheid van die dag bygebring is. Die rustigheid van die gemeente het meegebring dat daar nie hoë eise aan Brandt gestel is nie. Nougeset het hy op die kwartaalikse kerkraadsvergadering gevra:-[9]

> " ..... of er ook ongeregeldheden in de gemeente zijn voorgevallen, waardoor iemand zou moeten geweerd worden van den Disch des Heeren."

Die standaard reaksie op hierdie navraag was telkens:-[10]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"De censura morum gaat zonder opmerkingen voorbij".

In die drie jaar van Brandt se verblyf in die gemeente, het die kerkraad slegs twee keer stappe geneem teen lidmate. In die een geval het die kerkraad teen die evangelis W C Lodder, van Grijpskerk opgetree, deur te weier om dié se katkisante belydenis van geloof te laat aflê.[11] Dit is nie duidelik wat presies die rede was waarom kerkraad en gemeente so gehandel het nie. Die afleiding kan gemaak word dat die beswaar teen Lodder as sodanig was. Oor die besluit was Brandt diep ongelukkig omdat volgens hom, deur die genome besluit:-[12]

> ".... uit haat tegen een persoon de zaak der Evangelisatie moet lijden."

In die ander geval het die kerkraad 'n verkose diaken by die klassikale bestuur aangekla vanweë herhaalde dronkenskap.[13] In vergelyking met Brandt se ondervinding in sy latere gemeentes in Suid-Afrika, was Niezijl 'n gemeente waarin alles onberoerd daaraan toegegaan het. By alles kon Brandt vanuit die pastorie al sy lidmate met gemak te voet besoek het.

In die rustige omstandighede het Brandt preke voorberei, huisbesoek gedoen en gekatkiseer. Daarby het hy 'n lewenslange liefhebbery, naamlik tuinmaak, beoefen. Sy groentetuin was in so 'n mate suksesvol dat hy in die somer van 1903, toe die aartappeloes misluk het vanweë 'n plaag, aartappels uit sy tuin aan die diakonie kon skenk om uit te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deel.[14]

Andersins was die jong dominee se bestaan betreklik eenselwig en selfs eensaam, want hy skryf:[15]

> "Conversatie heb ik niet op't dorp, wel een prettigen kring van jong collega's in de buurt, waar ik veel aan heb."

By geleentheid het Brandt die kerkraad versoek om 'n sendingvergadering[16] in die gemeente aan te bied. Hierdie versoek is van die hand gewys met die toegif daarby dat hy wel van tyd tot tyd oor sending kon preek.

## 1 Sy huwelik

Nadat Brandt vir bykans twee jaar as vrygesel predikant in Niezijl gewerk het, het hy op 28 Augustus 1902 in die huwelik getree met Johanna van Warmelo.[17] Sy is op 18 November 1876 in Heidelberg se Hervormde pastorie gebore as vierde kind van ds en mev N J van Warmelo.[18]

Die verhaal van Louis se huwelik met Johanna begin in 1897.[19] In hierdie jaar het Johanna en haar weduwee moeder haar twee broers, Dietlof en Willem, in Utrecht Nederland gaan besoek waar hulle teologie gestudeer het.

Dietlof se kamermaat was Louis Ernst Brandt vir wie die jong Transvaler hoë agting gehad het. In sy briewe aan die familie in Suid-Afrika het hy telkens blyke van sy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bewondering vir Louis gegee.[20]

Die eerste keer wat Johanna en Louis in aanraking met mekaar gekom het was 21 Oktober 1897 toe sy namens haar moeder hom en sy ouers skriftelik uitgenooi het om hulle by vriende, waar hulle tuis was, te besoek.[21]

Ná die ontmoeting skryf sy weer aan hom, om hom vir 'n aangename dag te bedank. Dié brief skryf sy in Engels en sê:-[22]

> "You will wonder at receiving an English letter from me, but pray excuse me - in certain moods I cannot write Dutch letters."

Vir die volgende twee jaar sou alle korrespondensie tussen die twee in Engels geskied. Coetzee[23] voer aan dat die rede vir haar briefskrywery in Engels nie toe te skryf was aan wisselende gemoedstemminge nie, maar eerder vanweë haar onvermoë om Hollands korrek te skryf en derhalwe verkies het om in Engels, waaroor sy goeie beheer gehad het, te korrespondeer. As in aanmerking geneem word dat haar formele skoolopleiding by wyse van privaatlesse aangebied deur 'n verarmde Engelse edelman geskied het, waarna sy vir twee jaar aan die Good Hope Seminary for Young Ladies gestudeer het, is die verklaring aanvaarbaar.

Te oordeel aan die trant van Louis en Johanna se aanvanklike briefwisseling, het hulle mekaar uiters 'n paar keer in Nederland gesien voordat Johanna en haar moeder weer na



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suid-Afrika moes terugkeer.[24] In hierdie eerste briewe spreek hulle mekaar as Meneer Brandt en Juffrou van Warmelo aan. Na 'n jaar van interessante korrespondensievoering het hulle naderhand vir mekaar: "my vriend Lou" en "my vriendin Johanna" geword.

In hierdie briewe skemer dit op skugtere wyse deur dat die twee van meet af aan tot mekaar aangetrokke gevoel het, 'n gevoel wat algaande versterk het.

Vanaf Junie 1898 staak Johanna haar korrespondensie met Louis. Die rede hiervoor gee sy eers in 'n brief, gedateer 2 Februarie 1900, wanneer sy Louis laat weet het dat haar broer Dietlof op daardie stadium aan die Tugela geveg het, en van die smarte deur die oorlog veroorsaak. Van die tydperk wat dit voorafgegaan het het sy meegedeel:- [25]

> "... we were living in such a state of uncertainty and suspense that all social duties were neglected and everyone visibly deteriorated in mind, manners and morals".

Sy vertel van die daaglikse ellende in die Irene-kamphospitaal waar sy as vrywillige verpleegster gewondes versorg het.[26]

> "No one can think how terrible it is to nurse a man back to health and strength and then to hear that he has fallen".

Veral die matelose lyding van weerlose kinders en vroue in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kampe was vir 'n sensitiewe jongmeisie 'n ontstellende ervaring, sy se:[27]

> "The war has made an old woman of me - I feel quite crushed and broken spirited."

Deur Johanna se betrokkenheid by die konsentrasiekampe en haar eerstehandse kennis van die marteling van vrouens en kinders deur die Engelse, is haar moeder geïnspireer om die lot van die kampbewoners te verbeter.[28] Mevrou Van Warmelo het volhardend vertoë gerig tot die buitelandse konsuls in Transvaal om diplomatieke druk op Brittanje uit te oefen om die toestande in die konsentrasiekampe te verbeter. Die resultaat hiervan was <u>The White-Wash Commission</u> se ondersoek, waardeur die sterftesyfer in die kampe aansienlik verlaag is en talle vroue en kinders se lewens gered is.

Met die hervatting van Johanna en Louis se korrespondensie in 1901 betuig Louis sy liefde aan Johanna.[29] Ofskoon sy daarvan wegskram, was dit die vernaamste rede waarom sy weer op daardie stadium van haar lewe opnuut belangstelling begin toon het in sake wat nie net te make gehad het met die oorlog nie. Sy skryf byvoorbeeld aan Louis dat sy besluit het om na die oorlog verder te gaan studeer in klavier en sang in Duitsland of Switserland.

Gedurende die oorlog het Johanna en haar moeder vanuit hulle woning Harmony in Pretoria, wat van alle kante deur hoë Britse offisiere se tydelike huise omring was, ook nog 'n vroue spioenasiediens ten behoewe van die Boeremagte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

gevorm.[30] Inligting is deur Kaptein Naude na Johanna en haar moeder oorgedra. Moeder en dogter was die spilpunt waarom die Vroue-Kommissie, soos die geheimediens genoem is, gedraai het. Inligting, oorlogsbenodighede soos klere en medisyne is onder die neuse van die vyand na en van die kommando's in- en uitgesmokkel. Harmony was die veilige skuilplek vir voortvlugtende boere. Inligting is na die buitewêreld deurgestuur om belanghebbendes op die hoogte te stel van die verloop van sake en veral wat die toestande in konsentrasiekampe was.

Ook via briewe aan Louis is berigte aan die verbanne president S J P Kruger en sy sekretaris dr W J Leyds besorg.[31] Omdat briewe gesensor was, is die boodskappe met gefiltreerde suurlemoensap op die flappe van koeverte geskryf. Sodra dit oor 'n warm vlam gehou was of met 'n strykyster gestryk is, het die boodskap verskyn.

Die langdurige spanning, vanweë die senutergende omstandighede van die ingewikkelde spioenasienetwerk waaraan Johanna onderwerp was, asmede die harde fisiese werk met die gepaardgaande emosionele uitputting wat haar arbeid in die konsentrasiekampe meegebring het, is haar gesondheid geknak.[32] In die lig daarvan het sy net voor die einde van die oorlog, na 'n groot gesukkel om toestemming te verkry van die Engelse krygsowerheid, na Holland vertrek. Op daardie stadium was Johanna aan Louis verloof. 'n Verlowing wat per brief geskied het. In 'n skrywe van 12 Desember 1901



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stel Johanna Louis in kennis dat sy, sy versoek om haar aan hom te verloof, aanvaar.[33] Net voor haar vertrek skryf sy vanuit Kaapstad aan haar moeder dat sy nie kans sien om haar land te verlaat nie:-[34]

> "To leave my country in this state seems more than I can bear."

Tog het sy uiteindelik op 28 Junie 1902 vanuit Engeland in Nederland aangekom. Op die kaai het Louis Brandt haar ingewag. Na die herontmoeting het hulle terstond besluit om so gou as moontlik in die huwelik te tree.[35]

Die volgende twee maande, tot en met haar troudag, het Johanna die gulhartige gasvryheid van die familie Brandt-Labouchere geniet.[36] In die tydperk het sy heelwat in Nederland gereis en talle mense ontmoet wat 'n warme belangstelling in die Boeresaak gehad het.

Die jong boeremeisie uit Transvaal het met baie waardering ervaar in welke mate die Hollandse volk omgegee het vir haar geliefde Boerevolk in Suid-Afrika se stryd en lyding. Byeenkomste is spesiaal vir haar gereël.[37]

> ".... deftige onthale waarop gryse vroue en eerbiedwaardige here van heinde en ver kom om haar hand te druk, nie vir wat sy gedoen en gely het vir haar land en volk nie, want dit was net aan 'n paar bekend, maar net omdat sy 'n dogter uit Transvaal is."

In hierdie dae het Louis en Johanna 'n besoek aan die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verbanne president van Transvaal gebring wat op daardie stadium in Utrecht, Nederland vertoef het. Die bejaarde president Kruger het die geleentheid te baat geneem om Johanna te bedank vir haar besondere bydrae in die Boere se stryd. Johanna het agterna aan haar moeder meegedeel dat Kruger besonder beïndruk was met Louis Brandt. Sy skryf dit ook toe aan die feit dat die president altoos hoë agting vir predikante gehad het. Voordat die voornemende egpaar van die president afskeid geneem het, het hy aan hulle, met die oog op hulle naderende huwelik, 'n spesiale boodskap meegegee wat gelui het:-[39]

"Onthoudt dit woord: 'Hebt elkander hartelijk lief!'."

In dié tyd het Johanna ook die geleentheid gekry om haar toekomstige tuiste in Niezijl te verken. Sy was gunstig beïndruk met die weidse landskap waarop die dorpie nestel. Die dorpie Niezijl op sig self asook die ruim pastorie met sy ameublement en omringende tuine het haar ook geval.

Hier in die noorde van Nederland het sy ook die eerste geleentheid gekry om haar aanstaande eggenoot te hoor preek. Uit haar beskrywing van die ervaring, is dit duidelik dat sy toe alreeds besluit het dat hulle later na Suid-Afrika sou verhuis. Alhoewel die weergawe van haar eerste indrukke van Louis as prediker subjektief kon wees, is dit tog 'n aanduiding dat hy as jong predikant alreeds 'n begaafde homileet was. Sy vermeld die gebeurtenis soos volg:-[40]

"I saw my Lou for the first time in his toga. He had to



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

preach in Groningen the Sunday after we arrived in Niezijl, so he and I went by early train 'dorp toe', where I had the great joy and satisfaction of hearing Lou preach and seeing his fine form in the pulpit. It was a great event for me and had been eagerly looked forward to for a long time and I was not disappointed. Lou reminds me very much of our dear father, especialy in the pulpit, and he speaks in an earnest straigtforward, simple manner without the least show or extravagance, and his prayers go straight to the heart. The two sermons I heard on Sunday were very good, but I have not heard him often enough yet to be able to judge correctly what his general style is. One thing is certain, he holds his listeners, and wil be the very man for S.A. His simplicity and reverent earnestness will at once win the hearts of our simple and reverent people, and a great thing is his clear pronunciation and penetrating voice."

Die weke wat die huweliksbevestiging voorafgegaan het, het sy en Louis soveel as moontlik tyd gemaak vir lang en indringende gesprekke waarin hulle onderneem het om mekaar as egpaar geestelik op te bou en van hulle huis 'n tuiste te maak:-[41]

"....  to be perfect - it must breathe an atmosphere of love and refinement that will make itself felt to everyone who enters our door."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die oog op haar egverbintenis met Louis het Johanna haarself 'n gelukkige jongvrou geag. Sy herken in hom sekere deugde van haar ouers:-[42]

> "Lou is exactly like mama as far as gardening is concerned and is so handy and useful in the house! and he is just as neat and precise as Papa was."

Presies twee maande na Johanna van Warmelo se aankoms in Holland is sy en Louis in die eg verbind te Steeg in die gemeente Rheden.[43] Die huweliksonthaal vir die uitgesoekte gaste, hoofsaaklik familielede, te Klein Gelrestein was 'n stylvolle geleentheid waarvoor Brandt se moeder grootliks verantwoordelik was.[44] Gelukwense van onder andere koningin Wilhelmina en die koningshuis van Nederland, president Kruger, generaal Botha en dr W J Leyds is ontvang. Kruger se boodskap het in sy eie handskrif die volgende byskrif bevat:-[45]

> "... vir bewese dienste in die laaste oorlog."

Ten spyte van die feestelikheid wat die Brandts se huweliksdag omgewe het, het die ontberings wat Johanna tydens die oorlog deurgemaak het onafwendbaar 'n sombere skaduwee oor haar gewerp. Dit skemer deur in haar beskrywing van die dag:-[46]

> "Blomme, oral blomme, eers mandjiesvol, toe in karvragte, toe in wavragte, word by die deure afgelaai, totdat die ontvangkamers, gange, trappe, ja en selfs



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die stoepe oorvol was van die weelderige skat van krisante, rose, viooltjies, seldsame orgideë, helderkleurige angeliere ens. Elke blom het sy eie boodskap aan die bruid. Hulle verstaan haar, hulle bedek haar met hulle onuitgesproke simpatie. Tussen hulle was hier en daar 'n ruiker vasgebind met haar geliefde 'Vierkleur'. Lank buk sy oor hulle, verberg haar gesig tussen hulle, terwyl sy om nuwe krag bid."

Na afloop van die troue, het die egpaar na Switserland vertrek vir hul wittebrood.[47] Johanna se briewe aan haar skoonouers vertel van 'n ryk ervaring. Op 'n skroomvallige manier beskrywe sy 'n Victoriaanse wittebroodspaar se liefde vir mekaar en die allure van romantiek wat hulle omgewe het:-[48]

"Wij hebben elkaar weer opnieuw gevonden in Interlaken en sinds verleden Zondag groeit onze liefde dagelijks op een wonderbaarlijke wijze. Ik wist niet dat het leven zoo rijk schoon kon zijn. Lou verzorgt mij met een teederheid zóó groot, dat het heerlijk is nu en dan een beetje moe of ziek te zijn om door hem vertroeteld te worden ....."

Aan haar moeder in Pretoria skryf sy:-[49]

"We spent our first Sunday together there, a golden day, to be remembered all our lives. We climbed to the top of the Kleine Rugen, a densely wooded mountain with a summerhouse at the top and cuttings through the pines



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

to clear the view at different points, and there we sat the whole Sunday reading 'Cheiro on the Hand' and talking and sometimes gazing in silence at the dazzling purity of the Jungfrau opposite us - very far away , it is true, but clearly defined against the bright blue sky and showing every crevice and masses of snow and ice. I wish I had the power to describe the beauties of nature. That Sunday we learnt to know one another very intimately and it seems to be a second and holier wedding day."

Na afloop van die euforiese verblyf in die Alpe is die egpaar na die pastorie te Niezijl wat deur Brandt se ouers ryklik met blomme versier is as blyk van verwelkoming aan die jong egpaar.[50] Hier het Johanna tot rus gekom. In so 'n mate dat sy byna die hele daaropvolgende winter geslaap het. Later sou sy na die genesende tydperk verwys as[51] haar winterslaap. Sy vind egter hier die tyd om haar oorlogsdagboek persklaar te maak wat sy in 1903 voltooi.[52] In 1905 is hierdie eerste publikasie van haar onder die titel: <u>Het Concentratie-kamp van Irene</u> deur die Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij van Amsterdam/Kaapstad uitgegee. In die tyd het sy ook 'n bydrae tot Emily Hobhouse se <u>The Brunt of the War</u> gemaak.

Op 6 Augustus 1903 word die Brandt egpaar se eersteling Louis Dietlof gebore.[53] Teen hierdie tyd was Johanna al baie ongedurig oor die Hollandse leefwyse, en veral die koue winters. Die klimaat het haar soms wanhopig gestem. In die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

winter van 1902 sê sy self dat Louis geen raad meer met haar weet nie en voeg daaraan toe:[54]

> "....  en ik heb vreeslijk medelijden met hem dat hij zoo 'n vrouw gekregen heeft."

Daarby het sy erg aan heimwee na Suid-Afrika gely waarop die huisarts van die familie hulle geadviseer het om na Suid-Afrika te verhuis.[55]

## 2 Die Brandts verhuis na Suid-Afrika

Gedurende die tydperk was dit 'n algemene verskynsel dat talle mense Europa verlaat het om hulle in Amerika en Afrika te vestig.[56] Ná 1900 het gemiddeld 1 miljoen mense per jaar Europa verlaat met die klimaks van 1,380,000 per jaar tussen 1906 - 1910. Die vernaamste dryfveer van die uittog was 'n soeke na 'n fortuin in die Nuwe Wêreld.

By Louis Ernst Brandt was dit hoegenaamd geen oorweging nie.[57] Vir hom was die motivering om na Afrika te gaan in die eerste plek sy vrou se ongelukkigheid in Nederland. In die tweede plek is hy gedring deur 'n roepingsbewustheid om onder die noodlydende Boere aldaar te gaan arbei, 'n nood waarvan hy deur middel van sy vrou akuut bewus geword het. Die eerstehandse inligting van haar verkry oor die haglike toestande onder sy stamgenote in Afrika het besonder sterk tot hom gespreek.

Hierby kan ook gevoeg word dat Brandt self ook nie uitsonderlik gelukkig in Niezijl was nie. Slegs na 'n paar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maande se verblyf in die gemeente het hy aan sy vriend Scharten geskryf:-[58]

> "In Niezijl gaat het goed. Het volk is niet gemakkelijk om mee om te gaan en ik kon heel goed merken dat de gemeente modern is en niet hartelijk, maar ik zal mij er niet door laten ontmoedigen."

Hierdie verwysing na die aanwesigheid van 'n gees van modernisme in die gemeente word 'n paar keer gereflekteer in die notule van die kerkraad. Tydens 'n vergadering wat op 6 April 1902 plaasgevind het, het 'n lang dispuut tussen Brandt en veral ouderling A Heemstra ontstaan oor:-[59]

> ".... het verschil van uitgangspunt tusschen de ortodoxe en moderne richtingen en de gevolgen daarvan in het leven ook van de gemeente en in den kerkdienst."

Alhoewel dié bepaalde bespreking volgens die notule in die beste gees plaasgevind het, word telkens iets van 'n gees van gespannenheid aangevoel omdat Brandt onversetlik op sy reg gestaan het wie hy op die kansel van Niezijl sal toelaat of weier, kragtens 'n reëling van kanselruil in die geweste van Niezijl.[60] Die logiese afleiding hieruit is dat Brandt nie predikante wat tot die moderne rigting behoort het wou toelaat om eredienste in sy gemeente waar te neem nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3 Brandt neem afskeid van Niezijl

Toe Brandt 'n beroep na Transvaal na die gemeente ~~Zeerust~~/Lichtenburg/Marico/Zeerust ontvang het, het hy in die lig van al die genoemde omstandighede besluit om Niezijl te verlaat. Op Sondag 27 September 1903 het hy sy afskeidspreek na aanleiding van Luk 22:31b - 32a gehou.[62]

Die besluit om na Transvaal te emigreer is nie ligvaardig geneem nie. Trouens vir Brandt was dit 'n saak van erns wat hy ook in 'n sekere sin traumaties beleef het. Sy troue vriend Theo Scharten word hieromtrent ingelig:-

> "Het zijn wonderlijke weken, deze laaste, zoo vol van allerlei indrukken, maar oorwegende van smartelijke afscheids momenten. Zich zoo los te scheuren van alles is niet gemakkelijk. Want al blijven wij als Christenen een in den Heer en al zij onze gebeden altijd troostrijke oogenblikken van vereeniging, het is toch zoo anders, dan zijn vrienden van aangezicht tot aangezicht te kunnen zien.
>
> Gods wegen zijn wonderlijk met het Afrikaansche volk en ik acht het een groot voorrecht geroepen te zijn om aan den wederopbouw van dat volk mede te werken. Daarom valt het mij minder moeilijk dan anders het geval zou zijn, om mij los te maken van ons Vaderland.
>
> Het afscheid van de familie zal heel zwaar zijn, maar ook zij zien mij gaan in het geloof, dat God mij



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geroepen heeft en dat Hij zal zorgen en alles goed zal maken."




Louis Brandt en Johanna van Warmelo
kort voor hulle huweliksbevestiging op 28 Augustus 1902.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4 <u>Aantekeninge</u>:

1 Beroepsbriewe NHK-Argief Pretoria, LIX/46.

2 Notule van die kerkraad van Niezijl 28-10-1900.

3 Briewe van Van Veen en Broenssme, NHK-Argief Pretoria, LIX/46. Brandt self het toegegee dat wat getalle aanbetref, die gemeente hanteerbaar was:

"De gemeente is maar klein 200 zielen, maar er is altijd werk genoeg, vooral as men nog wat studeren wil, en voor de preeken werken."

4 Korrespondensie <u>NCSV</u>, Rijksarchief Utrecht, nr 545, 20 Julie 1901.

5 Diakoniestate van Niezijl 1900 - 1903.

6 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/3, 30 Desember 1900.

7 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/44 24 Julie 1902.

8 Ibid.

9 Notule van die kerkraad van Niezijl 18-03-1901.

10 Ibid.

11 Ibid., 05-12-1901.

12 Ibid.

13 Ibid., 18-06-1901.

14 Ibid., 21-06-1903.

15 NCSV-Korrespondensie, op. cit., 05-07-1901.

16 Notule kerkraad, op. cit., 18-06-1901.

17 Troukaart, NHK-Argief Pretoria, LIX/18.

18 A.D. Pont, <u>Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835 - 1892</u>,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Utrecht 1955, p. 120.

In hierdie werk van Pont word die familie-afkoms van Johanna van Warmelo breedvoerig uiteengesit.

19 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/149, 21-10-1897.

20 Ibid., 07-11-1897.

21 Ibid., 21-10-1897.

22 Ibid., 28-10-1897.

23 E.L. Coetzee, <u>Johanna Brandt</u>, Almanak en Bybelse Dagboek, Ned. Herv. Kerk van Afrika, 79ste Jaargang.

24 Briewe, NHK-Argief, Pretoria, LIX/149, 21 Oktober tot 16 November 1897.

25 Ibid., 02-02-1900. In hierdie brief deel Johanna aan Louis mee van die oorlye van genl. J H M Kock wat 21 Oktober 1899 te Elandslaagte gesneuwel het. Merkwaardig is haar mededeling dat Genl Kock nie so seer aan sy koeëlwonde gesneuwel het nie as aan blootstelling. Volgens 'n ooggetuie verslag van 'n manskap wat sy verpleeg het, is die gekweste bejaarde generaal wreed deur Engelse soldate aangerand en van sy klere en persoonlike besittings beroof, waarna hy vir 'n dag en nag op die grond moes lê voordat mediese hulp aan hom verleen is.

26 Ibid.

27 Ibid., 11 Julie 1901.

28 Johanna Brandt, <u>Die Kappiekommando</u>, Kaapstad-Pretoria 1913, p. 23-34.

Van hierdie gebeurlikheid sê Johanna:-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"In perspektief gesien, is hierdie voorval miskien die belangrikste in die hele oorlogservaring van die Van Warmelo's. Nie net vir die gesin nie, maar vir land en volk."

In die aangehaalde werk toon Johanna met stawende syfers aan hoe dat die sterftesyfer in die kampe dramaties afgeneem het ná mev Van Warmelo se ingrype.

29 Ibid., 11 Julie 1901.

30 Johanna Brandt, op. cit.

31 Ibid. In 'n brief van 12 September 1901 (Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/149) versoek sy Louis om nie haar briewe te verwoes nie tot verdere kennisgewing.

32 Ibid.

33 Briewe LIX/146 op. cit., 12 Desember 1901.

34 Ibid., 11 Julie 1901.

35 Johanna Brandt, op. cit. p. 170

36 Ibid., p. 171.

37 Ibid., p. 171.

38 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/44, 24 Julie 1902.

39 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/14, 02-08-1902.

40 Ibid.

41 Ibid., 02-08-1902

42 Ibid.

43 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/8 varia.

44 Menu met troue, NHK-Argief Pretoria, LIX/20.

45 Johanna Brandt op. cit., p. 172

Leër LIX/17 in die NHK-Argief Pretoria, bevat die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

koninklike gelukwense.

In lêer LIX/19, wat honderde gelukwense van oor die hele wêreld bevat word die Brandts se wye vriendekring bewys.

46 Johanna Brandt, op. cit., p. 173.

47 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/44, 06-09-1902.

48 Ibid.

49 Ibid.

50 Ibid., 20-11-1902.

51 Johanna Brandt, op. cit., p. 173.

52 Ibid.

53 Gelukwensing met eerste kind se geboorte, NHK-Argief Pretoria, LIX/45.

54 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/44 10-12-1902.

55 Brief van ds A Brandt an skrywer.

56 Eleanora Bairati, ed., <u>Belle</u> <u>Epoque</u>, - Fifteen euphoric years of European history 1900 - 1914. New York 1978

57 Johanna Brandt, op. cit., p. 174.

58 Korrespondensie <u>NCSV</u>, op. cit., 05-07-1901.

59 Notule, op. cit., 06-04-1902.

60 Ibid., 25-03-1902 en 06-40-1902.

61 Beroepsbriewe NHK-Argief Pretoria, LIX/46.

62 Notule op. cit., 27-09-1903.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 5

## VAN NIEZIJL NA TRANSVAAL

Brandt het besluit om eers nadat hy hom vergewis het van omstandighede in Suid-Afrika, antwoord te gee op die beroep wat deur ~~Marico~~/Lichtenburg/Marico/Zeerust op hom uitgebring is. Die rede vir die besluit hou waarskynlik daarmee verband dat Brandt deur ds C Spoelstra, vroeëre predikant van die Nederduitsch Hervormde gemeente van Pretoria kwaai ontmoedig is om die herderstaf in die Hervormde kerk in Transvaal op te neem. In 'n skrywe aan Brandt in Niezijl, het Spoelstra die Hervormde kerk en sy leiersfigure in 'n baie ongunstige lig gestel.[1]

Hy gaan selfs sover om te beweer, dat as Brandt hom by die Hervormde kerk sou voeg, hy teen God sou sondig, omdat die Hervormde kerk:[2]

> ".... een Kerk die geen 'kerk' is."

In die lig hiervan kan begryp word dat Brandt hom toe tot ds Bosman, predikant van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde kerk van Pretoria gewend het, om te verneem wat die moontlikheid vir 'n beroep na dié kerk was. Bosman se antwoord aan Brandt was ook ontmoedigend, want hy skryf:[3]

> "De meeste gemeenten in Transvaal kunnen het tegenwoordige geen salaris betalen. Er zijn twee vacatures - Ventersdorp en Wolmaranstad - doch ik betwijfel het ten zeerste of zij aldaar beroepen zullen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> kunnen uitbrengen. En daarbij komt nog dat men even min een predikant ongeziens beroept."

Dr F van Gheel Gildenmeester, 'n getroue vriend van die Hervormde kerk in Transvaal, het daarenteen 'n positiewe geluid in verband met dié kerk laat hoor. In 'n skrywe van 24 Augustus 1903 aan Brandt, verseker hy hom dat hy eensydig en onjuis deur Spoelstra ingelig is rakende die omstandighede in die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal. Gildenmeester spreek ook sy teleurstelling uit met Brandt se voorneme om aansluiting by die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde kerk te soek:[4]

> "Nu hoor ik dat gij neigt naar de Vereenigde kerk. Het is voor ons moeilijk het juiste te treffen op zoo verren afstand. Echter plaagt mij dat de Vereenigde kerk voor den oorlog in de koor van Engeland gespreekt heeft en zéér anti-Hollands was, en dat vele leden der NH Kerk in de oorlog tot de trouwste van allen hebben behoord."

Ongeag Brandt se onsekerheid oor waar hy in Transvaal tereg sou kom, het hy en sy gesin hulle gereedgemaak om na die vreemde te verhuis. Met groot deeglikheid en sorgvuldigheid wat 'n wesenstrek van Brandt was, het hy begin reëlings tref vir die uitvaart na Suid-Afrika.[5] 'n Behoorlike voorraad linne, boeke, meubels, silwerware, eetgerei en 'n tandem is met die <u>Cowder Castle</u> na Durban verskeep om mettertyd afgelewer te word as die Brandts eers 'n vaste adres gevind het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 7 November 1903 vertrek die Brandts met die Avondale Castle vanuit Southampton na die Kaap.[6] Saam met hulle was vier Hollandse diensmeisies aan boord.[7] Een van hulle sou by die Brandts in diens tree, een by Johanna se moeder en die ander twee sou by vriende van die Van Warmelo's werk.

Op die skip het Brandt gereeld eredienste en godsdiensoefeninge vir die Hollandse passasiers gehou.[8] Die Brandt-egpaar het ook aktief aan die meeste sosiale aktiwiteite wat op die dek aangebied is meegedoen. Mev Brandt vermeld dat:[9]

> "Lou champion werd van de pillow fighters."

Sy het op haar beurt die eerste prys verower in 'n kompetisie waarin die reisigers se kennis van boektitels getoets is.

Onder dit alles heen was Brandt oortuig dat hy en sy gesin onderweg was na 'n wêrelddeel waar hy 'n roeping te vervul het. Vanaf die boot skrywe hy aan sy agtergelate familie in Nederland:[10]

> "Gelukkig weten Johanna en ik beiden heel vast, dat God voor ons een werk heeft in Zuid-Afrika en dat de moeilijkheden daarom wel opgelost zullen worden."

Op 20 Desember 1903 het hulle in Kaapstad voet aan wal gesit.[11] Vir verbygangers wat daardie dag op die Kaapse hawe terloops die Brandt-gesin se aankoms opgemerk het, was



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit maar net nog 'n immigrante-gesin onderweg na die een of ander plek in Suid-Afrika ....... intussen, was dit egter die begin van 'n sage, 'n lewensverhaal van toewyding en diens wat veral vir die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika van buitengewone betekenis sou wees.

Vanaf die hawe is die gesin met 'n oop rytuig geneem na die landgoed Alphen in Wynberg, die tuiste van sir Henry Cloete en sy vrou Line, die swaer en suster van Johanna Brandt. Vir 'n raps meer as 'n maand sou die Brandts hier op Alphen onderdak vind en allerlei interessante wedervaringe beleef.

Brandt het van meet af aan in sy nuwe vaderland die mense wat hom ontmoet het, aangetrek en geboei. In 'n brief aan haar skoonouers, vertel Johanna met gloeiende trots dat haar man sedert die eerste oomblik van hulle aankoms in die Kaap, almal met wie hy in aanraking gekom, beïndruk het.[12]

> "Ik ben over-gelukkig - zoo trotsch op man en zoon. Lou maakt overal furore. Op de groote dinner-party vond iedereen hom zoo aardig en intressant, 'so distinguished you know!' Mr Daniël Cloete zei: 'I never saw such a clean man before!'"

Hiermee verwys Johanna Brandt na haar man se opvallende aantreklike voorkoms, iets wat dwarsdeur sy openbare lewe daartoe bygedra het dat mense met die eerste aanblik van hom kennis geneem het. Ds A J G Oosthuizen het by geleentheid die volgende opmerking in verband met Brandt se voorkoms



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemaak:[13]

"Ds Brandt was seker een van die mooiste geboude mense in ons land. Rysig van gestalte, was hy kersregop, met 'n fiere houding, wat hom 'n indrukwekkende voorkoms gegee het."

Prof dr C H Rautenbach wat 'n jonger kollega van Brandt was, het hom beskryf as 'n man van ongewone aantreklike voorkoms.[14]

Die Brandts se verposing aan die Kaap, op die landgoed Alphen, was vir die gesin 'n aangename belewenis. Tog kon Johanna nie nalaat om op te merk:[15]

"O, het is moeilijk om weer met die Engelschen om te gaan."

Mev Brandt se gevoel van afkerigheid jeens die Engelse op daardie stadium, is ten volle deur haar man gedeel. Dit blyk baie duidelik uit 'n brief aan sy ouers wat vanaf Alphen versend is. Hy sê:[16]

"De ontvangst is tot nog toe heel goed geweest, de Boeren en Afrikaners ontvingen ons als vrienden en de Engelschen waren zoo onder de indruk van mijn mooie verschijning (de stakkers zijn niet veel gewendt) dat zij allen even vriendelijk zijn en mij dadelijk trachten te aannemen en voor sich te winnen. Dat volkje kan maar niet velen dat er een fatsoenlijk mensch is die niet Engelsch of Engelsch gezind is. Een hier aan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> boord was bepaalt boos, toen ik, na al zijn vleierijen over mijn, voor de Engelschen aantrekkelijke, eigenschappen verklaarde, dat ik weigerde voor de Engelschen te werken onder de Boeren, omdat ik de politiek de Engelschen onrechvaardig en slecht voor Afrika vond. Na zijn onbeschaamdheid onderhield ik hem even oor zijn dranksucht want de man dronk bij allen maaltijd wijn en stonk tusschen de malen altijd naar sterke drank. Hij vond het niet prettig en vroeg of ik teetotaller was; en toen ik ja antwoorde vond hij sich zelf blijkbaar gerechtvaardigt en plaaste mij in een hoekje van de anti-alcohol-maniacks, wier meening hun niet behoeft te achten en de man maar moet laat praten. Zoo is dat Engelsche sleg menschen - de wêreld ligt voor hen open om er van te halen wat zij willen."

Ten spyte van die Brandts se antipatie teenoor die Engelse, blyk dit alreeds in hierdie stadium dat hulle altoos in staat was, om op formele vlak met groot gemak met andersdenkendes te kon verkeer. Die hele bedieningstydperk van Brandt vertoon opvallend dié kenmerk. Juis tydens hulle Kaapse verblyf, het hulle hoofsaaklik met Engelse sosiaal verkeer soos ondermeer met: sir Henry en Lady de Villiers, mnr en mev Dale Lace, 'n miljoenêrspaar van Johannesburg, die Juta's en Rudyard Kipling en sy vrou.[17] Gedurende hierdie tydperk het Brandt ook besoek afgelê op Stellenbosch, waar 'n onderhoud aan hom toegestaan is deur prof Hofmeyr van die Kweekskool. Brandt het verskeie kere in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Nederduitsch Gereformeerde gemeentes in die Moederstad gepreek, veral vir ds Pienaar van Wynberg, waar nie-amptelik die moontlikheid geopper is om hom as medeleraar te beroep. Hieroor maak Johanna Brandt die volgende uitlating:[18]

> "Lou kan overal beroepen worden. Zoutpansberg is klaar voor hem - zoo ook Johannesburg en Krugersdorp. Nu willen ze hem ook al hier houden, maar Lou zegt, nee ik het gekom vir die Transvaal. Hij begint al zoo maar Afrikaansch te praten."

Die Brandts het altyd 'n lewendige belangstelling getoon in die politieke bedrywighede van hulle tyd. As warme pro-Boere-gesindes het hulle voortdurend met 'n skerp blik en 'n fyn waarnemingsvermoë ontwikkelinge op dié terrein dopgehou. Hierdie vermoë van Brandt in die besonder, kom helder na vore, as hy na net 'n paar weke se verblyf in Suid-Afrika die toestande in Suid-Afrika soos volg raak tipeer:[19]

> "Het zijn hier in de Kolonie geeft mij een blik op de zaken die veel waard is, want het is goed te weten hoe in de verschillende deelen van de land word gedacht en gesproken. De groote kwaestie, die nu de menschen verdeelt is de Chineesen invoer. Waarschijnlijk is hun komst verzekerd, want de millionairs zijn er voor en Lord Milner is er nu ook voor. Men erkent hier openlijk dat hij niet anders is dan een stok in de hand der mijnmagnaten; en dat hij het land weggeven, is de ondergang van Zuid-Afrika. Zij bekommeren sich niets om



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het land, als zij maar hun geld krijgen en sommigen hebben zelfs de brutaliteit, dat ronduit te zeggen. Anderen zoeken allerlei uitvluchten en drog redenen. De speech van Farrar in de Transvaalsche raad was teekenend. Henri Cloete zeide verleden week naar aanleiding van de vertegenwoording in Transvaal, dat bv. een zekere Van Rensburg beroemd was, omdat hij vroeger door de Boeren gekozen was in den eersten volksraad, maar dan wordt glad vergeten, dat die man zich in den oorlog zoo ellendig gedragen heeft, dat hij nu geen enkele Boeren stem meer zou krijgen. Zoo worden de menschen om den tuin geleid en probeeren zij zich zelf wijs te maken, dat zij zelf willen, dat de Engelsche regeering rechtvaardig en weldadig goed is. Zij weten wel beter ......... binnen een paar maanden zal Suid-Afrika overstroomd worden door een stortvloed van de leelijkste, onzedelijkste, armste en vuilste langstaarten. Dat is nu de zegen van Engelands bestuur."

Brandt se sin vir regverdigheid en sy opregte empatie met die Afrikaner onder die hiel van die Britse regering, word onderstreep as hy moes uitroep:[20]

" dat de Engeland ... geen kwaad willen hooren of gelooven van hun kolonies of ambtenaren. Het is werkelijk heel critiek. Elke mail boot neemt tonnen goud mee naar Engeland en hier is geen geld



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ........... alleen het erg rijke menschen kunnen goed leven. De landbouwers hebben een vreeslijke zwaren tijd gehad en nu zij in het district Kenhardt de Boeren aangemaand alle achterstalige huur van de plaatzen te betalen binnen zeer korten termijn op straffe van publieke verkooping van hun goed, terwijl door dezelfde regeering onderstand beloofd was maar niet gegeven was aan de Boeren wegens de slechte tijden. De bedoelen is volgens velen, hen te ruïneeren en als zij dan van liefdadigheid moeten leven, hen te dwingen voor alle jingo maatregelen te stemmen."

Dié treurige ekonomiese en politieke toestande in Suid-Afrika het die Brandts geensins neerslagtig gestem nie. Onder alles heen was hulle besiel om die verslane, verarmde Afrikanervolk te bearbei. Dit skemer deur as Johanna aan die familie in Velp skryf:[21]

> "One hears so much of the want and misery in Transvaal that we are longing to begin our work, and everyone says that Lou have unbounded influence with the people and he is the very man to go amongst them."

Die tyd aan die Kaap, is benut vir uitstappies van verskillende aard, en eie aan Brandt se natuur is lang stap en fietstogte onderneem - Op 22 Januarie 1904 het hy Tafelberg uitgeklim.[22] In 'n brief aan sy vader waarin hy van sy rekreatiewe belewenisse vertel, openbaar hy ook die ander sy van sy persoonlikheid as hy byna onvergenoegd



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verklaar:[23]

> "Ik moet meer inspanning voor mijn geest hebben om op de hoogte te blijven. Als ik daaraan dink, kan ik mij zoo goed begrijpen dat menschen, de door hun betrekking gedwongen zijn geheele week alleen bij stoffelijke dingen te bepalen, indien zij niet geregeld 'sZondag een werklijk goede preek hooren, de geestelijk voedsel geeft, spoedig achteruit gaan en gene behoefte meer gevoelen aan geestelijk werk, en al zij dat toegeven, hoe langer zoo meer materialisten worden."

Brandt se waardering vir die hoër geestelike waardes en sy opvatting dat alle menslike aktiwiteite gebaseer is op die aktiwiteite van God se Woord het altyd sy credo gebly. Opvallend was sy sensitiewe geaardheid en ireniese ingesteldheid. Tydens hulle verblyf aan huis van die Cloete-egpaar het Brandt die huislike atmosfeer aldaar as 'n ontstellende ervaring beleef. Sy eggenote begryp iets van hierdie sensitiwiteit vir atmosfeer van haar man, as sy opmerk:[24]

> "He is so sensitive to discord and so unused to it, that he often feels a dispute keenly when no one else seems to notice it. Of course you must not think it ever amounts to quarrels here, but there is a want of sympathy and that is what hurts Lou."

Hierdie tussenspel, waar Brandt as buitestaander die huishouding van ander kon ervaar, bied insig in sy diepste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oortuigings en vroom gemoed as hy sê:[25]

> "....... ik mis erg dat er nooit over God en zijn dienst gesproken wordt, nooit samen uit den Bijbel gelezen wordt. Ik gelooft dat de toon in huis ook anders zijn sou, als dat meer gebeurde. Om die reden zal ik ook blij zijn, als wij in ons eigen huishouden zijn en doen kunnen zooals Johanna en ik gewend zijn."

Onderwyl die Brandts nog gewag het om 'n permit na Transvaal te ontvang, is hy telegrafies deur ouderling M J Pos van die gemeente Zoutpansberg/Waterberg sowel as die konsulent ds M J Goddefroy meegedeel, dat hy daarheen beroep is. Terselfdertyd het ds Jac van Belkum gepoog om hom te beïnvloed om na Zeerust te gaan, terwyl Brandt self op hierdie stadium gehoop het op 'n beroep na Johannesburg/Krugersdorp.[26]

Op 25 Januarie 1904 het die Brandts vanaf Kaapstad per trein na Pretoria vertrek - 'n rit wat twee en vyftig uur geduur het. Brandt lewer 'n ooggetuie verslag van dit wat hulle vanuit die treinvenster aanskou het op reis deur die vergange republieke se grondgebied:[27]

> "Langs de spoorlijn zagen wij overal blokhuizen, sommigen nog in goeden staat anderen bijna weer afgebroken. Er lagen mijlen en mijlen van prikkeldraad waarmede de Tommies de lijnen beschermd hadden, hier en daar geraamte van paarden en beesten ... alle bruggen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waren in de lucht geblazen."

Op Woensdag 27 Januarie 1904 arriveer die gesin op Pretoria stasie waar hulle ingewag word deur mev Brandt se broers: Dietlof, Willem en Fritz van Warmelo, asook ds M J Goddefroy met die beroepsbrief van Zoutpansberg/Waterberg gemeente.

Voorlopig sou die gesin op die landgoed Harmony in Pretoria, tuiste van Brandt se skoonmoeder mev Van Warmelo, bly totdat hy 'n beroep aangeneem het.

Die weke wat sou volg op Harmony was vir die Brandts 'n emosionele tydperk, waartydens hulle van oomblikke van diepe twyfel tot vaste sekerheid ten opsigte van hulle toekoms in Afrika, beweeg het.

Pas nadat hulle in Pretoria aangekom het, was die Brandts van mening dat hulle in die Nederduitsch Hervormde gemeente Zoutpansberg/Waterberg te Pietersburg sou bly, veral toe ds Brandt onmiddelik na sy aankoms in Pretoria die beroep na Lichtenburg/Marico/Zeerust bedank het. Die rede vir hierdie stap word gewyt aan die feit dat diè gemeente besluit het dat Brandt nie later as 31 Januarie 1904 moes antwoord nie. Hy het gevoel, dat die tyd tot sy beskikking voor die verstryking van die sperdatum te min was om hom behoorlik te vergewis van toestande in Transvaal.

Van die moontlikheid (hoewel onseker) om na Pietersburg te gaan, skryf mev Brandt :[28]

"There seems to be every chance of our going to live



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

there. It is certainly the best opening at present and the salary is good for these bad times but there is no doubt that we are going to face a far more difficult future than we would have at Krugersdorp or any other more central place. Lou will have to travel from one place to another, week after week and he will have to deal with the most uneducated and backward people of our nation. We shall be obliged to alter much in our present way of living for every luxury will be condemned as, 'worldly and frivolous' and you can imagine how hard it is for me to be resigned to a lonely life. I shall hardly ever see Lou and when he does come home it will be a flying visit. These are personal conciderations which one can not lay before the 'kerkeraad' as objections, and as far as I can see, there is not a single good reason for Lou to refuse Pietersburg. We must make up our minds to a life of selfsacrifice, even greater than I anticipated but I am determined to be brave and satisfied. And yet no one can blame me for being heavy-hearted today. It seems terrible to live without Lou and have him quite a stranger to our child, it is the very worst thing that can befall us, but I suppose we shall get used to it. Well it is not quite decided yet and I am clinging to the faint hope that Krugersdorp will send him a call before he accepts Pietersburg."

Uit die skrywe blyk tog dat by alles daar die twyfel bestaan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het of Pietersburg die aangewese plek vir hulle was. Die eerste kennismaking met die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal, was 2 Februarie 1904, die éérste Sondag na Brandt se aankoms in Pretoria. By dié geleentheid het die Brandts die nagmaaldiens in die Nederduitsch Hervormde gemeente Pretoria bygewoon. Tydens dié erediens is ds M J Goddefroy as predikant van Pretoria deur ds Jac van Belkum bevestig. Dieselfde middag was dit ook die eerste keer dat Brandt in Transvaal gepreek het toe hy die dankseggingsdiens waargeneem het. Daardie aand het Goddefroy sy intreepreek gelewer.

Oor Goddefroy se posisie in die Nederduitsch Hervormde kerk skryf Brandt op 1 Februarie 1904 soos volg:[29]

> "...... er is in zijn afwezigheid verbazend veel gesticht en onverandwoordelijk gehandelt met hem. Nu self gebeuren er hier in Pretoria allerlei onwettige en verkeerde dingen. Goddefroy is een man, die veel verkeerde dingen kan hebben en die slechte middelen mag gebruikt hebben om zijn doel te bereiken, het valt niet te ontkennen, dat hij met ontzachelijke opofferingen en volharding veel tot stand gebracht heeft."

Al was Brandt maar nog kwalik 'n week in Pretoria het hy alreeds op daardie tydstip die toestand in die Nederduitsch Hervormde kerk raakgesien en opgesom:[30]

> "De toestanden zijn hier ook op kerkelijke gebied nog



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

zeer ongeregeld en willekeurig."

Brandt se eggenote vul hierby aan:[31]

"You have no idea what a mess the Herv Kerk is in - a hundred times worse than we expected."

In hierdie dae van besluitloosheid van wat om te doen en waarheen om te gaan vanweë die ongunstige beeld van die Nederduitsch Hervormde Kerk, het die Brandts 'n besoek ontvang van ds H S Bosman van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in Pretoria. Gedurende dié ontmoeting het hy Brandt uitgenooi om by die eersvolgende geleentheid die aanddiens in die te stigte gemeente Sunnyside van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk waar te neem. Brandt het onmiddelik die uitnodiging aanvaar. Sy vrou het hieroor soos volg gerapporteer:[32]

"Lou will perhaps get himself into serious trouble with the Hervormde kerk by preaching for the United. There is so much enmity between the two churches, (an enmity which it would be ridiculous to expect Lou to share) that the Herv will never allow one of its ministers to preach in the Vereenigde kerk. Of course Lou is still a free man and until he has accepted a call to one church or another he can preach where he pleases, but when we arrived here he was promptly annexed by the Herv Kerk and welcomed by them and called to different places and is now regarded by them as their property, so I think it must have been a shock to them yesterday to read in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> the papers that he was going to preach in the opposition church. I am so glad he is showing himself absolutely neutral. We hate these church differences and want to work for the union of the two if possible."

Na Bosman se welwillendheidsbesoek was die Brandts baie opgetoë veral gesien in die lig dat Bosman Brandt vroeër afgeraai het om na Transvaal te verhuis. Mev Brandt was oortuig dat ná die ontmoeting kon Bosman hom vergewis dat Brandt:[33]

> "... is not an ordinary Hollander, but a man likely to be a powerful influence in whatever church he were to enter."

Daarbenewens was mev Brandt oortuig dat as Bosman haar man eers hoor preek het hy hom ongetwyfeld sou aanbeveel na die te stigte Sunnyside gemeente van die Verenigde kerk. In die daaropvolgende tyd het dié gedagte die Brandts se lewe met ongekende verwagtings vervul. Met byna kinderlike opgewondenheid het hulle telkens oor die moontlikheid om Verenigde kerk predikant in Pretoria te word, gepraat. Vir mev Brandt was dit 'n aanloklike gedagte om in Pretoria te vestig naby haar familietuiste, Harmony, wat sy so hartstogtelik liefgehad het en nog later in haar lewe 'n groot rol sou speel. Brandt aan die anderkant het dit as 'n ideale geleentheid gesien om as 't ware aan die gedisorganiseerde Nederduitsch Hervormde kerk te ontsnap. Brandt se preek in die Verenigde kerk Sunnyside, wat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volgens die Brandt-egpaar se hoop vir hulle die deur na die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk moes oopmaak, was nie 'n groot sukses nie. Mev Brandt vertel van dié ervaring:[34]

> "I am sorry to say that our beloved Lou did not have much success last night. I was continually reminded of Niénard in 'Een Apostel der XIX de Eeuw' and the mess he made of his first sermon at Brémont. The sermon itself was not at all bad, but Lou's throat was sore and he spoke with difficulty. His shadow fell on the sermon which was very finely written so that it was far too noticeable that he was reading it. It seemed far too long and the people shifted uneasily, especially towards the end. Is'nt it a pity the first impressions they got of him were so unfavourable? One can't help wondering why these things should be so."

In die weke wat hierna gevolg het, het Brandt van naderby met die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal kennis gemaak. Hierdie kennismaking was vir hom 'n ontnugterende ervaring.[35] Hy was verbyster deur die treurige toestand waarin die kerk verkeer het vanweë die vroeëre mislukte kerkvereniging en verwoesting van die pas afgelope oorlog.[36] Dit alles was vir Brandt so oorweldigend, dat hy vir homself geen toekoms in die kerk voorsien het nie.[37]

Volgens sy waarneming in sy gegewe situasie, het hy die uiterlike verskille tussen die Nederduitsch Hervormde kerk



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk as volg beleef:[38]

> "De Ver. kerk is veel beter georganizeerd en geregeld, daar gebeuren wel eens willekeurige dingen maar nooit zooals in de Herv Kerk. De Gemeente bestaat hier uit de meer ontwikkelde en gegoede menschen."

Dit bevestig sonder twyfel dat Brandt 'n besondere hoë premie op die stylvolle en deftige geplaas het. Uiteraard kan dit nie anders nie vanweë sy aansienlike afkoms. Tog is dit in 'n sekere sin 'n kontrovers met sy oorspronklike bedoeling om onder die verarmde Boere te kom werk. Die opsie moet dus oopgelaat word dat die toestand in die Nederduitsch Hervormde kerk van Transvaal oneindig treuriger was as wat Brandt hom ooit kon voorstel. Daarby was hy nie volkome op die hoogte van die historiese konteks waarin die Hervormde Kerk ontstaan het en die stryd van dié bepaalde kerk nie.

Terwyl Brandt geworstel het om 'n finàle besluit te neem in verband met sy beroep na Zoutpansberg/Waterberg en die deur oopgelaat het vir 'n beroep na die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, het hy die sitting van die tweede Algemene Kerkvergadering ná die driejarige oorlog, wat vanaf 10 Februarie 1904 byeengekom het, bygewoon. Johanna berig oor die vergadering op grond van haar man se mededelings met haar kenmerkende uitgesprokenheid:[39]

> "Wat is nie dat een geweldige warboel! Lou zegt hij heeft nog nooit zoo iets gezien en hij heeft nu aan de



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ouderlingen en kerkeraad gezegt dat als de geschillen en kibbel partijen niet in orde komen met deze vergadering hij er geen oogenblik aan zal denken, een beroep naar de Herv. Kerk aan te nemen. Nu ben ik zoo bang dat er een 'patched-up peace' zal komen (ware vrede zal er nooit komen zoolang zulke mannen als Goddefroy, Van Belkum en anderen in de kerk zijn) en dat er dan geen fatsoenlijke reden meer over zal blijven voor Lou om voor Pietersburg te bedanken."

Dit was voorwaar 'n vergadering wat onder moeilike omstandighede plaasgevind het en deur 'n gees van onverkwiklikheid gekenmerk is. Dit het meegewerk dat Brandt in die Nederduitsch Hervormde Kerk teleurgestel is, en dit het die twyfel in sy hart oor 'n toekoms in dié kerk al hoe méér versterk. Hierdie ontnugtering en verwardheid spreek van self as hy skryf:[40]

> "Wij hebben nog niets beslist over er beroep. Ik wil concientieus te werk gaan en sta nu tusschen de vragen of ik de vervallen en door en door gedemoraliserende Hervormde kerk nou gaan opwerken, of de Verenigde kerk, die flink, levend en krachtig is moet steunen. Toen ik gisteren morgen voor misschien 150 preekt in de Herv. Kerk, trof het mij bijzonder onaangenaam, dat er ongeveer 70 kerkraadsleden van andere gemeenten onder waren, die voor de algemene vergadering hier zijn, en bijna geen menschen uit Pretoria. Toen ik echter 's



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> avonds in de Groote kerk preekte was zij stampvol en luisterden de menschen met de grootste aandacht. Toen gevoeld ik wat een verschil er is tusschen de Verenigde en de Herv. Kerk. Ik durf nu nog geen besluit te nemen. Het feit, dat ik nu al twee beroepen heb gehad en een derde krijgen zal naar de Herv. Kerk toont hoezeer de kerk in nood is, maar ik vrees, dat er nooit orde en regel komen zal."

Brandt se ouers in Nederland was aangegryp deur sy beskrywing van die Hervormde Kerk in Transvaal. Met angsvalligheid het hulle gepleit dat hulle seun hom nie sal begewe in die Nederduitsch Hervormde Kerk nie, alhoewel hulle hom getrou in dié kerk in Nederland grootgemaak het. Sy moeder se versugting was:[41]

> "Wij hopen zoo dat Lou er niet in zal gaan, vooral zedert een paar dagen geleden, toen Juffrouw Gunning hier was en zoo beslist zeide dat die Herv. Kerk geen reden van bestaan had en dat het zoo jammer zou zijn als Lou zijne krachten zou wijden aan't voortbestaan ervan."

Ds Brandt het hierdie dae van wroeginge en worstelinge om tot 'n besluit te geraak kortliks opgesom:[42]

> "De laaste weken zijn voor ons erg spannend geweest."

Om dit duidelik te stel, gee hy 'n breedvoerige relaas van sy belewenis van die Algemene Kerkvergadering van 1904:[43]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Van 10 Febr tot den 18 den s'avonds was de Algemeene vergadering der Ned. Herv. Kerk in Transvaal. Ik was niet uitgenoodigd, maar ging den eerste dag een zitting bijwonen als toehoorder, toen een der kerkeraadsleden van Zoutpansberg mij opmerkte en een boodschap aan den voorsitter zond. Ik word toen verzocht aan de Bestuurstafel te komen en mij werd adviseerende stem gegeven, waarvan ik ook nu en dan gebruik maakte. Er waren moeilijke en belangrike dingen aan de orde o.a. allerlei quaesties met Ds Goddefroy. Ik kreeg hoe langer zoo meer tegenzin in de predikanten. Goddefroy is een man, die veel gedaan heeft voor de Herv. Kerk, maar die zijn wil doorzet door alle middelen en voor niets terug deinst. Hij heeft daardoor de ongeloofelijkste dingen gedaan en nu tijdens zin afwezigheid toen hij niet meer door belediging en verdachtmaking zijn vijanden of tegenstanders onschadelijk kon maken zijn er verschillende dingen aan het licht gekomen verordeningen doorgezet, die reeds jaren geleden bepaalt waren. Het gevolg was een zeer oproerige en verdeelde vergadering en de benoeming van een committie om de zaken van Ds. Goddefroy en van Ds Beyer te onderzoeken. Ik ging als adviseerend lid daarbij en werkte hard mee. Door alles heen was er bij mij de tweestrijd: moet ik nu mijn invloed gebruiken, om de gemeenten te helpen en de kerk op te bouwen, of moet ik weigeren een ongerechtige zaak van eenige



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> predikanten te bevorderen. Daar kwam nog bij, dat ik in de Verenigde kerk werd ontvangen met groote vriendelijkheid en in uitzicht was, dat ik naar Pretoria zou beroepen worden als predikant van Sunnyside, en dat iedereen zeide, waarom blijven jelui niet hier; en iedereen Pietersburg zoo afraadde, als maar kon. Johanna had vreeslijk te strijden tusschen hier blijven bij alle familie en ver weggaan naar Pietersburg. Eindelijk kreeg de tegenzin tegen predikanten bij mij de overhand en Woensdag was ik besloten te bedanken voor Zoutpansberg en Waterberg en daardoor te breken met de Herv. Kerk. Woensdag avond waren wij klaar met de behandeling van ons committie rapport, dat zeer sterk afkeurend sprak over de twee predikanten Goddefroy en Beyer en toen stond ik op, om te zeggen, dat ik bedankt had (want ik had juist den brief aan den kerkeraad van Z en W gegeven) voor mijn beroep en geen ander verwachtte en dus geen vrijmoedigheid had de vergadering langer bij te wonen. De menschen waren verslagen en de voorsitter met een paar anderen zeiden, dat het erg jammer was en dat ik toch vooral moest blijven. Zij namen het toch bijzonder goed op."

Die volgende dag (Donderdag) het Brandt nie die Algemene Kerkvergadering bygewoon nie. Wat hom betref, was sy beslissing finaal om met die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika te breek. Dit is opvallend dat Brandt so 'n negatiewe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

oordeel oor die predikante van die kerk gevel het sonder dat hy werklik al die omstandighede in ag geneem het. Dit is duidelik dat hy in die feit dat Goddefroy en Van Belkum al van voor die oorlog af haaks was, méér gelees het as wat billik was. In sy biografie oor Goddefroy beweer Botha:[44]

> "Tog kan gestel word dat die leiersfigure van die Nederduitsch Hervormde Kerk soos C W du Toit, J van Belkum en A D W Wolmarans, meer teen Goddefroy gesondig het as wat hy in sy dienswerk of sy trou aan die Nederduitsch Hervormde Kerk gesondig het." Dat die onderlinge tweespalt in die kerk egter 'n negatiewe indruk op Brandt gemaak het is baie duidelik."

Die namiddag egter, het 'n deputasie van ouderlinge van die Hervormde Kerk by Harmony opgedaag om hom te vra om sy besluit terug te trek. Die deputasie het 'n gunstige indruk gemaak. Mev Brandt verhaal dit so:[45]

> "Gisteravond hadden wij de gansche kerkraad van Zoutpansberg en Waterberg hier - twaalf mannen. Het was een aardige bijeenkomst en er waren een boel flinke, interessante mannen onder de leden, mannen die mijn vader goed hebben gekend en een adoratie voor hem hadden. Zij zullen het verschrikkelijk vinden als Lou het beroep bedankt.
>
> Ik moest koffie zetten voor onze gasten, die buiten zaten onder de verandah, rookende en pratende. Zoo leert Lou onze Boeren goed kennen en hij kan gelukkig



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> heel goed met ze opschieten. Het is precies zooals ik altijd gedacht heb. Lou Brandt zal een tweede Ds van Warmelo in Transvaal zijn. Nu al wordt hij vereerd door iedereen, die in aanraking met hem komt, en als hij een beetje beter bekend wordt, zal hij al de beste beroepen in Transvaal krijgen. Ik voorzie een heerlijk leven van arbeid en vrede voor hem want in zijn eigen gemeente zal hij koning zijn, zooals mijn vader was. Ik voorzie ook veel ellende met Goddefroy als wij in zijn kerk komen, maar het kan ook zijn dat Lou de oorzaak wordt van zijn ondergang, Als de Boeren eens vertrouwen in iemand hebben dan kan zoo iemand doen met ze wat hij wil, en Lou's eenvoud en oprechtheid heeft nu al het vertrouwen van iedereen gewonnen. Nu hebben ze een leidsman noodig - mischien wordt Lou nog hun leidsman en wordt de gansche Herv. Kerk door hem weer bij elkaar gebracht doen!"

Aan hierdie pleidooie het hy gehoor gegee, met die voorbehoud dat hy nog die kans gegun moet word vir 'n beslissing. Dit wat Brandt genoop het om so te besluit, gee hy ~~as~~ soos volg weer:[46]

> "Ik voelde als ik bleef bedanken en dit bekend werd in Holland dit de doodsteek zou zijn voor de Herv. Kerk en terwille van de menschen durf ik de verandwoordelijkheid niet op mij nemen. Nu weet ik, dat wij maar naar Pietersburg moeten gaan en als ik den



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

strijd aanbind tegen alle ongerechtigheden in de kerk zal ik de geheele kerk aan mijne zijde hebben. De andere predikanten zijn sukkels, die geen van alle de kracht hebben alleen te staan en daardoor ook niet de liefde en het vertrouwen der menschen hebben. Ik was teleurgesteld in de collega's maar de menschen zijn goed genoeg als zij maar goede leiders hebben. Ik moet nu trachten zoo spoedig mogelijk flinke jonge mannen over te krijgen en dan zullen wij de kerk herstellen in de eer en de achting van het land die aan de kerk toekomt ....... u begrijpt dat het een moeilijke beslissing was. Ik zat voortdurend door al de vergaderingen te denken aan wat ik doen moest en toen de beslissing eindelijk gevallen was tegen de Herv. Kerk, voelde ik heel ellendig en slecht, zoo'n beetje als een moordenaar. Nu is het alles anders. Ik blijf mijne oordeel over de collegas houden en ik zal mij bij geen van hun aansluiten. Maar ik gevoel toch, dat het nu goed is dat ik naar Gods wil besloten heb, mijne krachten te geven aan de Herv. Kerk."

Nadat Brandt bekend gemaak het dat hy sy bedanking na Waterberg/Zoutpansberg teruggetrek het vir verdere oorweging, het hy 'n besondere gesindheid van wellewendheid ervaar.[47]

"..... zij willen nu alles doen om mij maar te houden en mij naar de zin te maken. Ik zal wat dat betreft een heerlijken werkkring hebben, door de menschen geacht en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

> op de handen gedragen, heel anders dan in Niezijl waar die domine geduld word, meer dan iets anders."

Alhoewel Brandt na dese 'n meer berustende en gemoedelik-optimistiese toon in sy skrywes laat hoor, omdat hy 'n meer sekere beeld oor sy toekoms in Afrika gehad het, was hy in nugterheid steeds onder die indruk van die vervalle ekonomiese en gevaarlike politieke toestande in die land. In 'n uitgebreide skrywe aan die familie in Velp, waarsku hy hulle om nie op daardie stadium mense na Suid-Afrika aan te beveel nie. Wat hom veral verontrus het was die nie-blanke vraagstuk:[48]

> "de toestand is treurig, de groote quaestie van de kaffers is niet opgelost, doch slechts op zijde geschoven. De kaffers vragen ongehoorde prijzen en willen haast niet werken doordat de engelschen hen totaal bedorven hebben gedurende den oorlog."

Met 'n bepaalde toekomsvisie, en die aanvaarding om oorweging te skenk om in die Hervormde Kerk te Pietersburg te werk, besluit hy en mev Brandt om teen die einde van Februarie 1904 'n besoek aan Nylstroom en Pietersburg te bring, met die bedoeling, volgens mev Brandt:[49]

> "...... that if we like the place and people Lou will accept the call without further delay."

Nie net Brandt was na die terugtrek van die bedanking van die beroep na Zoutpansberg/Waterberg kalmer en meer vol



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

moed nie, ook sy vrou het vrede gemaak met die gedagte om in die Nederduitsch Hervormde Kerk te werk en op Pietersburg te woon. Met die oog op dié moontlikheid word die volgende gesê:[50]

> "I like the idea of going to Zoutpansberg, especially as I know how much it is to Lou's desire to live in a place where he will come into contact with the real good old Boers. He will have to travel a great deal and that is exactly what he wants."

Omdat Johanna Brandt in Transvaal groot geword het en die verwoesting van die Engelse-oorlog deurleef het, was sy deeglik bewus wat dit van hulle sou verg, indien hulle na Pietersburg sou verhuis om aldaar onder die Hervormers te werk. Op hierdie tydstip het sy, vanweë haar agtergrondkennis van die Transvalers, méér as Brandt besef wat op hom sou wag. Hieroor sê sy:[51]

> "My beloved husband has sacrificed everything ....... he will have a life full of discomfort and exertion and hard work and he will sometimes be away from home for weeks and sleep in all sorts of dirty little holes (poor clean old Lou!)"

Wat die moontlikheid betref om onder moeilike omstandighede predikantsvrou te wees, was 'n saak waarmee mev Brandt haar op daardie stadium van hulle lewe versoen het, toe alles daarop gedui het dat Pietersburg vir die egpaar die enigste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moontlikheid van 'n werkkring in Transvaal gebied het. Mev Brandt onderneem dan plegtig dat sy alles sal doen, om 'n ware vrou te wees vir 'n man wat die uitdaging aanvaar het, om 'n bouer te word van 'n vernielde, verwaarloosde kerk in 'n wêrelddeel wat in 'n woesteny verander is vanweë 'n genadelose oorlog. In hierdie te wagte omgewings- en lewensomstandighede belowe sy:[52]

> "........ my work will be to make his own home beautiful and keep his children good, so that whenever he comes home it may be a feast for his eyes and a joy to his heart to be in the bosom of his family again."

Die verkenningstog na die gemeentes waarheen Brandt beroep was, was vir die Brandt-egpaar 'n avontuur soos slegs die toenmalige ongerepte landskap van Afrika aan 'n Europeër kon bied. Mev Brandt beskryf op meesleurende wyse 'n reis wat vir Louis Ernst as't ware 'n ontdekkingstog word.[53] Vanaf Nylstroom is hulle die Waterberg distrik in met 'n "big carriage" van ouderling Boshoff van Waterberg, 'n rit wat kortliks deur mev Brandt só weergegee word:[54]

> "I don't think we shall ever forget that long drive. Six mules, two wild young men on the box, bad roads, thunderstorms and rain and a tearing gallop through thick and thin. We sat comfortably inside and enjoyed ourselves immensely but sometimes I thought we were going to be turned over in the mud . However we reached the farm safely."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Op die plaas Magalakweens Oog het ds Brandt in die Waterberg-afdeling 'n erediens gehou. Op hierdie plek is die Brandts besonder gulhartig ontvang, deels ook vanweë hulle familie-verbintenis met wyle ds N J van Warmelo, wat nog met groot waardering deur baie van die aanwesiges onthou is.[55] Mev Brandt se kommentaar op die gasvrye behandeling wat hulle ontvang het was:[56]

> "For our Boers there are two very important people in the world. The first is the dominé and the second is the dominé's wife, and the influence of these two people is unbounded."

Vir die Brandts was dit genoeglik dat daar by die samekoms geen enkele verraaier of hensopper, of "Judasboer" soos hulle die tipe beskryf het, aanwesig was nie. Die letsels deur die oorlog veroorsaak het die egpaar ook skerp opgeval en nie onaangeraak gelaat nie.[57]

Vanaf Waterberg is die Brandts na Pietersburg waar hulle vriendelik deur ouderling en mev Basson ontvang is, by wie hulle tuisgegaan het. Hierdie besoek het hulle die geleentheid gebied om die waarskynlike pastorie te besigtig. Van die huis het mev Brandt opgemerk:[58]

> "....... it is large and beautifully furnished with a big garden and outhouses. So now our fate is settled."

Die dorp Pietersburg het egter 'n minder gunstige indruk gewek en is bestempel:[59]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Very primitive and horribly far from civilisation."

Op 6 Maart 1904 het ds Brandt die gemeentes Zoutpansberg/Waterberg amptelik in kennis gestel dat hy die beroep op hom uitgebring aanvaar. Van hierdie besluit sê hy:[60]

> "Johanna en ik waren beidens zoo ingenomen met onzen nieuwen werkkring dat wij besloten dit beroep aan te nemen. Ik was wel reeds lang overtuigd, dat dit Gods weg met mij was, maar door de persoonlijke kennismaking was bij Johanna ook elk gevoel van onzekerheid en weerzin weggenomen."

Hierdie besluit van Louis Ernst Brandt om sy kragte en talente tot beskikking van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te stel, sou verreikende gevolge vir die lewe en werk van dié kerk hê. Met hierdie stap het Brandt 'n baanbreker in eie reg geword, wat op 'n moeilike en kritieke tyd van die geskiedenis van kerk en volk kosbare opbouwerk gedoen het.

Tog was dit ook duidelik dat sowel Brandt as sy vrou die werkkring in Pietersburg baie sterk geïdealiseer het. Dit was te verwagte, maar dit het ook beteken dat die werklikheid hulle tog ook ontnugter het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1 Aantekeninge

1 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/46, nr 3.

2 Briewe NHK-Argief LIX/46, nr 6. Ds C Spoelstra was vir twee jaar, vanaf 1899 ds M J Goddefroy se mede-leraar in Pretoria. Spoelstra en Goddefroy kon egter nie stryk nie vanweë interne botsings. Sien in die verband S J BOTHA: DS MARIé JOSEPH GODDEFROY, PRETORIA 1979. , p 136 - 139. In 'n artikel in DE HERVORMER van 8 Augustus 1928, p 61, maak prof S P Engelbrecht die bewering dat Spoelstra 'n "zenuw patient was ... In 1918 is hij dan ook in een zenuwinrigting gestorwen."

3 Ibid., 26 November 1903.

4 Ibid, 24 Augustus 1903

5 Ibid,

6 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/148 nr 3.

7 Die bediendes se name word slegs genoem, te wete: Betsy, Alida, Antjie en Lisbeth.

8 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/148, 15 Desember 1903.

9 Ibid., 17 Desember 1903.

10 Ibid., 15 Desember 1903

11 Ibid., 23 Desember 1903.

12 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

13 A J G Oosthuizen, DS L E BRANDT, Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 41 ste jrg, 1947, p 29.

14 Persoonlike onderhoud met wyle prof C H Rautenbach.

15 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/148, 23 Desember 1903.

16 Ibid., 30 Desember 1903.

17 Ibid.

18 Ibid., 23 Desember 1903.

19 Ibid., 30 Desember 1903. George Farrar was die man wat die veldtog geloods het vir die invoer van Chinese arbeiders na Transvaal.

20 Ibid., 30 Desember 1903.

21 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 30 Desember 1903.

22 Ibid., 22 Januarie 1904.

23 Ibid., 19 Januarie 1904.

24 Ibid., 18 Januarie 1904.

25 Ibid., 19 Januarie 1904.

26 Ibid.

27 Ibid., 30 Januarie 1904.

28 Ibid., (Johanna Brandt), In die beginjare van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandts se verblyf in Suid-Afrika het mev Brandt hoofsaaklik in Engels gekorrespondeer, omdat volgens haar eie opinie sy gemakliker in Engels kon skryf as Hollands.

29 Ibid., 1 Februarie 1904.

30 Ibid.

31 Ibid. 30Januarie 1904. Mev Brandt maak in die verband nog die opmerking: "I hate the thought of Lou being mixed up with such an unrighteous set and our only comfort is that in Pietersburg he can have it all his own way and will have very little to do with the Pretorians. This is where all the 'knoeiery' comes from and Ds G. is the worst of them all."

32 Ibid., 7 Februarie 1904.

33 Ibid.

34 Ibid., 13 Februarie 1904.

35 Ibid., 15 Februarie 1904.

36 Ibid.

37 Ibid.

38 Ibid.

39 Ibid., 13 Februarie 1904.

40 Ibid., 15 Februarie 1904. Die derde beroep in die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederduitsch Hervormde Kerk waarna ds Brandt verwys is Middelburg/Standerton wat voornemens om hom te beroep bekendgemaak het.

41 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/21, 18 Februarie 1904.

42 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 20 Februarie 1904.

43 Ibid. Prof S P Engelbrecht vermeld in LIX/181 van die Brandt versameling dat hierdie deputasie se besoek, volgens 'n persoonlike mededeling deur ds Brandt aan hom, die deurslag gegee het om die beroep na Zoutpansberg/Waterberg aan te neem.

44 S J Botha, op. cit., p 154 - 156.

45 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 20 Februarie 1904.

46 Ibid.

47 Ibid., 26 Februarie 1904, (L.E. Brandt)

48 Ibid.

49 Ibid., 26 Februarie 1904, (Johanna Brandt).

50 Ibid.

51 Ibid.

52 Ibid.

53 Ibid., 3 Maart 1904.

54 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

55 Ibid.

56 Ibid.

57 Ibid.

58 Ibid.


59 Ibid.

60 Ibid., 6 Maart 1904.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ds Brandt en ouderling M J Pos

op huisbesoek in Waterberg gemeente.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 6

## PREDIKANT VAN ZOUTPANSBERG/WATERBERG 1904 - 1908

### 1 Inleiding

Op 16 Januarie 1904 het die kerkraad van Waterberg vergader waartydens ds L E Brandt beroep is.[1] Volgens die beroepsvoorwaardes is hy 'n traktement van £400 aangebied, waarvan Waterberg die helfte sou bydra terwyl Zoutpansberggemeente vir 'n pastorie sou sorg, met die voorbehoud dat die predikant ná twee jaar se verblyf op Pietersburg die opsie kon uitoefen, of hy aldaar, of op Nylstroom wou bly. Die wyse waarop Brandt vergoed sou word is ook op die vergadering uitgespel:[2]

> "Het wordt besloten dat het salaris voor den predikant elke ses maanden sal worden ingevorderd en wel op 1 Januarie en 1 Julie telkens de helfte der bijdrage van de lidmaten, terwijl de uitbetaling van de Predikant sal geschieden kwartaalsgewijze."

'n Week later op 23 Januarie, het Zoutpansberg se kerkraad te Pietersburg die beroepsbrief wat Waterberg opgestel het, geteken.[3] In beide gemeentes is aanbeveel dat elke manlike lidmaat £1.00 en elke vroulike lidmaat 10/- per jaar sou bydra vir die predikant se versorging.

Die aanname van die beroep na Zoutpansberg/Waterberg op 6 Maart 1904, het vir Brandt 'n lewensfase ingelui wat fundamenteel verskil het van die wyse van bestaan waaraan hy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tot op die stadium van sy lewe gewoond was. Hoë eise is aan hom as bevoorregte Nederlander gestel wat in die La Belle Epoque in Europa gebore en getoë is, en na afloop van die vernietigende Engelse Oorlog van 1899 - 1902 na Transvaal gekom het. 'n Oorlog wat onuitwisbare letsels op die totale gelaat van Transvaal en die Oranje Vrystaat ingebrand het. Die prys wat die twee Republieke moes betaal was ontstellend hoog. 'n Totaal van 3990 burgers het op die slagveld gesneuwel terwyl 27929 vroue en kinders in die Engelse konsentrasiekampe die lewe gelaat het.[4] In haar boek, War without glamour, het Emily Hobhouse,[5] deur ooggetuies meegedeel van die vernietigende werk van die Britse magte en die barbaarse wyse van optrede gedurende die oorlog. Pakenham, skets 'n grimmige prentjie van dit wat die oorlewendes van die oorlog met hulle tuiskoms begroet het:[6]

> "Die oorlewendes het teruggekeer na opstalle wat feitlik onherkenbaar verniel was. Verskeie miljoene beeste, perde en skape, is doodgemaak of geplunder. In teorie is die beleid van die verbranding van die plase in November 1900 op las van die Engelse regering gestaak. Maar Kitchener self sou erken, die meeste plase is op die een of ander manier verwoes; in 'n boomlose landskap is deure en vensters nuttige brandhout en die sinkdakke het die blokhuise help bou."

In 'n hoofartikel van De Volkstem van 30 Desember 1904,[7] word berig dat ná die afloop van die oorlog, daar op die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Transvaalse platteland 'n skrikbarende mate van armoede en vertwyfeling onder die mense bestaan het. Afgesien van 'n gebrek aan behoorlike huisvesting en kleding, was daar ook 'n nypende broodsgebrek wat deels deur 'n reeks droogtes in die onmiddellike na-oorlogse jare vererger is.

Ook op kerklike terrein het die oorlog geweldige slopingswerk gedoen. Burgerkommando's was die belangrikste deel van die Boere se weermag, met die gevolg dat toe die burgers opgekommandeer was, die kerklike lewe tot stilstand gekom het. In die Nederduitsch Hervormde Kerk waar die swaartepunt van die kerkregering by die kerkrade lê, is dit vanselfsprekend dat as die kerkraad nie funksioneer nie, funksioneer die meerdere vergaderings ook nie. Saam met die burgers het die grootste gedeelte van die kerkraadslede te velde getrek, sodat kerkraad en ander kerklike vergaderings nie kon plaasvind nie.[8]

Die skade wat in die kerk aangerig is deur die geweld van die oorlog, word weerspieël uit die notule van die eerste Algemene Kerkvergadering ná die oorlog, wat vanaf 8 Junie 1903 in Pretoria in sitting was.[9] Uit die gemeentelike verslae wat by dié vergadering ter tafel gelê is, klink die beskrywing van die toestand wat in die kerk geheers het oor en oor soos 'n somber refrein op : Orals is die armoede van die lidmate onbeskryflik terwyl alles in puin was. Van die gemeentes Waterberg en Zoutpansberg word respektiewelik soos volg gerapporteer:[10]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Waterberg - Broeder Boshoff kan geen cijfers geven zegt, dat de armoede groot is, maar de grootste klacht is, wanneer krijgt ons kerk."

"Zoutpansberg - Broeder M J Pos zegt, de toestand is treurig ..... Wij zouden gaarne beroepen, maar ik vrees wij kunnen niet."

Lofwaardige en voortreflike voor-oorlogse projekte in die kerk, wat ook van groot betekenis vir die volk sou wees, is deur die oorlog lamgelê. 'n Selfstandige kerkblad, De Hervormer,[11] wat vir die eerste keer in 1899 verskyn het, het net twee verskynings beleef, waarna dit noodgedwonge gestaak moes word.

Die ideaal van 'n eie teologiese opleiding is ook voorlopig vernietig.[12] Reeds in 1890 het die Algemene Kerkvergadering besluit om 'n eie opleiding in Pretoria te begin. In 1897 is, na 'n deurtastende bespreking by die Algemene Kerkvergadering van daardie jaar, besluit om gebruik te maak van die Staatsgimnasium vir die voorbereiding van teologiese studente. Ook hierdie modelinrigting moes voor die oorlog die knie buig.

Die tydstip waarop die oorlog uitgebreek het, het die Nederduitsch Hervormde Kerk besonder nadelig getref, aangesien dit so gou na die mislukte kerkvereniging van 1886 plaasgevind het, wat as sodanig die kerk nie genoeg tyd gebied het vir deeglike reorganisasie na die krisis van die gepoogde vereniging nie. Daarby was dit so dat die kerk



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nêrens hulp gekry het nie. Die kerk moes deur die lidmate en ampsdraers, wat vanweë die oorlog verarm was, weer opgebou word. Dit was alleen moontlik in so ver die lidmate self die middele kon vind. Dit alles het beteken dat die gebrek aan middele die werk van die kerk gekniehalter het terwyl die predikante groot opofferings moes maak omdat daar dikwels ook geen middele was om hulle traktemente te betaal nie. Dit kan gestel word dat dit die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika byna veertig jaar geneem het om van die terugslae en verarming van die oorlog te herstel.

In hierdie omstandighede, het ds L E Brandt in 1904 die herderstaf in die Nederduitsch Hervormde Kerk in die noordelike dele van Transvaal opgeneem. Op daardie stadium het die kerk slegs oor die werkkragte van vier predikante beskik, te wete: di C W du Toit van Potchefstroom, Jac van Belkum van Heidelberg, M J Goddefroy van Pretoria en A Murray (jr) van Ventersdorp; terwyl daar 21 gemeentes oor Transvaal verspreid was.[13]

## 2 <u>Bevestiging as predikant van Zoutpansberg/Waterberg</u>:

Vrydagoggend 8 April 1904, het Brandt per trein vanuit Pretoria in Pietersburg aangekom, waar hy dié naweek as predikant van Waterberg en Zoutpansberg bevestig sou word. Mev Brandt het eers daardie selfde middag Pretoria per spoor verlaat, om haar die volgende dag by haar man aan te sluit vir die beoogde plegtigheid. Die egpaar het dié naweek in 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaaslike hotel op Pietersburg oorgebly, omdat die pastorie nog nie gemeubileer was nie. Mev Brandt beskryf hulle ervarings dié naweek, en wat hulle te wagte was, in besonderhede:[14]

"Hotel (naam mij onbekend)
Pietersburg.
9 April 1904

Lieve ouders, broers en zusters

Hier zitten wij weer in Pietersburg, voor de tweede keer. Lou is gister morgen aangekomen en gister avond vertrok ik uit Pretoria. Zelden heb ik zoo 'n nare reis gehad. Vooreerst was ik zonder Lou, ten tweede werd mijn "concession ticket" geweigerd en moest ik volle reisgeld betalen omdat ik niet met Lou was, ten derde was de trein vuil en onsmakelijk en erg ongemakkelijk en gingen wij een uur te laat uit Pretoria, ten vierde was er iets verkeerd met de engine en konden wij maar niet vooruit komen. Soms stonden wij een half uur lang in het veld te puffen en blazen zonder te bewegen, dan gingen wij met geweldige schokken een paar minuten langzaam vooruit, om weer dadelijk stil te staan, uitgeput en ademloos. Dit vertel ik u om u te wijzen hoe prachtig alles ingericht is sedert de Engelschen kwamen om de beschaving in Z.A. te brengen. In plaas van 8 uur kwamen wij om half elf in Pietersburg.

Gelukkig vond ik de familie Boshoff in den trein (waar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wij de eerste keer gelogeerd waren - u weet, te Magalakweens Oog) en die hadden genoeg eten meegebracht voor ons allen, schapentongetjies, kip, brood en melk. Alles was heerlijk klaargemaakt. In Potgietersrust kochten zij nog vruchten - guavas en bananas - en zoo hadden wij overvloed.

Mijn dierbaarste stond aan het station ongeduldig te wachten en was bang dat ik uitgehongerd zou zijn, maar toen ik hem op dat punt gerustgesteld had, gingen wij in een rijtuig naar het boarding-huis, waar ik nu zit te schrijven. Lou is naar een gemeente vergadering en het is ongeveer 8 uur 's avonds. Ik ben in onze slaapkamer - nogal een geschikte kamer, maar vol kakkerlakken (ik hoop geen andere ongedierte!) en dunne muren van plank zoodat ik alles kan hooren dat hier naast gebeurt. Jonge, vroolijke mannen maken muziek en stappen hier elk oogenblik langs met groot lawaai. Ze hebben een zither, die schandalig slecht gespeeld wordt en iedereen zingt mee zoo hard hij kan, moody en Sanky, opera muziek, high church hymns en love ballads, alles doormekaar. Ik heb net een lampen kapje gemaakt van vloeipapier en dat vliegt zoo nu en dan in brand. Morgen avond ga ik weer alleen naar huis. Lou zal nog een week weg zijn op huisbezoek in Hollands Drift en andere plaatsen vlak in de buurt (nu is het "Abide with me" met variaties en vreeselijk valsch!). Hij zal nu bijna nooit meer in Pretoria zijn want hij heeft nu



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voortdurend diensten en huisbezoek. Voor mij is het nog niet zoo erg want op Harmony is het gezellig maar als wij hier wonen zal het meer dan eenzaam zyn als Lou weg is. (Nu is het "Eternal Father, strong to save", ofschoon "the perils of the deep" ver van hier zijn.)

Vanmiddag was het voorbereiding en bevestiging van nieuwe lidmaten en na de dienst gingen wij even naar de menschen die nog in ons toekomstige huis wonen. Ze zijn zulke aardige, beschaafde Engelschen dat het mij erg spijt dat ze weg zullen zijn als wij hier pas komen. Hun huis is bezonder mooi en smaakvol gemeubileerd - ze schijnen er nogal goed in te zitten. Ze zijn nog jong en hebben een lief dochtertje van ongeveer 18 maanden. Van mrs Anthrubie (of zoo iets) heb ik allerlei dingen gehoord. Zij zegt dat het leven hier ontzettend duur is, eieren b.v. 4/- per dozijn, en dat zij altijd heel eenzaam voelt hier. Het schijnt een stil plaatsje te zijn en haar man is surveyor geloof ik, en dus bijna altijd van huis. Ik gevoelde direct een zoort van "fellow-feeling"met haar. Ik kan er maar nog niet aan wennen dat Lou zoo dikwijls van mij moet zijn. Het is erg kinderachtig, nietwaar, maar ik slaap bijna nooit als hij weg is en ik kan maar niet warm worden 's nachts! Natuurlijk zal dat alles over gaan maar <u>nooit</u> zal ik het prettig vinden zoo alleen te zitten. Arme Lou, hij zal het soms heel moeilijk hebben en ik zorg dat ik het hem niet moeilijker maak door zuchten en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

klachten. Het is altijd weer dubbel heerlijk als we samen zijn en daar heb ik net iets goeds bedacht! Ik zal mijn dagboek nauwkeuriger houden als hij van huis is en dan kan hij alles lezen als hij weer terug komt. Hij moet ook maar elke avond een paar regeltjies schrijven voor mij om te lezen als hij thuis komt.

De nachtmaal zal morgen heel groot zijn. Nu al staan er een massa wagens en tenten rondom de kerk en natuurlijk zullen de meeste dorps menschen morgen ook by Lou's bevestiging zijn. De kerk kan een klein 500 menschen houden en de gekste is dat iedereen zijn eigen stoeltje of bankje onder den arm mee brengt. Er is geen enkele zit plaats in de kerk, die erg vervallen en verwoest is door den oorlog, en ik zag vanmiddag dat er geen eens geld zakjes zijn. De ouderlingen stonden bij de deuren met <u>hun hoeden</u> te collecteren. U kunt begrijpen hoe veel werk er te doen is waar <u>alles</u> ontbreekt. Er staat een geleende orgel waarop niemand kon spelen omdat er geen chorale was. Nu heeft Lou mama's meegebracht van Harmony maar het meisje, dat haar diensten aanbood, weet er niets van en was vreeselijk zenuwachtig. De man die verleden speelde kunt geen noot muziek lezen en speelde alleen de bekendste psalmen uit zijn hoofd. De rest ging zonder muziek met Lou als voorzanger en nu denken ze wat wonders van hun dominé die zoo goed kan brullen van de preekstoel. O, o, het is me hier een leventje! Mrs Anthrubie heeft een mooie staande vleugel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(upright grand) maar die is nog nooit gestemd omdat er niemand in Pietersburg is die pianos kan stemmen! Deze kleinigheidjes kunne het leven een beetje moeilijk maken maar wij ontvangen zooveel bewijzen van liefde en hartelijkheid dat het een genot is met de menschen om te gaan. Lou is nu al een soort van afgod. Ik geloof dat hij precies kan doen wat hij wil in zijn gemeente en dan is het zoo heerlijk, te weten dat ze nooit teleurgesteld zullen worden in hem. Ze kunnen hem gerust hun volle vertrouwen schenken...."

Nadat Johanna Brandt enkele mededelings gemaak het oor hulle baba Louis, na wie altyd speels verwys is as "Bambino", wat die betrokke naweek van die bevestiging in Pretoria in die sorg van haar familie in Pretoria gelaat is, sluit sy haar skrywe op die volgende noot:[15]

"En nu ga ik maar voor van avond eindigen want ik ben moe en morgen zal wel een drukke en emotievolle dag zijn. Ik zal hier nog een paar woordjes bijvoegen als de plechtigheid afgeloopen is.

Goodnight, all our dear ones.

In den trein Maandag morgen. Hoogen tijd deze brief af te maken.

Adieu. Johanna "

Op Sondag 10 April 1904, is Brandt as predikant van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waterberg/Zoutpansberg gemeente te Pietersburg deur ds M J Goddefroy bevestig. Dit was inderdaad 'n bedrywige naweek soos mev Brandt hierbo beskrywe het. Vrydagoggend die 8 ste April is daar katkisasie gehou en direk daarna het die naweek se kerkraadsvergadering begin. Saterdagoggend was dit aanneming van nuwe lidmate, dieselfde middag voorbereidingsdiens en die bevestiging van die nuwe lidmate, gevolg deur 'n gemeentevergadering. Sondag het die bevestiging en intreepreek van Brandt geskied, waarna hy en ds Goddefroy nagmaal bedien het.

Oor sy bevestiging as predikant in Transvaal vertel Brandt aan sy ouers:[16]

> "Zondag morgen werd ik eerst bevestigd, met een zeer hartelijke toespraak van Ds Goddefroy over den dienst der predikanten voor de gemeente. Daarna bedienden wij samen het Avondmaal. Ds Goddefroy had de mannen tafel en ik die der vrouwen. Aan de derde tafel kwamen maar twee vrouwen; de eerste twee tafels waren stampvol met twee rijen menschen rondom de tafel."

In die opvolgende paragrawe van hierdie skrywe lig Brandt sy ouers in oor sy intreepreek. Uit dié vertelling blyk duidelik in watter mate daar in daardie tyd, onkunde omtrent die Nederduitsch Hervormde Kerk onder mense van ander kerke bestaan het. 'n Tweede aspek wat in die skrywe voorkom is dat Brandt van die intrapslag af in Pietersburg probleme ondervind het met die plaaslike Verenigde Kerk predikant,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die 45 jarige ds D J Kriel wat van 1899 - 1908 daar predikant was. Dit sou aan Brandt tydens sy verblyf op Pietersburg heelwat onaangenaamhede besorg. Brandt verwoord al genoemde sake so:[17]

"Ik had voor mijn intree de text gekozen van 2 Thess 3:1. Voorts broeders, bidt voor ons.

Wij hadden behalve onze eigen menschen, die goed waren opgekomen een massa menschen van de andere kerken. Voor de menschen van de Verenigde Kerk was mijn preek nogal een verrassing, omdat ds Kriel verteld had, dat wij nooit baden. De zaak is, dat de Verenigde Kerk menschen allerlei bidstonden hebben en wij niet, omdat wij niet die misbruiken willen, die er bij hen zijn in de biduren. Dien avond nam Ds Goddefroy heel goed afscheid van de gemeenten waarvan hij 16 jaren consulent was. Dien zelfden avond wilde ds Kriel kerk houden, maar er was niemand om voor te preeken. Toen hij zelf in wanhoop naar de Wesleyaansche kerk ging vond hij daar een groot deel van zijn gemeente en de rest was bij ons. Die arme man heeft voortdurend en steeds groeienden strijd met zijne gemeente, zoodat zijn eigen menschen hem schandelijk behandelen en uitschelden. En nu hij niet meer de eenige is in Zoutpansberg en bang is, dat hij nog meer invloed zal verliezen en de menschen mij zullen volgen, nu begint hij kwaad te spreken en waar hij kan ons tegen te werken maar het zal hem niet veel helpen."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy vrou Johanna belig die gebeurtenis vanuit 'n ander hoek as sy dit aan haar Nederlandse skoonouers en familie beskrywe:[18]

> "De bevestiging was een heerlijke, plechtige dienst en Lou sprak zijn 'Ja ik van ganscher harte' met een diep ontroerde stem. De kerk was vol, zeker meer dan 400 menschen, en u kunt begrijpen hoe dankbaar ik was dat ik er bij kon zijn, niet tegenstaande de kleine Bambino thuis. Anders had Lou niemand bij zich en het was toch al een beetje melancholiek en weemoedig en onze gedachten gingen voortdurend naar Europa Amerika en de Kaap Kolonie."

Van die intreepreek van haar man as sodanig vermeld sy:[19]

> "Ik vond Lou's intreepreek 'smiddags bijzonder mooi en goed gekozen."

Die kerkraadsvergadering, wat die Vrydagaand van die betrokke naweek van Brandt se bevestiging 'n aanvang geneem het, is Maandag 11 April voortgesit. By dié sitting het ds Goddefroy, die konsulent na die gemeente se predikant wat die vorige dag bevestig is, verwys as:[20]

> " ... een man die ons van de Heer was aangewezen, zoodat wij met blijdschap de toekomst kunnen te gemoet gaan."

Brandt het hierop kortliks op sy kenmerkende minsame manier



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

geantwoord deur te verklaar dat hy:[21]

> "..... heeft reeds de gemeente lief, alhoewel maar kort werkzaam, maar aangezien hij nu alreeds de hartelijke zamenwerking heeft zal het alles goedgaan."

Twee weke later, het Brandt na Nylstroom vertrek om op Saterdag 23 April in die Waterberg gemeente sy intreepreek te lewer. Hy beskryf dié dorpie as:[22]

> " .... een klein dorp, zeer ver uit elkaar gebouwd huizen van een verdieping "

Ook gedurende die naweek, was Brandt erg besig vanweë al die vergaderings en dienste wat gelewer moes word. Hy deel mee dat dit nogal 'n probleem was om genoeg preekstof te hê vir al die preke met so 'n naweek se kerkviering. Dit sou 'n probleem wees wat die hele bedieningstyd van Brandt in Zoutpansberg/Waterberg sou kenmerk. Die rede vir die toestand was as gevolg van gebrek aan tyd ter voorbereiding van preke.

Brandt het dié probleem tydens die naweek van sy intreepreek op Nylstroom so in oënskou geneem:[23]

> Zaterdag morgen nam ik de kinderen aan en 'smiddags had ik wat veel in een dienst, n.l. Intree, bevestiging der lidmaten en voorbereiding. Doordat ik niet op zoveel tegelijk gerekend had, was mijn preek wel een beetje een samenraapsel, want ik gebruikt eerst een stuk van mijn intreepreek van Pietersburg en verder een andere



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> voorbereidingspreek. Zondag hadden wij Avondmaal en 'smiddags dankzegging en doop."

Merkwaardig is ook Brandt se gewaarwording van die mense van Waterberg tydens die naweek van sy intreepreek. Hy het van Waterberg se kerkraad 'n groter mate van welwillendheid ervaar as die van Zoutpansberg. Hierdie waarneming heel aan die begin van sy werksaamhede in Zoutpansberg/Waterberg, sou algaande 'n korrekte persepsie blyk te wees. Brandt se optekening van die gebeure van daardie naweek se amptelike diensaanvaarding in die Waterberg gemeente word verder so beskryf:[24]

> "De opkomst was vrij goed maar er is hier vreeslijk veel ziekte onder de menschen in Waterberg, en er is nog altijd de moeite met het trekvee. De menschen waren bizonder hartelijk en de kerkeraad van Waterberg bevalt mij nog beter dan die van Zoutpansberg. Het zijn bizondere aardige en goede menschen. Ik heb van deze gemeente nu £240 salaris gekregen."

## 3 Brandt se posisie in die Hervormde Kerk.

Vanweë die Brandts se aanvanklike teleurstelling in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en hulle worstelling om tot 'n besluit te geraak, waaroor hulle hul familie deurgaans met groot eerlikheid op die hoogte gehou het, was vir hulle ouers in Velp 'n bron van diepe kommer.[25] Vanaf 'n ver afstand, kon Brandt se ouers ook nie helder begryp



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het wat gaande was toe hulle plotseling by geleentheid oor die pos verneem het, dat Louis ten einde laas besluit het om hom by die Nederduitsch Hervormde Kerk se geledere te voeg nie. Mevrou Brandt, het namens die egpaar hulle ouers in Nederland se vrese probeer besweer, deur op die volgende wyse hulle posisie in die Nederduitsch Hervormde Kerk te verduidelik:[26]

> "We have completely got over the disappointment and have not the shadow of a doubt left that this was what God called Lou to South Africa for. I can see by your letters that you don't quite understand the church question and Lou said he would write minutely on the subject as soon as he has time."

Dan verwys mev Brandt na die juffrou Gunning, wat vroeër in Nederland aan die ouers van Brandt gesê het dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika geen bestaansreg het nie (vergl. aanhaling 40 van vorige hoofstuk). Mev Brandt se verweer was:[27]

> "Miss Gunning was wrong when she said the Hervormde Kerk had no right of existence. It has as much right as any other and was my father's church for many years. He was bitterly opposed to the union and always hoped it would be fairly and justly settled before his death. In the meantime he remained with his congregation because he did not think the union a worthy reason for leaving the people he loved, but none of his children were



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> confirmed in the United Church, and Mama always remained 'Hervormd'."

Benewens Brandt se familie in Nederland se bekommernis oor waar hulle kinders kerklik sou inskakel, was hulle ook beangs dat die jongmense in Afrika uitgelewer was aan 'n situasie wat vanweë die politieke maghebbers van die dag, geen toekoms sou bied nie.[28] Wat hulle veral verontrus het, was die berigte wat hulle in Europa bereik het, van die Milner-regering se voorgenome plan om 'n groot aantal Chinese na Suid-Afrika in te voer as goedkoop arbeid vir die Witwatersrand se goudmyne. Wat die ouerpaar in Holland veral beklem het, was die vraag of daar nie 'n grootskaalse verbastering en vermenging sou plaasvind tussen die blankes en al die verskillende nie-blanke groepe nie, waarvan laasgenoemde nog meer versterk sou word, deur die invoer van Chinese. Brandt stel sy ouers hieroor gerus:[29]

> "U behoeft niet bang te zijn, dat er ooit een vermenging zal komen tussen Chineesen en Afrikaners. Misschien tusschen Chineesen en Kaffers of Chineesen en smerige Engelschen, maar geen Afrikaner zal zich evenmin afgeven met een Chineesche vrouw als met een kaffermeid."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4 Die gesindheid jeens Brandt

Die aanvanklike hartlike gesindheid wat die Brandts van die Nederduitsch Hervormde Kerkvolk ontvang het, was vir hulle moedgewend en het as sodanig baie bygedra om die traumatiese ervaring van die eerste kennismaking met die Hervormde kerk te verwerk. Mev Brandt vergelyk die gesindheid jeens hulle hier te lande, met dit waarmee hulle hulself te vrede moes stel in Niezijl:[30]

> "There is a difference of night and day between his present congregation and those reserved Niezijlers. I am sure they did appreciate Lou but they never gave us a sign of it and now ....... I assure you Lou is treated like a king. The people are ready to lay down their lives for him and when once they know him thoroughly and have given him their full confidence, his influence with them will be unbounded."

Hierdie toegeneentheid teenoor Brandt waarvan mev Brandt geskrywe het, het hom orals te beurt geval, veral in die begin van sy bediening in die Hervormde Kerk. Toe hy in die voorjaar van 1904 'n erediens in die gemeente Witfontein gaan waarneem het, het sy ontvangs aldaar hom herinner aan die wyse waarop die koningin in Nederland behandel is:[31]

> "Zaterdag tegen twaalf uur werd ik afgehaald aan het station te Elands rivier. Een Hollander, meester Steen was aan de coupé en even buiten het station stond een deputatie mij op te wachten. N M Prinsloo aan het hoofd



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

> met 8 of 10 tal anderen. Toen ik pootjes gegeven had aan de menschen namen zij allen hun hoed af, schaarden zicht in een halve kring om Prinsloo terwijl deze in een flinke toespraak mij welkom heette. Ik kon niet helpen te denken aan de ontvangst van de Koningin of de commissaris door Papa aan de grens van de gemeente. Ik antwoorde met een paar woorden en toen ging het in optocht in vier wagentjies naar Witfontein."

Hierdie gesindheid van vriendelikheid en hoflikheid, wat 'n gees van waardering uitgestraal het teenoor die jeugdige vreemdeling, het baie daartoe bygedra om Brandt tuis te laat voel in sy nuwe omgewing:[32]

> "Ik gevoel mij hoe langer zoo meer op mijn plaats onder de Boeren. Ik voel meer vrijmoedigheid om mij uit te spreken, de sympathie van de menschen maakt het mij gemakkelijk mijn herderlijk werk goed te doen, dan de al te voelbare onverschilligheid en antepathie in Groningen. Mijn opvoeding en antecedenten en liefhebberijen maken mij geschikt voor dit land, waar ik zal moeten gebruik maken van mijn lichaamskrachten en sportoefening. Het is wel in vele opsichten anders dan ik had gedacht, maar het is goed zoo."

Die laaste opmerking van Brandt in die aanhaling hierbo bevestig dat die toestande in Transvaal en die Nederduitsch Hervormde Kerk heelwat anders was as wat hy hom ooit kon voorstel. Desnieteenstaande het hy in die geloof en met ywer sy taak aangepak:[33]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Wij hebben wel in Niezijl goede en gezegende dagen gehad, maar ik voel toch, dat mijn plaats in mijn werk hier is. Ik ben wel dankbaar voor die voorbereiding onder de menschen in Gronigen maar ik zou daar niet zoo al mijn krachten en talenten hebben kunnen gebruiken als hier.

Bowendien is er nog iets. Ik ben nu 30 jaar en voel dat ik nu dit werk hier op dezen vollen mannelijken leeftijd begonnen met meer kracht kan doen dan vroeger. Ik voel meer vrijheid om te spreken, om mij zelf te laten gelden, zonder bang te zijn, dat ik daardoor over of hoogmoedig zal worden. De moeilijkheden zijn hier ook zoo groot, dat ik elkendag van God om wijsheid en geduld en liefde moet bidden. Ik voel mij meer gedragen en durf meer te doen en op mij te nemen. En het heerlijkste is, dat ik reeds veel zegen heb ondervonden en dat mijn weg voorspoedig gemaakt word, en mijn optreden in de gemeente door God kennelijk wordt bestuurd en gezegend. Het is hier een enorm uitgebreid en bijna niet te overzien werk maar het is buitegewoon dankbaar."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5 Brandt se veeleisende taak

Maklik was Brandt se taak in sy eerste gemeente op Transvaalse bodem beslis nie, vanweë die ontsaglike uitgestrektheid van die gemeente wat die ~~die~~ hele gebied vanaf die Limpopo tot suid van Warmbad beslaan het.[34] Oor die omvangryke arbeidsveld vertel Brandt:[35]

> "Mijn gemeente beslaat de grootste deel van Transvaal en is even groot als geheel Nederland. Ik zal dus veel moeten rondtrekken om de menschen te bezoeken, wat veel tijd zal kosten omdat zij zoo ver uit elkaar wonen. De Hervormde menschen wonen niet zoo veel in de dorpen als op het land. De dorpsmenschen behooren meer bij de Verenigde Kerk."

Vanweë die feit dat baie lidmate nie rygoed gehad het nie, wat die wrange gevolg van die Engelse se verwoestende oorlogsbeleid was, kon baie nie by die kerk uitkom nie. Dit het meegebring dat Brandt dwarsdeur die gemeentes Waterberg en Zoutpansberg buitedienste moes hou.[36] In die Waterberg afdeling het hy eredienste gehou op Dwarsrivier in die Matlabaswyk, Buffelskloof naby Naboomspruit, Middelfontein die plaas van Jac van Staden naby die bad, en Waterval die plaas van oudl L.C. van der Merwe. In die Zoutpansberg afdeling is dienste gehou (behalwe op Pietersburg), te Duiwelskloof, Louis Trichardt, Potgietersrus, Driefontein, Houtbosch, wyk Spelonken, Chuniespoort en Morgenzon plaas van C J Jansen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Al hierdie werk is gedoen in 'n tyd dat, soos reeds vermeld, rygoed feitlik onbekombaar was. Dit het Brandt gedwing om dikwels per fiets te reis ten einde lidmate te bereik.[37] As in gedagte gehou word in welke toestand die paaie in daardie tyd was en dat die Noord Transvaalse topografie nie gunstig is vir 'n fiets nie, kan iets verstaan word van die inspanning en opoffering van Brandt se kant. Met die tagtigjarige fees van die gemeente Pietersburg, het Brandt hierdie faset van sy werk tydens sy verblyf in die gemeente in herinnering geroep,[38] deur te vertel dat hy sy pastorale werksaamhede verrig het deur te perd te reis, soms met 'n ou saal of geleende kar. Ander kere was die enigste vervoermiddel, benewens die vermelde fiets, 'n muil of donkie. Baie kere het hy geloop en geklim op plekke waar voorheen nog nooit 'n predikant was nie. In baie gevalle het van die mense sodra hulle hom gewaar het, nadat hy hulle uiteindelik met baie moeite bereik het, redeloos en angsbevange op die vlug geslaan.

Een bepaalde tog met ouderling Jan Venter van Zoutpansberg was vir Brandt onvergeetlik. Dié bepaalde rit is aangepak in stortreën met twee perde wat die kerkraad van Zoutpansberg aangekoop het. Nadat hulle by ouderling D F Jacobs oornag het, is hulle verder na wyk Spelonke met net een perd omdat die ander een siek geword het. Die daaropvolgende Sondag is 'n diens by Rooipiet Venter op Driefontein gehou. Op pad Pietersburg toe het die ander perd hulle in die steek gelaat, en kon hulle met behulp van 'n geleende spider en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

twee muile voortgaan tot by 'n sekere punt, waarvandaan hulle verder geneem is met 'n soort van 'n karretjie, wat niks anders was nie as 'n kersekas op die onderstel van 'n ploeg, getrek deur 'n donkie. Hierdie vervoermiddel het hulle onderweg in die steek gelaat, maar gelukkig kon hulle 'n fiets leen en hiermee het die twee mans voortgesukkel. Toe Brandt tuis kom, het die berig hom bereik dat albei perde intussen gevrek het. Dit was voorlopig die einde van sy huisbesoek met 'n perdekar.

Baie kere het Brandt op sy huisbesoek van ligdag tot donker pal op 'n perd se rug deurgebring.[39] Ander kere weer het hy telkens met die fiets vanaf Pietersburg Louis Trichardt, of Potgietersrus of selfs Nylstroom toe gery.[40] Met sulke lang togte was hy baie keer verplig om in die veld onder 'n boom te slaap.[41]

Sonder vrees vir teëspraak kan gekonstateer word dat Brandt as een van die baanbreker predikante nie sy gelyke gehad het wat volgehoue toegewyde herderlike versorgingswerk betref nie. Hy was in Zoutpans-Waterberg-gemeente meer weg van die huis as wat hy tuis was.[42] Elke brief van hom en Johanna getuig oor en oor met vaste reëlmaat dat hy voortdurend geskei van sy gesin, op pad was om kerk te hou, huisbesoek te doen, te katkiseer, te doop, nagmaal te bedien en die kerk te reorganiseer.

By geleentheid het Johanna haar man vergesel vir 'n naweek van kerkviering te Duiwelskloof, waaroor sy die volgende verslag opgestel het:[43]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

> "Ik zal een kort verslag doen de twee volgende dagen om u te tonen wat er van een man bij zulke gelegenheden gevergd wordt. Zaterdag morgen 9 - 10:30, kerkraadsvergadering; 10:30 - 1 aanneming (8 meisjes en jongens, allen aangenomen - niet omdat er een bij was die eigenlijk bekwaam was, maar de moeilijke omstandigheden in aanmerking genomen) 'smiddags 3 - 4:30 voorbereiding en bevestiging, 4:30 - 6 gemeente vergadering. Zondag om 10 uur avondmaal, 'smiddags dankzegging en doop; 'savonds kerkeraadsvergadering en tusschen nog honderden kleinigheden die in orde gemaakt moeten worden."

Hierdie verslag van Brandt se werksprogram op 'n bepaalde plek en by 'n spesifieke geleentheid, was nie 'n uitsondering op die reël, of 'n buitengewone druk program nie, trouens dit dien bloot as voorbeeld van 'n vaste patroon van sy werksaamhede.[44] Die talle briewe in die Brandt-versameling gee herhaaldelik só 'n werkuiteensetting van sy bediening in Waterberg/Zoutpansberg-gemeentes.

Gedurende die week tussen die naweke deur, was hy voortdurend besig om die lidmate van huis tot huis te besoek. Hierdie doelgerigte werk het hom in die wyd uitgestrekte gebied gevoer na plekke waar nog nooit vantevore 'n predikant was nie:[45]

> "Hij is geweest waar geen dominé nog ooit geweest is, zoover bekend is, en heeft soms dertien uur op een dag op een paard gezeten. Hij heeft zelf ook een beetje



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> malaria gehad en is zwaar verkouden geweest - stem soms heelemal weg en dan moest hij nog alles alleen doen!"

Behalwe dat Brandt nougeset sy eie gemeente bearbei het, het hy ook gereeld elders gepreek. Aanvanklik op vaste basis te Standerton, wat vir hom 'n rit van vier dae per trein heen en weer beteken het. Vanaf Junie 1904 het hy konsulent geword van Middelburg, Lydenburg, Watervalboven waar op elk van diė kerkplekke vier keer per jaar nagmaal bedien moes word.[46] Toe hy in 1905 konsulent van Johannesburg geword het, het hy vanweë die nood van die kerk aldaar, sover as wat dit menslik haalbaar was, al sy pastorale verpligtinge nagekom.[47] Soms was hy tot twee maande ononderbroke in Johannesburg om huisbesoek te doen. Daarbenewens was hy altyd bereidwillig om sy kollegas, waar hy kon, uit te help met preekbeurte, sodoende het hy van meet af aan met 'n groot deel van die kerk kennis gemaak. By geleentheid roep sy vrou uit:[48]

> "Die arme Lou! ....... bijna elke Zondag avondmaal! Het is mij een raadzel hoe hij het volhoudt en waar hij altijd weer nieuwe gedachten van daan haalt. Hij gebruikt nogal dikwijls dezelfde preeken en dat helpt veel, anders zou hij het niet kunnen doen, want hij heeft nooit tijd om nieuwe preeken te maken. Hij zal blij zijn als ons goed komt met een heele pak Niezijlsche preeken, die alleen een beetje omgewerkt moeten worden. Hij heeft alleen een stuk of twaalf mee gebracht niet denkende dat hij ze zoo gauw noodig zou



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hebben."

Dit was vir Brandt dikwels 'n bron van kommer dat hy vanweë sy talryke pastorale verpligtinge nie by sy boeke kon uitkom nie.[49] Hy sê juis as gevolg daarvan : "ga ik ook achteruit". Ofskoon hy as 'n intelektueel beskou kan word kragtens sy agtergrond en vanweë sy uitgebreide kennis van velerlei sake, en sy besef van die belangrikheid van voortgesette studie, het hy meer aandag gegee aan die pastoraat. Dit hou verband met die nood van die kerk in daardie dae, maar ook met sy dinamiese geaardheid om na buite te lewe en konstruktiewe opbouwerk te doen. Hy erken dit wanneer hy verklaar:[50]

> " ..... want als ik eens vrij ben, ga ik niet eerst naar mijn boeken en Lexicons .....".

Dit is egter te begrype dat as in ag geneem word dat hy feitlik altyd afwesig was, hy waarskynlik ook nie nog oor die krag en lus beskik het om nog 'n groot maat van studeerkamerwerk te doen nie. Daarby moet in gedagte gehou word dat die noodsaaklike opbouwerk wat Brandt moes verrig, deur talle faktore gekortwiek is. In die eerste plek was daar die verskriklike armoede onder die lidmate vanweë die Engelse Oorlog. Brandt het die veragtering op alle terreine van menswees, as gevolg van die ekonomiese verval as 'n vasstaande waarneembaarheid eksistensieël beleef. Enkele grepe uit sy oorvloedige aantal beskrywings oor hierdie faset van die maatskaplike orde van die lewe in daardie tyd,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderstreep die omvang van die kerkvolk se nooddruf en die daarmee gepaardgaande gees van agteruitgang.[51]

> "De menschen waren erg arm. Ik heb daar geslapen in hutjes van ongebakken steenen opgetrokken en zoo groot als de kleinste huisjes in Niezijl. De vloeren gewoon van gestampte klei, de daken van zink of gras. Op een plek kwamen wij bij een ouden man met twee dochters, die woonden onder een zink platens-dak op palen, waaronder een oud stuk tent hing waarin zij allen samen woonden.
>
> Op een andere plek vonden wij in een 'rondavel' een rond hutje met een doorsnede van ongeveer drie meter, 8 menschen (3 groote en 5 kinderen). De vader lag doodziek aan de koorts, de moeder een zuigeling en een ander kind waren ook ziek. Er allen samen moest daarbij wonen. De muur was ongeveer 3 voet van ongebakken steen, daarop nog eens 3 voet van rondgebogen zinkplaten en boven op alles een dakje van gras."

In <u>De Transvaalsche Kerkbode</u> van Junie 1905 skilder hy 'n droewe prentjie van die omstandighede:[52]

> " .... groot is de armoede en ongereeldheid van de menschen. Velen moeten te voet lopen, vooral vrouwen en kinderen, waarvan sommige zonder schoenen en kleren zijn ....."

Sekere insidente uit dié armoedsjare, wat Brandt jare nadat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy Zoutpansberg/Waterberg verlaat het in herinnering geroep het by wyse van 'n retrospektiewe terugblik, skets 'n toestand van ongekende geestelike en materiële verval.[53]

In die een geval het Brandt op huisbesoek by 'n weduwee met 'n paar kinders aangedoen. Die oudste kind was twaalf jaar oud. Ná die oorlog het dié weduwee met 'n seun in die huwelik getree wat ten tye van Brandt se besoek veertien jaar oud was, dus twee jaar ouer as sy stiefdogter. Toe Brandt aan die vrou vra hoekom sy met 'n seun van ongeveer dieselfde ouderdom as haar dogtertjie getrou het was haar antwoord: " ... om uit de zwaar uit te kom."

Op 'n ander keer toe hy in Louis Trichardt se wêreld die Dorpsrivier oorgesteek het, het hy op 'n nakende man afgekom wat op die naat van sy rug gelê het, terwyl sy vrou besig was om sy enigste klere in die rivier te was.

Mev Brandt wat soms saam met haar man besoek afgelê het by lidmate, vermeld uit die oogpunt van 'n vrou iets van die haglike omstandighede van die lidmate:[54]

> "De menschen hebben niets. Als er een speld of draadje garen gevraagd word, is er consternatie onder de vrouwen des huizes. Een kam, en een handdoek voor de gansche familie, geen lamp, alleen kaarsen."

Aan hierdie toestande was Brandt uitgelewer. Op huisbesoek moes hy in die meeste gevalle by lidmate oornag, en as sodanig was hy lyflik blootgestel aan die ruwe en gebrekkige



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lewenswyse van die mense. Van hierdie ervarings is die volgende beskrywing deur sy vrou opgeteken:[55]

> "U kunt begrijpen dat hij soms op huisbezoek de onsmakelijkste kost krijgt en ofschoon de menschen altijd vooruit weten wanneer hij komt, en dan hun best doet om hem feestelijk te ontvangen, maar als ze doodarm zijn, is hun 'best' dikwijls 'very bad', voor iemand die opgevoed is als Lou. Papa was fijn en kieskeurig en heeft zeker dikwijls zwaar gehad onder zulke omstandigheden. Hij was veel meer een 'scholar' dan Lou, maar ook veel minder praktisch en handig en niet zoo geschikt als Lou voor de moeilijkheden van zulk een leven."

Benewens Brandt se praktiese aanleg, wat hom in staat gestel het om sy veeleisende taak te volbring, moet gekonstateer word dat sy sterk gestel, wat deur sy sportaktiwiteite in sy jongelingsjare gebrei is, ook daartoe bygedra het dat hy as pastor bo die gemiddelde kon presteer. 'n Kollega uit Velp verwys daarna as rede waarom Brandt instaat was om onder sulke neerdrukkende vervalle toestande in 'n uitgebreide werkkring te kon volhard:[56]

> "Ge hebt een breeden uitgestreckten werkkring, heel anders dan ge in Niezijl hebt gehad, maar dacht mij ook meer in overstemming met Uw persoon. Het schijnt mij toe dat het werk voor u is gemaakt, en gij voor dat werk! Gij als't ware gemaakt uit twee menschen - die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> hier als Enakskind onder die Lillieputters hebt gewandeld, en niet naar den geest op ons hebt neergesien, maar toch wel met Uw ligchaam, dat als lank een hoofdt boven de andere menschen uitstak."

Sy moeder was ook oortuig gewees dat Brandt se nuwe werksituasie gepas het by sy liggaamlike vermoëns en liefde vir die buitelewe:[57]

> " .... en welke afstanden moet je afleggen! je segt dat je veel nut zullen hebben van je sport liefhebberijen en van je jongelingsleven en oefeningen, dat is wel meer iets voor jou, dan bv. altijd te zitten werken op een studeerkamer."

## 6 Brandt as prediker

Die indruk mag egter nie gelaat word, dat Brandt slegs op sterkte van liggaamsontwikkeling en fisieke eienskappe met taaie volharding sy werk verrig het nie. By alles was hy 'n besondere esoteriese mens met 'n helder verstand, hierdie eienskappe asmede die gawe om vlot te kan spreek het beteken dat Brandt 'n meesleurende prediker was, wat veral 'n diepe indruk kon maak op die gemoedere van sy toehoorders. In De Transvaalsche Kerkbode van 4 Augustus 1905 word die volgende opgemerk:[58]

> "Zeer bemoedigd en gesterkt werdt Gemeente door de



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> krachtige, indrukwekkende verkondiging van die blijde boodschap 'De Heer is waarlijk opgestaan'. O deze blijde tijding was alsof er een geest onder de Gemeente zweefde, van diepe afhankelijkheid en ootmoed, men hing aan de lippen van den trouwen, oprechten diensknecht ds Brandt, die het Woord in alle reinheid en eenvoud tot de schare bracht, zoodat het menigeen te moede was toen Zondagavond de laatste dienst voorbij was."

Berigte van hierdie aard aangaande die prediking van Brandt het reëlmatig in <u>De Transvaalsche Kerkbode</u> verskyn. Van 'n preek gelewer op Louis Trichardt, word gerapporteer:[59]

> "Ds Brandt hield treffende, boeiende redenen, vooral Zondagmorgen, naar aanleiding van koning Hiskia. Men kon zich niet van dezen oprechten, trouwen dienstknecht des Heeren losmaken, zodat Zondagsavond in het heldere maanlichtnag een dienst werd verzocht door de opgekomenen, die ook stichtelijk was."

Brandt se welslae as prediker, moet nie verkeerdelik toegeskryf word aan die moontlike gebruikmaking van allerhande kunsgrepe en metodistiese manipulering nie. Alhoewel die berigte aangaande Brandt se prediking dui op gevoelsmatigheid, en as sodanig altyd ontroerend beleef is, moet die verklaring gesoek word in die feit dat hy deur en deur 'n teoloog was wat deur die etiese rigting gevorm is. Die etici het wel 'n aanspraak gemaak op die affektiewe van die mens, deur die beklemtoning van die feit dat die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarheid eties is.[60]

> "Omdat de waarheid etisch van aard is en dientengevolge geheel in overstemming met de eisen der consciëntie en beantwoordend aan de noden en behoeften van het menselijk hart, moet het evangelie ook zo gepredikt worden dat dit karakter der christelijke waarheid tot zijn recht komt. De prediker richte zich niet allereerst tot het hoofd maar tot het hart zijner hoorders, doe een beroep op hunne consciëntie, ontdekte hun, waarom hun binneste roept en waarnaar hunne ziel hongert, en doe hen gevoelen, dat alleen de Christelijke waarheid, wier centrum de persoon van Christus Jesus is, vermag dien honger te stillen."

Dit is tog anders as die metodisme, waar daar immer die behoefte is aan skokprediking. Valeton, leermeester van Brandt, het in sy tyd aangetoon, dat indien spanning opgebou word deur intense opsweping van die gevoel, sodat dit tot allerlei buitensporighede lei, dit 'n teken is dat daar iets ernstigs haper.[61]

In 'n besinning oor die prediking[62] stel Brandt dat vir die negentiende eeuse etici daar nie plek vir familiêre aansprake was nie. Vanweë die besef van die heiligheid van die Here, in wie se teenwoordigheid gespreek word, is daar geen plek vir : "gejaagdheid, maar rus." Oor die prediker se optrede as sodanig sê hy dan verder:[63]

> " ... en als de prediker zich van gebaren bedient,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moeten die niet overdreven of gezocht, maar heel natuurlijk en eenvoudig zijn en ook niet telkens dezelfde ........ ik ben er ook van verzekerd, dat de gemeente veel meer nut zal trekken uit een natuurlijk en eenvoudige voorgedragen preek, dan uit een zalvende preektoon, die soms gebrek aan gedachten en aan diepte van inhoud moet verbergen."

Hieruit is dit duidelik dat Brandt met groot waardigheid opgetree het as prediker. Trouens elke preekgeleentheid was vir Brandt 'n plegtige gebeure. Hy was die persoon wat die dra van 'n toga en bef op die kansel in die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n vaste instelling gemaak het.[64]

Dié kwaliteite van Brandt, sy korrekte omgang[65] met mense en sy besondere organisasievermoë, het in die na-oorlogse jare vir die gemeente Zoutpansberg/Waterberg en vir die kerk in die algemeen groot waarde gehad.

## 7 Positiewe steun vir Brandt se opbouwerk

Met die aanpak van Brandt se werksaamhede in sy eerste gemeente in Afrika, was daar behalwe die geweldige armoede ook baie positiewe elemente aanwesig. Uit die eerste notules van die gemeentes na afloop van die Engelse oorlog word geen sweem van bitterheid bemerk nie. Daar is ook nie verval in 'n gees van selfbejammering nie, trouens van meet af aan is met nugterheid aan die werk gespring om die gemeentes te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

orden. Uit ouderling Boshoff van Waterberg se verslag by die Algemene Kerkvergadering,[66] blyk dit dat talle lidmate nog gereeld die Bybel gelees en gebid het, wat wys op sommige lidmate van daardie tyd se geestelike selfstandigheid. Pont beskryf hierdie verskynsel as:[67]

> "'n Sprekende voorbeeld van die krag van die geloof en die verantwoordelikheidsin van die enkele Afrikaner-gelowige van vroeër, wat die lees van die Heilige Skrif, en die dienswerk van die geloof verrig het al was hy sonder predikant en in haglike stoflike omstandighede."

Brandt het alreeds in sy tyd, hierdie deugdelikhede by sommige lidmate en kerkraadslede opgemerk. Vir hom was dit 'n bemoedigende verskynsel wat hom aangespoor het, om sy beste kragte tot beskikking van die kerk te stel. Hy stel dit so:[68]

> "Van eigenlijke bearbeiding der gemeente, zooals dat in Hollandsche dorpsgemeenten kan, is hier natuurlijk geen sprake, toch is het mij bijzonder meegevallen dat hier in onze Hervormde Kerk nog zoo veel en zoo zuiver kerkelijk leven is. Het is hier heerlijk te gevoelen dat de kerk nog zooveel invloed heeft bij de menschen en ik zal alles doen wat ik kan, om dat niet te laten afnemen. Als het gezonde oordeel van Gods Woord door de kerk over de menschen blijft, bewaart het hen voor veel verkeerdheid en afval. Door de kerkeraadsleden als zoodanig en door de kerkeraden als lichamen worden hier



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> soms merkwaardige dingen gedaan gekregen. De kerk heeft hier werkelijk iets te betekenen in het leven des volks."

Wat opmerklik van Zoutpansberg/Waterberg gemeentes was is die wyse waarop die kerklike tug streng gehandhaaf is, selfs toe daar tussen die oorlog se afloop en Brandt se oorkoms nog nie 'n eie vaste predikant was nie. Alhoewel Brandt wie se teologiese denke deur die eties-ireniese teologie van die negentiende eeu gevorm was, 'n rigting wat geneig was om nie te veel klem op die tug te lê nie,[69] is dit tog duidelik uit die kerkraadsnotule van Zoutpansberg/Waterberg van 1904 - 1908 dat Brandt hom volkome vereenselwig het met die gebruiklike vaste benadering van die vadere om die tug onverminderd te handhaaf. Elke dwaling in geloof en lewe wat onder die aandag van die kerkraad gekom het is sorgvuldig behandel, en indien nodig, is die tug streng toegepas. Opvallend van die kerkraadsnotule uit dié periode, is dat verraaiers en hensoppers gedurende die Engelse Oorlog as tugwaardig beskou is. Brandt het as 'n warme voorstander van die Boere-saak hom hiermee volkome vereenselwig. Telkens klink dit in die notule op:[70]

> "De Voorsitter brengt de zaak van .... ter sprake, die worden binnen geroepen, nadat die Voorsitter hen toespreekt belijden zij schuld, als hebbende gezondigd tegen land en volk door de wapens te hebben opgenomen van de Engelschen."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In al die gevalle moes hierdie verraaiers en hensoppers, nadat die kerkraad hulle berou aanvaar het, openlik in die gemeente hulle skuld bely alvorens hulle toegelaat is tot die Heilige Nagmaal. Sommige kerkraadslede het gereeld te kenne gegee dat hulle nooit saam met die National Scouts aan die Avondmaal sou sit nie. Ten spyte daarvan het dit nie verhinder dat die nodige versoening bewerkstellig is nie, en dat hierdie ontroues, wat getug is en skuldbelydenis gedoen het, tog in die gemeente behou is.

Wat met besondere krag spreek is dat die kerkrade van Waterberg en Zoutpansberg, nog nadat Brandt as eerste vaste na-oorlogse predikant in hulle midde opgeneem is, met groot deeglikheid en nugtere outonomie die na-oorlogse weduwees en wese versorg het.[71] Wat veral beïndruk is die gesagvolle wyse waarop die kerkraad weeskinders van die gemeente aan lidmate toegesê het vir aanneming. Onder leiding van Brandt is 'n weeshuis [72] met geld uit Holland opgerig en vir 'n tyd lank aangehou. Later is dié kinders oorgeplaas na die inrigting te Langlaagte. Verdere besonderhede oor hierdie inrigting te Pietersburg is onverkrygbaar, behalwe vae verwysings in die kerkraadsnotule. Hoe dit ook al sy, in die lig van die gegewens beteken dit dat die eerste weeshuis in die Nederduitsch Hervormde Kerk se geskiedenis, in die eerste jare ná die oorlog deur Brandt opgerig is. In hierdie tyd is daar ook 'n hospitaal[73] geopen in die ou militêre barakke waarby Brandt en sy vrou intens gemoeid was.

Tydens die kerkraadsvergadering van Zoutpansberg op 11



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oktober 1905 is besluit:[74]

> " ... dat van nu voortaan aan den Predikant alle financieële zaken der gemeente opgedragen, alsook alle stukken namens de kerkraad te doen of te laten doen teekenen, alle zaken betreffende het koop of verkoopen, het huuren of verhuren, het sluiten van leeningen, passeeren van verbanden te behartigen."

Vanweë Brandt se konsensieuse geaardheid en administratiewe vernuf het hy ook op dié terrein die kerk getrou gedien. A J G Oosthuizen verwys soos volg na hierdie bydrae:[75]

> "Of hy ooit boekhou as vak gestudeer het, weet ek nie, maar hy het baie verstand van boekhou gehad. Toe hy hier predikant geword het, het die boekhouding in die gemeentes, baie te wense oorgelaat.
>
> Ds Brandt het hom van die begin af beywer om 'n behoorlike boekhoustelsel in te voer. Deur sy gedurige bemoeiing, en die geduld waarmee hy keer op keer voorligting gegee het, was die saak baie gou in orde."

Hierdie begaafdheid van Brandt as dit by finansiële bestuur kom, is gou raakgesien en in 1907 is hy verkies tot voorsitter van die finansiële kommissie van die kerk, 'n pos wat hy tot en met sy dood in 1939 met groot onderskeiding beklee het.[76]

'n Baie belangrike taak wat Brandt ook op sy skouers moes neem, was die restourasie van kerklike eiendomme wat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedurende die oorlog erg vervalle geraak het. Brandt teken Pietersburg se kerkgebou soos hy dit die eerste keer aangetref het:[77]

> "De kerk is vrij groot maar heel kaal en vreeslijk vervallen. De muren zijn half opgevreten door mieren en het houtwerk ziet er vreeselijk uit, het dak lekt hier en daar en het plafond van doek is vol bruine vlekken. Van de ruiten zijn er heel wat vervangen door een witte lap, er is geen enkele bank in en de grond is zoo maar, vast gestampte grond, waar hier en daar een sprietje haver doorheen groeit. In den oorlog is deze kerk gebruikt als een paardenstal door den vroegeren Boeren commandant Colenbrander die naar de Engelschen is overgeloopen en vreeselijk heeft huisgehouden onder zijn eigen menschen. De wreedheden van dien man zijn onbeskrijfelijk."

Brandt beweer dat genoemde Colenbrander en sy meelopers waarskynlik ook Pietersburg gemeente se nagmaalservies en doopbak gesteel het.

Ook Waterberg[78] se kerkgebou is beskadig tydens die oorlog en die meeste gebruiksartikels is in dié periode gesteel.

Vanweë die drukkende armoede was dit bitter moeilik vir die gemeentes om hulle verpligtinge na te kom.[79] Albei gemeentes het eiendomme verkoop en lenings aangegaan ten einde kop bo water te hou. By geleentheid het Brandt vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongeveer 18 maande geen traktement[80] ontvang nie; by 'n ander keer het Brandt sy traktement teruggegee om gemeentelike skuld te delg. As dit nie was vir die voedselware wat mev Van Warmelo en die klere wat Brandt se ouers uit Nederland voorsien het nie, sou die gesin kwalik oorleef het.[81] Sommige lidmate was egter bereid om soms buitengewone offers te bring ten behoewe van die kerk. Uit die kerkraadsnotule van Waterberg van 29 Februarie 1904 verneem 'n mens die volgende:[82]

> "Br. Geyser bedankt Br. Boshoff voor de steun en hulp die hij steeds aan den dag legt en zich altijd daarvoor in de bres springt, en beloofd hen trouw bij te staan, om als het noodig is van zijn grond te verkopen ten einde aan de verplichtingen te voldoen ....."

Dieselfde gesindheid is ook in die Zoutpansberg-afdeling[83] aangetref waar H C Janse van Rensburg sy plaas Schanskransen beskikbaar gestel het waarop 'n eerste verband ten behoewe van die kerkskuld geneem is.

Vooruitsigte op 'n ekonomiese oplewing in die onmiddellike toekoms was in daardie dae uiters skraal.[84] Berigte uit daardie tyd vertel van daaglikse bankrotskappe, groot werkloosheid, en onderwysers se salarisse wat verminder is. Selfs van die Engelse inwoners van Transvaal het terugverlang na President Kruger se regeringstyd. Die Milner regering het bevestig dat 'n nie-patriotiese regering nie in staat is om 'n gesonde ekonomie daar te stel nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Al hierdie dinge en omstandighede het die Brandts genoop om daadwerklike pogings aan te wend om fondse vir die kerk te bekom.

Gedurende die Brandts se verblyf in Zoutpansberg/Waterberg, het veral mev Brandt talle basaars en funksies gereël ter stywing van kerklike fondse. By geleentheid het sy 'n groot voorraad linnegoed[85] op 'n uitverkoping opgekoop, wat later weer met funksies verkoop is teen 'n wins. Ander kere het sy groot hoeveelhede vrugte gepreserveer en van die hand gesit[86]. Sy was 'n mens wat oor buitengewone vaardigheid beskik het om vrugte en groente te verwerk en daarvan allerhande lekkernye te maak. Omdat daar so min Hervormde lidmate in daardie tyd op die dorpe binne die grense van die gemeente gewoon het, het mev Brandt selfs by geleentheid gebruik gemaak van vroue-lidmate van die Verenigde kerk.[87] Met 'n bepaalde fondsinsamelingsgeleentheid was dit net sy en een ander vrouelidmaat van die Hervormde kerk, terwyl die res van die Verenigde kerk was, wat al die werk gedoen het. Johanna skryf haar sukses om mense van ander kerke te betrek by fondsinsameling vir die Hervormde kerk toe, aan haar man se gewildheid en die respek wat hy afgedwing het as predikant. Wanneer sy vertel hoe sy daarin geslaag het om Verenigde-kerk vroue te aktiveer om haar te help met die voorbereiding van 'n funksie, voeg sy daaraan toe:[88]

> "Alle menschen zijn erg onder den indruk van Lou's prachtige gestalte en edele gelaat en ik geloof dat dat veel te maken heeft met de vriendelijkheid van menschen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die anders veel vijandig zouden zijn."

Al die funksies is baie deeglik beplan en die aanbieding daarvan, sowel as die produkte wat telkens aangebied is, was altyd van hoë gehalte. Hierdeur is ook 'n groot stuk opvoedingswerk aan baie onontwikkelde mense gebied, en is talle vroue en moeders in die geleentheid gestel om meer te wete te kom van voedselvoorbereiding en die garnering daarvan.

Soms is musiekkonserte ten bate van die gemeente gereël. Gedurende die winter van 1904 het Brandt 'n besondere aandeel gehad in 'n kamerkonsert wat op die planke gebring is, aangesien hy sangsolo's gelewer het. Werke van Grieg, Brahms, Schumann en Chopin is voorgedra. 'n Resensie in die plaaslike koerant berig oor dié konsert:[89]

> "The few amateurs of classical music in this town were afforded a rare treat on Wednesday evening, when a concert of a superior character was given at the Masonic Hall. It is seldom even in Johannesburg that a refined programme, such as was presented on the occasion referred to, is heard, and a feeling of pleasure pervaded those who were fortunate enough to drink in the delights offered them."

Al die pogings kon uiteraard nie die gemeentes uit die skuld kry nie vanweë gebrek aan kontant. Veral Zoutpansberg se skuldlas was in vergelyking met die van Waterberg besonder hoog aangesien eersgenoemde 'n pastorie moes aankoop.[90]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Spoedig het die skuld van die gemeente £2500 beloop.[91] Dit het mev Brandt toe daartoe beweeg, om haar swaer Sir Henry Cloete te nader met die versoek om geld vir die kerk te leen teen 6% rente. Die versoek was egter tevergeefs. Daarna het Johanna skriftelike versoeke gerig aan 'n aantal ryk sakemanne van Johannesburg, waarin sy hulle ingelig het omtrent die geldgebrek in die gemeente wat te wyte was aan die Engelse oorlog. Hierdie skrywes het nie veel reaksie uitgelok nie, net £10 is ontvang van Abe Bailey.

Die finansiële toestand het egter algaande meer kritiek geraak, sodat mev Brandt in oorleg met haar man, besluit het om ten einde raad self na Johannesburg en Pretoria te reis om daar die toonaangewende sakemanne en verteenwoordigers van die regering van die dag, te woord te staan.

In 'n omsendskrywe aan haar familie, gee sy op 14 Junie 1905 'n relaas van haar ongewone, dog betekenisvolle tog:[92]

> " ...... zooals ik u in mijn zendbrief vertelde moest ik naar Pretoria en Johannesburg gaan om geld te bedelen van de rijke menschen voor onze kerk, die gedagvaard zal worden als er geen hulp komt en misschien moet de pastorie verkocht worden. Lou zei tegen mij toen ik dien avond vertrok 'Je mag niet thuis komen zonder £500 of £700!!' Ik voelde erg miserabel ,over de vreeselijke vooruitzicht, van kantoor tot kantoor te gaan, tusschen al die vreemde.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Vreeselijk om Lou en de kinderen zoolang achter te laten. Dat Lou ook thuis zou zijn bij de lieve kleintjes was nog een troos, 'want hij is een tweede moeder'. Op Harmony vond ik alles wel en begon direct menschen op te zoeken. Overal waar ik kwam werd ik mismoedigd en sterk afgeraden, naar Johannesburg te gaan - de tijden waren zoo slecht, de millionaires zoo 'hard up', de armoede en bedelary zoo ontzettend groot, enz, enz. Ik besloot toen mijn best te doen in Johannesburg en als het niet ging, bij de Regering aan te kloppen. De nieuwe Hooge Commissaris, Lord Selborne, scheen een heel ander man te zijn dan Milner en ik besloot direct naar Z. Ex. te gaan als ik hem zonder veel moeite kon zien. Ik ging met een vriend naar de High Commissioner's Office, en zond mijn kaartje binnen, waarop ik geschreven had; 'wife of the Rev. L E Brandt, Dutch Reformed minister of Zoutpansberg and Waterberg, and sister-in-law of the member of parliament for Wijnberg, mr Henry Cloete C.M.T., desires a brief interview with Lord Selborne on a matter of some importance.' Henry's naam is welbekend en Line het Lord S. ontmoet en lang met hem gesproken over de toestanden hier. De secretaris dacht dat ik zonder moeite Lord S. zou kunnen zien maar hij zou mij later schrijven, en nam mijn adres.

Dat was Zaterdag. Zondag kreeg ik een mooie brief waarin ik geinviteerd werd Lord S. de volgende dag in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

zijn kantoor op te zoeken 'he would be very happy to meet me'. Wel, ik dacht dat ik hem vooral moest gaan 'happy' maken en Maandag ging ik in een cab, heel eenvoudig gekleed en met een hartje dat nogal bibberde, naar zijn Excellentie. Ik ben niet bang voor een Lord maar er hing zooveel van dat bezoek af en daarom werd ik een beetje zenuwachtig, maar toen ik eenmaal in zijn tegenwoordigheid kwam, verdween alle vrees. Hij kwam naar mij toe met uitgestrekte hand en de woorden 'Mrs Brandt I cannot tell you how much pleasure you have given me by coming te me direct. You are <u>the very first</u> of your people to appeal to me and I wish you would tell your friends, who are in any trouble to come direct to me. I cannot see them all once but I shall see them all in time.' Wel, toen was ik heelemaal op mijn gemak en ik vond hem zoo sympatiek en belangstellend, dat ik hem <u>alles</u> kon vertellen, van ons werk hier, van de armoede en achteruitgang sinds de oorlog, van de boven-menschelijke taak die op Lou rust, (toen moest ik hem op een groote kaart alles presies wijzen) van de schulden van onze kerk en alles dat op mijn hart lag. Hij vroeg toen hoe hij mij helpen kon. Ik vertelde hem dat ik gekomen was om geld te collecteeren en vroeg of ik zijn naam kon gebruiken als introductie bij de rijke mannen. En wat dinkt u was zijn antwoord? Een cheque van £25 en een brief van hem aan mij om te zeggen dat hij hoopte dat ik veel succes zou hebben met mijn moeilijke werk. Deze brief



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderteekende hij Yours sincerely, Selborne, en gaf hem aan mij met de woorden 'let everyone read this letter. It may help you a little.' Met moeite stamelde ik mijn dankbaarheid uit - hij begon direct over iets anders te praten en hield mij daar zeker een uur, terwijl hij alles vroeg omtrent ons leven hier en de toestand van de menschen. Hij zijde dat hij zelf later naar Pietersburg zou komen en beloofde om bij ons een bezoek te brengen! Met zijn vrouw!! Lord en Lady Selborne in de Pastorie!!!' Wat zullen de Engelschen, die ons nu zoo boy-cotten om de Federatie, dan op hun neus kijken. (Hier zijn heusch menschen waar wij vroeger nogal intiem zijn geweest, die ons niet meer groeten omdat ik hier een tak van de Federatie heb opgericht.) Ik merkte al gauw dat Lord S. diep godsdienstig is en hij zal zonder twijfel doen wat hij kan om de gruwelijke onrechten van de Eng. tegen ons goed te maken. Met die kostbare brief ben ik overal als een koningin ontvangen en kreeg ik binnen drie dagen £200 bij mekaar anders had ik waarskijnlijk niets gekregen. Maar o, ik zal nooit nooit weer zoo iets doen. Niemand weet wat het mij gekost heeft om zoo rond te loopen in de straten van Johannesburg - alleen, want ik kende niemand die met mij mee kon gaan."

Van die £200 wat Johanna Brandt op die wyse geïn het mog sy net £125 aan die Nederduitsch Hervormde Kerk oorbetaal. Die res was bestem vir die armes, en vir die doel het sy £50 in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kas van die SAVF gestort.

Die restant van £25 het sy in haar besit gehou, omdat daar voortdurend 'n stroom mense by die pastorie aangekom het vir hulp, en die Brandts tot op die stadium alles uit hulle eie sak moes betaal. Ten tyde van die skryf van die brief het haar man ook nog nie 'n pennie traktement vir daardie jaar ontvang nie:[93]

> " .... en de menschen zijn zoo arm en hebben het zoo zwaar dat wij niet weten wanneer wij iets zullen ontvangen."

Die moontlikheid het ook op die stadium bestaan dat die Brandts, asmede die inwoners van Pietersburg vir die eersvolgende drie maande die dorp sou moes verlaat vanweë waternood. Iets wat gelukkig toe nie nodig was nie.

Alhoewel Johanna se fondsinsameling nie sonder betekenis was nie, het die gemeente op daardie stadium nie veel gebaat by die £125 nie, en het die dreigende gevaar van 'n dagvaarding vir uitstaande skuld op die pastorie soos 'n swaard oor hulle koppe gehang. Sy sê self hiervan:[94]

> "Arme Lou gaat gebukt onder de groote financiële moeilijkheden van de kerk."

Die kerkraadslede van Zoutpansberg het ook nie oor die vermoë beskik om iets te doen aan die haglike finansiële posisie van die gemeente nie, en was as sodanig van weinig



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nut en steun vir Brandt. Met die kerkraad van Waterberg was dit heel anders. Dié ampsdraers was flinker en meer ondernemend en het met ywer iets probeer doen om die situasie te beredder.[95]

Johanna het egter met haar besoek aan Lord Selborne die staande uitnodiging ontvang, om hom te laat weet indien sy nie die £500-merk kon haal nie. Gevolglik het sy hom hiervan in kennis gestel waarop 'n lewendige briefwisseling oor-en-weer tussen hom en haar ontstaan het. Ook Brandt het 'n lang brief aan Selborne geskrywe. Dit alles het bygedra dat:[96]

> "de Regering weet nu van de vreeslijke ellende in dit district. Lord Selborne is nu goed op de hoogte en er wordt aan alle kanten geînformeerd en gewerkt om de toestand te verbeteren."

Pietersburg se landdros het daarna ook rondvraag begin doen na die toestand, en terselfdertyd het die Brandts briewe[97] ontvang van "de Commissioner of Lands en andere hooge ambtenaren," met die versoek dat aanbevelings gemaak moes word om die toestand van verarming ~~aan te spreek~~ die hoof te bied. Hierop het Johanna onverpoosd gereageer:[98]

> "Ik heb aan de Commissioner een heele lange brief terug geschreven waarin ik begon met de hoogste eischen, nl. lichte spoorwegen van Pietersburg naar de Koper mijnen, door Louis Trichardt en Zandrivierspoort, en van Pietersburg of Middelburg door de Spelonken naar de Laage Velden. Ten tweede vezocht ik de Regeering, de



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> vrouwen met werk te voorzien door weverijen hier op te richten, 'hand-looms' in te voeren en allerlei home-industries te beginnen ..... Verder stelde ik voor dat de Regeering een sterke fonds moest leggen in de handen van een vertrouwbare Commissie om de tijdelijke nooden te lenigen, totdat iets kan gedaan worden om werk te veschaffen."

'n Direkte uitvloeisel van Johanna Brandt se onderhandelinge met die regeringsamptenare was dat Sir Arthur Lawley, die toenmalige goewerneur van Transvaal, die verarmde distrikte van Noord-Transvaal persoonlik kom besoek het ten einde die owerheid op die hoogte te kon stel van toestande aldaar. Brandt het op versoek, vir dae aaneen, saam met Lawley en sy jong vrou, Noord-Transvaal te perd deurkruis sodat Brandt hom die ellende van die Afrikaners in daardie geweste kon toon.[99]

Mev Brandt het dus nie net 'n leeue-aandeel gehad om fondse vir die kerk te bekom ten einde in die beproewende dae te oorleef nie, maar ook bygedra tot die ontwikkeling van die hele Noord-Transvaalstreek deur die destydse regering. Brandt sê dan ook in hierdie tydperk van sy vrou:[100]

> "Johanna deelt in alles met mij en helpt mij goed, zij verstaat de menschen en houdt zich dapper als het voor haar soms moeilijk is."

Soos hierbo vermeld, het Johanna Brandt nie net 'n beduidende rol gespeel as predikantsvrou binne die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Hervormde kerk nie, maar, net soos in die geval met haar man, het haar opheffingswerk oor kerkgrense heen gereik. Vanaf die stigting van die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (hierna SAVF genoem) was Johanna Brandt daarby betrokke. Sy word dan ook die stigter van dié beweging se tak op Pietersburg en algou 'n hoofbestuurslid. Sy verduidelik die doel van die SAVF soos volg:[101]

> "Het doel van de Federatie is om 'Het Volk' publiek te steunen. Iedereen weet dat onze mannen thuis gesteund en gesterkt worden door hun vrouwen. Nu willen wij dat doen in het openbaar, zooals de dames van 'The Loyal Womens Guild' in Johannesburg hun hierin steunen. Iemand heeft de Vrouwen Federatie 'the Counterblast' van de Loyal Womens' Guild genoemd ...... De Federatie is heelemal een politieke beweging. Er zijn zovéél liefdadigheids vereeniging dat wij behoeften voele aan iets anders. Ons doel is om te werken met 'Het Volk' voor zelf bestuur, voor onderwijs, voor eenvoud en eensgezindheid. O, het is bitter te zien hoe de Afrikaners zelf demoralizeeren onder al de vreemde invloeden die het land binnen stromen."

Terwille van die SAVF se fondse het Johanna Brandt veel opgeoffer.[102] Dikwels het sy inisiatief geneem om musiekaande, tuinpartye, baba-tentoonstellings, om maar enkele projekte te noem, aangepak om fondse te bekom. Hierdie geld is aangewend om in die gemeente en gemeenskap nood te lenig onder die versukkelde Afrikanerdom.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy het ook saam met die ander SAVF-lede 'n kruistog onderneem om die Afrikaner op te hef, bewus en trots te maak op sy herkoms. Hierin is sy deur haar man bygestaan wat, net soos sy, by geleentheid as spreker vir die Federasie se byeenkomste opgetree het. Veral is daar vanuit dié oord gepoog om die Afrikanervrou as vrou en moeder toe te rus vir dié groot verantwoordelikheid wat op 'n vrou se skouers rus. In geen onduidelike terme het Johanna Brandt onder die vaandel van die SAVF uitheemse modes en giere, wat onder sommige Afrikanervroue uitgeslaan het, bestry.

Voortdurend was daar by die pastorie 'n aanloop van verarmdes en hongeriges, niemand is ooit met leë hande weggestuur nie. Lidmate van susterkerke[103] is ook ruimskoots gehelp. By geleentheid is vyf families van die Gereformeerde kerk van klere voorsien. Ander kere het sy telkens aan verwaarloosde mense verblyf[104] in die pastorie gebied, en as die pastorie se ruimte dit nie meer toegelaat het om almal te akkommodeer nie is van die mense in die kerkgebou se konsistoriekamer gehuisves.

Nadat Brandt sy vrou se noodlenigingsaksie met die kerkraad bespreek het,[105] is 'n lys van alle behoeftige Hervormde lidmate gemaak, sodat gedurende die winter van 1905, almal in die gemeente ten minste behoorlik geklee was, met die noodsaaklikste warmgoed. Toe mev Brandt in daardie tyd groot kiste vol klere en bale materiaal van die SAVF in Pretoria ontvang het, het sy dadelik aan die Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde kerk se predikantspaar 'n brief gestuur, om



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

haar te voorsien van die name van die ses of sewe behoeftigste families in die Vereenigde Kerk, vir wie sy van die klerasie kon aanbied. Ds Kriel was die Hervormers nie goedgesind nie, daarom sê Johanna:[106]

> "Ik geloof dat ds en mevr Kriel erg verbaasd waren over mijn brief en hem aan alle kante bekeken en besproken hebben. 'Zou zij ons voor de gek houden? Kan de arme, verachte vertrapte Hervormde Kerk aan een ander hulp bieden? Onmogelijk, en toch de brief lijkt echt! Wij zullen het eens probeeren. En zie, daar komen de menschen terug niet met oude, versleten kleeren, maar met de 'aller beste, splinter-nieuwe dingen. Dan heb ik toch zoo 'n plezier! Wat is het toch heerlijk, veel te kunnen geven. Daarom zou ik zoo graag rijk zijn, maar nu zal ik van de rijken bedelen voor de armen en dat is ook goed, ofschoon soms heel onaangenaam."

Benewens mev Brandt se liefdadigheids- en opheffingswerk, het sy haar man in alle opsigte trou bygestaan in Zoutpansberg/Waterberg.[107] As die tyd en haar omstandighede dit toegelaat het, het sy saam met hom selfs in die mees afgeleë gebiede van die gemeente besoeke afgelê. Sy was by alles 'n deftige en sjarmante gasvrou en besoekers was altyd welkom by die pastorie.[108] In die lang tye wat Brandt uithuisig was het sy tuis die fort gehou, mense met probleme tydelik met raad en daad gehelp, en soms sy korrespondensie behartig. Sy het ook dikwels in hierdie dae as orreliste uitgehelp.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

In die dae het mev Brandt ernstig 'n studie gemaak van Spiritisme.[109] Haar man het haar nie hierin teëgestaan nie, trouens hy het dié bedrywighede van sy eggenote gelate gadegeslaan.[110]

## 8 Brandt se bydrae op Potgietersrus en Louis Trichardt

Brandt was die eerste na-oorlogse predikant wat op vaste basis gereeld eredienste op Potgietersrus gehou het. Hy het dit spesifiek so gereël vanweë sy siening dat die sonde daar hoogty gevier het:[111]

> "Ik heb nog nooit zulk een wonderlijke combinatie gezien van godsvrucht en verlangen naar God, met slechtheid en werking van den Satan. Als ik gevestigd ben in Pietersburg zal ik trachten geregeld een in de 14 dagen daar te preeken."

Deur middel van Brandt se bemoeienis is op Potgietersrus kerkgrond[112] bekom, waarop later 'n kerkgebou opgerig is ná Brandt se bedieningstydperk op Zoutpansberg/Waterberg.

Ook in Louis Trichardt het Brandt 'n betekenisvolle bydrae gelewer deur aldaar 'n kerkgebou op te rig.[113] Die grasdak gebou wat veertig voet lank en 24 voet breed was is gedurende die naweek van 20 en 21 Oktober 1906 plegtig ingebruik geneem. Terwyl boumateriaal gekollekteer is en die projek aan die gang was, het daar telkens op



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerkraadsvergaderings van Zoutpansberg die vraag opgeduik: wat van die buitgeld van die Magato-oorlog?

In 1898, het die oorlog[114] tussen 'n boerekommando en M'pefu plaasgevind, in die noordelike deel van die distrik Zoutpansberg. Die bekende Generaal Joubert, het die kommandomense versoek om 'n deel van die buit af te staan, om daardeur uit dankbaarheid teenoor God op die dorp wat daar gestig sou word en wat die naam Louis Trichardt sou kry, 'n kerk te bou. Die kerk sou dan aan die drie Hollandse kerke gesamentlik behoort, naamlik die Nederduitsch Hervormde, die Gereformeerde en die Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde kerk as teken van dankbaarheid jeens God. Die kommandomense, waarvan 'n aansienlike deel Hervormde lidmate was, het aan hierdie versoek voldoen en die gevraagde buit afgestaan, die opbrengs is aan genl. Joubert oorhandig. Die Engelse oorlog het die jaar daarop uitgebreek en genl. Joubert is tydens die oorlog oorlede.

Tydens die kerkraadsvergadering van Zoutpansberg gehou op 23 Maart 1906, het Brandt soos volg antwoord verskaf op die vraag na die geld van die Magato-oorlog:[115]

> "Over het buitgeld van den Magato-oorlog geeft die voorsitter inlichting, die een gesprek gehad met ds Kriel toenmalige Vereenigde predikant van Zoutpansberg die hem versekerd heeft, dat het bedoelde geld bepaalt door wijlen Generaal Joubert bestemd was voor een



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebouw van de Verenigde kerk. Dit word echter door bijna alle leden van de kerkeraad tegen gesproken."

Met die kerkraadsvergadering van 4 Januarie 1907[116] het Brandt berig dat daar in die Natal Bank £294 op die naam van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde kerk gedeponeer is vanuit die boedel van wyle genl. Joubert. Daarby het dit gebly. Die Hervormde kerk op Louis Trichardt het nooit 'n deel van die buitgeld of enige ander aandeel daarin gekry nie.

## 9 Brandt se verhouding met sy kollegas

Die feit dat die Hervormde kerk niks ontvang het van sy deel van die buit nie, hou waarskynlik verband met ds Kriel[117] wat nogal antagonisties was teenoor die Hervormde kerk en Brandt.[118]

In September 1904 het Brandt 'n beroep na[119] Johannesburg-Krugersdorp ontvang. Hy het ernstig oorweging aan die beroep geskenk omdat hy diep onder die indruk was van die groot nood van die kerk aan die Witwatersrand, tog sê hy dat hy nie op die stadium Zoutpansberg/Waterberg kan verlaat nie omdat hy van mening was dat, as hy vertrek, Kriel al die goeie werk wat hy tot op die stadium verrig het, sal vernietig. Mev Brandt deel in dieselfde tyd mee dat sy en Louis 'n besondere gelukkige huweliksverhouding het wat steeds mooier en inniger word. Onbeskroomd verklaar sy dat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dié verbintenis die lewe vir hulle vreugdevol maak, maar, voeg sy daaraan toe: Ds Kriel en die Engelse sal daarvoor sorg dat hulle andersins gelukkige lewe nie 'n paradys word nie.[120] Dit is duidelik dat die twee predikante mekaar nie kon vind nie.

Brandt se verhouding met die predikante van sy eie kerk gedurende hierdie eerste fase van sy inburgering in die kerk en land verdien vermelding. Alhoewel sy eerste indruk van Van Belkum nie gunstig was nie, het dit reeds in die eerste jare van sy bediening verander na 'n gesindheid van waardering.[121] In die jare wat sou volg het Brandt en Van Belkum 'n gedugte kombinasie gevorm tot voordeel van die kerk. Met Prof Muller was Brandt van meet af bevriend en elke vorm van verkeer met Muller het Brandt as verkwikkend[122] bestempel. Met Murray van Rustenburg en Du Toit van Potchefstroom het Brandt in hierdie periode nie veel voeling gehad nie, trouens hy het hom redelik afsydig van hulle gehou omdat hulle alumni van Stellenbosch was en:[123]

> "eigenlijk niet in ons kerk hooren."

By verskeie geleenthede het hy hom uitgespreek teen die Engelse metodistiese invloed wat daar syns insiens van Stellenbosch uitgegaan het.[124] Vir die eerste klompie jare het Brandt glad nie gestryk met Goddefroy nie, alhoewel sy negatiewe gevoelens jeens Goddefroy nooit tot 'n openlike konflik gelei het nie. Dit was kenmerkend van Brandt dat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy, ten spyte van vooroordele teenoor mense, tot die uiterste toe selfbeheersing toegepas het terwille van vrede. Wat Brandt miskien die meeste gehinder het van Goddefroy was die arbitrêre wyse waarop hy met kerkgeld gewerk het. Voor Brandt se oorkoms na Transvaal, het die gemeente Zoutpansberg/Waterberg ongeveer £200 aan ds Goddefroy toevertrou,[125] waarmee die reis- en vervoerkoste van 'n predikant vanaf Nederland bestry moes word. In die geval van Brandt, het sy vader die geld aan hom voorgeskiet met die veronderstelling dat hy dit weer van die gemeente sou verhaal. Goddefroy het belowe dat hy via sy broer in Den Haag die geld aan Brandt se vader sou besorg. Tot so laat as 1908 het Brandt se vader nie 'n duit ontvang nie, terwyl Goddefroy se verduidelikings net nie steek gehou het nie. Brandt sê dan ook[126] "... met geldzaken is Ds G. niet te vertrouwen."

Op 'n rondte huisbesoek, het Brandt sonsteek opgedoen en was verplig om die bed vir 'n paar dae te hou. Dit het meegebring dat hy nie nagmaal op Potgietersrus kon hou nie. Sy vrou skryf dat Brandt met alle geweld, siekte ten spyte, wou opstaan om na Potgietersrus te gaan, want:[127]

> "Goddefroy is van Pretoria gekomen om zijn plaats te nemen en dat vind hij ook heel naar want die meneer eischt altijd £20 van de arme menschen bij dergelijke gelegenheden! 't Is me een dominé!"

Brandt was lid van die kommissie van ondersoek insake



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Goddefroy en beweerde onreëlmatighede in die gemeente Johannesburg. Hierdie kommissie is op die eerste sittingsdag van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van 9 Augustus 1905, en volgende dae, aangewys.[128] Brandt moes ook die kommissie se bevindinge aan die vergadering voordra. Op grond van die ondersoekkommissie se aanbevelings is Goddefroy vir drie maande geskors as predikant.

Botha[129] betoog tereg dat die optrede en beslissings van die Algemene Kerkvergadering van 1905 in verband met Goddefroy vreemd was, gesien in die lig van die kerkwet en die reëls van die kerklike orde. Die vraag ontstaan in welke mate Brandt as lid van die ondersoek medepligtig was aan die kerkregtelike dwaling?

Feit van sake is dat Goddefroy wel deeglik skuldig was aan willekeurige optrede in die gemeente Johannesburg,[130] trouens dit kan onverkort gestel word dat hy in meer as een opsig onreëlmatig gehandel het. Die gebeure rondom Goddefroy, in die voorafgaande tydperk in Pretoria, het daartoe bygedra dat al die predikante van die Hervormde Kerk en ander leidsmanne van die kerk hulle teen Goddefroy gekeer het. By alles het Goddefroy, vanuit Brandt se belewenis, 'n polemiese geaardheid gehad. Brandt het by meer as een geleentheid tot die kennis gekom dat Goddefroy lidmate negatief teenoor hom beïnvloed het. Desnieteenstaande was Brandt die enigste van die destydse korps predikante wat bereid was om Goddefroy op 26 Maart 1905 te Middelburg as predikant te bevestig.[131]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gesien in die lig van dit alles, is dit duidelik dat Brandt met die afsetting van Goddefroy nie doelbewus meegewerk het aan die oortreding van die aanvaarde kerkordelike reëls nie. As etikus, was Goddefroy se optrede vir Brandt onbehoorlik,[132] en dit kon nie geduld word nie. In sy deelname aan die tussentydse ontslag van Goddefroy het hy gehandel volgens die eties-teologiese beginsel dat 'n gelowige, oor alle sake, oordeel vanuit die geloof wat alle nadruk lê op die individuele gewete wat suiwer moet staan teenoor God. Dwarsdeur Brandt se lewe en werk het hy altyd die beginsel laat geld : "kan ek met my gewete saamleef voor God?"

## 10 Brandt se arbeid begin vrugte afwerp

Die onvermoeide ywer en volharding waarmee Brandt sy werk met die steun van sy vrou volvoer het, was nie sonder resultate nie. Sy deftige agtergrond het nooit verhinder dat hy al gou die agting en vertroue van die verarmde boere verwerf het nie. Sy vrou verwys daarna:[133]

> "Geheel Zoutpansberg en Waterberg spreken over de knappe yverige jonge dominé."

Brandt het 'n opregte belangstelling gehad in die geskiedenis[134] en veral die veldslae van die Afrikaner en voortdurend gepoog om meer daarvan te wete te kom. Die beste bewys van Brandt se intense belangstelling in sy lidmate is die feit dat hy op 'n indrukwekkende wyse, wat almal verstom



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, die mense se name en vanne kon herroep. Ná die oorlog het geweldig baie hertroues plaasgevind wat meegebring het dat familiebetrekkinge soms erg ingewikkeld geraak het; ten spyte daarvan kon Brandt telkens, tot groot verbasing van elkeen, elke familielid plaas.

Slegs na vier maande se verblyf in Zoutpansberg/Waterberg kon Brandt met blydskap konstateer:[135]

> "Onze kerk gaat zichtbaar vooruit zedert ik hier ben en ik twijfel geen oogenblik of ik ben thans op de plaats, die God voor mij bereid heeft; maar daarom ben ik ook zoo zeker van, dat er vervolging en haat en tegenwerking moet komen en ben ik niet verwonderd, die te zien, al is het heel vroeg om nu na 4 maanden al te beginnen. Maar ik ga nu rustig voort en doe mijn werk in het vertrouwen, dat God het werk dat zijne hand begon ook verder zal brengen."

Hierdie voortdurende dialektiese worsteling tussen opbou en afbreek, vooruitgang en teëwerkinge in die kerk se lewe het Brandt besonder akuut belewe tydens sy verblyf in Zoutpansberg/Waterberg gemeente. Dit is te verklaar vanweë sy besondere roepingsbewustheid en doelgerigte arbeidsvervulling aan die een kant, en sy besondere fyngevoeligheid aan die ander kant. Daarby moet gevoeg word sy voortdurende strewe tot 'n eties perfekte eksistensie. Tekens van groei en bloei in die gemeente as bevestiging van sy arbeid kon hom kinderlik opgetoë stem, terwyl terugslae



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hom hewig ontstel het. Ontsteltenis en swaarmoedigheid kon hy egter met groot selfbeheersing verberg. Sy vrou tipeer hierdie eienskap van Brandt as sy sê:[136]

> "Lou heeft worries genoeg om een man grijs te maken en het is wonderbaarlijk, zooals hij alles draagt."

Die patroon van vooruitgang en terugslae in die kerklike lewe en bediening was kenmerkend van Brandt se verblyf op Pietersburg. Die teleurstelling wat hy soms belewe het ten opsigte van lidmate se meelewing en optredes, het nie net te make gehad met die harde werklikheid van armoede en die daarmee gepaardgaande veragtering op alle terreine van die lewe nie, maar ook vanweë die feit van baie jare se gebrek aan pastorale bearbeiding weens 'n immer nypende predikantetekort. Die doel van die pastoraat[137] is wesenlik die opbouing van die kerk wat die liggaam van Christus is. Waar pastorale bearbeiding ontbreek, kan die verskynsel van onverskilligheid jeens God en sy Woord makliker wortelskiet. 'n Kenmerkende fenomeen van so 'n verworde toestand in 'n gemeente is dat, wanneer daar op 'n gegewe tydstip weer ernstig begin word om pastorale bemoeienis met die verwaarloosde gemeente te maak, baie lidmate vir 'n kortstondige tydperk weer hernieude belangstelling in kerklike aktiwiteite toon, waarna weer mettertyd 'n geestelike slapheid intree. By al die positiewe resultate wat Brandt as gevolg van sy arbeid in Zoutpansberg/Waterberg ervaar het, het hy ook die pynlikheid van geloofsoppervlakkigheid beleef. Sy vrou beskryf dié toestand



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besonder akuraat:[138]

"Ik ben toch zoo blij dat Lou een beetje kan genieten en in Pretoria weer menschen zient. Hij heeft hier niets. Arme Lou, die het zoo goed gewend is. In zijn werk heeft hij veel moeilijkheden en dikwijls bittere teleurstellingen maar Goddank, ook veel liefde en hartelijkheid en oprechte dankbaarheid van zijn gemeente. In het dorp zelf is onze gemeente maar treurig - onverschillig, ik heb nog nooit zoo iets gezien. Wij hebben u nooit verteld, maar soms, als Lou hier preekt, is de kerk bijna leeg. Mama zei toen zij hier was "Lou is uit Holland gekomen om voor stoelen en banken te preeken", maar dat is niet zoo, er zijn geen eens stoelen en banken in onze kerk. Soms is het zoo erg dat Lou geen eens een preek houdt, maar iets voorleest, en na een gebed en een paar gezangen, de dienst sluit. Eerst was het, "Wij zullen komen als er avond dienst is". Toen heeft Lou met de laatste Avondmaal besloten voortaan avonddienst ook te houden, maar wat is het nu? De eene helft komt 'smorgens en een paar 'savonds en geen van beiden diensten is de moeite waard. Verleden Zondagavond toen Lou thuis kwam was hij zoo moedeloos - er waren geen 15 menschen en nu heeft hij de avonddiensten weer afgeschaft. De Pietersburgsche menschen zijn door en door wereldsch en onverschillig. Het is niets anders dan danspartijen, picnics, dinners, tournaments - haast geen dag gaat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> voorbij zonder een of ander pretje - vooral Zondags. U kunt begrijpen hoe zwaar het voor Lou is. Nu dat hij in de ongezonde maanden nogal veel thuis is begint hij het geducht te voelen. Zoolang als hy op huisbezoek is en buitendiensten houdt heeft hij voldoening van zijn werk."

'n Bron van groot blydskap wat tydelike verligting van die geldnood in die gemeente gebring het, was toe Brandt einde Junie 1905 per telegram deur die kantoor van Selborne in kennis gestel is dat die regering, op grond van mev Brandt se vertoë, bereid was om Zoutpansberg gemeente se skuld tot 'n bedrag van £800 oor te neem. Mev Brandt gee uiting aan hulle vreugde:[139]

> "Is het niet wonderlijk, ongelooflijk? Ik voel alsof het een droom moet zijn. Het was heerlijk om Lou's dankbaarheid en verlichting te zien en voor mij een heerlijk gevoel dat ik er zelf aan gedaan had, want natuurlijk is dit een gevolg van mijn onderhoud met Lord Selborne. ....Ik weet niet wat ik zeggen moet - zooveel goedheid van een Engelschman nog al, is beschamend! Nu is de kerk voorlopig gered en kunnen de menschen proberen de schulden af te betalen, als de tijden beter worden."

Een van die groot terugslae wat Brandt in hierdie periode ondervind het, was toe ouderling M J Pos die skriba van die kerkraad van Zoutpansberg en lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering deur die Kommissie vir twaalf



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maande onder sensuur geplaas is. Van die eerste oomblik van Brandt se bedieningstyd was dit Pos wat hom in alles bygestaan het. Pos het nie moeite of tyd, ten spyte van 'n chroniese gesondheidskwaal wat aan hom veel las besorg het, ontsien nie om Brandt gedurende die eerste maande van sy predikantskap oral te vergesel en bekend te stel.[140]

'n Ander onsmaaklike voorval uit hierdie dae, was toe Brandt gedwing was om geweld toe te pas omdat hy deur 'n kwaadwillige in die pastorie aangerand is.[141] Hierdie insident het 'n besondere indruk op die hele gesin gemaak waarna telkens terugverwys is. Die gebeure tipeer iets van Brandt se karakter. Alhoewel dit van nature teen sy grein ingegaan het om gewelddadig te wees, was hy daartoe bereid as sy eer en beginsels op die spel was.

Al hierdie wedervaringe van voor en teëspoed, groei en verval tydens sy arbeidstyd in die gemeente, het Brandt baie jare ná hierdie periode treffend saamgevat:[142]

> "Deur goed en kwaad was God met ons. Vele storms en beproewinge het oor die gemeente gegaan. Baie sondes is gedoen, foute is gemaak en vreeslike dinge het gebeur. Maar God se goedertierenheid was altyd oor ons en so het Hy ons lewens en gemeente in stand gehou."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 11 Brandt en onderwys en opleiding in Noord-Transvaal 1904 - 1908

Brandt was sy hele lewe 'n warme en toegewyde yweraar vir die voorsiening en verbetering van onderwys- en opleidings-fasiliteite vir Boerekinders.

Reeds op 15 Julie 1904[143] het hy verklaar, dat die behoefte aan 'n wetenskapgerigte universiteit in Suid-Afrika baie groot is. By dieselfde geleentheid, het hy sydelings verwys na Stellenbosch waarvan nie veel verwag kan word nie, vanweë die Engels-metodistiese invloed wat daarvan uitgegaan het.

Die gebrek aan skoolopleiding[144] onder die Afrikaners, pas na sy aankoms in Noord-Transvaal, het Brandt met groot kommer vervul. Veral die destydse Engelse goewermentskole (wat ál skole direk na die Engelse oorlog was) se invloed om die:[145]

> "Boeren kind te denationålizeer en tot kleine Engelsch mannetjes te maken ...,"

het Brandt as 'n ontstellende tendens beleef. Brandt vertel[146] dat by geleentheid van 'n besoek aan 'n goewermentskool te Magatoberg naby Piesangbank, hy die onhoudbare situasie aangetref het, dat Engelse wat geen woord Afrikaans ken nie, vir Boerekinders, wat nie 'n woord Engels begryp het nie, skoolgehou het. Tog, het die Engelse onderwyser van die betrokke skool die kinders so meedoënloos gedryf dat hulle Engelse versies vlot kon opsê, sonder dat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle 'n woord begryp het van wat hulle voorgedra het.

### 11.1 Brandt as vurige ondersteuner van die CNO-skole

Die onbarmhartige uitlewering van die Afrikanerkind aan die imperialistiese onderwysstelsel van die Engelse owerheid, het Brandt 'n toegewyde ondersteuner en stigter van vele CNO-skole in Noord-Transvaal gemaak.

#### 11.1.1 Die oorsprong van die CNO-skole

As gevolg van die Engelse Oorlog het die onderwysstelsel van die Boere-republieke in duie gestort. Manlike onderwysers en leerlinge is opgeroep om vir die vryheid van die republieke te veg. Die gevolg was dat die skole gesluit is en die onderwysdepartemente in albei republieke ophou bestaan het. Toe daar besef is dat die oorlog nie net 'n paar maande nie, maar jare lank kon voortduur, is daar op eie inisiatief deur Afrikaners 'n paar skole in die minderversteurde dele van die republieke begin.[147] Hulle is deur fondse uit Nederland ondersteun en het die nukleus van die latere CNO-skole gevorm.[148]

Na afloop van die oorlog, is op 22 Oktober 1902 'n liggaam saamgestel met die naam: <u>Algemene Commissie tot behartiging van het Christelijk Nationaal Schoolonderwijs</u>. Die kommissie het bestaan uit ds H S Bosman (voorsitter), ds P Postma (sekretaris), ds M J Goddefroy, prof H Reinink en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

genl J C Smuts. Later is die naam vereenvoudig tot "De Commissie voor Christelijk-Nationale Onderwijs".[149]

Die doel van die kommissie was om vrye Christelik-nasionale skole, dit wil sê, vry van die beheer van die nuwe Britse owerheid en Christelik-nasionaal in gees, volgens die onderwysstelsel van die ou ZAR, in die lewe te roep.[150]

Die grootste beswaar teen die goewermentskole was, (a) die voertaal was byna uitsluitlik Engels en (b) die ouers het nie seggenskap gehad in die aanstel van die onderwysers nie.

Die CNO-skole kon hoegenaamd nie bestaan het sonder die reeds genoemde finansiële steun van die Nederlanders nie. Dié geldelike bydraes vanuit die Afrikanervolk se stamland vir die poging om 'n selfstandige onderwysstelsel op die been te bring, was enorm groot. Die Nederlandse volk het niks ontsien nie en met groot opofferinge en simpatie die Afrikaners in die na-oorlogse krisisure bygestaan.[151]

Brandt se kerkrade van Zoutpansberg en Waterberg het hom trou ondersteun in sy ywer vir die CNO-skole. Verteenwoordigers uit die kerkraad is aangewys om op skoolkomitees te dien, en telkens is by vergaderings geld gestem vir CNO-skole binne die gemeentelike gebied. By geleentheid het die kerkraad aan Brandt £2.00 betaal vir die groot bedrag geld wat hy voorgeskiet het om boeke aan te koop vir die Driefontein skool.[151]

Met die verkiesing van 'n bestuur[152] vir die CNO-skole in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Zoutpansberg-Waterberg gebied op 2 Januarie 1905, is Brandt as sekretaris-penningmeester aangewys. Tydens die vergadering het dit aan die lig gekom dat daar op daardie stadium alreeds twintig CNO-skole in Waterberg distrik gevestig was. Die posisie in Zoutpansberg was in 'n sekere mate nie so gunstig soos in Waterberg nie, vanweë die feit dat daar nie tot samewerking tussen die drie Afrikaanse kerke gekom kon word nie. Hiervoor was Kriel, die Verenigde predikant grotendeels verantwoordelik.

Alreeds in De Transvaalsche Kerkbode van 8 September 1904, beantwoord Brandt puntsgewys die vraag waarom hy en die syne so begeesterd was om die CNO-skole te vestig:[153]

> "Ten eerste, omdat wij staan onder onze doopbelofte als ouders en lidmaten van de Christelijke kerk, en dus onze kinderen moeten onderwijzen in de Christelijke leer, en verplicht zijn, hun een zoo-goed-mogelijke opvoeding te geven, zoodat zij, waar wij hun niet veel stoffelijk goed kunnen mede geven, zich zelf door de wereld kunnen helpen.
>
> Ten tweede, omdat wij niet mogen verwachten, dat de commissie voor C.N.O. te Pretoria altijd zal kunnen voortgaan met het geven van subsidie aan onze scholen. Het geld, dat nu wordt uitgedeeld, wordt in Holland samengebracht door menschen, waarvan velen heel wat armer zijn dan zij, die het hier ontvangen. Er is thans nog genoeg belangstelling bij onze landgenooten, om die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelden samen te brengen, maar het zou onnatuurlijk zijn als die belangstelling niet verminderde.

En ten derde, omdat wij een dag zullen staan voor het feit, dat wij zelf onze scholen geheel moeten bekostigen of ze moeten sluiten; en waar staan wij dan, als wij niet tijdig begonnen zijn met daarin te voorzien?

Indien wij nu, terwijl het nog niet noodig is, beginnen onze fondsen te stichten en ons er aan te gewennen, onze offers ook te brengen voor de opvoeding onzer kinderen in Christelijken en Nationalen geest, zullen wij later in staat zijn alles naar wensch te doen. Indien wij nu nog langer wachten, komen wij zeker onverwacht en vroeger dan wij denken, voor de moelijkheden van een noodzaaklikheid, waarop wij niet voorbereid zijn, en waaronder wij dan zullen bezwijken.

Wij moeten als broeders van één volk bij elkander staan en onze nationale belangen onder de oogen zien en op hunne rechte waarde schatten, dan zullen wij ook bereid zijn, alle persoonlijke verschillen en alle dingen, die ons verdeelen, op zijde te zetten en dan zullen wij machtig zijn, tegenover allen, die ons onze rechten en onze taal willen ontnemen.

Wij willen trachten alle lidmaten der drie kerken te vereenigen in belangstelling en samenwerking voor deze groote zaak door onze districts-vereeniging voor C.N.O.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Dan zal blijken, dat het niet eene liefhebberij is van enkele drijvers, maar de wil van ons gansche volk, dat zich zelf wil blijven en de heilige erfenis der vaderen ongeschonden wil bewaren."

In die genoemde De Transvaalsche Kerkbode[154] van 12 Januarie 1905, pleit Brandt weer eens op ondubbelsinnige wyse vir samewerking ten opsigte van die CNO-saak. Hy skryf:[155]

> "Hier is eene zaak, waarin allen zonder onderscheid van kerk kunnen samenwerken, als zij een hart hebben voor onze taal en de toekomst van ons volk."

Brandt se bemoeienis met onderwysaangeleenthede so gou na sy immigrasie na Transvaal, toon hoedat hy hom met hart en siel volkome met die Afrikaner en sy aspirasies vereenselwig het.

Brandt het ook pogings aangewend om skoolmeesters vanuit Holland te bekom om diens te doen in die CNO-skole. Hy skryf op 10 Desember 1904 in die verband aan sy vader:[156]

> "Als u goede schoolmeesters heb in Rheden, die daarvandaan willen en werkelijk Christelijke menschen zijn, kunnen wij hen wel hier gebruiken. Als zij Godloochenaars zijn moet ze liever wegblijven, dat departement laten de Boeren liever aan de Engelschen over."

Selfonderhoudende onderwys was deurentyd vir Brandt 'n saak van hoë prioriteit. Hy het hom telkens uitgespreek teen die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werklikheid van geld wat van ander lande gekom het om Boere-skole en Boere-opheffing finansieel te bolwerk. Oor geld van Nederland vir CNO-skole bestem, het Brandt met ds H S Bosman, moderator van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde kerk in botsing gekom. Sy vrou deel sy ouers hieroor mee:[157]

> "Lou heeft ook onaangenaamheden gehad in Pretoria. U weet dat hij naar Holland geschreven heeft over C.N.O. Ds Bosman ontvangt maandelijks £18,000 uit Holland voor C.N.O. en toch kan Lou van hem geen penny krijgen voor de scholen hier. Wat er eigenlijk gedaan wordt met dat geld, weet niemand, en nu wordt er een degelijke onderzoek ingesteld. Bosman is woedend op Lou en wil weten wat hij met de zaak te doen heeft. Lou zegt dat het zijn plicht is de schandalen bloot te leggen en een eind te maken aan het misbruik van geld dat in Holland bij centen en dubbeltjes van de armen gecollecteerd wordt. Het zou voor ons volk beter zijn om te leeren zichzelf te helpen, er wordt te veel op Holland gesteund, en mannen zooals Bosman, die alles haten dat Hollandsch is, ontvangen geld uit Holland en gebruiken het voor andere doeleinden dan die waarvoor het gezonden is. Nooit weer zullen wij om hulp vragen van onze vrienden en familie in Holland. Het volkskarakter wordt daardoor verlamd en onbekwaam om zelf flink op te treden. Er is geld genoeg in Transvaal om alles in orde te brengen maar wij moeten de menschen leeren om te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geven.

Alles in ag genome is dit besonder bevreemdend dat Bosman, na die oorlog, hom so dienswillig bereid verklaar het om op die CNO-bestuur te dien, aangesien hy in die jare voor die Engelse Oorlog 'n voorstander was van 'n Engelse regering en Engels as medium van onderwys vir almal in Transvaal.[158]

Dit was vir Brandt 'n gevoelige slag toe die Sinodale Kommissie van die Vrystaatse kerk in 1905 besluit het om die CNO-skole in die provinsie te oorhandig aan die staat.[159] Wat nogal ironies was, was die feit dat toe die bepaalde kommissie so 'n besluit geneem het, ds Van Heerden en genl. Kritzinger op las van dieselfde kommissie Europa deurreis het om geld te kollekteer vir die uitbreiding van CNO-skole in die Vrystaat.

Die lede van die Sinodale Kommissie van die Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde kerk wat besluit het dat die CNO-skole aan die staat oorgegee moes word was di C D Bam en G W B van der Lingen, genls J B M Hertzog, C R de Wet en C H Wessels.[160]

Die voorwaardes waarvolgens die Sinodale Kommissie toegestem het vir oorname deur die owerheid was: (a) dat skoolkommissies wat deur die ouers gekies kon word onderwysers kon aanstel uit 'n lys van name wat deur die Onderwysdepartement verstrek sou word, (b) die medium van onderwys sou Engels wees, maar aan Hollands en Engels as tale sou eweveel tyd op skool bestee word.[161]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandt se teleurstelling met die kompromis, verteenwoordig grootliks die algemene gevoel wat daar onder die Transvaalse Afrikaners geheers het.

Wat veral onbegryplik was, was dat Vrystaatse voormanne soos genls Hertzog en De Wet bereid was tot diè toegewing. Verskeie navorsers deur die jare heen kon oor die punt nie duidelikheid verkry nie. Waarskynlik het Hertzog en De Wet besef, dat die Vrystaatse Afrikaners nie oor die materiële middele beskik het om die CNO-skole onbepaald aan die gang te hou nie.

'n Ander moontlikheid is, dat Hertzog en De Wet besluit het om hulle te skik volgens die Vrystaatse kerk se houding omtrent die hele aangeleentheid.

Die uitkoms van die gebeure in Transvaal, as gevolg van die Vrystaatse besluit was:[162]

> "een organisatie voor het CNO in geheel Transvaal."

'n Ontwikkeling wat sterk steun van Brandt geniet het, omdat soos hy dit stel:[163]

> "...'t is te veel geweest een zaak van enkele personen, zonder verslag of verandwoording aan iemand. Ik zou zelfs wenschen, dat er van uit Holland werd aangedrongen op een commissie van onderzoek en een openbaar maken van alle ontvangen en uitgegeven gelden."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In elk geval, die besluit in die Vrystaat het die vertroue van Brandt in die Afrikaners vir wie hy reeds soveel opgeoffer het, geweldig geskok. Hy skryf:[164]

> "Er gebeuren hier zulke onbegrijpelijke dingen, dat ik waarlijk soms niet weet, hoe ik mij houden moet. Soms ben ik totaal moedeloos en dink, dat het maar beter is, niet langer mij in te spannen voor dit volk, dat geen trouw kent, dat geen beginsel vast houdt, dat geen begrip heef van het ware Christendom, onder den schijn van vroomheid; en maar liever te helpen om ze zoo spoedig mogelijk onder in het verderf te krijgen waarheen zij zelf willen. Wat helpt al mijn tegenspartelen als mijn handen lam geslagen worden door diezelfde menschen voor wie ik mijn leven geef."

Die CNO-skole het in 1907 finaal tot 'n einde gekom. Vir Brandt was dit weliswaar 'n groot teleurstelling. Dit was egter nie die einde van sy warme en intense betrokkenheid by die onderwys nie.

Gedurende April 1907 het Brandt in Pretoria 'n kongres[165] oor CNO bygewoon waartydens hy ook 'n substansiële bydrae gelewer het. Op diè kongres het Brandt 'n besliste onderwys rigtingstryd ervaar wat hy soos volg beskrywe:[166]

> "Er waren twee hoofdrichtingen vertegenwoordigd, die weer samenhingen met de verschillende kerken. De Hervormde predikanten ijverden voor vrije scholen met subsidie van den staat, zooals nu ook in Holland



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangenomen is. De predikanten van de Verenigde kerk gingen mee met het stelsel dat de minister Smuts, die Coloniale Secretaris is en dus ook Minister van onderwijs, voorstelde. Hij zou bij ons Minister van Binnenlandsche zaken genoemd worden.

Zijn stelsel komt in de praktijk neer op een Christelijke Staat school, waarin de ouders door schoolcommissies veel toezicht en invloed kunnen oefenen op de school, maar toch blijft het een staatschool met al de nadeelen daarvan en dan blijft de onrechtvaardigheid tegenover de Joden, Roomschen en andere kerken, die niet te vinden zijn met het Gouverments Christendom."

Brandt self, was 'n voorstander vir vrye skole met staatsubsidie. Daarby was hy ook 'n pleitbesorger vir "leerplicht" op skole, mits die ouers hulle kinders na 'n skool kan stuur wat in ooreenstemming met hulle "gewetens overtuiging" is. Alhoewel Brandt geneë was vir staatsubsidie vir die onderwys was hy heftig gekant teen volkome gratis onderwys omdat:[167]

"dat demoralizerend werkt op ouders en kinderen beide."

Genl. Smuts, soos reeds vermeld, wat belas was met onderwys in Transvaal het Brandt se siening in so 'n mate interessant gevind[168] dat hy Brandt versoek het om hom die 14 de of 15 de April 1907 te besoek vir verdere toeligting.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 11.2 Die Brandts se spinskool:

In 1905 het Brandt en sy vrou ook begin met die vestiging van 'n spinskool[169] op Pietersburg om opleiding en uiteindelik werkgeleenthede aan Boeredogters te gee.

Ter voorbereiding vir die oprigting van die spinskool, het Brandt en sy vrou vooraf behoorlik ondersoek ingestel na die voorwaardes vir doeltreffende funksionering van sodanige inrigting. Hulle het ondermeer in briefwisseling met Emily Hobhouse getree om by haar kers op te steek oor hoe 'n spinskool bedryf moet word. Gedurende April 1905 het Brandt en sy vrou mej Hobhouse persoonlik in Johannesburg gaan ontmoet en haar tuisnywerheid aldaar van nader gaan besigtig. Emily Hobhouse was, volgens Johanna Brandt se waarneming, pessimisties of die Brandts instaat sou wees om so 'n spinskool van stapel te laat loop, vanweë die feit dat die verwagte koste verbonde aan die oprigting van só 'n skool ongeveer £200 sou wees.[170]

Kort na hierdie besoek aan Emily Hobhouse het die Brandts op uitnodiging by Lord Selborne en sy gade gaan eet. Dit sou die eerste keer wees wat Brandt persoonlik sou kennismaak met Selborne en hy was bly hieroor omdat hy volgens Johanna:[171]

> "... graag kennis wou maken met onze goede Samaritaan en hem bedanken voor zijn hulp in de kerkzaken."

Tiperend van die Brandts in hulle omgang met mense, en veral



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wanneer hulle in die openbaar opgetree het, was hulle goedversorgde voorkoms wat altyd indruk gemaak het. Johanna vertel hoe hulle aangetrek het vir hulle besoek aan die staatshoof:[172]

> "Lou leek erg mooi en statig in zijn gekleede jas - Johanna was hoogst eenvoudig gekleed in een blaaw serge japon."

Volgens haar opinie was hulle uiterlike verskyning aan huis van die Selborne's : "... keurig en netjes ..."

By hierdie geleentheid het die Brandts ook ondermeer kennis gemaak met die Goewerneur van die Oranje Vrystaat en Lyttelton, die staatssekretaris.

Selborne het 'n geleentheid geskep dat die Brandts privaat met hom en sy vrou kon beraadslaag met die oog op staatsteun vir die beoogde spinskool op Pietersburg. Die Brandts het dié oudiënsie heel besonders beleef:[173]

> "Er was iets intiems, heelemal niet officieel, in ons gesprek en wij hebben elkander goed leeren kennen. Lou en ik denken dat deze menschen door en door oprecht zijn en diep godsdienstig."

Die besoek van die Brandt egpaar aan Lord Selborne het as uitkoms gehad dat hulle twee dae later skriftelik in kennis gestel is, in opdrag van Lord Selborne, om met Sir A Lawley, goewerneur van Transvaal in verbinding te tree in verband



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met staatshulp[174] vir die beplande spinskool. Hierop het die Brandts onmiddelik gereageer en 'n dag na die ontvangs van Lawley se skrywe, op afspraak by sy kantoor in Pretoria aangedoen. Johanna Brandt se relaas van dié onderhoud moet in detail weergegee word om die Brandts se vermoë om te onderhandel te illustreer:[175]

> "Wij vonden hem (d.i. Lawley) druk, en klaar om naar de Executive Council te gaan. De Colonial Secretary was ook aanwezig, en beide heeren stelden veel belang in wat wij te vertellen hadden. Het was een critiek moment voor ons want er hing zóó veel van af of wij ondersteuning van de Regeering zouden krijgen of niet, maar wij hebben onze zaak goed bepleit en het eind was dat de Gouverneur ons permissie gaf op Regeerings kosten de 35 wielen te bestellen (£100 uitgaven) en verder een jaarlijksche bijdrage van £150 beloofde. Hij keurde het idee van twee veldtente terstond af en gaf ons permissie een huis te huren, in de buurt van de Pastorie. Dit alles was een groote en onverwachte vreugde voor ons en toen hij ons verzocht om om één uur bij hem te komen lunchen met zijn vrouw, die nogal veel wist van weverijen, konden wij niet anders dan aannemen. Hij zou dan met ons de zaak verder bespreken.
>
> Mama en de jongens vonden het maar half goed want het was onze laatste dag thuis en ze hadden heel weinig van ons gezien. Mama had een extra lekker dinner klaar gemaakt voor ons, maar beloofde een beetje moerbeien-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pudding voor ons te bewaren. Lady Lawley had al een boodschap van haar man ontvangen en ontving ons zeer opgewekt en vriendelijk. Het resultaat van ons bezoek was dat Lady Lawley beloofde om met mevr Louis Botha een "represantative Committee" te vormen in Pretoria om de financieele zaken van de home industries te beheeren, en om het publiek daarin te interesseeren om geld te geven, zoodat het geen Gouverments ding zou zijn, maar een volksbeweging. Alleen krijgen wij subsidie van de Regeering en natuurlijk ook wat Sir A Lawley ons alreeds beloofd heeft nl de 35 wielen. Beter kon het onmogelijk afgeloopen zijn. Wij waren altijd bang om er een Regeerings zaak van te maken omdat er zooveel plechtigheid en "red tape" aan verbonden zou zijn en de meeste Boeren er dan ook niets mee te maken zouden hebben, maar nu, als het door het gansche volk ondersteund wordt, met alleen een subsidie van't Gouvernement, zijn er geen bezwaren meer. Mevrouw Botha was er direct mee ingenomen en klaar om alles te doen om er een groot en goed ding van te maken. Er zijn van onze menschen o.a. ook mijn broer Fritz, die er bitter op tegen zijn dat wij met de Regeering werken en het verschrikkelijk vinden dat wij bij de Selbornes en Lawleys gegeten hebben maar ik geloof dat hun opvatting verkeerd is. Wij zullen nooit Engelschgezind worden en de gunsten die wij ontvangen zullen ons niet onder zulke verplichtingen brengen dat wij niet meer met hart en ziel voor de Boeren zullen kunnen werken;



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

integendeel, deze hooge ambtenaren weten precies hoe wij denken en zullen ons meer respecteeren en vertrouwen als wij trouw blijven aan onze menschen dan wanneer wij "turn-coats" worden."

Hieruit blyk ook met watter gesindheid die Brandts al die moeite gedoen het vir die Boerevolk. Dit is ook duidelik dat hulle sonder prysgawe van beginsels, sonder om ontrou te word aan die mense vir wie hulle beding het, telkens daarin kon slaag om die Britse regeringslui in Suid-Afrika oor te haal om die saak waarvoor hulle gestaan het, met simpatie te bejeen. Dit alles was te danke aan Brandt en sy vrou se agtergrond en skoling, wat hulle in staat gestel het om ook op die hoogste vlak van die sosiale orde van hulle dag, respek af te dwing.

In Januarie 1906 is die Brandts se spinskool amptelik, met toesprake deur die burgemeester en landros, geopen.[176] By die geleentheid was daar reeds agt ingeskrewe leerlinge, terwyl daar 'n groot aantal aansoeke vir opname was. Merkwaardig is dat Johanna Brandt persoonlik toegesien het dat die dogters van die skool nie net opgelei is in die spin en weefkuns nie, maar dat hulle ook godsdienstig en lewensbeskoulik gevorm word. Vir die doel het sy hulle ook gereeld toegespreek.[177] Die eerste prinsipale van die weefskool was juf Hester Strauss afkomstig uit die Oranje Vrystaat. Pas voor die opening van die weefskool het Brandt by 'n funksie, gereël deur Lord Selborne, £170 ingesamel vir die skool, met die belofte van verdere bydraes.[178] Die geld



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat Brandt op die wyse bekom het, was in elk geval genoegsaam om die skool vir agt maande aan die gang te hou. Vir die duur van die bestaan van die skool is waardevolle opheffingswerk gedoen, deurdat 'n groot aantal dogters aldaar opleiding en toerusting kon ontvang van vormende betekenis.

In Januarie 1907 met die toekenning van Verandwoordelike Bestuur in Transvaal, is al die weefskole deur die regering oorgeneem en het dit meestal nywerheidskole geword.

Die Brandts het die leiersrol wat hulle opgelê was in 'n kerk en onder 'n volk wat deur 'n oorlog swaar verwond is, as 'n onafwendbaarheid besef:[179]

> "Wij worden hier in allerlei zaken getrokken, waar in Holland niet aan gedacht zou worden, want wij moeten maar optreden als leiders en voormannen anders gebeurt er niets; en de menschen zien naar de predikanten en hun vrouwen op om hulp en leiding."

Vir Louis Brandt en sy vrou, het hulle verantwoordelikheid om op allerlei terreine rigting te gee egter nie net by 'n besef van die onvermydelike gebly nie, trouens soos hulle hele lewensgeskiedenis getuig het hulle antwoord gegee op die uitdagings van die leiersposisie wat hulle gegun is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 12 Brandt se sosiale en kulturele bydrae:

As 'n ewewigtige mens het Brandt by sy ongelooflike druk werkprogram tyd ingeruim vir ontspanning.[180] Trou aan sy aanleg vir, en belangstelling in sport, het hy gereeld tennis en gholf gespeel. Mev Brandt het weer as haar omstandighede dit toegelaat het aan croquet deelgeneem. Merkwaardig is die feit dat Brandt ook die tyd kon vind om lede van die Pietersburg se publiek te leer om tennis te speel. As gesinsman het hy ook sy vrou by sy sportaktiwiteite betrek en aan haar gholf lesse gegee. Sy groot ideaal was dat sy saam met hom kon tennis speel. Iets van Brandt se geweldige stamina spreek uit die volgende mededeling van hom aan sy vader:[181]

> "Men kan bij goed weer hier in de hooge lucht veel uithouden zooals u ziet. Tusschen 6 en 12 ruim 80 km fietzen, daarna golf spelen en 's avonds tot 11 uur zingen."

Afgesien van sy sportaktiwiteite het Brandt ook 'n koor in Pietersburg op die been gebring wat bekend gestaan het as die "choral society",[182] waarvan hy die dirigent was. Brandt en sy vrou het soms by optredes van die Choral Society sangsolo's gelewer wat met akklamasie begroet is. Hy was ook 'n meesterlike kornetblaser terwyl die virtuositeit van Johanna se klavierspel bewondering afgedwing het.

Vanweë die egpaar se agtergrond het hulle 'n fyn ontwikkelde smaak gehad vir die kunste, in besonder vir musiek. Die feit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

dat daar op Pietersburg 'n groot kulturele armoede geheers het wat die kunste betref, was vir Brandt en sy vrou frustrerend. Telkens gee hy in briewe aan sy ouers 'n onbedwingbare hunkering weer na die konsertsale van Europa, veral as hulle hom vertel het van besondere ervarings wat hulle in die verband gehad het.

Afgesien van die kulturele opheffing wat Brandt verrig het met geleenthede wat hy geskep het vir die aanbieding van uitvoerings van klassieke musiek, het hy daarmee ook 'n opvoedkundige doelwit voor oë gehad, naamlik om ledige jongmense se tyd sinvol te vul met betekenisvolle verheffende bedrywighede.

Brandt se kerkraad het egter nie hierdie belangstellings van hom gedeel nie. Gedurende 1904 het ouderling Redelinghuys op 'n kerkraadsvergadering van Zoutpansberg beswaar aangeteken:[183]

> "..... omtrent die dingen hij afkeurt in het gedrag van den predikant en zijn vrouw. Het meedoen aan concerten acht hij verkeerd en de plaats waar deze gehouden worden is ook verkeerd.
>
> Na dat er geruime tyd door verschillende Brs. gesproken is verandwoort de predikant sich, seggende dat hij geen kwaad gesien heeft en ook nog niet sien kan, in de dingen, die hij gedaan heeft, maar thans belooft niet meer de leiding van het sangkoor te sullen houden, ter wille van den vrede."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Johanna vertel teleurgesteld aan haar skoonouers dat Brandt hom ontrek het aan alle openbare opvoerings omdat[184]

> " ... zijn gemeente nog bekrompen en onopgevoed is en hij wil geen aanstoot geven."

Sy vrou het simpatie met haar man wat só deur die kerkraad aan bande gelê is dat hy nie meer sy liefde vir musiek tot openbare uiting kon laat kom nie, met daarby die werklikheid dat daar in Pietersburg geen verheffende kultuuraktiwiteite was nie, behalwe wat hulle geinisieer het, sy verklaar:[185]

> "Hij heeft hier niets, arme Lou die het zoo goed gewendt is."

Die Brandts was ook op Pietersburg betrokke by die plaaslike "Debating Society", 'n vereniging voor wie hy by geleentheid 'n uitmuntende voorlesing in vloeiende Engels gegee het oor <u>Hamlet</u>,[186] waardeur sy deeglike kennis van die klassieke literêre werke van die westerse beskawing duidelik gespreek het. Sy gunsteling digter was die befaamde Nederlander Beets.

Daar dien ook vermeld te word dat Brandt vanaf die stigting van <u>Het Volk</u> betrokke was by dié politieke party wat as doelwit gehad het: selfbestuur vir die Afrikaner. Brandt het vanweë sy pro-Boer gesindheid die ideale van dié party openlik bevorder. In 'n skrywe aan haar man, gedateer 14 Desember 1904 versoek sy hom:[187]

> "Jij moet naar Dr Engelenburg en aan hom voorstellen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

dat er geld gecollecteerd moet werden van het Afrikaansche volk om een prachtige monument op Oom Paul's graf te zetten. Het moet van het gansche volk komen en nu is de tijd (strike while the iron is hot)"

Dit dui op sigself in watter mate die Brandts in die breë volkslewe inisiatief geneem het in sake van belang.

In 1907 het Brandt by mense van gesag in Afrikanergeledere aanbeveel dat 'n Hollandsche hospitaal in Pretoria opgerig moet word omdat dit om verskeie redes onaangenaam is om in 'n Engelse hospitaal opgeneem te word. Hy sê so 'n Hollandse hospitaal:[188] "kan als een monument in Pretoria en tot een zegen zijn voor Hollanders en Afrikaners."

Aldus het Brandt dan ook 'n bydrae gelewer in die totstandkoming van die bekende Zuid-Afrikaansche Hospitaal in Pretoria.

Alhoewel alle gemeentelede altyd welkom by die pastorie was en met hartlikheid ontvang is, het die Brandts nie huisvriende onder die lidmate of Afrikaanssprekende deel van Zoutpansberg se mense gehad nie. Dit het ongetwyfeld te make gehad met die feit dat, vanweë hulle hoë ontwikkelingspeil, sosiale verkeer op intieme gemeensame vlak, met mense wat nie oor dieselfde intrinsieke rypheid as hulle beskik het nie, moeilik was. Kommunikasie en omgang met die meer bevoorregte lede van die Engelse gemeenkap was makliker. Tog was daar vanweë veral Brandt se sterk pro-Boer gesindheid ook stremminge. By alles het die Afrikaners hulle assosiasie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met die Engelse afgekeur, sodat die Brandts verplig was om 'n reëling te tref, om afsonderlik met beide taalgroepe te kan kuier.[189]

> "Wij voelen niet erg thuis met deze menschen en gaan niet veel met ze om. De aardigste van onze kennissen zijn Engelschen en met die kunnen wij nooit intiem worden, want er is altijd iets tusschen ons en zelfs in gewoon gesprek met hen komen er veel onaangename dingen die onvermijdelijk zijn. De gespannen landsomstandigheden, de zware belastingen en "red tape" onder de Engelsche Regeering maken een prettige verhouding tusschen Boer en Brit onmogelijk. En u weet hoe "straight forward" Lou altijd is - hij komt zoo maar met zijn opinies voor den dag en zegt dingen in gezelschap die waar zijn, maar die de Engelschen liever niet willen hooren. En toch loopen ze ons erg achterna, want Lou is zeker de knapste man in Pietersburg en ons huis is deftig - dingen van veel waarde bij een Engelschman. Zoo krijgen wij veel Engelsche bezoeksters, opgedirkte Engelsche dames, en veel invitaties voor allerlei dingen, die wij heel zelden aannemen, want het zou voor Lou's invloed onder de Boeren nogal schadelijk zijn als wij met de Engelsche "society" hier mee gingen. Wij zouden spoedig de naam van "Engelschgezinden" krijgen. Maar ik ben nu toch met een ontvangdag begonnen omdat het zooveel makkelijker is. Dinsdag zijn wij "At Home" voor de Engelschen en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dan hebben wij thee en koek en sandwiches en komen al onze mooiste dingen te voorschijn en doe ik mijn mooiste japonnetje aan. Voor onze Afrikaansche vrienden zijn wij altijd thuis. Dinsdag avond hebben wij een muziek avond voor de Engelschen. Dan inviteeren wij de menschen die ons al voor het een of ander gevraagd hebben. Verleden week b.v. waren de Parnells hier en mr en mrs Allin. Wij noemen het een muziek avond maar de muziek is aller treurigst en ik ben maar blij als er veel gepraat wordt. Het is alles behalve aanmoedigend om na een heerlijke lied van Schubert of Schumann gevraagd te worden "Don't you sing any English songs? Do give us an English song!"

Gister avond waren wij bij de familie Antrobius ten eten gevraagd. Ik ga anders niet zonder Lou naar al die menschen maar had gisteravond lust om weer met een fatsoenlijke medemensch te praten en mrs Antrobius is werkelijk een aardige vrouw, heel mooi en deftig en altijd beelderig mooi gekleed. Het was een gezellige avond en ik vond het leuk weer eens te eten in het huis waar wij zooveel maanden hebben door gebracht.

Jammer genoeg gaat mrs Antrobius in Maart met haar twee kleine kinderen naar Engeland voor negen of tien maanden. Het is voor mij jammer want ik houd meer van haar dan van iemand anders in Pietersburg."

Mense by wie die Brandts tuis gevoel het en gesellig mee kon



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkeer, was Lord en Lady Selborne, prof Muller van Pretoria, Generaals Botha en Beyers asook die heer Knobel en sy gade wat Nederland se gesant in Pretoria was. Met laasgenoemde egpaar het die Brandts 'n besondere vriendskapsverhouding gehad.

13 <u>Brandt se reis na Holland</u>

Aangesien Brandt vir die eerste drie jaar van sy verblyf in Zoutpansberg/Waterberg nie 'n dag vakansie geneem het nie, het hy besluit om teen die middel van 1907 vier maande verlof te neem om sy geboorteland te besoek.

Sy vrou wat grootliks verantwoordelik was vir sy oorkoms na Suid-Afrika, het sy beplande oortog na Holland klaarblyklik beskou as 'n ereskuld wat aan hom toegekom het, vir die prysgawe van sy vaderland en die selfverloënende ywer waarmee hy tot op daardie stadium gearbei het. Met onbedwingbare blydskap roep sy uit:[190]

"k ben dol van plezier .......Lou gaat naar Holland!!"

Sy was ook bereid om materiële opofferings te maak ten behoewe van haar man se vakansie en onderneem dan ook in die verband:[191]

"Wij zullen heel stilletjes en eenvoudig leven ......."

Volgens Johanna Brandt was die breë gemeenskap van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pietersburg ook opgetoë met die feit dat Brandt Holland toe sou gaan, en as sodanig was hulle ook hulpvaardig:[192]

> "Iedereen wil meehelpen en dat toont hoeveel iedereen van Lou houdt. De Pietersburgers juichen met wij en willen allen meewerken om een groot concert hier te geven voor onze kerk, zoodat er wat geld in kas kan zijn om renten enz te betalen terwijl Lou weg is. Het is verbazend aardig zooals de menschen belangstellen in onze plannen."

Op 1 Junie 1907 het Brandt via Durban vertrek na Europa. Voordat hy egter die land verlaat het het hy verneem dat hy moontlik na Johannesburg beroep sou word. Met die voorkennis het hy in Nederland gepoog om 'n ongetroude predikant[193] te bekom wat in Zoutpansberg/Waterberg kon arbei, wat vanweë sy ongehude staat, minder uitgawes vir die verarmde gemeente sou meebring.

Hy het 'n besige tyd in Holland beleef, omdat hy probeer het om soveel as moontlik van sy familielede en talle vriende op te soek.

Van die gemeente Velp, die gemeente waarin hy grootgeword het, het hy nagmaalserviese vir Zoutpansberg sowel as Waterberg-gemeentes as geskenke ontvang.[194]

Die besoek aan Nederland, was vir Brandt 'n welverdiende en opbeurende verposing langs die uitputtende pastorale weg wat hy verkies het om in Transvaal te bewandel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die hereniging met sy gesin met sy terugkeer na Pietersburg op 13 Oktober 1907 was vir Brandt 'n intense ervaring van vreugde wat 'n manifestasie was van sy liefde vir sy gesin. 'n Heerlike verrassing wat hom met sy tuiskoms begroet het, was die goed versorgde pastorietuin[195] wat Johanna as verrassing vir sy terugkeer met spesiale moeite verfraai het, alhoewel sy nie van nature 'n liefhebber van tuinmaak was nie.

By nadenke aan sy pas voltooide besoek aan sy heimat waar hy vir 'n wyle weer by sy ouers onderdak was, hulle wat so 'n vormende invloed op sy menswees uitgeoefen het, skryf hy met 'n sweem van nostalgie aan hulle:[196]

> "U moet maar niet toegeven aan gevoelens van weemoed en treurigheid en teederheid. Wij zien dezelfde zon en maan en het is dezelfde God en Vader die over ons waakt en voor ons zorgt."

## 14 Brandt se pastorie- en gesinslewe

Vanaf middel Mei tot 1 September 1904 het die Brandts hulle intrek in 'n huurhuis van Zeederberg geneem.[197] Die huis, wat ten volle gemeubileer was, is deur die kerkraad gehuur teen £17 per maand. Die huis kon vir die genoemde periode dien as voorlopige pastorie omdat die verhuurders van die woning vir daardie tydperk met vakansie was. Die deftige woning met sy mooi meubels was 'n dienlike en aangename



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanvanklike tuiste.

Gedurende Augustus 1904 het die kerkraad 'n doelmatige huis aangekoop[198] wat ten minste tot in 1933 nog as pastorie gedien het. Die finale koopsom van die huis was £900 waarvan die kerkraad £600 dadelik betaal het, terwyl die verkoper bereid was om vir die uitstaande £300 te wag.

Teen die einde van Augustus het hulle meubels met die Dartford in Delagoabaai aangekom en is toe per ossewa na Pietersburg versend. Toe die Brandts met verwagting die agt en dertig kiste oopgemaak het was hulle verbysterd. Vanweë die doeane-amptenare se argelose hantering van die kratte het hulle besittings in 'n erg geskonde toestand op Pietersburg arriveer:[199]

> "....... onze vreugde werd langzamerhand in smart veranderd toen een na de andere kostbare en dierbare meubel in stukken en brokken voor den dag kwam.
>
> Het is hartverscheurend en nooit heb ik mijn dierbare man zoo teneergeslagen gezien."

Brandt het egter 'n uitstekende meubelmaker, 'n sekere Elston, op Pietersburg bekom wat die beskadigde meubels netjies herstel het. Gelukkig het die meeste kosbare porselein, kristal en marmerstukke in 'n onbeskadigde toestand aangekom.

Teen 4 September 1904, was die Brandts gevestig in die gemeente se eie pastorie. Vir die Brandts was dit 'n bron



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

van groot dankbaarheid om na vele omswerwinge uiteindelik gevestig te kon wees, omring deur hulle eie ameublement en ander gebruiksartikels.

Die kerkraad het vir ongeveer £200 dadelik aanbouings laat doen ten einde die huis so doelmatig as moontlik in te rig. Dus, die eerste paar weke na hulle intrek het hulle nog heelwat ontwrigting ervaar, dog die feit dat hulle in hulle eie huis met hulle eie meubels was, het vir alles vergoed:[200]

> "Wij voelen ons zoo echt thuis in dit huis, ofschoon alles nog in een ongelooflijke rommel is, buiten met metselaars, kaffirs en steenen, binnen met kaffirs en kisten, gebroken meubels, stof en vlooien!"

Onder die omstandighede het Brandt met daadkrag in 'n gees van bedaardheid vinnig orde geskep:[201]

> "Maar wat is Lou toch handig en sterk en een heerlijke hulp onder deze omstandigheden! Ik geloof dat iemand hier nog ooit zoo 'n dominé heeft gezien, die alles kan doen en onder alles kalm blijft."

Uit die Brandt egpaar se korrespondensiestukke, is dit duidelik dat hulle pastorie volledig met waardevolle Nederlandse inboedel gemeubileer was. As sodanig was hulle huis, uniek in Noord-Transvaal, en was dit as't ware 'n vertoonstuk van die fynste produkte van die Westerse beskawing:[202]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "...... ik geloof niet dat er nog zoo 'n chic huis is in Pietersburg, zeker is er geen een met zooveel kostbare oude meubels."

Die pastorie was nie net 'n sentrum van beskawing nie, maar ook die middelpunt van die gemeentelike aktiwiteite en toenemende kerklike belangstelling. Daar was voortdurend 'n groot toeloop van lidmate en belangstellendes. Almal is gasvry ontvang. Van die deftigste tot die armste mense wat by hulle aangedoen het is met groot stylvolheid ontvang. Baie haweloses het vir 'n korter of langer periode selfs onderdak in die pastorie gevind.

Mev Brandt het bekend gestaan as 'n besonder sjarmante gasvrou, wat gereeld haar huis oopgestel het om lidmate en ander persone te onthaal:[203]

> "S'middags trek ik mijn beste japon aan, thee en koek klaar in de salon (zilvere servies natuurlijk) en wacht op bezoekers en bezoeksters."

Brandt was 'n huislike mens, wat met handigheid sy vrou onderskraag het om 'n gesellige tuiste te skep. Hy was 'n vernuftige skrynwerker[204] en het ondermeer die kombuiskaste in die nuwe pastorie eiehandig vervaardig. Vir tuinmaak het hy 'n besondere voorliefde gehad en voortdurend in die tuin gewerskaf. Teen 1907 was die pastorie omring met 'n fraai blomtuin en 'n gevestigde vrugteboord met 'n goedbeplande groentetuin daarnaas - alles die handewerk van Brandt!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die Brandts se huwelikslewe in hierdie periode was in alle opsigte 'n voorbeeld van 'n Christelike liefdevolle verbintenis. Johanna verwys in 'n brief, gedateer 28 Augustus 1904 dat hulle egverbintenis steeds mooier word, 'n toestand wat gekenmerk is deur harmonie en liefde.

Gedurende die egpaar se verblyf op Pietersburg, is drie van hulle sewe kinders gebore. Op 8 Desember 1904 het hulle tweede kind, 'n dogter, die eerste om in Suid-Afrika gebore te word, die lewenslig aanskou. Sy is vernoem na Brandt se moeder en het die name van Emilie Marie Dorothee ontvang. Die derde kind is op 2 Mei 1906 gebore en is vernoem na Brandt se lieflingsbroer Francois Antoine. Die vierde kind is op 8 Mei 1907 gebore en is vernoem na mev Brandt se moeder, Maria Magdalena Elizabeth. Laasgenoemde is gebore kort voor Brandt se vertrek na Europa, sodat hy verplig was om haar in die teenwoordigheid van kerkraadslede, op 18 Mei 1907 in die pastorie te doop.[205]

Brandt was 'n toegewyde en sorgsame eggenoot en vader. In sy briewe gee hy telkens blyke van sy opregte liefde vir sy kinders. Met verwondering het hy hom in hulle baba- en kleutereienskappe verlustig.

Alhoewel hy altyd in die publiek die welopgevoede, deftige en gereserveerde predikant was, was hy van nature vrolik en het met groot opgewektheid warmte in sy gesinslewe gebring. Klein blykies van toegeneentheid van sy gesinslede se kant kon hom uitermate verbly; sy vrou sê:[206] "Lou is niet 'hard



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

to please'."

Hierdie vermoë van Brandt om met ywer en blymoedigheid die offers wat sy arbeid vereis het te bring, en terselfdertyd 'n goedige eggenoot en vader te wees word deur Johanna geskets:[207]

> "Hij is nu weer 14 dagen van huis (drie dagen geleden vertrokken) en zal voortdurend rond moeten trekken en de moeilijkste reisen maken, maar hij schijnt alles heerlijk en interessant te vinden en doet al zijn werk even ijverig en levenslustig. En dan is het zoo heerlijk als hij weer thuis komt en ons bijna verslind van plezier. Hij kan zijn oogen van de Bambino niet afnemen en zoent en knuffelt hem onophoudelijk. ('t Is een heel ding voor zoenerige Lou om bijna twee weken zonder vrouw en kind klaar te komen!)"

## 15 Brandt neem afskeid van Zoutpansberg/Waterberg

Met Brandt se terugkeer uit Holland in Oktober 1907, het daar 'n beroep na Johannesburg op hom gewag:[208]

> "...... dat was voor mij nu wel niet zoo'n heel groote verrassing, omdat ik wist dat er sprake van was, voordat ik wegging, maar er was toch heel wat aan verbonden, om te besluiten, met het oog op de toestanden in deze gemeente."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die Oktober nagmaalsviering van Pietersburg, het Brandt bekend gemaak dat hy die beroep aanneem. Die kerkraad en gemeente van Pietersburg se reaksie op Brandt se aankondiging in die verband, was dat hulle hom erg kwalik geneem het. Die rede was dat hulle oortuig was dat Brandt aan die gemeente gebonde was vanweë die skuldlas wat aangegaan is vir die koop van die pastorie.[209]

Die kerkraads en gemeentevergadering was:[210]

> "....... erg onplezierig ...Er zijn mij verwijten gedaan en sommige menschen verdenken mij van terwille van geld een ander beroep te hebben aangenomen."

Ter wille van vrede, het Brandt egter aangebied om nog vir ten minste drie maande in die gemeente aan te bly en eers met die eersvolgende nagmaal, van 26 Januarie 1908, te vertrek. Hierdie aanbod van Brandt het die gemoedere taamlik gekalmeer.[211] Intussen sou die kerkraad[212] poog om die skuld te verminder, sodat in Januarie 1908 'n beroep uitgebring kan word. Brandt het ds Ruysch van Dugteren by hulle aanbeveel, 'n ongetroude predikant wat hy oorreed het om van Nederland na Suid-Afrika te kom.[213]

Alhoewel daar van die begin van Brandt se bedieningstyd lidmate was wat offerbereid was, was dit 'n kenmerk van Zoutpansberg gemeente om die verantwoordelikheid van fondsinsameling aan die predikant alleen oor te laat. Met die aankondiging van Brandt se vertrek, het die kerkraad nou met 'n plan na vore gekom om die skuldlas te verminder.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandt lig die plan toe en lewer daarop kommentaar:[214]

> "De kerkeraadsleden hebben zich verbonden, om de schuld van de kerk over te nemen op hun eigen plaatsen en gronden, en te trachten zooveel van de gemeenteleden als daartoe in staat zijn ook daartoe te krijgen om het selfde te doen. Dan zullen zij zich meer gebonden gevoelen om alles in te spannen om van de schuld bevrijd te raken, terwijl zij nu de gedachte hadden, dat de kerk goederen daarvoor goed waren en de predikant maar moest zien om klaar te komen. Daardoor was er zoo weinig energie bij velen om geld te brengen en te vezamelen voor het afbetalen van de schuld, en werd mijn salaris zoo slecht betaald."

Brandt was oortuig dat as hy in die gemeente gebly het, die lidmate se selfstandige offerbereidheid nie tot sy reg sou gekom het nie, en was daarvan seker dat dit heilsaam[215] vir die gemeente was om te vertrek.

Tydens Brandt se reis na Holland in 1907, het prof Muller die Augustusnagmaal van daardie jaar op Pietersburg waargeneem.[216] In sy preek het hy die gemeente streng aangespreek oor hulle versuim om hulle finansiële verpligtinge teenoor die kerk en die predikant na te kom. Die gemeente se reaksie hierop was, dat hulle so 'n "kwaai predikant" op Pietersburg moes kry, want dan sou dit beter met die skuldbelaste gemeente gegaan het.

Die mense van Waterberg se respons by die aanhoor van Brandt



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se beroepsaanvaarding was heel anders as die van Zoutpansberg. Alhoewel hulle teleurgesteld was, was daar respek vir sy reg om self te besluit oor 'n beroep. Brandt som dit so op[217]

> "De menschen willen natuurlijk niet graag dat ik wegga, maar zijn toch niet zoo onredelijk als in Pietersburg."

Op die 7 de Desember 1907,[218] het Brandt se gesin die pastorie op Pietersburg finaal verlaat om na Johannesburg te gaan. Sy vrou en kinders sou solank hulle intrek in Johannesburg neem, terwyl hy tot die einde van Januarie 1908 in Pietersburg in 'n privaat hotel sou loseer.

Vanaf 14 November tot 1 Desember 1907 was Brandt pal afwesig van die huis om in die Laeveld kerk te hou en huisbesoek te doen, wat beteken het dat sy vrou alleen[219] die veeleisende taak op haar geneem het om in te pak.

Op Sondag 26 Januarie 1908 het Brandt en sy vrou afskeid geneem van Zoutpansberg gemeente.[220] Dit was nie so aangenaam nie, omdat die gemeente van mening was dat Brandt hulle in die steek gelaat het. Daarby kom die feit dat Goddefroy, wat weer benoem is as konsulent van Zoutpansberg/Waterberg, nie besondere waardering vir die Brandts gehad het nie. Onder sy leiding het die kerkraad van Zoutpansberg besluit om nie dadelik weer te beroep nie. Dit het Brandt se planne in die war gestuur, aangesien hy ds R van Dugteren wat 'n vrygesel was gevra het om Zoutpansberg/Waterberg te bearbei. Van Dugteren was, vanweë



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy ongehude staat, bereid om vir 'n verminderde traktement te werk en terselfdertyd by lidmate in te woon. Voor Brandt se vertrek het hy 'n huurder, mnr Key, gekry aan wie die pastorie teen £15.00 'n maand verhuur is vanaf middel Desember 1907. Op die wyse het Brandt met groot nougesetheid voorsorg getref dat die pastorale bearbeiding teen minimum kostes kon voortgaan. Goddefroy en die kerkraad het egter anders besluit.[221]

Waterberg het 'n ander gesindheid gehad en was ten tye van Brandt se vertrek ook meer geneë om uitvoering aan sy planne te gee in verband met die beroep van 'n predikant.

16 <u>Slotopmerkings</u>

By wyse van terugskou, kan met stelligheid beweer word dat Brandt en sy vrou, vanaf hulle aankoms in 1904 tot en met hulle vertrek in 1908 uit Zoutpansberg/Waterberg, baanbrekerswerk van groot waarde in die kerk en onder die Afrikanervolk verrig het.

Trouens die netjiese, volgehoue en ongeëwenaarde altruïsme waarmee die egpaar gearbei het, kan nouliks in woorde beskrywe word. Die gebrek aan waardering wat daar soms by die Pietersburg gemeente bespeur is jeens Brandt en sy eggenote, moet gewyt word aan die feit dat talle lidmate kerklik en geestelik vir baie jare verwaarloos was en in die mate ook veragter het, sodat hulle nie in staat was om iets te begryp van die groot skat wat hulle in Brandt en sy vrou gehad het nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir Brandt self was die lewe in Zoutpansberg/Waterberg nie sonder betekenis nie, maar 'n interessante leerskool. Kragtens sy diepste oortuigings, het hy gewerk en gestry ter wille van die ware Hervormde geloof, getrou aan sy roeping aan God.[222]

Hy self het jare nadat hy Zoutpansberg/Waterberg verlaat het van sy arbeid aldaar gesê:[223]

> "De nageslachten zullen ons oordeelen naar de vruchten van ons werk. Miskien sal hulle ons prys, miskien veroordeel. Jesus Christus de Koning der kerk sal egter uiteindelik die eindoordeel uitspreek. Mag dit dan so wees dat Hy ons getrou bevind, want dan is alles wel."

## 17 Aantekeninge

1 <u>Notule van die Kerkraadsvergadering van Waterberg</u>, 18 Januarie 1904, NHK-Argief Pretoria. Dit is moeilik om te bereken wat die koopkrag van £1 in 1904 in ons dae sou wees. Dit wil egter voorkom dat dit min of meer gelykgestel kan word aan R50 in 1989. Dit beteken dus dat 'n huisgesin 'n bedrag van R75 per jaar moes bydra om Brandt se traktement van ongeveer R20 000 per jaar byeen te bring. (Vgl I J Strijdom, <u>Die anneksasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie</u>, Pretoria 1989, p 21) Dit wil egter voorkom dat die koopkrag van £1 in 1904 nog



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

méér moes wees as R50 in 1989.

2 Notule van Kerkraadsvergadering van Waterberg, op. cit.

3 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg, 23 Januarie 1904, NHK-Argief, Pretoria.

Die gedagte dat Zoutpansberg en Waterberg saam 'n predikant sou beroep het alreeds vóór die oorlog bestaan. Met die beroep van ds Brandt is nou uitvoering hieraan gegee.

4 Transvaal-Argief Pretoria: T.A. 14/14/43

5 War Without Glamour: Historical Records Collected And Translated by Emily Hobhouse, Bloemfontein. s.a.

6 Thomas Pakenham, DIE BOERE-OORLOG, vertaal deur Leon Rousseau, Johannesburg 1981, p. 595.

7 De Volkstem, 30 Des 1904.

8 A.D. Pont, Die Historiese Agtergrond Van Ons Kerklike Reg, Pretoria/Kaapstad 1981, p. 220-236.

Die hele geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk gedurende die oorlog is hiervan 'n voorbeeld. Sover vasgestel kon word is daar nêrens tydens die oorlog 'n kerkraadsvergadering gehou nie.

9 Notule Algemene Kerkvergadering 1903- NHK-Argief Pretoria.

10 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

11 Jan Ploeger, Die 'Staatsgymnasium' te Pretoria: 'n Pêrel Aan Die Kroon Van Die Onderwysstelsel In Die 'Zuid-Afrikaansche Republiek'. Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1970, jrg. 64., p. 35-53. Sien ook die Notule van die Algemene Kerkvergadering van 1903 in die verband.

12 Notule Algemene Kerkvergadering 1904.

13 Ibid.

14 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 9 April 1904. Hierdie lang brief van mev Brandt word volledig aangehaal ook terwille van die konstatering van die feit dat sy oor 'n uitsonderlike skryfstyl en vermoë beskik het, wat kenmerkend is van haar geweldige uitgebreide korrespondensiestukke wat 'n belangrike deel van die Brandt-versameling in die Nederduitsch Hervormde Kerk-Argief Pretoria, uitmaak. Hierdeur kan 'n idee gevorm word van die literêre en kultuur-historiese betekenis van dié versameling.

15 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 9, April 1904.

16 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 17, April 1904.

17 Ibid.

18 Ibid.

19 Ibid.

20 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

11 April 1904, NHK-Argief, Pretoria.

21 Ibid.

22 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 22, April 1904.

23 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 30, April 1904.

24 Ibid.

Die verskil in houding tussen Waterberg en Zoutpansberg jeens die predikant het skerp na vore getree, toe ds Brandt in Oktober 1904 vir 'n beroep na Johannesburg/Krugersdorp bedank het. Die gemeente Waterberg het ds Brandt hiervoor op 'n tasbare manier bedank deur vir hom 'n adres aan te bied (De Transvaalsche Kerkbode 8 Des 1904) waarin hulle hul opregte waardering betuig het. Dié adres word hier volledig weergegee.

"NIJLSTROOM," 26 November 1904

Den WelEerwaarden Heer Ds. L. E. Brandt, Predikant der Ned. Herv. Gemeente van Waterberg en Zoutpansberg.

Geliefde Leeraar!

Met innigen dank aan den hoogen God, den Koning der Kerk, gevoelen ondergeteekenden zich gedrongen, om uiting te geven aan de algemeene blijdschap, die er bestaat bij den Kerkeraad en de Gemeente van Waterberg over het besluit onlangs door U-Eerwaarde genomen, in Zake Uw Eerwaardes



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beroep naar de gemeente Johannesburg-Krugersdorp.

Geliefde Leeraar, nevens den Heere, onze God, die aller gangen bestuurt, brengen wij U onzen hartelijken dank daar het u behaagde, in ons midden te blijven arbeiden, wetende dat wij zulks doen, naar het hart des vollen Kerkeraads en der gansche Gemeente. Wij hebben dan ook volle vrijmoedigheid, U, onzen geliefden Leeraar, uit aller naam te verzekeren, dat de ijver en de liefde, waarmede U Eerwaarde, in ons midden arbeidt, door ons allen zeer hoog op prijs wordt gesteld. Wij zien met bewondering en innige dankbaarheid, hoe, onder biddend opzien tot God, door U Eerwaarde, de moeitevollen arbeid, in dit district en elders, volhardend wordt voortgezet. En wij mogen, met dank aan den Heere getuigen, dat, zeer merkbaar, den zegen Gods op uwen arbeid rust. Onder Uw gezegende bearbeiding, is de liefde onderling in de gemeente en zelfs ook daarbuiten, in het algemeen zeer versterkt; de heilbegeerigheid bij menigeen opgewekt en de arbeidsaamheid op gebied van Kerk en School zeer verhoogd geworden. En wie onzer zal beschrijven de stille, onuitsprekelijke dankbaarheid dier harten, die met Uwe bezoeken, door U vertroost en bemoedigd werden?

Geliefde Leeraar, het is nog niet lang dat wij U



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in ons midden ontvingen, doch door Uwen ijver in het huisbezoek, hebben alle leden der gemeente het voorrecht gehad, U persoonlijk te ontmoeten, waardoor de gemeente zeer nauw aan U verbonden is geworden. En daar U Eerwaarde thans voor het beroep naar eene misschien stoffelijk meer welvarende en minder verspreide gemeente, hebt bedankt, daar gevoelen wij ons des te meer in liefde aan U verbonden, waar ook hierin is gebleken, dat de Heere ons eenen Leeraar heeft geschonken, die onze, dat is zijner gemeentes belangen, ter harte neemt.

En zoo paren wij, geliefde Leeraar, aan onze dankzegging, van 's harten grond, de bede: "dat de Heere U, onzen geliefden Leeraar, nog lang in ons midden moge sparen, tot uitbreiding van zijn koninkrijk onder ons en tot eere van Zijnen heiligen Naam. -- De Heere zegene U, in Uw huisgezin, in Uwe gemeenten, in onze harten en Hij helpe ons allen, opdat wij, met voortdurend gebed en alle onze krachten, mogen medewerken ten goede en alzoo, én in dit leven, én ten jongsten dage, mogen spreken van wat de Heere aan onze ziele heeft gedaan, door den arbeid van Zijnen dienstknecht onder ons!"

"Dat 's Heeren Zegen op U daal';



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Zijn gunst uit Zion U bestraal';

"Hij schiep 't heelal, Zijn naam ter eer.

"Looft, looft dan aller heeren Heer!

Uw liefhebbende en dankbare gemeente.

In die gemeente Zoutpansberg het niemand 'n woord gerep oor die feit dat Brandt die beroep bedank het nie. Op die kerkraadsvergadering van 24 Des 1904 (p 51) word die saak te berde gebring:

> "Nu neemt Broeder Ouderling M J Pos het woord, en bedankt de Voorzitter in korte hartelijke woorden, dat hij voor het beroep Johannesburg-Krugersdorp heeft bedankt, schaamt zich dat uit de Gemeente hieromtrent geen stem, of betuiging van dankbaarheid is opgegaan, maar kon wat hom betreft hieromtrent niet stilblijven, hoopt en vertrouwd dat de banden van liefde en trouw daardoor des te sterker mogen worden, en de Gemeente moge beseffen, wat een zegen zij aan deze trouwe oprechte Herder en Leeraar van God heeft ontvangen.
>
> De Voorzitter bedankt Broeder Pos in gevoelvolle woorden, voor zijn blijk van waardering, alhoewel het hem ook was opgevallen er van de zijde der Gemeente niets van was gekomen ....."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

25 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/21, 11, Maart 1904

26 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 3, April 1904

27 Ibid.

28 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/21, 12, Maart 1904.

29 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 1, April 1904.

30 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 18, Maart 1904.

31 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 24, Maart 1904.

32 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 17, April 1904.

33 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 17, April 1904.

Die feit dat L E Brandt die skoonseun van ds N J van Warmelo was het in sy guns getel. Hiervan sê hy: "Dat ik een schoonzoon ben van hun ouden leeraar geeft mij wel iets vóór in de liefde der menschen. Ik kan overal merken, dat de herinnering aan Papa op ons overgaan." (Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 18 Mei 1904).

Pont maak in sy werk: Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835 - 1892, p. 120 die opmerking: "Ds L E Brandt was in vele opsigte 'n geestesewebeeld van sy skoonvader, ds N J van Warmelo.

Mev Brandt het telkens beweer dat haar man haar baie herinner het aan haar oorlede vader. Met 'n doopdiens waar L E Brandt opgetree het, het sy weer iets hiervan beleef: "Wat ik ook altijd heel sterk voel is mijn



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vaders tegenwoordigheid by deze gelegenhede ..... O, ik denk dat Papa hem zóó lief heeft en dat hij altijd bij hem is om hem te helpen en steunen" (Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 18 Maart 1904).

34 A D Pont, <u>Eeufees - N H Gemeente Waterberg</u>, s.l., s.a., p. 78.

35 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 4 Maart 1904 Weinig van die dorpsmense op Pietersburg was Hervormers, terwyl daar nie 'n enkele Hervormde lidmaat op Nylstroom was nie. Die lidmate wat bearbei moes word was die landelike Boere-Afrikaner met wie Brandt goed oor die weg kon kom. Dit het juis alles daartoe bygedra dat die Brandts bereid was om op Pietersburg te gaan woon, alhoewel hulle deur talle mense ontmoedig is om hulle op Pietersburg te vestig. Johanna Brandt handel hieroor: "Ds Beyer noemde het een dorp van 'luie wamwesen', iemand anders zegt 'You'll have your hands full Rev. Brandt to convert that lot', een ander weer, 'Wat, in de Sodom gaan wonen?' en iedereen spreekt over de Pietersburgers als een spul dronkaards. Onze begin ondervinding is dat de plaats wemelt van National Scouts, Engelschen en Coolies en er zijn maar weinig fatsoenlijke Afrikaansche families en, zoover wij weten geen enkele Hollandsche, maar wij trekken ons er niet veel aan. De menschen waarmee wij in aanraking komen zij nog van de beste oude Boeren, en hoewel ze niet in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het dorp wonen, zal Lou veel met ze te doen hebben met huize bezoek, nachtmaal enz" (Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 24 April 1904.

36 <u>Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg</u> sowel as dié van <u>Waterberg vanaf 1904-1908</u> NHK-Argief Pretoria.

37 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 8 Julie 1904.

Johanna Brandt maak hieroor by geleentheid ondermeer die opmerking: "Lou is van morgen op zijn fiets vertrokken naar Potgietersrust waar hij een paar zieke menschen moet opzoeken en vanavond dienst houden." Vanaf Pietersburg na Potgietersrus en terug is 'n rit van ongeveer 90 kilometer.

38 Toespraak, NHK-Argief Pretoria, LIX/140.

39 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, varia.

Van 'n bepaalde ekskursie te perd deur die Soutpansberge vermeld Brandt "Toen heb ik te paard rondgereden door de prachtige Zoutpansbergen om huis bezoek te doen. Dinsdag van half 8 smorgens tot kwart voor 9 a'vonds en Woensdag van 7 tot half een. Boven hadden wij de heerlijkste vergezichten, met prachtige wilde bloemen en veel hout. Wij moesten veel voet paden rijden die soms heel steil en vol groote steenen waren, zoodat de paarden maar heel voorzichtig en langsaam hun



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pad moesten kiezen, soms moesten wij loopen."

In 'n brief van 17 Junie 1904 (LIX 149), verwys hy na perdryklasse wat hy in sy jeug by ene Kok geneem het. Dit dui daarop dat kragtens sy opvoeding hy tot in die fynste besonderheid toegerus was vir sy werk in Transvaal.

40 A.J.G. Oosthuizen, Ds. L.E. Brandt, Almanak van die Ned Herv Kerk van Afrika 1947, jrg 41. p. 29-36.

41 Ibid.

In die aangehaalde werk wys A J G Oosthuizen ook op die volgende: "Ou Oom Cornelius van der Merwe, vir jare ouderling van Waterberg, het dan ook altyd met die grootste liefde van ds Brandt gepraat, en met trots vertel hoedat hy saam met ds Brandt in die veld, onder een kombers, moes slaap."

42 Die uitgebreide korrespondensie van die Brandts vermeld oor en oor die waarheid dat Brandt immer op die trekpad was om kerkwerk te doen. In 'n brief, gedateer 30 Julie 1904, (LIX/149) bekla Johanna Brandt haar lot dat sy alleen kinders moet grootmaak, en voeg daaraan toe: "Ik voel zoo alsof wij van elkander weg groeien en onze jeugd voorbij gaat zonder dat wij iets aan elkander hebben."

43 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 12 Junie 1904.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende dieselfde uittog, vertel mev Brandt van haar man se diens in Houtboschkloof se wêreld wat deur ongeveer honderd mense bygewoon is: "Sommige menschen hebben uren lang over de steile ruwe berg paden geloopen. Een vrouw heeft 14 mijlen geloopen met een groote, dikke baby van zeven maanden, die gedoopt moest worden (dat is verder dan van Niezijl naar Groningen, en dan geen gebaande straat weg, maar steile bergen en diepe afgronden die voor een gewoon mensch niet te klimmen zijn)."

'n Ander vrou het vir drie uur aaneen gestap met 'n kleuter van drie aan die hand...... en 'n baba op die heup: "Ik begrijp niet hoe ze het kunnen doen op die vreeslijk wegen."

44 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, varia.

45 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 6 Mei 1904.

Op 2 Julie 1904 sê Johanna Brandt: "Geheel Zoutpansberg en Waterberg spreken over de knappe ijverige jonge dominé, en niemand kan begrijpen waarom Lou zich hier laat 'begraven' vooral omdat ze weten dat hij de mooiste, 'the most fashionable' voorstad van Kaapstad bedankt heeft - met over £600 per jaar - Wynberg."

46 <u>Notule Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg, 1904-1908</u>, NHK-Argief Pretoria, p.58.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

47 Ibid.

48 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 25 Junie 1904.

49 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 17 Maart 1904.

50 Ibid.

Reeds op 17 Junie 1904 het Brandt gekla: "Van lezen komt helaas zoo goed als niets. Ik heb dagen met een courant in mijn zak gereden, zonder een oogenblik tijd om te lezen."

51 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 17 April 1904.

52 <u>De Transvaalsche Kerkbode</u>, Junie 1905.

53 Toespraak NHK-Argief Pretoria, LIX/140.

54 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 12 Junie 1904.

55 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 2 Julie 1904

In hierdie skrywe noem mev Brandt weereens haar emosionele belewing van die ooreenkoms tussen L E Brandt en haar vader: "Het is misschien maar een idee van mij maar ik voel alsof Papa altijd met Lou gaat en hem overal steunt en beschermd."

56 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/47-7. 'n Brief uit Schoonbeeck van 'n Nedelandse kollega, waarvan die handtekening onduidelik is.

57 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/21, 12 Mei 1904.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

58 De Transvaalsche Kerkbode 4 Augustus 1905.

59 De Transvaalsche Kerkbode 10 September 1905.

60 J. Veenhof, Inspiratie En Revelatie, Amsterdam 1968, p. 92.

61 ~~J.M.~~ JJP. Valeton, Het Methodisme. Baarn 1911, in Kerk en Secte, Ser. 5, no 1.

62 L.E. Brandt, Onze Eredienst. Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1928, jrg. 22. p. 120-135.

63 Ibid.

64 De Transvaalsche Kerkbode 8 Desember 1904.
Voor die tyd het die predikant op die kansel 'n mantel en bef gedra. Die mantel was 'n smal fluweel-omsoomde kleed wat op die rug, van die skouers tot die middel gereik het.

65 A.J.G. Oosthuizen, op. cit., p. 29 - 36.

66 Notule Algemene Kerkvergadering 1903, NHK-Argief Pretoria.

67 A D Pont, Eeufees, - N H Gemeente Waterberg, op. cit., p. 75.

68 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 18 Mei 1904.

69 A. Fiolet, Een Kerk In Onrust Om Haar Belijdenis, Nijkerk, 1953, p. 146.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

70 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg 1904-1908, NHK-Argief Pretoria, p. 65 Hierdie aanhaling is maar slegs een voorbeeld van talle tugsake wat oor dié misdryf voorgekom het.

71 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg sowel as die van Waterberg 1904-1908, NHK-Argief, Pretoria.

72 Toespraak NHK-Argief Pretoria LIX/140. Ongelukkig kan geen verdere besonderhede hieroor verkry word nie, behalwe dié opmerking deur Brandt tydens die gemeente Pietersburg se tagtig-jarige fees.

73 Ibid.

Ook wat die besonderhede van genoemde hospitaal aanbetref, kon verdere gegewens nie verkry word nie.

74 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg, 11 Oktober 1905, NHK-Argief Pretoria.

Die hele Brandt versameling in die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Pretoria getuig van hierdie deugdelikheid van Brandt, hy het dwarsdeur sy lewe sy persoonlike sowel as die gemeente se sake met die grootste nougesetheid behandel.

75 A.J.G. Oosthuizen, op. cit., p. 29 - 36.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

76 Ibid.

77 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 12 Maart 1904.

78 Notule van die Kerkraadsvergadering van Waterberg NHK-Argief Pretoria, 20 Julie 1903.

79 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg sowel as Waterberg vir die periode 1904-1908. In genoemde periode word die nood van die gemeentes telkens gereflekteer in besprekinge op die kerkraadsvergaderings. Zoutpansberg het byvoorbeeld 'n lening van £800 aangegaan met die Voorschotskas van Holland.

80 Toespraak NHK-Argief Pretoria, LIX/140.

81 Ibid.

82 Notule van die Kerkraadsvergadering van Waterberg, NHK-Argief Pretoria, 29 Februarie 1904.

83 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg NHK-Argief Pretoria, 1904-1908 p. 66.

84 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 30 April 1904.

'n Ander afbrekende faktor in daardie dae in Noord-Transvaal was die sporadiese Swart opstande wat ten gevolg gehad het dat van die mense op Boereplase soms na Pietersburg moes vlug vir veiligheid. In een geval sê Brandt dat van die opstande bewerk is deur



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Amerikaanse sendelinge wat verkondig: "Afrika voor de Kaffers en alle witmenschen dood of er uit." (sien brief LIX/149, 8 Junie 1904).

85 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 22 April 1904

86 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149 - 150 varia. Verskeie kere vermeld J Brandt van haar bedrywighede in die verband.

87 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 30 Julie 1904 Toe Johanna Brandt van die Vereenigde mense ingespan het om haar te help met die basaar, is meegedeel dat hulle predikant ds Kriel beswaard voel, waarop sy geantwoord het: dat Kriel vir haar 'n teksvers uit die Bybel moes bring wat 'n mens verbied om 'n arm kerk te help.

88 Ibid.

89 Zoutpansberg Review. ('n Koerantuitknipsel sonder datum wat deur Johanna Brandt gebêre is. Sien LIX/149).

90 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 19 Mei 1904.

91 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 1 April 1905.

92 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 Junie 1905.

93 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 Junie 1905.

94 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 Junie 1905.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

95 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 Junie 1905.

96 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 Junie 1905.

97 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 Junie 1905.

98 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 Junie 1905.

99 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 15 Oktober 1905.

100 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 1 April 1905.

101 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 18 Augustus 1905.

102 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149 et 150, varia. Verskeie briewe uit die Zoutpansberg/Waterberg-periode vertel van 'n bedrywige mev Brandt wat voortdurend allerhande interressante fondsinsamelingsprojekte ten behoewe van die SAVF geloods het.

103 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149 et 150, varia. Verskeie briewe uit dié tydperk bevestig dat mev Brandt heelwat lidmate van susterskerke ook versorg het.

104 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 15 Junie 1905. Die volgende skrywe van mev Brandt wat gedeeltelik aangehaal word, bevestig in welke mate sy opofferend nooddruftiges gehelp het.

" Pietersburg

15 Juni 1905



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Donderdag avond)

Mijn eigen Liefste

Hoe gaat het? Goed dankie. Banja, banja werk. Nu stroomen de menschen van alle kanten naar de pastorie, nu hebben ze de lucht gekregen van kost en kleeren. Ik weet niet of het nog ooit zoo druk geweest is als nu, maar gelukkig heb ik veel om weg te geven. Kriel stuurt elk oogenblik menschen hierheen en weet je wat? Onze famile is aanzienlijke vermeerderd sinds je vertrek. Ik heb n.l. twee groote zoons en twee groote dochters bijgekregen. Die zijn nu al drie dagen onder onze dak. De jongens gaan naar Pretoria om op de nieuwe Rustenburgsche lijn werk te zoeken en de meisjes gaan bij de Poultneys in betrekking. Ik verwacht Mr P morgen hier. Deze menschen (Paul J du Preez) komen van Magato, Wit Vlag, en vluchten naar Lydenburg! Hebben vreeselijk honger geleden en waren naakt. Kriel stuurde ze naar mij. Ik zei aan de moeder 'geef mij twee dochters om bij goede families te plaatsen dan zal ik je helpen met kleeren'. Zij ging terug naar hun wagen en kwam tot mijn verbazing terug met twee groote meisjes en twee jongens die ook willen werken.

Ik zal je alles later vertellen. Dr Breyer kwam ook gister aan - ik had een huis vol - bedden op de vloer in studeerkamer. Dietlof komt morgen. Dr



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B is al weer vertrokken. Maria Knevitt ( Miet) vandag hier geweest. Ze lijden ook honger en leven als baviaanen. Haar man gevaarlijk ziek aan dysentery. Ik heb beloofd om dekens te laten komen van Pretoria voor haar. Het is hier vreeselijk."

105 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 22 April 1905

106 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 22 April 1905

107 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 150, Verskeie briewe getuig hiervan.

108 Ibid.

109 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 8 April 1905 et LIX/150, 17 Februarie 1907.

110 Dit was 'n wesenskenmerk van die etiese-teologie om die opbou van die kerk en 'n Christelike vroomheid te bevorder. Die etiese teoloë het groot erns gemaak met die "geestelike lewe" en in die strewe is daar van die <u>lewe</u> na die <u>leer</u> beweeg, in plaas van andersom soos by die ortodoksie. (Sien: J.A. Loader, <u>Die Etiese Ou-Testamentici In Nedeland Tussen 1870 En 1914</u>, 'n ongepubliseerde D.D. proefskrif, UNISA, 1984.) Dat Brandt op hierdie stadium van sy lewe 'n volkome etiese-teoloog was, blyk uit sy standpunt inname jeens sy vrou se spiritualistiese bedrywighede:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"...... ik zie nu dat voor sommige ongeloovigen het spiritisme een middel kan wezen om hen te overtuigen van het bestaan der geestelijke wêreld en dus het geloof God gemakkelijker kan maken" Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 16 April 1905.

111 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 24 April 1904.

Brandt beskryf Potgietersrust ~~as~~ soos volg: "Potgietersrust is een wonderlijk dorp. Het is ongeveer 1860 aangelegd en toen al spoedig vrij slecht geworden. Papa van Warmelo schijnt er eens gepreekt te hebben tegen het jaar 1864 en toen de menschen ernstig gewaarschuwd te hebben, dat als zij zich niet bekeerden, het hun gaan zou als Sodom en Gomorra. Een paar jaar later is het dorp uitgeroeid door de koortz en langen tijd onbewoond gebleven. Tusschen '80 en '90 is het weer bewoond geworden maar in '91 is er weer zulk een hevige koortz epidemie geweest dat er soms 2 lijken in een kist gedaan werden en niemand wist of hij levend terug zou komen van de begrafenis van een ander. Nu is er nog telkens koortz, maar de menschen leven in dat tropische vruchtbare dorp een heidensch leven. Er zijn een paar werkelijk vroome Christene maar is hevige tegenwerkinge. Zelfs in het huis van Pos is er tweedracht want de tweede vrouw is een heks."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

112 Toespraak NHK_Argief, Pretoria, LIX/140.

113 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg sowel as Waterberg vir die periode 1904-1908.

114 Ibid 23 Maart 1906.

In S P Engelbrecht se boek: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg 1852-1952, s.a. S.L., word 'n lang lys van name van Hervormde lidmate verskaf wat skriftelik bevestig het, dat hulle deel was van die kommando van Mpefu, en dat hulle hul deel van die buit afgestaan het met die uitdruklike voorwaarde dat 'n kerk vir die drie Hollandse Kerke daarmee gebou moes word, (p 105-106).

115 Notule van die Kerkraadsvergadering van Zoutpansberg, NHK-Argief, Pretoria, 23 Maart 1907.

116 Ibid., 4 Januarie 1907.

117 Ds D J Kriel is gebore op 29 Mei 1859 te Wellington en oorlede op 19 April 1931. Hy was 'n student van Stellenbosch. Vanaf 1899-1908 was hy predikant van Pietersburg. Jaarboek Ned Geref Kerke in S.A. 1932.

Die Brandts het voortdurend teëwerking aan Kriel se kant beleef. Kriel se onverkwiklikheid jeens Brandt en die Hervormde Kerk op alle terreine van hulle lewe word in detail beskrywe dat dit haas onmoontlik is om dit alles weer te gee.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

118 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 19Mei 1905.

By herhaling skryf Brandt en sy vrou in hulle persoonlike korrespondensievoering oor Kriel se afkerige houding en venynige optrede teenoor hulle in die Hervormde Kerk. Hierdie ervaring van Brandt en sy vrou in Zoutpansberg met Kriel is so 'n dominante feitelikheid dat wanneer 'n mens hulle uitgebreide korrespondensie in die tydperk bestudeer 'n mens onafwendbaar die indruk kry dat dit 'n voortdurende skadu oor hulle bestaan gewerp het. As Johanna Brandt 'n tak van die SAVF op Pietersburg stig gaan Kriel haar teë. As hulle konserte of funksies hou om geld in te samel werk hy hulle teë. As ds Brandt CNO-skole stig gaan Kriel agter sy rug daarheen om dit ongedaan te maak. Hy bestry en versprei onwaarhede aangaande Brandt en die Hervormde kerk.

Tog het Brandt van sy kant af alles in sy vermoë gedoen om in 'n gees van wellewendheid met die ander kerke saam te werk. Hy slaag daarin om goeie betrekkinge te handhaaf met sy Gereformeerde kollegas wat in die tydperk di Van Rooy en later Postma was. So ook stryk hy goed met besoekende Engelse predikante en Switserse sendelinge in die omgewing. So probeer hy ook om 'n hand van vriendskap uit te steek na Kriel deur vir hom eredienste en selfs pinksterbidure waar te neem. By geleentheid het Brandt sy vrou afgevaardig om dienste van Kriel by te woon om daardeur blyke te gee van hulle



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

goeie bedoelinge om saam te werk:

> "..... om de menschen van de Ver Kerk hier te wijzen dat er van onze zijde ten minste geen haat is."

Johanna Brandt beskrywe op haar gewikste manier aan die familie om Kriel aan hulle bekend te stel:

> "Nu moet u weten dat wij hier een groote vijand hebben, nl Ds Kriel, predikant van de Verenigde kerk. Hij is een spekulant, een huichelaar en een woekeraar, behalwe nog een boel andere dingen waarover wij nu maar zullen zwijgen.
>
> Vele jaren is hij hier baas geweest. Zijn gemeente is schandelijk verwaarloosd in vele huizen heeft hij nog nooit een voet gezet - en nu komt er een gevaarlijke collega op het toneel en het gevolg is dat zijn haat tegen Lou iets verskrikkelijks is. Hy haat Lou vir vier dingen (1) Lou is een Hollander (2) Lou is een schoonzoon van Ds van Warmelo en heeft meer dan één streepje voor bij de Boeren (3) Lou heeft in één maand meer uitgevoerd dan hij in zijn gansche bestaan (4) Lou is predikant van de gehaate Hervormers. Na Lou's bezoek bij Louis Trichardt is Ds K als een pyl uit een boog ook daarheen gegaan, heeft de schoolcommissie, die Lou benoemd had, ontbonden als onwettig, heeft de menschen op het hart



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> gedrukt dat er maar één kerk bestaat, n.l. de Verenigde, en heeft in één woord, al Lou's werk vernietigd. Nu doet hij hier als een razende huizbezoek en waarschuwt iedereen tegen Lou, en wat ik zoo in gemeen van hem vind is dat hij zoo vriendelijk is als hij Lou ontmoet en beloofd heeft hem heel gauw te bezoeken. Hij preekt tegen drank Zondags en in de week beweegt hij hemel en aarde om voor een familielid een licentie te krijgen voor een bar of canteen. Hij heeft voortdurend bidstonden en huichelagtige praatjes en krijgt op deze manier wel een paar aanhangers. Wij denken dat de slechtheid van Pietersburg hoofdzakelijk aan hem te danken is en Lou zal niet rusten voordat hij hier een verandering gebracht heeft."

Selfs Brandt se ouers was bekommerd oor Kriel op grond van wat hulle deur middel van hulle kinders se briewe verneem het. Sy moeder is bykans angstig:(LIX/21)

> "Wij hebben met veel interest gelezen wat je ons skrijft over die ds Kriel; wat is dat een vreeslijke man, en hoe schandelijk om zoo te handelen tegenover Lou, ik vind het bijna angstig want hij zal allerlei gemene middelen gebruiken om Lou te benadeelen, hij is natuurlijk gruwelijk jaloersch."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die aangehaalde brief van 19 Mei 1905 vermeld Johanna Brandt van ds Kriel se onetiese optredes. 'n Arm vrou wat onder die Brandts se aandag gekom het het by Kriel £65 te lene gekry van geld "wat vanuit Holland afkomstig was vir armes hier". Kriel het haar op die genoemde bedrag 48% rente gevra, of te wete £4.00 per maand. Op die manier kon hulpbehoewendes nie uit sy 'mag' kom nie. Ds Brandt het op die stadium regstappe teen Kriel oorweeg.

119 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 24 September 1904

120 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 28 Augustus 1905

121 Mededeling Prof C H Rautenbach.
Prof Rautenbach beweer dat die "herlewing" in die kerk vanaf 1907 in aanvang geneem het, waarin Brandt en Van Belkum 'n besondere rol gespeel het, vanweë hulle troue medewerking.

122 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 17 Maart 1905.

123 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 4 Februarie 1905.

124 Ibid .

125 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 15 April 1906.

126 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 21 Januarie 1905.
Op 17 Maart 1905 skryf Brandt aan sy vader: "Ik zal Ds Goddefroy er nog eens over aanspreken, want anders zullen wij hem voor den rechtbank moeten brengen. Hij



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heeft van dien aard al te veel schelmstreken uitgehaald. Sommige menschen denken, dat hij dat geld nooit aan zijn broer heeft gezonden, maar hier self opgebruikt heeft, en in dat geval kan die broer ook geen verandwoording doen. Sommigen twijfel selfs aan het bestaan van dien broer."

127 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 2 Oktober 1904.

128 Notule, Buitegewone Algemene Kerkvergadering 9 Augustus 1905 en volgende dae.

129 Sien S J Botha, Ds Marié Joseph Goddefroy 1848-1920, Pretoria 1981, p. 156-162.

130 Ibid., Sien ook Notule Algemene Kerkvergadering 9 Augustus 1905 en volgende dae.

131 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 Mei 1905.

In die brief beskryf Brandt vir Goddefroy: "Hy's outoritêr duldt geen teëspraak. t'Is zoo treurig een Evangeliedienaar zoo onredelijk, zoo onwettig, zoo tegen zijn eigen kerk te zien werken. 'Is soms werkelijk of een booze geest in hem is, die hem aandrijft om allerlei verkeerde dingen te doen."

132 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 4 Februarie 1905.

133 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 2 Julie 1904.

134 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 8 Junie 1904.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

135 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 18 Augustus 1904.

136 Ibid.

137 T F J Dreyer, Poimeniek 'n pastorale orientasie, Pretoria/Kaapstad, 1981, p. 11.

138 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 28 Januarie 1905.

139 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 2 Julie 1905.

140 Notule, Buitegewone Kerkraadsvergadering van die gemeente Zoutpansberg, 24 Januarie 1906.

Ouderling M J Pos is op 19 April 1857 te Loenen in Holland gebore. Sy vader was burgemeester van Amsterdam. Op 19 jarige leeftyd - in 1876, het hy na Suid-Afrika gekom. Hy vestig hom as onderwyser in die distrik Zoutpansberg. Na die oorlye van sy eerste vrou Anna Petronella Bezuidenhout in die jaar 1897, het hy weer in die huwelik getree met die weduwee Judith Hester Susara Nortje. Klaarblyklik was die egverbintenis met laasgenoemde nie 'n alte gelukkige verhouding nie wat waarskynlik bygedra het tot Pos se poging tot die pleeg van 'n onsedelike daad met 'n dogter wat aanleiding gegee het tot sy sensuur.

Pos was bekend vir sy liefde en trou teenoor kerk en volk. Gedurende die Driejarige Oorlog het hy vir sy nuwe vaderland geveg. As krygsgevangene is sy gesondheid in so 'n mate geknak dat hy tot met sy dood



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

las gehad het van die kwale wat hy as oorlogsgevangene opgedoen het.

Na die oorlog het hy hom op Potgietersrus gevestig. Vandaar af het hy getroue werk as skriba en ouderling van die gemeente Zoutpansberg gelewer. In 1905 is hy vanweë reeds genoemde sonde onthef as ouderling en skriba. In persoonlike briewe aan Brandt het hy telkens sy diepe berou oor sy sondige optrede erken en bely. Etlike jare na die gebeurtenis het hy weer redelik aktief meegeleef met die gemeente Potgietersrus, waar hy ook oorlede is.

141 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 1 Desember 1905.

Hierdie voorval van aanranding het plaasgevind terwyl Brandt se skoonmoeder mev Van Warmelo en sy skoonsuster Line Cloete-van Warmelo by hulle gekuier het op Pietersburg. Mev Brandt verhaal die gebeurtenis op so 'n pakkende wyse dat dit hier volledig weergegee moet word:

"Kort nadat wij hier kwamen zijn er twee kinderen van Ouderling Flip Smit getrouwd, een met een Hollandsche Jood genaamd Duveen, en de tweede met een Boer waar wij verder niets meer mee te maken hebben. Beiden kregen kinderen zes maanden na hun huwelijk en werden terstond onder censuur gezet, en de ouderling werd gedwongen door deze dubbele schande, om aftetreden als ouderling. De gansche familie Smit was woedend op Lou en de



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerkeraad maar de Jood, Deveen, een vechtersbaas bekend voor zijn diefstal op commando en zijn bedrog als winkelier, was zoo razend dat hij Lou overweldigde met beledigingen en eindelijk de zaak voor de Alg.Com. bracht, waar hij natuurlijk ongelijk kreeg en daarvoor nog meer woedend werd.

Ik kan u niet zeggen wat Lou alles geleden heeft onder deze onmensch. De gedachte aan hem maakte mij altijd angstig en daarom heeft Lou al zijn scheldbrieven genegeerd en hem nooit reden gegeven om nog meer kwaad te worden. De familie Smit is van onze kerk weg gegaan en het kind van den Jood in de Weslyan Church gedoopt. Toen de censuur afgeloopen was vroeg Deveen om de attestatie van zijn vrouw en terwijl Pos nog bezig was de papieren in orde te maken, stuurde Deveen een van onze diakenen verleden Maandag hierheen om Lou te vragen waar de attestatie toch zoo lang bleef. Het was net één uur en dinner stond op tafel te wachten totdat Duvenhage (de diaken) weg zou gaan. Lou had hem juist gezegd dat de papieren al waarschijnlijk in de post waren toen Deveen zelf aangezet kwam met zijn schoonvader Smit, die Lou hand gaf en zitten ging. De Jood keek Lou brutaal aan een zeide "Je denkt toch niet dat ik jou hand zal geven?" Lou antwoordde "Dan zal ik maar mijn studeerkamer verlaten", en ging onder de verandah. De andere drie mannen bleven zitten en na een poosje ging Lou terug en sprak bedaard en beleefd



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met Duveen, die spottend en hoonend antwoordde en zeide "ik heb lust om het van morgen met je goed uit te knuckelen(knuckle it out) Wacht maar, kereltje, jou tijd komt nog, huichelaar, canaille enz. enz" meer dan ik oververtellen kan. Twee keer verzocht Lou hem zijn huis te velaten - de derde keer was zijn antwoord "Nu ga ik eens lekker praten - ik weet wanneer het tijd is om weg te gaan" en hij nam een stoel, ging naast de tafel zitten en begon zijn pijp te vullen - maar toen - - - - - Lou had al meer verdragen dan een ander ooit zou verdragen hebben. Hij sprong op en vloog naar Duveen's keel. De Jood bukte bijtijds en kreeg de eerste zware slag achter op zijn nek. Woedend sprong hij overeind en greep Lou aan zijn linker oor die hij zóó diep scheurde dat het bloed begon te stroomen. Ongelukkig hoorden wij in de eetkamer die vreeselijke getrappel alsof er een paard was losgebroken in de studeerkamer en toen ik er heen vloog zag ik Lou worstellende met een man en zijn gezicht besmeerd met bloed. Ik dacht dat hij een verraderlijke messteek gekregen had en met een vreeselijke schreeuw viel ik achterover in Line's armen. Verder weet ik niets maar ze zeggen dat ik wel tien minuten geschreeuwd heb alsof ik krankzinnig was. Arme Lou kon niet los komen maar keerde even om en riep "Line neem haar weg - er is niets" en in dat oogenblik heeft hij een slag op zijn mond en een op zijn neus gekregen, maar toen was Lou Brandt ook gelijk een "bulldog". Niemand kan goed



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vertellen hoe het verder gegaan is of hoe lang het geduurd heeft. De Jood is zoo sterk als een leeuw en Lou en hij hebben net zoo lang geworsteld totdat Lou hem bij de deur onder kreeg, met één hand op zijn keel, en met de andere vuist hem net zoo hard sloeg als hij kon op zijn (Lou zegt "smoel"). Eindelijk werd zijn gezicht paars en blaauw en zijn armen vielen slap neer - toenliet Lou los en werd de Jood naar buiten gesleept. Het was een vreeselijk toneel in de Pastorie. Mama hing aan de Jood's jas en spoorde de andere mannen aan om de vechters van mekaar te maken. De schoonvader Smit heeft geen vinger verroerd en Duvenhage was te zwak om twee zulke sterke mannen van mekaar te krijgen.

Bambino hing aan zijn Pappa's jas en schreeuwde "Oom niet Pappa zeer maken" (nogal Oom!) Lisbeth wou Duveen op zijn kop schoppen en Line hield mij vast in de eetkamer. Piet en Piccanien kwamen ook op de groote lawaai af. Toen Smit en Duveen weg waren kwam Lou naar mij maar ik was nog heelemaal van mijn verstand af en ze zeggen dat ik zoo hard begon te schreeuwen toen ik hem zoo met bloed besmeerd zag, dat hij verplicht was naar de slaapkamer te gaan om zich te verkleeden en te wasschen. Ik schaam mij zeer dat ik zoo 'n lafhartige rol gespeeld heb maar het heeft lang geduurd voordat ik kalm werd en mijn gestel heeft een schok gehad waarvan ik niet zoo gauw overheen zal komen.

Had ik maar vooruit geweten dat Lou Duveen het eerst



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanpakte dan was ik niet zoo geschrokken maar ik dacht aan niets anders dan moord, en het leek alsof het bloed uit Lou's tempel kwam. Lou was gauw weer in orde en zijn gescheurde oor verbonden maar de geheele familie was van streek en zelfs nu nog is het mij alsof er iets ontzettend heeft plaats gehad. Het dorp is er vol van en er komen veel menschen informeeren hoe het met ons gaat. Mijn arme man! dat hij zulke dingen hier moet beleven! Lisbeth komt van avond in de logeerkamer tegenover mij slapen want ik ben nog een beetje zenuwachtig en wie weet of Duveen niet terug zal komen. Hij woont in de Houtboschberg en heeft misschien een les gehad voor zijn heele leven, maar ik ben toch bang voor hem. Lou wordt door iedereen aangeraden om hem in de tronk te laten stoppen voor huis molestatie maar hij wil liever niet en hij heeft gelijk. Er is één groote verontschuldiging voor Lou dat hij hem het eerst heeft aangepakt. Duveen was gemeen en laag genoeg om mijn naam er bij te halen en Lou te zeggen dat "de schijnheilige dominé eens moest informeeren naar zijn eigen vrouws familie. Hij (Duveen) was bijna klaar met de geschiedenis van de Mare's en hij zou zorgen voor een goede publiekmaking. Dominé moest mevr: Brandt-vWarmelo vragen, hem vast voor te bereiden." Did you ever! Geen wonder dat Lou zijn zelfbeheerschging verloor - hij zegt hij was zóó kwaad dat toen hij zag dat Duveen blaauw en slap werd, hij even losliet om hem nog beter te krijgen en toen hebben Mama en Duvenhage



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

gelukkig hem van Duveen af gekregen - wie weet wat er anders was gebeurd!

142 Toespraak NHK-Argief Pretoria, LIX/140.

143 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 15 Julie 1904.

144 Toespraak NHK-Argief Pretoria, LIX/140.

Brandt het jare na sy vertrek uit Zoutpansberg herroep dat die meeste mense in daardie tyd geen of weinig skoolopleiding gehad het. 'n Keer het 'n ouderling wat net vir drie maande skool gegaan het vir Brandt gevra hoe lank hy op skool was. Hierop het Brandt verduidelik dat vanaf die aanvang van sy laerskool opleiding totdat hy sy studies as predikant voltooi het was 'n tydperk van ongeveer 20 jaar. Die ouderling het hom met 'n uitdrukking van verbasing aangekyk en gesê: "so lank op skool en nog so dom want u kan dan nog nie eers behoorlik Afrikaans praat nie!

145 Ibid.

146 Ibid.

147 L.E. van Niekerk, <u>Kruger se Regterhand</u>, Pretoria 1985, p. 321.

148 Ibid.

149 Ibid., p. 322.

150 Briewe NZAV-Argief Amsterdam.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

151 Notules Kerkraadsvergaderings van Zoutpansberg en en Waterberg vanaf 1904-1908 NHK-Argief Pretoria.

152 <u>De Transvaalsche Kerkbode</u>, 12 Januarie 1905 jaargang 1 no 20.

153 Ibid., 8 September 1904.

154 Ibid., 12 Januarie 1905.

155 Ibid.

156 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 10 Desember 1904.

157 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 19 Mei 1904.

Later het Brandt in aansluiting hierby die volgende opsienbarende opmerking gemaak, vid. LIX/149, 28 Mei 1905:

> "Die pastorie van Ds Bosman word schandelijk geexploiteerd. Het is waar dat hij zijn ander huis heeft afgestaan voor een school, maar ten eerste, dat huis was van de kerk en niet van Bosman zelf, en ten tweede heeft hij nu een veel mooier huis door de kerk laten bouwen, waar hij nu als een koning in woont. Hij is er nu veel beter aan toe, dan vroeger en hij laat overal rondbazuinen dat hij zoo edelmoedig was om uit zijn huis te gaan, om de arme kindertjes een school te geven."

158 S.P. Engelbrecht, <u>Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika</u>, Kaapstad - Pretoria 1953, p.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

274. Sien ook: M Vaandrager, Beweging van CNO. 1900 - 1908. Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1943, jrg. 37.

S P Engelbrecht toon met stawende bewyse waar Bosman se sentimente gelê het in die sewentiger, begin tagtiger-jare van die negentiende eeu:

"Van die Hervormde predikante was alleen ds H S Bosman, van Pretoria, 'n voorstander van die Anneksasie. Hy het vir die inswering van Shepstone as Administrateur die Hervormde kerkgebou beskikbaar gestel en self die godsdienstige plegtigheid daaraan verbonde, gelei; en in die Hervormde kerk het hy die diens in die aand in Engels gehou, hoewel daar genoeg Engelse kerke met Engelse predikante op Pretoria was. Ook was hy 'n sterk voorstander en verdediger van Engels as medium van onderwys en het die Prospect Seminary opgerig, wat heeltemal Engels was. In 1880 was hy Direkteur van Onderwys en het Engels baie sterk vorentoe gestoot ten koste van Hollands. Hy het in die pers nie alleen sy ingenomenheid met die Britse vlag en met Engelse geleerdheid verkondig nie, maar ook met die ontstaan van 'n Anglo Afrikaansche Ras. In die oorlog van 1880 - 81 het hy openlik die Engelse kant gekies en was selfs deur die Boere gevang en amper voor die krygsraad tereggestel."

Dit wat hierbo gesê word is heeltemal in lyn met wat Brandt



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op 15 Oktober 1905 in 'n brief meedeel:

> "Er wordt hier door een zekere party o.a. Ds Bosman van de Verenigde kerk te Pretoria stelselmatig alles gedaan wat gedaan kan worden om Holland en de Hollanders verdacht en slecht te maken bij het Transvaalsche publik. Zoo las ik dezer dagen weer iets in de Volkstem; overgenomen uit De Vereeniging een kerkelijke blad van de Verenigde kerk, waarin allelei insinuaties en halve waarheden over Hollandsche kerken en vooral tegen de Herv Kerk in Holland. Als er geld noodig is wil Bosman graag de Hollandsche dubbeltjes en guldens hebben, maar als hij op een andere manier kan, zal hij niet nalaten al wat Hollandsch is tegen te werken.

159 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 28 Mei 1905.

160 F.C. Symington, <u>Onderwys in Transvaal gedurende Die Kroon-Kolonie-Periode</u>, (Ongepubliseerde D.Ed.-verhandeling U.P.), Pretoria 1948, p. 278 - 279.

161 Ibid.

162 <u>Almanak van die NHK 1943</u> 37ste jaargang.

163 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 28 Mei 1905.

164 Ibid.

~~164 Almanak van die NHK 1943 37ste jaargang.~~

165 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 14 April 1907.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

166 Ibid.

167 Ibid.

168 Ibid.

169 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 20 Augustus 1905.

170 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 23 Augustus 1905.

171 Ibid.

172 Ibid.

173 Ibid.

174 Ibid.

175 Ibid.

176 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 27 Januarie 1906.

177 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 27 Januarie 1906.

178 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 27 Januarie 1906.

179 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 16 April 1905.

180 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 23 Julie 1905.

181 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 22 Oktober 1905.

182 Ibid.

183 Notule Kerkraadsvergadering Zoutpansberg, NHK-Argief Pretoria, 25 Junie 1904, p.108.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

184 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/149, 28 Januarie 1905.

185 Ibid

186 Lesing NHK-Argief LIX/140.

187 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/144, 14 Desember 1904.

188 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 27 April 1907.

189 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 28 Januarie 1905.

190 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 11 Januarie 1907.

191 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 5 Januarie 1907.

192 Ibid.

193 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 21 September 1907.

194 Ibid.

195 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 13 Oktober 1907.

196 Ibid.

197 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 18 Mei 1904.

198 Ibid.

199 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 28 Augustus 1904.

200 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 4 September 1904.

201 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

202 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 23 Oktober 1904.

203 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 19 Mei 1904.

204 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 8 Oktober 1904.

205 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 18 Mei 1907.

206 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 2 Junie 1904.

207 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 24 April 1904.

208 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 26 Oktober 1907.

209 Ibid.

210 Ibid.

211 Ibid.

212 Ibid.

213 Ibid.

214 Ibid.

215 Ibid.

216 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 28 Oktober 1907.

217 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 3 November 1907.

218 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 1 Desember 1907.

219 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

220 Johanna Brandt se byna joernalistieke vermoë om insidente te beskryf word duidelik gemanifesteer in haar brief aan haar skoonouers in Holland, waarin sy hulle afskeid van Waterberg/Zoutpansberg beskrywe:

> "Aangenaam is het afscheid niet geweest. In een paar woorden wil ik u het een en ander vertellen van wat er alles is gebeurd. Ds Goddefroy is al lang geleden, voordat er sprake was van Lou's weggaan, als Consulent benoemd voor Zoutpansberg en Waterberg. Toen Lou het beroep naar Johannesburg aannam wou de gemeente hem als consulent hebben. Er werd toen een brief geschreven aan de Alg. Com. om dat te veranderen maar Ds G. maakte zoo 'n lawaai dat er weer werd geschreven om de eerste brief terug te roepen. Nu kwam hij ook naar Pietersburg om Lou los te maken. Ds Ruijsch was er ook en wij waren zeker dat hij beroepen zu worden maar helaas van begin tot eind maakte Ds Goddefroy zooveel ruzie en wakkerde de gemeente aan tot tegenstand en twee dracht totdat hij het eindelijk zoover kreeg dat <u>hij</u> benoemd werd tot Consulent en de gemeente besloot Ruijsch <u>niet</u> te beroepen. Wij waren totaal verslagen. Ik kan het nu haast nog niet gelooven. Niemand kan begrijpen hoe Lou geplaagd en beleedigd werd door Ds Goddefroy. Hij haat Lou en stookt veel kwaad tegen hem in de gemeente zoodat ons afscheid daar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

bepaald akelig was. Lou's afscheidspreek was heel mooi maar streng en de geheele dienst nogal koud. Ik heb geen enkele traan gezien in die drie dagen en dat is niet zooals gewoon bij zulke gelegenheden. Goddefroy heeft verschrikkelijk veel kwaad gedaan en zal nu ook zorgen dat er geen beroep wordt uitgebracht want hij wil consulent blijven, en misschien wil hij zelf nog daar beroepen worden omdat hij in Middelburg is uitgebakken. Hij zal de menschen leeren om ons te haten en doen zooals hij nu ook gedaan heeft, altijd door praten over die groote schuld en ons verwijten daarvoor. Hij praat nu zooveel over de groote pastorie maar hij zou er zelf graag in willen wonen. Arme Lou heeft het ellendig gehad onder hem. Er was dan ook niemand van onze kerkeraad aan het station toen wij weg gingen, geen ouderling, zelfs niet de koster, maar wel Ds Postma van de Dopper Kerk met zijn heele kerkeraad! Was dat niet aardig en attent?

Sommige van de gemeenteleden hebben er nu al bitter spijt van dat ze Ruijsch niet hebben beroepen maar het is nu te laat. Hij is nu hier met ons en gaat naar Johannesburg als onze gast totdat hij ergens anders beroepen word en dan zullen ze nog meer spijt hebben want hij preekt heel goed en schijnt in alle opzichten juist



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geschikt voor Transvaal. Nooit weer zullen ze zulk een kans hebben - een jonge, ijverige man die op eigen kosten hierheen komt en gewillig is om in kamers te wonen op een kleine salaris. Wij gevoelen ons hierover heelemaal ter neer geslagen.

Nu zijn wij hier, ook met Ds Ruijsch en Goddefroy die nu tamelijk geschikt is, nu dat hij zijn zin gekregen heeft. Morgen avond preekt Lou hier afscheid en dan gaan wij nog met de nacht trein naar Pretoria. Ik ben al lang genoeg van de kinderen weg en verlang erg naar huis na al de moeilijkheden en teleurstellingen die wij gehad hebben.

Vreeselijk om te denken dat Lou's arbeid door iemand als Goddefroy teniet gedaan zal worden, en vooral dat iemand zoo gewetenloos en oneerlijk als hij in de groote geldelijke moeilijkheden zal moeten handelen. O, wat hebben die menschen in hun zwakheid en gebrek aan zedelijken moed hun eigen in veel verdriet gebracht! Ze zullen nog dikwijls aan Lou terug denken. Ze zijn zoo bang voor Goddefroy dat ze <u>niets</u> tegen hem durven te zeggen. Wij hebben nu een zware les geleerd om een arme gemeente nooit weer in de schuld te brengen. Hoe moet het nu in Johannesburg gaan? Tot nu betalen wij ons eigen huishuur daar uit het geld dat Mr Key voor de Pastorie geeft maar van nu moet de gemeente



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voor ons zorgen.

Heerlijk dat wij in alles op God kunnen vertrouwen. Hij wil ons misschien nu beproeven en ons later een bloeiende gemeente geven als wij geleerd hebben ons zelf te verloochen.

Zondag morgen.

De avondmaals dienst is afgelopen. Gisteravond toen Lou thuis kwam van de gemeente Vereeniging bracht hij een blijde boodschap. De Waterbergsche gemeente heeft heelemaal geen vrede met het besluit van Zoutpansberg om niet te beroepen en met meerderheid van stemmen werd besloten te correspondeeren met ...berg over het uit brengen van een beroep. Goddefroy doet erg lief maar wij vertrouwen hem niet. Het voorstel van Waterberg zal natuurlijk in zijn handen komen als Consulent en hij zal het tegenwerken, misschien niet eens voor de kerkeraad leggen als wij niet daarover aan onze vrienden in Pietersburg schrijven. Er is nu weer een vonkje hoop waarvoor wij innig dankbaar zijn."

221 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 1 Februarie 1908.


222 Toespraak NHK-Argief Pretoria, LIX/140.

223 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie foto van Brandt is gedurende 1908 geneem, die jaar toe hy na Johannesburg verhuis het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 7

## EERSTE VASTE PREDIKANT VAN JOHANNESBURG 1908 - 1924

### 1 Die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Johannesburg - Die Eerste Jare van Opbou:

Dit was die ontdekking van goud in 1886 op die plaas Langlaagte, 'n deel van die huidige Johannesburg, wat mense van heinde en verre na dié geweste laat stroom het. Teen September van daardie jaar was daar alreeds sowat 4000 mense in dié gebied. In dieselfde maand, het president S J P Kruger, toenmalige staatshoof van die ZAR, deur 'n proklamasie in die staatskoerant afgekondig, dat verskeie plase in die omgewing tot openbare delwery verklaar word.[1]

Op 4 Oktober 1886 sou delwery amptelik op die plase Randjeslaagte en Langlaagte begin - die geboortedatum van die stad Johannesburg, soos die delwersdorp die volgende dag genoem is.[2] Vir 'n lang tyd was daar onsekerheid oor na wie die stad vernoem is. Die twispunt is finaal opgelos deur 'n dokument waarin Johann Rissik, destydse hoofklerk van die Landmeter-Generaal, verklaar dat die stad na hom en Christiaan Johannes Joubert, wat volksraadslid en Myn-Kommissaris was, vernoem is.[3]Laasgenoemde was 'n bekende leiersfiguur in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Vanweë goud se onweerstaanbare aantrekkingskrag vir die mens, het die delwersdorpie vinnig gegroei. In 1887, 'n jaar na die stigting daarvan, het die stad se inwonertal van 100



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tot 2000 gestyg, en teen 1899 was dit al 120 000.[4] Die merkwaardigste feit wat 'n mens opval, wanneer gevra word na die historiese wortels van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Johannesburg, is dat die eerste gemeente van dié kerk eers op 23 Februarie 1895 ontstaan het - dit wil sê eers bykans tien jaar na die stadstigting.[5] Dit is wel so dat vóór 1895, vanaf die jaar 1891, ds M J Goddefroy vanuit Pretoria na die behoeftes van die Nederduitsch Hervormde lidmate op die Witwatersrand omgesien het. Van 'n gevestigde gemeente wat op 'n deurlopende basis bearbei kon word, was daar egter op daardie stadium van die geskiedenis geen sprake nie.[6]

Die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk daarenteen het binne die eerste jaar na die goudontdekking 'n gemeente gestig en vinnig uitgebrei. Teen 1888 het dié kerk reeds oor 'n eie kerkgebou in die stad beskik.[7] In aansluiting hierby moet gekonstateer word dat gedurende die eerste jaar na die ontdekking van goud baie van die nuwe aankomelinge van Suid-Afrikaanse oorsprong op die Witwatersrand, afkomstig was uit die Kaap Kolonie, die Vrystaat en Natal; die meeste van hulle was vanselfsprekend lede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, of Nederduitsch ~~Gereformeerde of~~ Hervormde of Gereformeerde Kerk soos die Kerk in Transvaal bekend gestaan het.[8] Die hoofoorsaak van die Nederduitsch Hervormde Kerk se aanvanklike gebrekkige bearbeiding van die lidmate in Johannesburg, en die langsame oorgaan tot die stigting van 'n gemeente, is te wyte aan die mislukte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerkvereniging 1885 - 1886 wat die Nederduitsch Hervormde Kerk op daardie tydstip mank geslaan het. Deurdat daar van nuuts af georganiseer moes word kon die kerk eers op 'n betreklike laat stadium 'n gemeente aan die Witwatersrand stig.[9]

Deur die getroue werk van ds S Lagerwey van die gemeente Heidelberg, wat sedert 1895 as konsulent opgetree het, het sake vir die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Witwatersrand algaande begin verbeter. Met die stigting van die gemeente op 23 Februarie 1895 onder sy leiding onder die naam Nederduitsch Hervormde Gemeente van Fordsburg en Johannesburg, is Jan van Bruggen tot ouderling en Henning J van Aswegen tot diaken verkies. Op 28 April 1895 is hulle saam met J S van der Walt (ouderling) en W M Kock (diaken) voorgestel. Die gemeente het toe uit ongeveer dertig lidmate bestaan.[10]

Die eerste kerkdienste van die nuutgestigte gemeente is in die begin in die skool van P G Herbst gehou. Vanaf 1896 is die saal van die Rondgaande hof vir kerkdienste gebruik.[11] Die mate van bestendigheid wat nou ingetree het na gemeentestigting en ds Lagerwey se bemoeienis met die gemeente het nie lank geduur nie, want in Junie 1898 is hy skielik oorlede. Gelukkig kon sy werk voortgesit word deur die konsulentskap van ds Goddefroy wat vroeër by die gemeente betrokke was.[12] Die gebrek aan voldoende predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk het veroorsaak dat die skriba van die Algemene Kerkvergadering, ds Jac van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Belkum, bekommerd was oor lidmate aan die Witwatersrand wat:[13]

> "... geheel onbewerk" was en dus 'n "... gebrek aan zielzorg" gehad het.

Teen 1899 het die gemeente uit 2200 siele bestaan en was 'n eie vaste predikant nou dringend noodsaaklik. In dieselfde jaar het die kerkraad besluit om 'n blanko beroepsbrief aan ds F van Gheel Gildemeester te stuur met die opdrag om van die Nederduitsch Hervormde Gemeente van 's Gravenhage in Nederland 'n predikant vir een jaar te leen.[14]

Die Goudoorlog het nie net die planne om 'n vaste predikant (al was dit net op periodieke basis) gekelder nie, maar ook die normale funksionering van die gemeente geweldig geknou. Die konsulent, ds M J Goddefroy het saam met die Boeremagte te velde getrek en in krygsgevangenskap beland. Vir die duur van die oorlog was die gemeente egter nie net herderloos nie, maar ook sonder 'n kerkraad, omdat al die lede van die kerkraad op kommando of in krygsgevangenskap was.[15]

Goddefroy kan darem genadiglik na:[16]

> "...lange en bittere krijgsgevangenschap en met een geschokt gestel terugkeerde naar zijn ouden werkkring, de gemeente met eenparige stemmen, zoo van kerkeraad als gemeente, onder dank voor zijn getrouwheid aan land en volk en kerk, zijn Eerw. weer aanvaarde als Consulent der Gemeente."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tot in 1905 het Goddefroy as konsulent die gemeente gedien toe ds Brandt in hierdie hoedanigheid by hom oorgeneem het.

## 2 Ds L E Brandt - vir sestien jaar lank predikant in Johannesburg

Toe ds L E Brandt op 16 Februarie 1908 in Johannesburg as predikant van die gemeente bevestig is deur prof P J Muller,[18] was dit 'n geleentheid van buitengwone betekenis vir die hele Nederduitsch Hervormde Kerk. Twee en twintig jaar na die stigting van Johannesburg, en dertien jaar na die totstandkoming van die gemeente, kon die eerste voltydse Hervormde predikant hom aan die Witwatersrand vestig.

Onder blyke van groot belangstelling het Brandt sy intreepreek na aanleiding van Hebr. 12:1 & 2 gehou toe hy die versamelde skare toegespreek het in die Vrymesselaarsaal in Pleinstraat, wat in daardie dae gedien het as samekomsplek vir die gemeente.[19] Van hierdie historiese geleentheid het Brandt gesê:[20]

> "Dit is nu de derde maal in mijn leven dat ik zulk een dag beleef en nu ben ik ingeleid in een gemeente met 'unlimited possibilities'. Johannesburg is een groote stad met een zeer gemengde bevolking en er is werk onder de menschen van onze eigen gemeente zoo verscheiden dat al de gaven en krachten van een



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

predikant gebruikt kunnen worden. Het is wel een groote verandwoordelijkheid maar ook wel heerlijk om te voelen dat er zooveel nuttig werk is. Niet meer zooveel tijd verloren aan reizen en trekken en een meer ontwikkeld gehoor en meer geregeld volle kerken."

Op hierdie stadium kon Brandt ook rapporteer dat die lidmate se gesindheid jeens die pastorie-gesin heel positief was:[21]

"Voorlopig schijnen de menschen vol goeden moed voor ons en allen even vriendelijk, dat zal wel niet altijd zoo blijven maar wij worden hier ten minste niet met een vooroordeel ontvangen."

Die eerste pastorie van die Hervormde Kerk in Johannesburg was 'n huis wat die kerkraad teen £12.00 per maand gehuur het en was op die hoek van Bok- en Nuggetstraat geleë. Johanna Brandt het haar ouers in 'n brief 'n blik in en om die huis gegee:[22]

"Zeven kamers, badkamer pantry en keuken, maar buiten is alles vreeslijk beknopt en dat is erg jammer voor de kinderen die zoo vrij en ruim gewend zijn."

In die jong ontwikkelende stad was daar op die stadium nog nie 'n behoorlike infrastruktuur van munisipale dienste om die groot toeloop van mense te akkomodeer nie. Iets van hierdie ongemaklike toestand blyk uit Johanna Brandt se vertellings uit daardie tyd:[23]

"Het is alles behalve aangenaam hier - u zoud het ook



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vreeslijk vinden in deze drukke buurt. Mijnheer van den Broek (die destydse skriba van die gemeente) dacht dat hij ons een groot plezier zou doen door voor ons een groot huis, een dubbele verdieping, duur en deftig te huren aan de tram lijn en vlak bij het spoorstation maar de goede man weet niet hoe wij het hadden in Pietersburg en hoe wij gesteld zijn op onze vrijheid. Wij zullen niet lang hier blijven.

De 'sanitary system' hier is werkelijk schandalig slecht. Al de huizen hebben groote vuil water tanks die een of twee keer in de week door kaffirs leeg gemaakt worden en dan wordt het water in groote karren weg gereden. Welk een gesukkel, zal u zeggen en dat is ook zoo. De tanks worden nooit schoon gemaakt en ruiken! Waaraan zal ik de reuk vergelijken? O, ik heb het! Boldoot! precies Boldoot! en het is niet daarvan dat de menschen hier zooveel koorts en typhus hebben, dat kunt u begrijpen. Wij hebben onze tanks schoongemaakt en met Jeyes' Fluid gewasschen, maar wat helpt dat als de tanks van de buren rondom ons nog de heerlijke Boldoot lucht hebben? En dan is het hier een stof boel, zooiets kan u u niet voorstellen. Trams elke vijf minuten, motors, fietsen, karren, paarden, treinen, nog geen oogenblik stil, en dikke wolken stof zoodat een mensch geen deur of venster open kon zetten. Het regent nu nogal veel maar dat helpt bijna niets - een paar uur na een stort bui stuift het al weer. Dan hebben wij



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongedierten in het huis, rook in de keuken, Joodjes die vloeken voor en achter en op zij, en brutale kaffirs! Is dat niet een kapittel van narigheden?"

Die beskrewe toestande het daartoe bygedra dat die Brandts besonder bedrywig was gedurende die eerste paar maande van hulle verblyf in Johannesburg. Terwyl ds Brandt met koorsagtige haas met sy pastorale arbeid begin het, was Johanna daagliks uithuisig, of besig met die onderhandeling met eiendomsagente of doenig met die besigtiging van huise, naarstigtelik op soek na 'n beter tuiste.[24] Al die aktiwiteite het egter bygedra om die negatiewe gevoelens wat die pastoriepaar jeens Zoutpansberg-gemeente gekoester het, spoedig te verwerk:[25]

"Al de narigheid met de gemeente van Zoutpansberg is nu achter den rug en ik denk wel ze langzamerhand zullen vergeten dat ze zoo boos waren op ons en alleen vriendelijke herinneringen zullen behouden."

Op 15 April 1908 het die Brandt-gesin verhuis na 'n ander huurhuis in Ameshofstraat 53, Braamfontein. Dié netjiese dubbelverdieping huis was hoog geleë, verwyder van druk verkeer en lugbesoedeling wat hulle vorige tuiste so 'n onaangename woonplek gemaak het. Mevrou Brandt het egter nie van die feit gehou nie dat hulle adres Braamfontein was:[26]

"Er was altijd een ding dat voor mij ten minste niet aangenaam was en dat was het woord Braamfontein. De voorstad Braamfontein is niet heel fijn, wel niet zoo



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> erg als Vrededorp maar toch alles behalve aristocratisch. Mischien was het een soort valsche trotsch van mij maar als iemand vroeg waar wij woonde zeide ik altijd met nadruk 'In the most charming part of Braamfontein, right on the top of the hill'."

Terwyl L E Brandt nog konsulent van Johannesburg was het hy dikwels teenoor sy vrou opgemerk:[27]

> "...... dat de toestand van de kerk in Johannesburg zoo wanhopig is, dat hij voelde alsof hij daarheen moest gaan om alles in orde te maken."

Dit was juis dié wanhopige toestand waarin die kerk aan die Witwatersrand verkeer het wat meegebring het, dat die gemeentelike arbeid aan die Witwatersrand nog hoër eise aan Brandt as predikant sou stel, as wat dit die geval in die gemeentes Zoutpansberg en Waterberg was

Aan die begin van die eeu was die oorgrote meerderheid van die lidmate aan die Witwatersrand, boere wat daarheen getrek het omdat hulle vanweë die oorlogsverwoesting en droogtes in so 'n mate verarm het, dat hulle nie meer 'n menswaardige bestaan op die plase kon maak nie.[28] Ongelukkig was dié mense totaal onvoorbereid vir die eise wat verstedeliking stel. Hoewel hulle afstammelinge was van Europese voorouers met 'n stedelike tradisie, het daar reeds sedert die Kompanjiesjare aan die Kaap geleidelik 'n ontwikkeling van stadsvervreemding plaasgevind. Die VOC se primêre doelwit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die Kaap was om landbou aan die Kaap te stimuleer teneinde die Kaap as verversingspos vir die seeverkeer tussen oos en wes te laat slaag. Onnodig om te sê, verstedeliking is hierdeur teëgewerk.[29] Met die geleidelike besetting van die binneland deur die koloniste gedurende die agtiende en negentiende eeu en die Groot Trek daarna, het die Afrikaner nog verder vervreemd geraak van 'n stedelike leefwyse. In die lig hiervan was trekkers na die Grootstad onvermoënd om die uitdagings van die stedelike fenomeen en 'n kapitalistiese mynbou-ekonomie aan te spreek. Onder pioniersomstandighede in die binneland is die Afrikaner van die agtiende en negentiende eeu gebrei om onder moeilike omstandighede van afsondering te oorleef. Hierdie agrariese bestaan het egter daartoe bygedra dat hulle sosiale, opvoedkundige en ekonomiese mobiliteit ontoereikend was om hulle self in die radikaal vreemde lewe in die stad te handhaaf.[30] Talle van hierdie onvoorbereide, ontwrigte en verarmdes het onvermydelik besitlose plakkers of huurders onder haglike omstandighede geword.

Die grootste persentasie Afrikaners en uiteraard ook die meeste lidmate van die Hervormde Kerk in Johannesburg het in Vrededorp en Burgersdorp gewoon. Dié woonbuurtes was die konsentrasiepunt van die ekonomies en sosiaal mees verswakte Afrikaners aan die Rand.[31] In die meeste gevalle was hierdie dele se bewoners se huise minderwaardige wonings wat van sink, seil en hout opgerig is. Burgersdorp was ondermeer slegs deur 'n nou straatjie van die Indiërlokasie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geskei. Baie Afrikaners sowel as swartes het binne die Indiërlokasie gewoon, terwyl Indiërs weer as plakkers in Burgersdorp gewoon het.[32]

Johanna Brandt het dit eerlik bedoel toe sy gesê het dat haar man in Johannesburg predikant geword het van :[33]

> "..... de Hollanders die daar zijn - en van de laagste, gemeenste Boeren die in Vrededorp wonen."

Hierdie was nie 'n waarde-oordeel wat oor mense uitgespreek is nie, maar die juiste beskrywing van die verwording van 'n groot deel van die gemeente.

Slegs 'n maand na Brandt se bevestiging as predikant van Johannesburg is hy neergevel deur 'n ernstige aandoening van tifus.[34] Vir noodsaaklike mediese behandeling is hy opgeneem in die Roomse sanatorium in Kensington. Op daardie stadium het die gesin nie oor die fondse beskik om die mediese uitgawes te bestry nie, en moes noodgedwonge die geld by 'n vriend van Johanna, Andrew Brown, leen.[35] Gelukkig het Brandt in so 'n mate herstel dat na agt dae:[36]

> "...kwam hij thuis in een tram, nog wel zwak en erg afgevallen en geen 'beauty' meer met zijn stoppelbaardje en holle oogen, maar toch weer thuis."

Die toegewyde pastor het na dié ongesteldheid hom geen behoorlike kans op herstel gegun nie, en op 8 Julie dieselfde jaar het hy onverwags in 'n koma voor die pastorie neergesak.[37] Die huisarts, dr Pettavel se diagnose en advies



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was:[38]

> "...... dat zijn hart niet sterk is en dat hij zijn eigen een beetje beter moet oppassen in het vervolg. Zijn val kwam door de overspanning in zijn werk kreeg hij een aanval van 'heart failure'. Lou mag zich niet te veel inspannen en dr Pettavel zou graag willen dat hij nooit weer op een fiets zat maar Lou kan zijn fiets niet missen en moet het nu maar een beetje kalmer aanleggen."

Dit was inderdaad op daardie tydstip onmoontlik vir Brandt om met sy fiets weg te doen, aangesien dit sy enigste vervoermiddel was om in sy gegewe situasie sy ampsverpligtinge na te kom. Dieselfde het ook gegeld ten opsigte van sy tandem waarmee hy sy vrou moes meeneem wanneer omstandighede dit vereis het.[39]

Die oppervlakte van Brandt se werkkring aan die Rand, was weliswaar kleiner as die van sy vorige gemeente; daarenteen was die omvang van sy arbeid op die Witwatersrand in 'n gemeente wat van Newlands tot by Springs gestrek het, egter veel groter.[40] Sonder om homself ooit te ontsien het hy letterlik dag en nag gewerk. Oor die hele Witwatersrand het hy mense opgespoor en aangespoor en kerktoe gebring.[41] Bo en behalwe die een erediens wat hy elke Sondag gehou het, het hy dwarsdeur sy bedieningstyd in Johannesburg ten minste twee buitedienste per Sondag gehou. Met die verloop van tyd het die buitediensplekke die volgende geword:[42] Aurora



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wesmyn, Benoni, Boksburg, Booysenkamp, Brakpan, Bramley, Edenvale, Eikenhof, Elsburg, Finetown, Fontainebleau, Germiston, Kenilworth, Langlaagte, Lyndhurst, Maraisburg, Krugersdorp, Turffontein, Strydpan, Newlands, Rietvlei, Regentspark, Springs, Vereeniging, Ophirton, Zandfontein, La Rochelle, die Duitse skool in Holstraat en Heilbron. Op meeste van hierdie plekke het hy ook beurtelings die sakramente bedien.

Dit is nie vreemd dat sy atletiese gestel hierdie druk, gepaardgaande met al sy ander verpligtinge, nie kon uithou nie. Sonder sy wete het Johanna sy ouers versoek om hulle finansieël te steun om 'n motorfiets met 'n syspan aan te skaf. Hiervoor het hulle £20,00 aangestuur.[43]

Een van die eerste take wat Brandt in sy nuwe gemeente aan homself gestel het, was om die onvoltooide kerkgebou van die gemeente in gebruik te neem. Dié gebou is na die oorlog opgerig.[44] Op 4 Maart 1905 is die hoeksteen gelê deur genl Louis Botha, maar ongelukkig is die bouwerk daarna nie voltooi nie. Dit was derhalwe ook nie geskik vir gebruik nie, aangesien die dak en mure net so gestaan het.[45] Brandt het besef dat vir die welwese van die gemeente dit noodsaaklik was om 'n vaste kerkplek te hê. Daar was veral 'n dringende behoefte aan ruimte vir katkisasie en Sondagskoolonderrig.[46]

Daar is dadelik 'n begin gemaak om fondse in te samel om die kerkgebou geskik te maak vir gebruik. Op die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerkraadsvergadering van 6 Junie 1908[47] is bekendgemaak dat die basaar van die vorige maand £190,00 opgelewer het. By die geleentheid is die tender vir die gedeeltelike voltooiing van die gebou toegestaan aan die firma Brink en Viljoen. Op die tydstip is besluit om net oor te gaan tot die bou van 'n preekstoel, die aanbring van 'n klankbord en die installering van elektrisiteit. Brandt het aanbeveel dat 200 stoele aangekoop moes word wat deur lidmate teen 5/- per stoel gekoop kon word. Op die vergadering is op Brandt se voorstel eenparig aanvaar dat dié kerkgebou voortaan bekend sou staan as : "Westerkerk".

Gedurende die naweek van 12 - 13 September 1908 is die kerkgebou feestelik in gebruik geneem. Brandt vertel daarvan:[48]

> "... om drie uur begonnen wij door met al de predikanten die er waren te versamelen op de trap van de kerk. Daar hield Van den Broek een korte toespraak als secr. van de bouw commissie en overhandigde aan mij de sleutel van de voordeur die ik met een paar toepasselijke woorde opende. Daarmee maakten wij een soort van kleine optocht naar de voordeur die ik opende in den Naam des Vaders en des Zoons en des Heiligen Geestes, waarna wij binnen gingen. Eerst de predikanten en kerkraadsleden en daarna de gemeente. Het duurde heel lang voordat iedereen binnen was en een plaats had.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Er waren ongeveer 400 stoelen maar er hebben tot het einde toe voortdurend menschen in de gangpaden gestaan zoodat ik reken dat er naby de 500 menschen in de kerk moeten geweest zijn. Ik hield eerst de inwijdingspreek na aanleiding van 1 Kon 18:21b en v.30c en Prof Muller sprak daarna nog kort tot de gemeente, als oud consulent en als Moderator van onze Kerk. Het was een mooie plechtigheid die alles heel goed afliep. Gisteren avond hield Ds Ruysch v. Dugteren de Voorbereiding naar aanleiding van de toren van Babel en sprak heel goed voor een tamelijk gevulde kerk. Van morgen was de kerk weer heeltemal vol toen Ds du Toit het Heilige Nagmaal bediende, waarbij ik hem ook hielp, en nu zal ik nog van avond de dankzegging houden. Onze kerk is dus goed ingewijd en in gebruik genomen en voldoet heel goed aan alle eischen. Het electrische licht is prachtig helder. De preekstoel is eenvoudig mooi en het geheel maakt een goeden indruck.
>
> Er is een goede stemming onder de gemeente en iedereen is blij dat nu onze eigen kerk klaar is. Wij hebben een paar zeer gezegende dagen gehad."

Hoewel die kerk ingewy is, is die plafon eers 'n paar jaar later ingesit. In Julie 1912 is die kerk se mure vir die eerste keer aan die buitekant gepleister, en eers in 1923 van permanente banke voorsien.[49]

Die rede dat dit so lank geneem het om die kerkgebou



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heeltemal te voltooi setel in die feit dat vir die hele duur van Brandt se verblyf in die gemeente daar 'n onophoudelike worstelstryd was om die gemeente se finansies te laat klop. Die vernaamste oorsaak van die beroerde geldelike toestand van die gemeente was tewyte aan armoede en gebrek aan offervaardigheid by die lidmate.[50] Die pastoriegesin moes ook hieronder ly, aangesien die betaling van Brandt se traktement voortdurend agterstallig was. Soms was die toestand in die gemeente so haglik dat die predikant van sy traktement vir die kerkraad teruggegee het. Brandt is in 1907 beroep teen 'n jaarlikse traktement van £400.00, in 1919 het hy vir die eerste keer in twaalf jaar 'n verhoging gekry toe sy traktement met £50.00 'n jaar verhoog is.[51] Daar is altoos gepoog om op verskillende maniere geld in te samel. Brandt het selfs, net soos wat dit die geval in Zoutpansberg was, by die Selborne's aangeklop om steun:[52]

> "Eerw. Ds L E Brandt verklaarde met zijn echtgenoots op Zondag 4 April by Lady Selborn te hebben geweest met het volgende resultaat. Dat de diakenen met lijsten rond zullen gaan om deze voor een bedrag te teeken en het geld daaruit gegeven zoo deze lijsten voldoende opbrengen zal Eerw. Ds L E Brandt weder naar Lady Selborn gaan om verder geholpen te worden bij vrienden van Lady Selborn. Eerst moeten de leden toonen dat ze willen. Dan kunnen wij hulp verwachten."

Die kerkraad wou egter nie gebruik maak van hulp uit daardie oord nie, omdat hulp vir hulle kerk afkomstig van Engelse en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander mense vir hulle onaanneemlik was. In 'n skrywe in 1914 aan die gemeente het Brandt hom met die standpunt van die kerkraad vereenselwig. Hy merk in die verband op:[53]

> "Het is een zeer ongezond beginsel, dat men andere menschen laat betalen voor zijn eigen geestelijke behoeften."

Hy sou egter nie by hierdie beginsel kon bly nie, en sou hom weer telkens tot nie-lidmate en privaat instansies moes wend vir geld om kop bo water te hou. Teen 1915 was die finansiële posisie van die gemeente so treurig dat Johanna Brandt in die Gemeenteblad 'n ope brief aan die gemeente se susters geskryf het waarin sy ondermeer die volgende bewering maak:[54]

> "Wanneer ik u vertel, dat uw leeraar voor de maand Augustus maar £23.6.8 salaris ontving en voor September en October nog geen penny, dan moet u met mij instemmen, dat er een verandering moet komen. Er is bepaald gebrek in de Pastorie, en ik ben verplicht u te vragen, zusters van onze gemeente, om uw invloed te gebruiken, zoodat er voorspoed en vooruitgang mag komen, en uw leraar met een onbezwaard gemoed en met al de liefde van zijn hart zijn werk onder u mag voortzetten."

In dieselfde skrywe vestig Johanna Brandt die aandag op haar man se druk werkprogram:[55]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Ga eens u kerkbriefje na en bestudeer het maandelikse programma - de diensten en buitendiensten, de sacramenten en vergadering en catecisatie klassen - en denk aan de werkzaamheden die niet op het programma staan - de huweliken en begrafenissen, de zieken, die bezocht moeten worden, de administratie van kerkzaken en de overgrote massa schrijfwerk en correspondentie. En vraag uzelf dan af of één man dat alles kan behartigen en nog het grote werk van huisbezoek daarbij kan doen. Ik moet u ernstig waarschuwen, dat er te veel gevergd word van de geestelike en lichamelike krachten van u leraar."

Verskeie redes kan aangevoer word waarom die gemeentelede so gesukkel het om hulle predikant na behore te onderhou. In die eerste plek was daar hulle eie armoede wat offervaardigheid gekortwiek het. In die tweede plek was die oorgrote getal lidmate nog nie gewoond aan reëlmatige kerklike bearbeiding en die daaruit voortspruitende verpligtinge wat op hulle gelê was nie. In die derde plek moet in gedagte gehou word dat die Nederduitsch Hervormde Kerk tot en met die uitbreek van die Engelse Oorlog in 1899 die staatskerk was, waartydens predikante deur die regering betaal is.

Ten spyte van dit alles het Brandt volhardend voortgegaan om sy roeping te vervul.[56] Aan al die fasette van die pastoraat waarna sy vrou hierbo verwys het, het hy inderdaad toegewyd aandag geskenk. Hy doen egter nog meer as wat daar in sy dae



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 'n gemeentepredikant verwag is. Hy begin 'n gemeenteblad wat hy maandeliks getrou versorg het.[57] Reeds in 1909, 'n jaar na sy aankoms in Johannesburg rig hy 'n Christelike Jongelingsvereniging op om die jeug by die gemeente se aktiwiteite te betrek.[58] Met oorgawe het hy by die katkisasie- en Sondagskoolonderrig leiding geneem en dit met groot erns in die gemeente bevorder.[59] Die hulpbehoewendes is met die beperkte middele wat daar was versorg. Die Zusters Vereeniging wat in 1912 in die gemeente gestig is, vergader dikwels onder sy leiding in die Westerkerk.[60]

Onder sy presidium het hy met waardigheid die vergaderings van die ampte en gemeente gelei, en dit ook telkens as geleentheid benut om die ampsdraers en lidmate toe te rus vir hulle roeping in die wêreld.

Uit die kerkraadsnotules van dié periode van sy bediening, kom die verskynsel van twis tussen kerkraadslede, maar ook tussen kerkraadslede en lidmate, en lidmate onderling opvallend dikwels na vore. Vir Brandt was dit 'n pynlike aangeleentheid waaroor hy dikwels gepraat en gepreek het. By geleentheid van 'n kerkraadsvergadering het hy oor die verskynsel 'n veelseggende opmerking gemaak:[61]

> "Hierna volgt nog een langdurige bespreking, naar aanleiding waarvan de Voorzitter opmerkt dat naar zijn meening in de gemeente over kwade vriendschap gesproken word op een zeer onchristelijke wijze. Zijn ondervinding is trouwens, dat in Z.Afrika alles tot



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

> persoonlijke kwesties wordt teruggebracht en de vraag van beginselen buiten beschouwing wordt gelaten. Hij licht dat met voorbeelden toe en vraagt of er in de vergadering iemand is, die durft zeggen, dat er iemand is tegen wie hij iets heeft, of die iets tegen hem heeft."

Ten spyte daarvan dat talle lidmate geestelik veragter het vanweë baie jare se pastorale verwaarlosing, was daar altyd diegene wat met verbasende selfstandigheid 'n begrip gehad het vir die Hervormde kerklike gebruike. Hierdie stelling word bevestig deur die feit dat Brandt uit hoofde van sy NCSV-agtergrond gepoog het om gereelde bidure in die gemeente te hou. Hierdie gedagte het baie onverkwiklikhede ten gevolg gehad.[62] Van die begin af was daar 'n aantal kerkraadslede en lidmate wat heftig gekant was teen so 'n gebruik. Op 'n gemeentevergadering van 18 Julie 1914, is op voorstel van 'n lidmaat (teen Brandt se uitdruklike wens in) besluit:[63]

> "...... om het biduur in het kerkgebouw te verbieden."

Ruimte is gelaat vir bidure aan huis van die lidmate wat daaraan wou meedoen. Die voorstel het grootliks bygedra dat die voorkoms van bidure in die gemeente uiteindelik doodgeloop het.

As gevra word na die oorsaak van die verset teen bidure, kan dit waarskynlik aan twee oorsake toegeskryf word. Aan die een kant was dit so dat die meeste Nederlandse predikante



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat tot op daardie stadium in die Nederduitsch Hervormde Kerk gewerk het uit die min of meer konfessionele kringe gekom het. Gevolglik was bidure in dié kerk nie bekend en ook nie beoefen nie. Aan die anderkant was dit ook so dat bidure 'n taamlik algemene gebruik in die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk was. Juis vanweë die spanning wat daar van 1885 - 1886 se mislukte kerkvereniging tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk was, is bidure vermoedelik as onaanvaarbaar in die Nederduitsch Hervormde Kerk beskou. So het Brandt se poging om op hierdie manier die gemeente te bou, misluk.

## 3 Brandt as prediker in Johannesburg

Omdat Brandt so 'n vol werksprogram gehad het, kon hy uiteraard nie genoegsaam tyd inruim vir preekvoorbereiding nie. Tog was hy 'n gewilde prediker na wie die lidmate graag geluister het. The Transvaal Leader van 16 Januarie 1909 berig in die verband van die erediensbywoning waar hy opgetree het:[64]

> "...... there is perhaps no other minister in Johannesburg who can say that his church is filled to overflowing, and that at evening service even standing room is eagerly sought for."

Omdat die meeste van Brandt se preke wat behoue gebly het



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit sy eerste Johannesburg periode dateer, is dit van belang om dit nader te ondersoek. Wat die prediking van Brandt betref, is dit opmerklik dat die meeste van sy preke onder die gegewe omstandighede van werksdrukte altyd goed voorberei is. Van die preekmanuskripte wat behoue gebly het, was die meeste volledig uitgeskrywe, terwyl die res in kort telegramstyl opgestel is tot sy eie voordeel om vloeiend en verstaanbaar te kan argumenteer.[65] Baie van sy preke wat met die oog op hierdie studie ondersoek is, begin met die een of ander vraagstelling. Gewoonlik was dit vrae wat geleef het in die gemoed van sy toehoorders en, as sodanig, vrae was wat insny in die praktiese geloofslewe van die lidmaat. Vrae soos: "Waarvoor werk ons?" "Is die Nagmaal wel nodig?" "Is God nog in die kerk?" "Waarom gaan dit voorspoedig met goddeloses terwyl vromes dikwels ly?"[66]

Sy prediking was sterk Christosentries in die sin dat Christus vir hom die "bron" van die geloofslewe was. Die primêre uitgangspunt is dus duidelik vir Brandt, nie Christus nie, maar die Christelike geloofslewe. Dit is 'n ander benadering as die van die Barthiaanse teologie wat later 'n groot invloed in die Nederduitsch Hervormde Kerk uitgeoefen het. Eers teen die einde van sy lewe, in 1937, het hy die moeite gedoen om na Basel te reis om 'n reeks lesings van Barth wat gehandel het oor die "Credo" by te woon.[67] In elk geval, in sy prediking het hy mêêr klem op die waarde van die Christelike deugde gelê. Dus, in sy prediking vanuit die Bybel blyk dit dat die norm van geloof en lewe die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geloofslewe van die lidmaat is. As sodanig was die Bybel vir hom die oorkondeboek van die Christelike geloofslewe.

Die meeste van sy preke het met 'n inleiding begin, gevolg deur 'n kort uitleg wat eenvoudig was, en dan daarna die toepassing en die slot. Met stelligheid kan beweer word dat die metode van eksegese wat Brandt die meeste gevolg het die histories-letterlike metode was.[68]

'n Ander kenmerk van sy preekarbeid was, dat hy altyd noukeurig met die kerklike jaar rekening gehou het.[69] Uit die preke wat behoue gebly het kom dit egter voor dat hy die kategismus prediking verwaarloos het.[70] Trou aan sy aard om noukeurig en stiptelik te wees, het hy konsensieus rekord gehou van waar en wanneer hy sy preke gelewer het.[71]

Nadat hy die preek voorberei het, het hy nooit sonder sy geskrewe teks op die kansel geklim nie. Alhoewel hy die teks nie afgelees het nie, het hy die dokument redelik dikwels geraadpleeg.[72]

Brandt se vader, wat as meelewende lidmaat van die Nederlandse Hervormde Kerk 'n lewendige belangstelling in die teologiese debat van die dag in Nederland gehad het, het sy predikantseun in Suid-Afrika telkens hieromtrent ingelig. In 'n antwoord aan sy vader, wat hom by geleentheid weer oor die een en ander op die teologiese stroming in Nederland ingelig het, maak Brandt dit weer duidelik dat hy tot sy spyt, nie oor genoeg tyd beskik het vir studeerkamerwerk nie. In dié skrywe gee hy egter ook sy siening van die teologiese



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stand van sake in die begin van die eeu in Suid-Afrika:[73]

"Ik heb nog niet ontvangen, wat u zegt gestuurd te hebben van preken van Cramer, maar Prof Muller vertelde mij verleden week iets van wat er in den Haag gaande is tusschen Cramer en Gerritsen en sommige andere predikanten in de gemeente. Ik zal heel blij zijn die preken te ontvangen en te lezen, hoewel ze natuurlijk voor Zuid-Afrika weinig belang zullen hebben. Mannen als Ds Bosman zal daarvan gebruik maken, om de Hollandsche predikanten verdacht te maken bij de Afrikaners en zoodoende meer verdeeldheid te zaaien, waar eenheid kon en moest zijn.

Ik heb nog niet gehoord van de 'New Theology' van Mr Campbell in Engeland. Is dat een verbinding van het Evangelie met Theosophische begrijpen waardoor hij enkele moeilijke punten tracht te verklaren. Hier in Afrika hebben de meeste predikanten te veel gemeentewerk om veel te studeeren en de meerderheid der Afrikaansche predikanten hebben niet de opleiding gehad en geen voldoende hersens om zich te verdiepen in die vraagstukken, en omdat ze er geen begrip van hebben praten zij mannen als Bosman na of vormen zich heel verkeerde gedachten van de verfoeielijke ongeloovigheid der Hollanders. Iedereen, die niet precies blijft bij wat zij in hun kleine kringetje in Stellenbosch geleerd hebben, is dan in hun oordeel modern of liberaal of nog erger."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandt se oordeel oor die Afrikaanse predikante is hier ongewoon skerp, want dit is aan die anderkant opvallend, met watter hoflikheid en welwillendheid hy sy Afrikaanse kollegas behandel het. Miskien spreek hier iets van Brandt se frustrasie dat in Suid-Afrika die teologiese debat of meningswisseling nog nie op dreef gekom het nie, waarskynlik omdat die meeste predikante, net soos hyself, vanweë hulle gemeentelike werk nie veel tyd in hul studeerkamers kon deurbring nie.

## 4 Brandt se deelname aan sosiale opheffingswerk aan die Rand

Baie van L E Brandt se krag en tyd is in beslag geneem deur opheffings- en liefdadigheidswerk onder blankes aan die Witwatersrand gedurende die eerste twee en 'n half dekades van hierdie eeu. In 'n uitvoerige skrywe in 1912 aan sy moeder in Nederland, kla sy vrou oor die feit dat hy soveel aandag aan hierdie buite-gemeentelike arbeid skenk. Sy was van oortuiging dat sy betrokkenheid by al die buitemuurse aktiwiteite nadelig was vir sy gesondheid en sy werk as predikant.[74] Sy beweer dat dit alles die rede is hoekom hy op Sondag 4 Februarie 1912 tydens 'n doopdiens op die kansel flou geword het.

Brandt se betrokkenheid by die probleme wat die Afrikaner aan die Witwatersrand ondervind het, gee 'n beeld van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

probleme wat die Afrikaner in die verstedelikingsproses die hoof moes bied. 'n Voormalige plattelandse volk moes weens die armoede, wat die resultaat was van die Goudoorlog van 1899 - 1902, verstedelik en daar sy arbeid verkoop om daar 'n bestaan te kan maak. Maar dit was ook duidelik dat baie Afrikaners wat feitlik geen opleiding van enige aard gehad het nie, ingetrek is in 'n situasie wat hulle nie kon hanteer nie.

As lid van die Children's Aid Society (voortaan C.A.S) in Johannesburg het hy gedurende sy verblyf aldaar kosbare werk gelewer.[75] Op 'n stadium was hy die voorsitter van die Rescue and Investigation Comittee, van die C.A.S.[76]

In 'n ondersoek wat deur De Volkstem in 1916 geloods is, na die eksistensiële toestand waaronder die blanke kinders in Vrededorp in daardie tyd verkeer het, kry 'n mens 'n indruk van die werk wat deur die C.A.S. gedoen is. Inmiddels gee die verslag ook te kenne wat Brandt se rol was in die verband, aangesien hy 'n aktiewe medewerker was van die organisasie. Terwille van die kultuur-historiese waarde van die beskrywing van die kinderverwaarlosing sindroom, en verarming van die Afrikaner in daardie tydvak word ruimskoots uit die verslag aangehaal:[77]

> "Vrededorp, waar uitstel van bezwijken hoogste prijs is, en niet te sterven 's levens enig doel, Vrededorp ligt daar vlak bij de goudstad, als 'n blikkerende, blakerende hel ..... Toen we uit de tram stapten, viel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ons oog dadelik op 'n groot gebouw. 'De school' onderrichte Ds Brandt, die zo vriendelijk was voor die dag ons geleider in zijn gemeente te zijn. We wilden allereerst daarheen, want 'n school bergt kinderen en ....... eigenlik waren 't de kinderen, waarvoor we naar Vrededorp getogen waren, want als er geleden word, zijn 't de onschuldige kinderen die 't meest lijden, en als er al niets gedaan kán worden voor de ouders, voor hén móet hulp komen, we zouden onze tol mens te zijn al heel slecht betalen als naar de kinderen der armen onze harten niet uitgingen. De school dus .... 'De meeste van de kinderen hebben geen opvoeding genoten tot ze op school kwamen. De school en de kerk voeden hen op.'

We keerden ons weer naar de spelende jeugd, de toekoms van 't land. De magere koontjes geel-grijs, de glans ogen hole en te groot voor de gezichtjes, de bleke handjes, de smalle bortsjes. Zouden ze wel ooit in hun leven 't gevoel van 'genoeg' hebben gekend? Zouden ze wel ooit eens hun bord van zich geschoven en voldaan gezucht hebben: 'Moeder, ik kan niet meer nie?' Zouden ze wel eens in hun bedje wakker hebben gelegen, niet kunnend inslapen van 't snaakse gevoel in hun maag?"

In 'n onderhoud met die joernaliste van De Volkstem wat die ondersoek in Vrededorp gedoen het, het Brandt gewys op die matelose probleme waarmee die C.A.S. geworstel het. Ouers het hulle kinders op 'n buitengewone vroeë ouderdom uit die skool gehaal om tot die arbeidsmark toe te tree ten einde 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bydrae te maak tot die gesinsonderhoud. Die C.A.S. het daagliks aan honderde klein kindertjies ontbyt voorsien, dit kon egter net gedeeltelik in die nood van broodgebrek voorsien. Hierbenewens het die C.A.S. ook aan moeders voorligting verskaf met betrekking tot voeding, sindelikheid en versorging van kinders. Elke Donderdagnamiddag is gratis tee beskikbaar gestel vir vroue met kinders waar genoemde kennisinsette gelewer is:[78]

> "Ds Brandt vertelde dat die middagen allerliefst waren en meer en meer moeders geven aan die oproep gehoor, gelokt door de gezellige tee niet alleen, doch ook door de muziek welke hun nu en dan geboden werd."

Teen weerstand van sy kerkraad se kant af, het Brandt daarin geslaag om gedurende die week, die Hervormde kerkgebou as kleuterskool vir die C.A.S. beskikbaar gestel te kry. De Volkstem skryf hieroor:[79]

> "Nu togen we met Ds Brandt naar de bybie-school. We hielden halt voor 'n armoedige kerkje, keken eens langs dominee's slanke gestalte op, en ontmoeten zijn ogen in vragen, 'Ja, hier houden we school' zegt hij begrijpend. 'Er is geen andere plek en alhoewel vele gemeentenaren er tegen waren, ze vonden 't ontheiliging 'n kerk voor school te gebruiken - we hebben doorgezet. 't Is toch veel beter de kerk te gebruiken dan 'n tweehonderd kinderen op straat te laten en zonder onderwijs? Bent u dat niet eens?'"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Of we dat eens waren? Diep ademden wij toen we binnen traden. 'Ongekende blijheid groeide in ons. Of we 't eens waren? Had ooit 'n kerk, uitmuntend door architektonies schoon, ons zó devoot gestemd Had ooit 'n kerkgang ons zo ganselik bevredigd? De kleutertjes in stille aandacht brachten onbewust wijding. Huisde er ooit Zondags zo 'n prachtige reinheid tussen deze armelike muren?  Met groene schuifgordijnen waren de verschillende klassen afgeschoten.

Ds Brandt toonde ons de rijen opgestapelde stoelen. "Zaterdags worden de banken op mekaar gepakt, de borden en alles wat aan 'n school herinnert weggezet, krijgt de hele kerk 'n schoonmaakbeurt en Zondags merkt niemand dat die kerk in de week 'n school is." Hij bracht ons in de sakristie "Hier houden we vergadering en katechisatie." Hoe armoedig zag 't er hieruit! De muren niet alleen zonder enige versiering, doch afgevreten de slechte bepleistering.

Ds Brandt merkte onze medelijdende blik. "O, wij zijn al zo dankbaar voor wat we hebben. Dit kerkje is in 1895 gebouwd. Toen ik er kwam, stond er niets als de muren en 't dak, de zoldering ontbrak echter, 'n vloer was er ook niet en ruiten waren er evenmin. Allereerst lieten we de ruiten maken, daarna de zoldering, en toen we weer 'n beetje geld hadden de vloer." Zonder zich te beklagen kregen wij de treurige geschiedenis van dit Godhuis der armen te horen. Deze man, die 't moeilikst



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> deel verkozen had, doch zeker niet 't minste, zijn grijze haren boven 't nog zo jonge gezicht wezen 't uit hoe zwaar zijn leven is te midden der verstotenen, hoe hard hij werkt en vecht om hen niet nog dieper te zien zinken; als 't kän te redden, wat te redden valt."

Die joernaliste wat deur Brandt in die slum-gebiede rondgeneem is, se beskrywing van sy optrede teenoor die ekonomies en sosiaal gestremde mense, tipeer iets van sy aard en karakter:[80]

> "Kenmerkend in zijn optreden was de algehele afwezigheid van enige pose. 'n Eenvoudige mens onder die kleine mensen was de jonge werker in de dorste gaarde van heel TVL."

In 1913 het die C.A.S. van Johannesburg:[81]

> ".. een private wet bij de Senaat ingediend ter betere bescherming en verzorging van kinderen."

In die voorbereiding van die wet, wat deur die destydse minister van Justisie, die heer Sauer:[82]

> "..... overgenomen en met zekere bijvoegingen als een nieuwe wet weer ingediend"

is, het Louis Brandt 'n leidinggewende rol gespeel.

Die gemeentelike diakonaat wat, indien dit goed was, by hierdie werk van Brandt betrokke moes gewees het, was



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

magteloos vanweë 'n gebrek aan fondse. Die gemeente kon skaars sy eie verpligtinge nakom en daarom was Brandt verplig om buite die grense van die gemeente en die kerk te beweeg.

By die regeringsnedersetting vir armblankes te Stompiesfontein - Strydpan, oos van Johannesburg, het Brandt by tye feitlik as die nedersetters se gemeenskapsleier opgetree. Deur hoofsaaklik sy inisiatief en bemoeienis is 'n vergadersaal in 1918 met die steun van die Departement Lande opgerig, wat deur die drie susterkerke benut is vir eredienste.[83]

Die volgende organisasies op die maatskaplike terrein waarby Brandt ook betrokke was gedurende sy eerste verblyf in Johannesburg verdien vermelding: Die Rooikruis Vereniging, die District Nurse's Association, die Johannesburgse Hospitaal Raad, die Rand Aid Association, die Emmasdale Nywerheidskool, die South African Tempenance Alliance en die National Welfare Society.[84] Laasgenoemde is op 17 Julie 1919 gestig, met die doel om ondersoek in te stel na die omvang van armoede in Suid-Afrika en in die lig van die bevindinge, 'n program van aksie op te stel om dit die hoof te bied. Dat so baie van die welsynsorganisasies uit die Engelstalige wêreld gekom het, toon dat die destydse Afrikaner aan die Rand die noodlydende was wat nog nie die vermoë en middele gehad het om die probleme georganiseerd die hoof te bied nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende 1913 het ds Brandt die Christelijke Werklieden Vereeniging in Vrededorp gestig met die doel om :[85]

> "...... op Christelijke wijze op te komen voor de belangen van de werksman en de verbrokkeling van krachten onder Afrikaners tegen te gaan."

In samewerking met die twee ander susterkerke en die Suid-Afrikaanse Werkersbond, is op 16 Julie 1919 'n kommissie vergadering van die Inter-kerklike-sosiaal Kongres in Brandt se pastorie gehou. Die doel van die byeenkoms was omdat:[86]

> "Die Afrikaner arbeider loop gevaar om helemaal te kom onder die invloed van die revolusie beginsel waaruit sosialisme en Bolsjevisme leef. Die gevaar bedreig nie alleen die arbeiders hier op die Rand en elders maar ook die bywonersklasse op die platteland."

Hierdie werksaamhede was die voorloper van die stigting van die Suid-Afrikaanse Werkersunie op 14 Oktober 1922. Dit was 'n organisasie vir alle blanke arbeiders om hulle belange te behartig en alle sosialistiese en kommunistiese propaganda teen te werk. Brandt was van die begin af as lid van die uitvoerende komitee van die Unie gekies, wat teen 1924 nog bestaan het maar waarvan weinig van die werksaamhede bekend is.[87]

Die meeste Afrikaner sakeondernemings aan die Rand in daardie jare was gedoem tot mislukking vanweë gebrek aan kapitaal.[88]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Om hierdie toestand te probeer beredder, het 'n aantal Afrikaners gedurende Desember 1917 byeengekom, en die Suid-Afrikaanse Nasionale Maatskappy Beperk, met 'n kapitaal van £10000 gestig.[89] Ds Brandt wat mede-oprigter was, is met die stigting van die maatskappy as een van die direkteure gekies. Die doel van die maatskappy was om die ekonomiese belange van die Afrikaner te bevorder. Dit is egter nie seker of dié instelling enige sukses behaal het nie, want daar word nooit weer melding van gemaak nie. Dalk moet die antwoord gesoek word in 'n raak beskrywing deur De Volkstem, naamlik dat by die Randse Afrikaners 'n:[90]

> "ongedurige geest heerst die ze wel met ijver 'n zaak doet opvatten, doch ook vaak weer spoedig laat verflauwen."

Op 14 Augustus 1910 het Brandt 'n deputasie na die destydse minister van Justisie gelei in verband met verbeteringskole. Later dieselfde maand was hy deel van 'n afvaardiging na die Eerste Minister oor strenger wetgewing om Sabbatsontheiliging teë te werk.[91]

By al die werksaamhede wat in verband gestaan het met noodleniging en maatskaplike sorg was daar altyd 'n aanloop van hulpbehoewendes by die pastorie. Van alle nasionaliteite en kerkverbande het hulle kom aanklop om raad en hulp, sonder om bedroë weggestuur te word. Net soos in die geval van Zoutpansberg is daar soms aan haweloses tydelike akkommodasie in die pastorie verskaf.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die stimulans vir Brandt se betrokkenheid by al hierdie werk, lê waarskynlik in die uitgangspunte van die etiese teologie met sy klemtone op inwendige sending en maatskaplike versorging van diegene in nood en gebrek. In die tyd van die vroeë kapitalisme, was daar weinig indien enige bekommernis by die werkgewer of die owerheid vir die arbeider en sy lot, en moes die kerk en vrywillige verenigings inspring om diegene in die gemeenskap wat nie die mas kon opkom nie, by te staan. Brandt se betrokkenheid word gedra deur die opvattings van die etiese teologie wat klem daarop gelê het, dat 'n gelowige geroep is tot liefdadigheid en hulp aan die armes. Dit het egter ook in Brandt se tyd nog nie verder gegaan as hulp, nie want die oorsake van die nood is nie aangepak nie.[92]

Onder al die veeleisende werk en lewensomstandighede was daar nog die verpligting teenoor die gesinslewe. Op 25 Februarie 1912 verhuis die gesin sedert hulle aankoms in Johannesburg vir die derde keer, hierdie slag na 'n huis in Jutastraat Braamfontein, wat later deur die kerkraad as pastorie aangekoop is.[93] Van persoonlike lief en leed het Brandt en sy gesin genoeg ervaar in Johannesburg. Die laaste drie van die egpaar se sewe kinders is tydens hulle verblyf hier gebore, te wete: Andrew (16 Julie 1909), Willem Benjamin (1 Junie 1913) en Christiaan Jacobus (5 Desember 1915).[94] Gepaardgaande met die vreugde van die gesinsvermeerdering was daar vir Brandt die gevoelige verlies van die afsterwe van sy vader in 1913, met wie hy 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besondere intieme band as geesgenoot gehad het.[95]

## 5 Brandt se deelname aan sosiale aktiwiteite in die Goudstad

Uit hoofde van sy NCSV-agtergrond, het hy altyd 'n oop oog gehad vir die kerk wat groter was as die eie kerk. Juis sy bekendheid met die NCSV se betrokkenheid by verskillende ander organisasies, het hom laat deelneem aan die Youngman's Christian Association[96] en die Young Womens Christian Association.[97] Dit was inter-kerklike jeugbewegings aan die Rand gedurende die jare twintig en daarna. Vir baie jare was hy lid en voorsitter van die Witwatersrand Church Council. Die raad was 'n inter-kerklike broederkring van alle protestantse kerke aan die Witwatersrand. Brandt het ook telkens hierdie beweging toegespreek. Hy bedank egter hieruit op 10 November 1914 vanweë die Church Council se negatiewe houding teenoor die rebellie van daardie jaar.[98]

Reeds in 1908 het hy lid geword van die Society for the Encouragement of Arts. Van die vereniging het hy gesê:[99]

> "Het is een tamelijk voorname society en men moet gevraagd worden om lid te worden."

Sy onuitblusbare liefde vir musiek vind bevrediging in sy dirigentskap van die stad se sangvereniging[100] terwyl sy Hollandse patriotisme tereg gekom het in die Nederlandse



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vereniging van Johannesburg.[101] Van die organisasie was hy geruime tyd lank voorsitter. Verwant hieraan was sy lidmaatskap van De Hollandsche Verbond, waarvan hy by geleentheid lid van die organisasie se eksamenkommissie was, wat 'n opstelwedstryd vir skoliere uitgeskryf het ter bevordering van die Hollandse taal.[102] Ter herdenking van die geboorte van die Nederlandse prinses Juliana, in 1909 het Brandt op 9 Mei 1909 die feesdiens vir die Hollandse gemeenskap aan die Rand gehou, wat die gebeurtenisse op 'n luisterryke wyse gevier het.[103]

Dit moes ongetwyfeld te danke wees aan die Brandts se Engelse vriende wat ondermeer Lord en Lady Selborne , Lord en Lady Gladstone, Herbert Baker en Lionel Philips was, dat die Brandts aktief ingeskakel het by die pro-Britse Victorian League.[104] Baie Afrikaners kon nie hierdie affiniteit van die Brandts jeens hierdie imperialistiese organisasie en prominente Engelse begryp nie. Dit was dikwels rede vir antagonisme teen die persoon van Brandt. Hy en sy vrou het egter strykdeur, volgehou dat hulle doelbewus in daardie sosiale kringe verkeer het om invloed ten behoewe van die kerk en die Afrikanersaak uit te oefen.

Net soos in die geval van die opknapping van Zoutpansberg se kerk, het dit ook hier in Johannesburg inderdaad dividende afgewerp. Toe die gemeente in 1911 in 'n ernstige finansiële posisie verkeer het, en daar skynbaar geen uitkoms was nie, het Brandt, hoofsaaklik by Engelse maatskappye £194 gekollekteer, waardeur die krisis tydelik afgeweer is. Hy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verduidelik:[105]

> "Ik heb aan 47 maatschappijen van mijnen en andere takken van besigheid geschreven om een contributie voor de kerk en ik heb nu reeds £194 ontvangen zoodat wij voorloopig uit onze moeilijkheden geholpen zijn en wij meer moed hebben. Natuurlijk weet de gemeente hier niets van, niet eens de kerkeraad. Het is een geheim tusschen mij en een paar leden van de Financieele Commissie. Als de gemeente leden er van wisten zouden zij gaan denken dat er nu zooveel geld was, dat niemand iets meer behoefde te geven, en dat is natuurlijk niet het geval."

## 6 Brandt se bydrae tot onderwys

Nadat die CNO-skole gedurende 1907 aan die Regering oorgedra is, is die Smutswet van daardie jaar geïmplementeer waardeur bepaal is dat 'n skolier tot in standerd III moedertaalonderrig ontvang, waarna hy kon kies of hy verderaan deur medium van Afrikaans of Engels geskool wou word. Die meeste Afrikanerouers aan die Rand, het egter vanweë ekonomiese redes gekies dat hulle kinders deur middel van Engels onderrig moes ontvang.[106]

In sy gereelde rubriek Kroniek in De Hervormer spoor hy nie net Afrikanerouers aan om hulle kinders te help om geleerdheid te bekom nie, maar betuig hy hom ook as 'n warme



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorstander van moedertaalonderrig.[107]

Dat die meeste Afrikanerkinders aan die Rand na standerd III in Engels geskool is, het by Brandt die vrees laat ontstaan dat 'n hele geslag Afrikanerkinders vir die volk verlore kon gaan.[108] In die lig hiervan beywer hy hom vir die invoer van Hollandse onderwysers om die wanverhouding in die getalle tussen Engelse en Afrikaner-onderwysers te verbeter, en om die Afrikaanse taal en kultuur daardeur te bevorder.[109]

Dit was vir Brandt ontstellend dat ds H S Bosman, moderator van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, in 'n debat in 1908 in De Volkstem, of Hollandse onderwysers ingevoer moet word, hom so anti-Hollands betuig het:[110]

> "Ds Bosman van de Vereenigde kerk in Pretoria waar hij een van de leiders van is, die hevig teen Hollanders is en dus niet wil weten van invoer. Hij wil maar opsukkelen en de kinderen Engels laten leeren. Hij heeft zich ook weer in deze zaak als een gemeene huichelaar getoond en allerlei listen gebruikt, om zijn zaak te bepleiten. Het is waarlijk een wonder, dat zulk een man nog zoo veel invloed heeft en dat niet meer menschen hem doorzien en met verachting zich van hem afwenden. Maar hij is nu eenmaal de man die invloed heeft bij de regeering en hij is moderator van de grootste kerk van ons land en daarom hangen menschen hem zeker aan. Hij kan bovendien door zijn gladde tong en pen zich altijd wel uit de moeilijkheid werken, maar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hij is een echte Jesuiet."

Bogenoemde opmerkings van Brandt is kensketsend van die voortdurende stryd wat daar oor die saak tussen die Kaapse en Transvaalse Afrikaners geheers het. Die Transvalers het immerdeur in hulle verset téén Engels en alles wat daarmee saamgegaan het hulle hulp en steun kultureel en kerklik by die Hollanders gesoek. Die Kapenaars, op hulle beurt, het nooit antiteties teenoor die Engelse gestaan nie. Bosman se weersin jeens die Hollanders, waarna Brandt hierbo verwys, was nie eienaardig nie as in gedagte gehou word dat hy reeds in die vorige eeu die Prospect Seminary wat heeltemal Engels was, opgerig het. In 1880 het Bosman as direkteur van onderwys in Transvaal Engels as medium van onderwys bevoordeel ten koste van Hollands. Dit toon tog hoe die Hervormde Kerk vanuit 'n ander perspektief as die Verenigde Kerk gedink en opgetree het in die op- en uitbou van die Afrikaner se volkslewe.

Nog 'n bydrae van Brandt op die onderwysgebied was dat hy een van die prominente opstellers van die sillabus vir godsdiensonderwys in staatskole in Transvaal was wat in 1918 voltooi is.[111] As sekretaris van die reëlingskomitee van die onderwyskommissies van die drie Hollandse kerke wat 'n onderwyskongres op 3 en 4 April 1918 in Pretoria gehou het, het Brandt trou aan sy konsensieuse aard met groot welslae die omvangryke reëlings gehanteer.[112]

Die kongres het belangrike besluite geneem ter bevordering



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van onderwys in die algemeen, en in besonder in belang van die Hollands-Afrikaanse bevolking in die stede en op die platteland. Van die vernaamste besluite was dat ouers deur middel van die verkose skoolkommissies die reg sou hê tot aanstelling van onderwysers. Daar is ook besluite geneem oor die opleiding van onderwysers en die kurriculum van die opleiding, in die gees van Christelike-nasionale onderwys wat deur die kongres geadem is. Derdens is besluit om ten dienste van die drie Hollandse kerke 'n vereniging van Christelike Volksonderwys te stig. By die kongres is 'n Kommissie van Getuienis aangewys om die besluite van die afgelope kongres te formuleer vir beliggaming in die Onderwyswet. Hierdie kommissie moes ook advies gee aan te stigte Distrikskomitees aangaande onderwys-aangeleenthede. Die belangrike kommissie het bestaan uit prof. dr J D du Toit, di L E Brandt en S W van Niekerk.[113]

Brandt was ook lid van die Johannesburg Juvenile Advisory Board wat in 1918 'n memorandum by die Transvaalse Onderwyskommissie ingedien het met voorstelle aangaande gespesialiseerde onderwys.

Dat Brandt selfstandig nagedink het oor onderwysaangeleenthede word gestaaf deur sy skrywe op 14 Junie 1918 aan die Provinsiale Onderwyskommissie waarin hy die volgende aanvoer:[114]

> "Vergun mij u voor te leggen een plan, waardoor ik meen, dat een goede oplossing kan gevonden worden van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sommige der moelijkheden, thans verbonden aan de opvoeding van kinderen tusschen 14 en 16 jaren oud."

Hy sit sy plan soos volg uiteen:[115]

"Mijn plan komt hierop neer: De lagere school behoort de kinderen van 5 of 6 jaar tot 12 jaar te bevatten en behoort te eindigen bij de 4de standaard. Deze kursus behoort tot een afgerond geheel gemaakt te worden door de uren te brengen op 30 per week van af de 3de standaard en het leerplan te veranderen. Onmiddelijk na de 4de standaard behoort een andere kursus te volgen, die het kind brengt tot 16 jaar oud of ouder en die in de steden verdeeld behoort te worden in 5 of 6 verschillende soorten:

a voorbereidend voor matriek en verdere wetenschappelijke studie,
b een handelskursus,
c ambachtscholen,
d voorbereidend voor de Normaalschool,
e huishoudscholen,
f ambachtscholen voor meisjes.

Deze kursussen kunnen natuurlijk niet even lang zijn, doch moeten verschillen naar gelang van de soort van school en de kursus die gegeven wordt moeten algemeen onderwijs en ontwikkeling zoowel als het speciale onderwerp geven.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In de buiten distrikten moeten er vele middelpunten zijn in de kleine dorpen en dichtbewoonde streken, waar 2 soorten van middelbare scholen kunnen gesticht worden:

een voorbereidend voor matriek en de Normaalschool;

en een voor ambachten en landbouw met een seksie voor de verdere onderwijzing van meisjes in al de huishoudelijke bekwaamheden.

De voordeelen van dit plan zijn vele:

Een kind dat thans de school verlaat na de 5 de standaard, vooral een Hollandsche kind dat in een Engelsche school onderwezen is, is in geen enkel opzicht geschikt voor het verdere leven. Wat het op school geleerd heeft, wordt binnen de eerste drie maanden weer vergeten, omdat het geen verband houdt met het dagelijksche leven van het kind. En de jonge of het meisje staat daar temidden van de strengste concurrentie ongewapend voor den strijd.

Dit zal dadelijk verandere worden.

Het groote tekort aan onderwijzers zal ook aangevuld worden, omdat het zich aan elk kind in de lagere school als een natuurlijke weg voor verdere studie zal voordoen, om zich voor te bereiden voor de Normaalschool.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Als een kind van 12 of 13 jaar, wanneer er nog geen vooruizicht is om geld te verdienen een nieuwe kursus begint, zal dit zoo aantrekkelijk zijn, dat er geen neiging zal bestaan om de school te vroeg te verlaten, maar het kind liever de kursus tot het einde zal volgen. Ik zou gaarne mijn plan verder uitleggen en eenige vragen beantwoorden, waar en wanneer gij wilt bepalen en te meer, omdat gij mij gevraagd hebt, toen ik uw Commissie in April ontmoet heb, om eenige gedachte die ik mocht hebben in verband met het arme blanken vraagstuk aan u voor te leggen en ik meen, dat mijn plan veel zal helpen in deze richting. L.E.B."

Op vele ander terreine rakende die onderwys aan die Rand het Brandt 'n bydrae gelewer. So was hy ondermeer vir etlike jare lid van die Sentrale Skoolraad van die Witwatersrand.Hy het bekend gestaan as 'n troue vriend van Helpmekaar Hoërskool op wie se skoolkomitee hy vir baie jare diens gedoen het.[116]

Met sy groot belangstelling in die onderwys, het Brandt die tipies volkskerklike denke van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika beklemtoon, want die gedoopte kind se opvoeding en onderwys lê, vanweë die doopbelofte, nie buite die belangstelling van die kerk of van die ouers nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 7 Brandt en partypolitiek

## 7.1 Rebellie van 1914

Die uitbreek van die Eerste Wereldoorlog het in Suid-Afrika daartoe gelei dat 'n deel van die bevolking oorgegaan het tot 'n gewapende protes teen die regering. Die redes vir hierdie verset, waarin Afrikaner teen Afrikaner te staan gekom het, terwyl die Engelssprekende bevolkingsdeel verwonderd toegekyk het, skyn veral in die volgende drie dinge te lê: die hoop op die terugwinning van die ou republikeinse onafhanklikheid, die ontevredenheid met die regering se besluit om die Duitse kolonie Suidwes-Afrika aan te val en, ten slotte, die gegriefdheid oor die regering se besluit om burgers vir militêre diens op te kommandeer.[117]

Tot op hierdie stadium was Brandt 'n gematigde ondersteuner van die regeringsparty van die dag, genaamd die Suid-Afrikaanse Party. Die rebellie van 1914 het egter hierdie band tussen Brandt en die Suid-Afrikaanse Party, en ook as sodanig met die regering van die dag, deurgesny. Vóór die rebellie was Brandt op goeie voet met die toenmalige Eerste Minister Generaal Louis Botha. Die verhouding tussen hom en die Premier was toe selfs van so 'n aard dat Brandt soms by die Premier se woning vriendskaplike besoeke afgelê het. Die rebellie het Brandt gedwing om hom teen die regering, aan die kant van die republiekeinse Afrikaner te skaar, met wie se aspirasies hy hom volkome vereenselwig het.[118] Hy het sy vrou ondersteun wat onder Randse Afrikanervroue die voortou



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

geneem het om die rebelle se tronkstraf kwytgeskeld te kry.[119]

In die tyd het hy ook probeer om sy eertydse kollega ds Ruysch van Dugteren in die tronk in Johannesburg te besoek wat daar straf moes uitdien as 'n gevange rebel.[120]

Preke wat Brandt in daardie tyd gelewer het reflekteer sy anti-regeringsgesindheid. Hiervoor ontvang hy verskeie briewe van waardering. D F Toerien van Eikenhof betuig sy waardering vir 'n preek wat Brandt op 15 September 1914 aldaar gelewer het so:[121]

> "Met dezen wil ik U Wel Eerw mijn hartelijke dank toebrengen voor de preek laatste Zondag in de school te Eikenhof geleverd, dat, hoop ik, veel goed zal doen, en de oogen van velen, die nog gesloten zijn, voor de onnasionale handelwijze van de Regering openen zal; mogen er nog veel meer zulke preken geleverd worden door velen onzer leeraars; want waar onze politieke leidslieden zich blind gestaard hebben op Imperialisme, zien wij op tot onze geestelijke leidslieden om ons ook daarin te leiden."

Die briewe aan sy moeder in daardie tyd weerspieël sy gegriefdheid teenoor die Botha/Smuts-regering se afsydige houding teenoor die Afrikaner se nasionale gevoel.[122]

Dié miskenning van Afrikanerbelange deur die Botha/Smuts-regering, het al twee jaar voor die uitbreek van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

rebellie 'n breuk binne die regeringsparty laat ontstaan. Die rede hiervoor was dat genl J B M Hertzog in Oktober 1912 by Nylstroom en Desember dieselfde jaar by De Wildt na sekere Engelssprekende leiers in Suid-Afrika as "vreemde fortuinsoekers" verwys het. Algaande het Hertzog, as kampvegter van Afrikanerbelange, meer-en-meer steun begin geniet, sodat hy in Januarie 1914 daartoe kon oorgaan om die Nasionale Party te stig wat toe die magsbasis van Afrikaner-nasionalisme geword het. Toe die regering van Botha en Smuts tydens die rebellie duidelik laat blyk het dat hulle Suid-Afrika se belange ondergeskik aan Britse belange gestel het, het Afrikaner-nasionalisme geweldig veld begin wen. 'n Beweging waarmee Brandt, soos reeds aangetoon, hom volkome vereenselwig het.

Die rebellie het nie net politieke implikasies gehad nie, maar ook die hele kerk in beroering gebring.[123] Dit het gelei tot 'n konferensie in Vrededorp, Johannesburg op 5 Mei 1915. 'n Herderlike skrywe opgestel deur Brandt, is aan alle gemeentes gerig waarin hulle tot versoening en versigtigheid gemaan is. Die emosies wat die verset-beweging gaande gemaak het sou egter nog vir etlike jare bly smeul. Veral in die gemeente Bronkhorstspruit waar die plaaslike predikant ds H C M Fourie in 1914 hom by genl Chris Muller se rebellerende kommando gevoeg het. 'n Deel van die gemeente was hieroor diep ongelukkig en wou Fourie, wat op 25 Desember 1915 op parool vrygelaat is, nadat hy as rebel tronkstraf moes uitdien, nie terugontvang as predikant nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 7 Januarie 1916 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op Erasmus vergader om die saak te ondersoek. Brandt het met wysheid en lankmoedigheid die deurslag gegee dat predikant en kerkraad kon versoen. Brandt se optrede tydens die gebeurtenis het gespreek van begrip vir Fourie se patriotiese gevoel wat tydens die rebellie so sterk na vore getree het.[124]

7.2 Brandt kandidaat vir die Nasionale Party in 1915

Dit alles het waarskynlik bygedra dat hy hom beskikbaar gestel het as parlementskandidaat vir die Nasionale Party in die verkiesing van 22 Oktober 1915. Aanvanklik is hy deur die Nasionaliste van Standerton [125] versoek om hom daar beskikbaar te stel, maar hy het die uitnodiging van die kiesafdeling Pretoria-sentraal aanvaar.[126]

Brandt se gevoel van solidariteit met Suid-Afrika en die Afrikaner het reeds in 1912 duidelik na vore gekom toe hy hom laat naturaliseer het as Suid-Afrikaanse burger.[127] Hierdie gesindheid van: Suid-Afrika eerste, tree duidelik na vore in sy hele verskiesingsveldtog. Uit sy korrespondensie en toespraakaantekeninge uit daardie tyd blyk dit dat hy op 'n hoë vlak die verkiesing geveg het.[128] In sy veldtog het hy hom telkens uitgespreek ten gunste van die bevordering van die Afrikanervolk se belange. Op 'n vergadering in September in die Harmoniesaal, Sunnyside het hy die regering van die dag beskuldig van:[129]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Verwaarlozing der Taalbelangen en haalde aan dat Luipaardsvlei, die tekenende oude naam, veranderd werd in Lewisham. Waarom was Elandsfontein veranderd in 'Dzjurmiston'? En Vogelfontein in Boksburg West? Om Jobg lagen dozijnen voorsteden, die alle hun naam ontleenden aan kaapse of londense voorsteden."

Met die gevatheid van 'n politikus, het Brandt by dieselfde vergadering sy gevoel jeens Engeland en dié se oorlogspoging weergegee:[130]

> "Spr. had er niets tegen dat Engeland won in deze oorlog (gelach). Wel dat Z.A. zou ondergaan terwille van Engeland (ap). Als Engeland verloor en Z.A. kon zijn idealen nog staande houden (luid en langdurige applaus), dan had spr. geen bezwaar. Nu moest men niet gaan beweren dat hij gezegd had ' Duitsland moet winnen' (luid gelach)."

Aan die einde van sy toespraak het Brandt daaraan toegevoeg:[131]

> "God had Boer en Engelsman verschillend gemaakt en ze behoorden elk hun eigen idealen uit te leven."

Tydens die veldtog het Brandt ook baie klem laat val op die onvermoë van die regering om die ekonomie te laat herstel. Hy kritiseer die regering omdat hulle niks doen om die "inlandsche industrie te bevorder nie", en omdat hulle Suid-Afrika se grondstowwe onverwerk uitvoer. Een van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

slagkrete wat op sy verkiesingspamflette verskyn het, het aan die kiesers verkondig dat hy hom beywer het vir 'n sterk ekonomiese middelklas:[132]

> "Indien gij niet verlangt alleen Kapitalisten en slaven, maar een voorspoedig, en gelukkige midden stand stem dan voor de kandidaat van die Nationale Partij - L. E. Brandt."

In die loop van die verkiesingsveldtog het die Eerste Minister, generaal Botha die beskuldiging geopper dat "politieke predikante" soos Brandt, tot die politiek toegetree het omdat hulle volgens sy mening moeg was vir die kansel. Op 'n openbare vergadering op Woensdag 7 Oktober 1915 in die Erasmussaal in Pretoria, het Brandt hom op die volgende manier teen dié beskuldiging verweer:[133]

> "....... in de laatste jaren was de politiek helemaal losgemaakt van 't gevoelen van 't volk, waarmee de predikanten bij uitstek vertrouwd waren."

Hierdeur het Brandt te kenne gegee dat hy met 'n geroepenheid die politieke arena betree het.

Brandt se SAP-teenstander Rooth, wat deur De Volkstem gesteun is het met groot genoegdoening Brandt se Afrikaner-nasionale bona-fides in twyfel getrek, omdat ds en mev Brandt vroeër aktief betrokke was by die Victoria League in Johannesburg. De Volkstem van 30 September 1915 lig sy lesers omtrent die organisasie soos volg in:[134]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Te 16 Regent St., in 't hartje van Londen, maar toch ver genoeg achteraf om rustig te wezen, is de klub van de Victoria League in Engeland en door de Vrouwen Empire Club aan manschappen van de overzeese bezittigen, die dienen in zijner Majesteits legermacht. Ze is gegeven als warme dank voor bewezen krijgsdiensten; ook als uitdrukking van 't diepe gevoel dat in Engeland opwelt voor de edelmoedigheid der britse overzeese mensheid, van elke klas en ras, ten bate van 't Moederland, in tijd van nood."

Alhoewel Brandt en sy vrou reeds 'n jaar voor die verkiesing uit die organisasie bedank het, is hy dwarsdeur die veldtog oor sy vroeëre verbintenis daarmee gestriem. Op die politieke platform het hy telkens aangevoer dat die rede vir sy bedanking was dat [135] "sijn ogen waren opengegaan". Hierdie motivering was egter bloot terwille van politieke fatsoenlikheid. Ten diepste kon die Brandts hulle nooit met die doelstellings van die Victoria League vereenselwig het nie. Hulle deelname was bloot, volgens hulle oortuiging, terwille van invloed wat hulle in daardie kring kon uitoefen vir kerk en volk, en terwille van die gekultiveerde geselskap wat hulle daar kon geniet.

Vanweë die intimidering van kiesers wat teen die SAP gestem het, moes Brandt die kiesers telkens die versekering gee dat die stemming 'n absolute geheim sou wees.[136]

Vir Brandt was die verkiesingstryd uiteindelik



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onsuksesvol.[137] Die uitslag in die kiesafdeling Pretoria-Sentraal was: E Rooth van die SAP: 1182, L E Brandt van die NP: 416 en M G Nicholson van die Arbeidersparty: 318 sodat die SAP-meerderheid 766 was. Brandt het maar 21,6% van die stemme getrek teen Rooth se 61,4% en Nicholson se 16,5%.

Die kerkraad van Johannesburg het Brandt vooraf toestemming gegee om te staan. Gedurende en ná die verkiesing het Brandt, wat op geen stadium bedank het as predikant nie, geen probleme van kerkraad of gemeente gekry in verband met hierdie politieke avontuur nie. Al besware wat by hom ingedien is was 'n brief van 'n Hofland van Dullstroom wat kapsie gemaak het teen predikante wat hulle met die politiek inlaat, en enkele kerkraadslede van sy konsulentsgemeente Vereeniging wat sy kandidatuur afgekeur het.

Alhoewel die kerkwet destyds bepaal het, dat 'n predikant wat hom beskikbaar stel as politieke kandidaat eers sy amp moet neerlê[138] nadat hy amptelik verkies is, bly dit tog merkwaardig dat Brandt se deelname aan die verkiesing van 1915 so min teestand van die kerkvolk ontlok het.

Afgesien van genoemde Hofland se protes en 'n handjievol beswaarmakers van Vereeniging teen sy aktiewe politieke deelname, het die insident eintlik ongemerk verbygegaan en geensins opslae in die kerklike lewe veroorsaak nie.

As in aanmerking geneem word dat Brandt in 1916, 'n jaar ná sy mislukte verkiesingsveldtog amper eenparig verkies is tot voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, kan die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afleiding gemaak word dat daar in die kerk in die algemeen groot respek was vir die persoon van ds Brandt.

'n Moontlike rede vir die houding van die lidmate, is dat die republikeinse Afrikaner wat die partypolitiek volgens die Westminster demokrasie betref, in 'n totaal nuwe situasie inbeweeg het na Uniewording in 1910. In die ou ZA Republiek het daar nie so iets soos politieke partye bestaan nie en is verkiesings ook op 'n ander manier gehou. Soos N G S van der Walt dit stel:[139]

> "Hierdie mense (dws die Afrikaners in die ou republieke) was gewoond om aan 'n volk te dink as 'n taalgemeenskap wat beskik het oor 'n eie owerheid op eie grondgebied en waar vreemdelinge se posisie bepaal is deur die mate van vatbaarheid vir assimilasie wat hulle aan die dag gelê het, want in die politiek moes steeds rekening gehou word met "de ziel van ons volk". Hul volksowerheid, wat hulle by wyse van volkstemming aangewys het, is nu vervang deur 'n "party-owerheid". Die "party-owerheid" berus op die grondslag van organisatoriese groepvorming rondom 'n "program van beginsels" van die doeleindes van bewindsverowering in mededinging met en ter uitsluiting van ander dergelike willekeurige gevormde groepe of partye. Ten slotte het hul volk, wat hulle gekoester het as 'n lewenseenheid waarbinne hulle hul geskiedenis en tradisie geweef gesien het, as politieke faktor verbrokkel en sy lede is as enkelinge verstrooi in die staatsvolk"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Omdat die Nasionale Party van genl Hertzog, gesien en ervaar is as die draer van 'n etnies-geïnspireerde nasionalisme is dit miskien so dat die Hervormde kerkvolk byna outomaties die koers gesteun het. Eers heelwat later, as die kerkvolk ervaar dat die partypolitieke sisteem die volk en sy aspirasies verdeel, word die predikante se deelname aan die partypolitiek problematies.

7.3 Die Nasionale Vroue-Party

Johanna Brandt was die krag agter die totstandkoming van die Nasionale Vroue-Party in 1915.[140] Op die eerste kongres van dié organisasie wat van 18 tot 20 April 1916 plaasgevind het, is mev (ds) H D van Broekhuizen tot voorsitter gekies en Brandt se eggenote tot eresekretaresse.[141] By hierdie eerste kongres was L E Brandt een van die hoofsprekers. Sy tema was: "Verwaarloosde Kinderen". Dié toespraak was 'n verklanking van sy erns om die destydse vraagstuk van minder-bevoorregte kinders die hoof te bied.

7.4 Die staking en opstand van blanke werkers in 1922

Teen 1921 was die Suid-Afrikaanse ekonomie, wat na die Eerste Wereldoorlog 'n kort oplewing getoon het, in 'n treurige toestand. Teen hierdie agtergrond het die Kamer van Mynwese, om produksiekoste te besnoei, 'n groot aantal



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mynwerkers laat afdank en die ondergrondse werk herorganiseer, sodat die werk van hoër besoldigde geskoolde Blankes voortaan deur laer besoldigde ongeskoolde Swartes verrig kon word.[142] Dit was basies die oorsaak van die 1922 staking van blanke mynwerkers aan die Rand, wat uiteindelik uitgeloop het op 'n opstand wat met geweld deur die Smutsbewind onderdruk is.

Daar word geraam dat ongeveer 75 persent van die stakers Afrikaners was.[143] In die lig van Brandt se gemeente-samestelling was hy noodwendig gekonfronteer met die ellende wat deur die gebeurtenis meegebring is. Op 14 Maart 1922 skryf Brandt ondermeer die volgende aan sy kollega ds Jac van Belkum:[144]

> "Wij hebben van daag een bombardement gehad van Fordsburg eerst met grof geschut en later met klein geweervuur.
>
> Mijn Ouderling P J Coetzee is Vrijdag dood geschoten en Zondag middag na het bombardement van Vrededorp in alle stilte begraven. Het is een groot verlies voor de gemeente."

Behalwe die genoemde ouderling Coetzee het nog een lid van die gemeente, W Norval, met sy lewe geboet in die opstand van 1922.[145]

Alhoewel sommige Afrikaners gedurende hierdie tyd deur die kommunisme mislei is, 'n saak waarteen Brandt sy lidmate



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewaarsku het, het dit vir die oorgrote meerderheid Afrikaners in die staking nie gegaan om die uitbouing van vreemde ideologieë nie, maar wel om verbeterde lewensomstandighede.[146]

Die nagevolge van die staking en mislukte opstand het vir baie Afrikaners aan die Rand broodsgebrek beteken, want 4962 mense is in hegtenis geneem en meer as 7000 blanke mynwerkers is uit hulle werk ontslaan.[147]

Reeds gedurende die staking en daarna, het Brandt inisiatief en leiding geneem om die nood van die werkloses te verlig, deur persoonlik saam met lidmate in die Nederduitsch Hervormde Kerkgebou in Vrededorp, kos uit te deel aan diegene wat aan broodsgebrek gely het. Middele is van oral oor ingesamel.

'n Beskuldiging in <u>Die Burger</u> van 26 Mei 1922[148] dat die Afrikaner-predikante in die grootste krisis in die geskiedenis van die Afrikaner-arbeiderklas nie leiding geneem het nie, en die noodleniging van die werklose Afrikaner oorgelaat in die hande van ander, geld beslis nie van Brandt nie. Hy het met sy kenmerkende nougesette manier van handel die uitdeel van gifte onder sy beheer geneem.

By die kerkraadsvergadering van 15 April 1922 was daar kerkraadslede wat hewig beswaar gemaak het teen die gebruik van die kerkgebou as sentrum vir uitdeling van kos aan die werkloses:[149]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

"Op die vraag van de voorz of een der broeders soms nog iets op te brengen had, zegt br. Heyneke dat hij het 'n schande vindt dat de Kerk wordt gebruikt voor de uitdeling van kost aan behoeftigen. Hij vindt dat dit een ontheiliging is van Gods huis ....."

Nadat ds Brandt die onderneming gegee het dat hy self sal toesien dat alles ordelik in die kerk tydens die uitdeling verloop, het die vergadering toegestem dat daar voortgegaan kon word om die kerk as verspreidingspunt van kos vir werkloses te gebruik.

Die staking wat uiteindelik geweldadig deur die Smuts-regering onderdruk is, het weinig bygedra om die lot van die Afrikanerwerker aan die Rand te verbeter. Dit is grootliks te danke aan die feit dat die destydse premier, genl J C Smuts, saamgewerk het met die mynbase en die groot kapitaal. Nadat die staking onderdruk is, het die vakbonde beheer oor hulle lede herwin en die staking beëindig. Die Kamer van Mynwese het die werkers wat hulle nodig gehad het, op hulle voorwaardes teruggeneem. Smuts en die geldmag het hier 'n volslae oorwinning behaal hoewel die politieke skaal na die staking teen Smuts gedraai het. Die Afrikaners wat deel gehad het aan die staking met die hoop om hulle lewens- en werksomstandighede te verbeter se ideale is verydel.[150] <u>Die Burger</u> vat die gebeurtenis by wyse van terugskouing so saam:[151]

"... die Afrikanerarbeider ... het 'n swaar tyd gehad:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy is deur die krag van kapitaal, gesteun deur alle krygstuig van ons regering - wat met ons geld betaal is - verslaan in sy stryd vir reg, ekonomiese reg."

## 8 Brandt se bydrae in die Nederduitsch Hervormde Kerk in die algemeen vanaf 1908 - 1924.

Alhoewel Brandt as gemeentepastor uitgemunt het, het hy nooit gemeentesentries gedink en gehandel nie. Sedert sy bevestiging as predikant te Pietersburg in 1904, het hy die Nederduitsch Hervormde Kerk in die geheel getrou gedien.

Met sy oorkoms in 1908 na Johannesburg is die een en twintig Transvaalse gemeentes van die Hervormde Kerk deur nege predikante bearbei. Sy eie gemeente Johannesburg, het toe uit 650 belydende lede met 'n sieletal van 1265 bestaan, wat, soos reeds aangetoon, veel opbouwerk vereis het. Boonop was sy lidmate oor die hele Witwatersrand versprei. Tog het hierdie meer sentrale standplaas, aan Brandt beter geleentheid gebied om van daar af meer intens betrokke te raak by die kerk in breër verband.

Vanuit die pastorie in Johannesburg, dien hy as voorsitter van die kerk se Finansiële Kommissie, wat baie van sy tyd en aandag geverg het vanweë omvangryke korrespondensievoering en talle besoeke aan gemeentes en ringsvergaderings. Daarbenewens was hy lid van die Commissie van Waakzaamheid voor Lager Onderwijs,[152] lid van die Kuratorium vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teologiese Opleiding en lid van die Commissie voor Boeken.[153]

Van die belangrikste gebeurtenisse in die Hervormde Kerk gedurende die eerste dekade ná die oorlog, was die verskyning van die Almanak op 1 Januarie 1907 en De Hervormer in 1909. Die Almanak, wat later 'n amptelike kerklike publikasie geword het, het met die loop van die jare uitgegroei tot 'n publikasie van groot waarde vir die genealoog, die kultuur- en die kerkhistorikus.[154] Ook De Hervormer, as amptelike mondstuk van die Kerk, se rigtinggewende invloed in die kerk deur die jare heen, kan nie onderskat word nie.

Brandt was nie net getuie van die belangrike gebeurtenisse nie, maar was ook mede-oprigter en bouer aan die twee publikasies wat eventueel sinoniem met die Hervormde Kerk sou word. Hy was ondermeer voorsitter van die Commissie Administratie voor 't Kerkblad, wat ten doel die versameling van gegewens vir die Almanak gehad het. So het hy ook vanaf die ontstaan van De Hervormer op die blad se redaksie gedien. In albei die publikasies het reëlmatig bydraes onder sy naam verskyn.[155]

In sy gereelde rubriek, Kroniek wat maandeliks vanaf 1909 tot 1917 in De Hervormer verskyn het, handel hy oor 'n verskeidenheid van sake wat in daardie tydsgewrig van aktuele belang was.

Wat veral voorrang geniet het was onderwysaangeleenthede.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met groot erns het hy onophoudelik by die ouers aangedring om toe te sien dat hulle kinders die optimale skolastiese opvoeding moes geniet. Hy is ook pleitbesorger vir die regmatige plek van die Afrikaans-Hollandse taal op skool.

Die groot belangstelling wat Brandt vir die jeug van die kerk gehad het, spreek ondubbelsinnig uit van sy rubrieke. Voortdurend het hy die ouers versoek om toe te sien dat hulle die godsdienstige opvoeding van hulle kinders nie versaak nie.

Verskeie aflewerings van Kroniek is gewy aan die verloëning van Christelik-etiese waardes in die gemeenskap wat vir hom veral gemanifesteer is in verskynsels soos perdewedrenne, dronkenskap, dobbelary, hoerery en dies meer.

Die rassevraagstuk in Suid-Afrika is ook telkens onder die loep geneem. Brandt betuig hom in die verband as voorstander van volkome apartheid tussen die verskillende rasse op alle lewensterreine.

Soms het hy die regering van die dag skerp gekritiseer oor die hantering van die bekamping van sedelike verval en rassevermenging. Inmiddels het hy ook sy belangstelling vir die internasionale politieke gebeurtenisse te kenne gegee, deur telkens in Kroniek te reflekteer wat in die buiteland gaande was.

Met vaste reëlmaat het hy die betekenis van die Nederduitsch Hervormde kerk se geskiedenis by die kerkvolk ingeskerp.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daarmee saam is gepoog om waardering aan te wakker vir die eie-kerklike gebruike en tradisies. Hierdie opwekking van die Hervormde lidmate tot liefde vir die eie, het soms meegebring dat hy polemies in gesprek moes tree met ander kerke wat by geleentheid die Hervormde kerk te na gekom het.

Die verskeie skerp vermanings teen, en die aan die kaakstel van sektariese dwalings, dui op die opkoms van dié fenomeen in die begin van die twintigste eeu, as 'n anti-reformatoriese verskynsel waarmee rekening gehou moes word.

Deur die rubriek het Brandt die geskrewe woord vernuftig hanteer om die kerkvolk voor te lig, op te voed en aan te spoor om hulle geloof in die wêreld te vergestalt.

Nog 'n betekenisvolle ontwikkeling in die kerk in die tyd, was toe die kerk in 1909[156] in ringe verdeel is. Vanaf dié datum, vir baie jarelank, was Brandt skriba van die Oostelike Ring, waarvan ds Jac van Belkum voorsitter was.

Benewens die feit dat hy in sy eie gemeente grootliks verantwoordelik was vir die skribaat en hantering van finansiële sake, moes hy vir lang rukke hierdie administratiewe aangeleenthede ook in sy konsulentgemeentes van Vereeniging en Heilbron hanteer.[157]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 9 Brandt en die Ruysch van Dugteren-saak.

### 9.1 'n Bondige agtergrondskets

Ds C J L van Dugteren het as gevolg van Brandt se beïnvloeding in 1908 vanuit Nederland na Suid-Afrika gekom. Soos reeds vermeld het Brandt gehoop dat hy hom in Zoutpansberg/Waterberg sou opvolg. Dit het nie gebeur nie en uiteindelik is hy in 1909 na Pretoria beroep as opvolger van prof. dr P J Muller.[158]

In 1911 het Van Dugteren 'n skrywe aan die kommissie van die Algemene Kerkvergadering gerig, waarin hy gevra het of hy die Formule van Ondertekening wat hy as predikant met sy indienstrede geteken het, letterlik moes opneem. Met die ondertekening van hierdie formule het hy uitdruklik verklaar dat hy instem met die belydenisskrifte, dat hy glo dat dit in ooreenstemming met Gods Woord was en dat hy beloof om dit hartlik te omhels en getrou te leer.[159] In hierdie skrywe van Van Dugteren het hy duidelik laat blyk dat hy baie goed geweet het wat die Formule van Ondertekening geëis het. Sy vraag aan die kommissie van die Algemene Kerkvergadering was dus om vas te stel in watter mate die Nederduitsch Hervormde Kerk leervryheid sou toelaat.[160]

Voordat hy 'n antwoord van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering kon kry het hy sy standpunt openlik begin verkondig. Hy het ondermeer verklaar dat hy die ondertekening van die Formule van Ondertekening as 'n blote formaliteit beskou het.[161]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Terwyl die saak hangende was, het die kerkraad van Pretoria Van Dugteren belet om Woord en sakrament te bedien.

Op 7 en 8 September 1911 het die kommissie van die Algemene Kerkvergadering byeengekom om die saak te behandel. Ds M J Goddefroy het as voorsitter opgetree in die plek van ds C W du Toit, Voorsitter van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat ongesteld was. Die kommissie het beslis dat Van Dugteren, wat sy handtekening intussen van die Formule van Ondertekening teruggetrek het, homself uit die kerk uitgesluit het en as sodanig opgehou het om predikant in die Nederduitsch Hervormde Kerk te wees.[162]

In April 1912 het 'n Buitengewone Algemene Kerkvergadering onder voorsitterskap van Brandt plaasgevind, omdat hy ingestaan het vir Du Toit wat weer ongesteld was. By die vergadering is die geval van Van Dugteren weer in behandeling geneem maar, aangesien hy nie op die vergadering teenwoordig was nie, is sy saak nie weer aangehoor nie. Daarop is die optrede van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur.[163]

Vir Brandt was die hele kwessie rondom Van Dugteren 'n traumatiese ervaring. Dit moet toegeskryf word aan sy vriendskap met Van Dugteren en sy eie siening van die krag en betekenis van die belydenisskrifte.

Met die Buitengewone Algemene Kerkvergadering, wat Van Dugteren aangevra het om oor sy saak te beslis in aantog, het Brandt sy persoonlike siening en posisie so



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verduidelik:[164]

"Als deze Algemeene Vergadering besluit, dat hoegenaamd geen afwijking naar de letter of geest van de formulieren van eenigheid, hoe gering ook mag toegelaten worden bij een predikant onzer kerk, ook al kan die afwijking uit den Bijbel bewezen worden, dan treft dat ook andere van onze predikanten en ook mij, want ik heb ook bezwaren tegen sekere dingen zooals zij in den Heid Catechismus en in de Dortsche leerregels staan uitgedrukt. Het kan wel eens zijn, dat ik dan gedwongen werd mijn ontslag te nemen of mischien kan ik wel afgezet worden. Wij beleven daarom een nogal bewogen tijd."

Hieruit is dit duidelik dat Brandt ook nie in sy gemoed heeltemal vrede gehad het met die letter van die belydenisskrifte nie. Watter uitdrukkings van die belydenisskrifte vir hom probleme veroorsaak het het hy egter nie gestel nie.

Aanvanklik was Brandt vasberade om by die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van April 1912 waar Van Dugteren aangehoor sou word, vir hom in die bresse te tree. Tussen die kommissie van die Algemene Kerkvergadering in 1911 en die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van April 1912 het daar egter ander ontwikkelinge in die lewe van Van Dugteren plaasgevind. Brandt deel dit soos volg mee:[165]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Er is een andere saak aan het licht gekomen, die Ruysch heel veel kwaad gedaan heeft en dat is nl. dat hij en de vrouw van een sekeren Obermeyer elkaar hun liefde verklaard hebben zonder dat er verder evenwel iets verkeerds gebeurd is tusschen hen. Zij is een dochter van Prof Muller, die vroeger in Pretoria was en daar heeft Ruysch haar heel goed leeren kennen. Zij was ook niet gelukkig met haar man, want Obermeyer is een heel nare vent. Geheel en al afgezien van de bezwaren van Ruysch tegen de Formulieren van Enigheid zeggen de menschen nu, dat hij om de zaak met Mev Obermeyer ongeschikt is om predikant te blijven."

Hierdie verhouding met mev Obermeyer en die reaksie wat dit by die kerklike publiek ontlok het, was waarskynlik die rede hoekom Van Dugteren nie die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van 1912 bygewoon het nie.

Dit is interessant om daarop te let, dat na hierdie avontuur van Van Dugteren, het Brandt nie pogings aangewend om Van Dugteren te beskerm oor sy siening in verband met die belydenisskrifte nie.

Die kommissie van die Algemene Kerkvergadering van September 1911, wat onder leiding van Goddefroy beslis het dat die Nederduitsch Hervormde Kerk geen leervryheid duld nie, het daarmee van die basies konfessionele standpunt van die Nederduitsch Hervormde kerk aangaande die waarde en plek van die belydenisskrifte herbevestig. Die aanhangers van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

etiese rigting was bekend daarvoor dat, alhoewel hulle saam met die ortodoksie die noodsaaklikheid van die belydenis erken het, hulle tog aan die anderkant gestel het, dat die geloof hom in wisselende en dus tydelike vorme hul. Op grond van dié etiese beginsel, is die meeste nadruk gelê op die waarde van die mens se godsdienstige ervaring. Die deur God geopenbaarde heilswaarheid, wat van buite die mens deur die Bybel verkondig en deur die belydenis geartikuleer word, het minder sentraal gestaan.[166] Brandt se optrede tydens die Van Dugteren-saak is van dit alles 'n bevestiging.

Tydens die Algemene Kerkvergadering van Desember 1912 het die Van Dugteren-saak weer 'n nasleep gehad. By die vergadering is 'n meerderheidsverslag deur die Kommissie rakende die belydenis van predikante en ouderlinge ingedien.[167] Die kommissie het onder voorsitterskap van Goddefroy gefunksioneer. Dit was 'n benoemde kommissie wat verslag moes uitbring na aanleiding van 'n beskrywingspunt van die kerkraad van Pretoria handelende oor die handhawing van die belydenis van die kerk.

Met die Van Dugteren-geval as agtergrond het die kerkraad van Pretoria gevra, dat elke predikant van die kerk hom moes uitspreek oor sy standpunt ten opsigte van die belydenisgeskrifte.[168]

> "Kommissie Rapport re Belijdenis.
>
> Aan de Hoog Eerwaarde Algemene Vergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk, zitting houdende te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria, 3 December 1912 en volgende dagen.

Hoog Eerwaarde Heer en Eerwaarde Heren!

a Uwe Kommissie, benoemd ter zake van het beschrijvingspunt van de Kerkeraad van Pretoria, d.d. 16 November 1912, en handelende over de handhaving der belijdenis onzer kerk, acht het, na ernstige overweging van de motieven, die de kerkeraad er toe geleid hebben om dit beschrijvingspunt in te dienen, ofschoon gevoelende dat het voor de predikanten enigszins pijnlik kan zijn, gevraagd te worden naar hun standpunt ten opzichte van hun eenmaal afgelegde en ondertekende verklaring van het formulier in Art. 116 der kerkelike wetten voorkomende:
nochtans zeer in het belang der Kerk, dat de leeraars zich onder de gegeven omstandigheden en uit liefde voor onze kerk openlik uitspreken, dat zij zich nog steeds wel degelik gebonden achten door hun naamtekening aan de belijdenis onzer kerk overeenkomstig de formule door hen destijds ondertekend.

b Met betrekking tot het tweede beschrijvingspunt is uwe Kommissie van oordeel, dat bij Art. 39 onzer Kerkwet en Art. 39 b behoort te worden toegevoegd aldus luidende: van nieuw gekozen ouderlingen en diakenen zal, vóor de leraar overgaat tot hun bevestiging in de openbare godsdienstoefening, van de kansel worden gevraagd: "Stemt gij van harte in met de belijdenis onzer kerk?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uwe Kommissie heeft de eer te zijn,

w.g. M J GODDEFROY, W J BASSON, L L STEEN,
M J WOLMARANS, H C M FOURIE, B J STEYN,
D P J VAN SCHALKWIJK.

Hierdie beskrywingspunt van Pretoria se kerkraad, wat deur die benoemde kommissie wat verslag moes uitbring gekondoneer is, is gevolg deur 'n minderheidsverslag ingedien deur ds F S du Toit.[169] Du Toit se verslag het so daar uitgesien:

" De Belijdenis der Kerk

Minderheids Rapport

De ondergetekende verklaart hiermede, dat hij zich, na bespreking van de twee beschrijvingspunten met de Kommissie, en na verdere ernstige overweging van het verzoek van Pretoria, tot zijn leedwezen met het advies van de meerderheid in deze zaak niet kan verenigen, om de volgende redenen:

1 Hoewel in volle sympathie met de Kerkeraad van Pretoria, meent hij toch, dat algemene wetgeving ter gemoetkoming van een speciaal geval niet aan te bevelen is.

2 Wat aangaat Beschrijvingspunt No 1. meent ondergetekende, dat het niet billik zou wezen, en tot bevordering van het respekt door de kerk gekoesterd tegenover hare leeraren, dat die gevraagd zullen worden om ten andere male hier in het openbaar belijdenis van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hun geloof te doen. Hoe goed dus ook de bedoelingen van de Kommissie in deze mogen wezen, zo is het te vrezen, dat zo iets een tegenovergestelde uitwerking moge hebben, dan wat er mede beoogd wordt.

Wat aangaat Beschrijvingspunt No. 2, vreest ondergetekende, dat men gevaar loopt, vele achtenswaardige, knappe en godsdienstige leden der gemeente af te schrikken van het ambt van kerkeraadslid waar te nemen, al is het ook uit onkunde of misverstand. Men loopt ook gevaar om van personen, die gekozen worden, in der haast een belofte te eisen, die zij niet in staat zijn af te leggen, hoe geschikt zij ook overigens mogen wezen voor het ambt.

Vertrouwende mij hiermede duidelik uitgesproken te hebben, noem ik mij,

Hoog Eerwaarde en Eerwaarde Heren,

Uw Medebroeder

F.S. DU TOIT."

Die twee verslae het 'n lewendige debat ontlok. Die bedoeling van die meerderheidsverslag was om deeglik vas te stel of daar onder die predikante-korps van die kerk predikante was wat Van Dugteren se siening oor die belydenisskrifte gedeel het. Die gevolg was dat elke predikant van die kerk (behalwe ds J J Prinsloo wat afwesig was met besoek aan die gemeente Humpata), hom ter vergadering opnuut moes verbind aan die Formule van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ondertekening. Daar is ook besluit dat Prinsloo met sy terugkeer uit Humpata dieselfde moes doen.

Brandt het in die loop van die debat aangevoel dat ten grondslag van die besproke beskrywingspunt lê 'n gevoel van wantroue in hom. Hy het ten einde laas op die been gekom en verklaar:[170]

> "Ik was bang dat dit voorstel een motie van wantrouwen tegen mij was; maar mijn voorstel in de buitegewone Algemene Vergadering heeft bewezen, dat wat ik meen en denk. Vraag mijn gemeente of ik iets verkondig in strijd met de schrift en de belijdenis onzer kerk. Ik heb mijn handtekening gezet onder Art. 116 en daar blijf ik bij."

Die voorstel van Brandt by die Buitengewone Vergadering waarna hy verwys het, het beswaar gemaak teen[171]

> "... de bewering dat Ds Ruysch van Dugteren zich zelf aan de kerk ontrokken heeft."

Hierdeur blyk dit dat daar in die loop van die vergadering vir Brandt groter opheldering gekom het oor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se siening omtrent die belydenisskrifte.

Dit is duidelik dat Brandt aanvanklik die vrees gehad het, dat die kerk in Transvaal 'n konfessioneel-juridiese standpunt omtrent die belydenisskrifte kon inneem. Dit beteken dat hy aanvanklik die vermoede gehad het dat by



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sommige ampsdraers van die kerk die siening bestaan het dat die belydenisskrifte as 'n juridiese en onveranderlike dokument hanteer moet word waarteen geen beswaar na die letter of die gees moontlik was nie.

Vir Brandt het die belydenisskrifte gesag gehad - maar dan ondergeskik aan die Heilige Skrif. Die Heilige Skrif was vir hom die norm vir die geloofslewe. In die opsig het Brandt eerder die medies-konfessionele opvattings van Hoedemaker gedeel.

Toe Brandt by die vergadering hom moes uitspreek oor sy siening van die betekenis van dié belydenisskrifte, het hy onomwonde te kenne gegee dat hy staan by die belydenis van die kerk. Hy stel dan ook onverkort dat hy nooit die geloof van die kerk in die gemeente weerspreek het nie.[172]

In die laaste instansie het dit by die vergadering van 1912 daaroor gegaan dat die kerk se meerdere vergadering die reg het om sy ampsdraers te vra of hulle met die belydenis van die kerk instem of nie. Daarby was die bedoeling van die meerderheidsverslag van Goddefroy, om onrus wat mag bestaan het oor 'n moontlike leerdwaling onder predikante te besweer.

Brandt kon met vrymoedigheid hieraan voldoen deur te verklaar dat hy eenmaal sy handtekening onder artikel 116, die bevestigingsformulier vir predikante, geplaas het en dat hy daarmee volstaan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gebeure rondom die Van Dugteren-saak het opnuut aan die lig gebring dat vir die Nederduitsch Hervormde Kerk die belydenis van die kerk 'n lewende belydenis as uitdrukking van die geloof is.

## 10 Voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1916 tot 1937

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1916, is Brandt as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering aangewys in die plek van ds C W du Toit wat weens ouderdom en gesondheidsredes nie weer beskikbaar was nie.[173] Vir 21 jaar lank het Brandt die posisie met groot nougesetheid en waardigheid beklee. Hy wat tot op die stadium reeds soveel kosbare opbouwerk op veral gemeentelike vlak in die kerk gedoen het, het nou meteen die geleentheid gekry, om met sy talente en gawes die kerk wat besig was om te herrys na vele terugslae, in breër verband te dien.

## 11 Brandt se rol in die totstandkoming van die ~~kerk~~ Nederduitsch Hervormde, kerk se teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria.

### 11.1 Agtergrond

Dit is 'n vasstaande historiese feit, dat die eerste persoon vanuit die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

openlik die oprigting van 'n teologiese opleiding vir die kerk bepleit het, ouderling M J Willemse van Mapogsgronde was. Op 25 April 1890 verskyn daar 'n brief onder sy naam in De Volkstem waarin hy vir die saak voorbrand maak.[174] Op die Algemene Vergadering van Mei 1890 het die volgende beskrywingspunt van ouderling Willemse gedien:[175]

> "De vergadering acht het wenschelijk om eenige van onze landzonen zoo spoedig mogelijk te doen opleiden tot predikanten der Ned Herv. Kerk in Z.A.R."

Die vergadering het die beskrywingspunt eenparig in beginsel aanvaar. By dié geleentheid het ds M J Goddefroy die gedagte onuitwisbaar geplant, dat 'n kweekskool teen die grein van die aard van die Nederduitsch Hervormde Kerk ingegaan het en dat die ideaal moes wees, dat die kerk se toekomstige predikante 'n behoorlike universiteitsopleiding behoort te geniet.[176]

Die realiteit van die dag, ondermeer gebrek aan fondse, het op daardie stadium die verkryging van 'n eie teologiese opleiding nie haalbaar gemaak nie. In die lig daarvan het die vergadering besluit om vir tyd en wyl steeds op Nederland te steun om predikante vir die kerk te voorsien.[177]

Tot en met die uitbreek van die Engelse Oorlog in 1899 het talle gebeurtenisse plaasgevind wat die oprigting van 'n eie teologiese opleiding al hoe meer waarskynlik laat word het. By die Algemene Vergaderings van 1893, 1897 en 1899 is die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

strewe na 'n eie opleiding baie duidelik brandende gehou.[178] Merkwaardig egter is dat die vergadering van 1899 geneig het na 'n kweekskool. Die ontstaan van die Staatsgimnasium in 1893 in Pretoria, het vir die eerste keer die moontlikheid aan voornemende teologiese studente gebied, om hulle voorbereidende studie in Suid-Afrika te voltooi. Daarby was die Republikeinse regering ook in daardie dae van voorneme om 'n universiteit in Pretoria te begin, wat die moontlikheid geopen het vir die vestiging van 'n teologiese fakulteit aan so 'n instelling.

Ongelukkig kon eers na die afloop van die Engelse Oorlog in 1902, weer aandag geskenk word aan die ideaal vir 'n eie opleiding.

In 1904 het daar 'n gebeurtenis van groot belang in die Nederduitsch Hervormde Kerk plaasgevind. Professor P J Muller wat vanaf 1890 tot 1896 hoogleraar in Teologie aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam was, het 'n beroep na Pretoria vir vyf jaar aanvaar. In 1906 het hy begin om twee jong Afrikaners, J J Kuhn en J J Prinsloo op te lei as predikante.[179] Aan hierdie baanbrekerswerk het Brandt ook deel gehad, in die sin dat hy as eind-eksaminator in die vak Bijbelse geschiedenis opgetree het.[180]

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1907 het die kommissie van die Algemene Kerkvergadering die sombere nuus bekend gemaak, dat slegs een gemeente finansieel bygedra het om die opleiding wat Muller aan die gang gesit het, te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bekostig.[181] Uiteraard was die rede hiervoor die kerkvolk se genadelose armoede vanweë die oorlog en droogtes. By gebrek aan eie middele, het dit nie ontbreek aan sprekers wat die opleiding van Hervormde predikante maar wou laat plaasvind het in Holland, Stellenbosch of Potchefstroom nie.

In 1909 het die Finansiële kommissie, by monde van Brandt aan die Algemene Kerkvergadering verslag gedoen dat die studiefonds in die skuld is teenoor prof Muller vir die volle bedrag van die jaarlikse toelaes aan hom toegeken.[182] In dieselfde vergadering het die ~~Algemene~~ Kommissie van die Algemene Vergadering 'n verslag voorgelê, opgestel in opdrag van die vorige vergadering, oor die oprigting van 'n kweekskool. Die verslag het lang en heftige besprekings uitgelok. Van die heftigste teestanders vir 'n eie opleiding was ds M J Goddefroy, wat te kenne gegee het, dat hy uit die oorlog met 'n nuwe visie op kerklike eenheid gekom het en daarom nie 'n afsonderlike kweekskool kon steun nie. Hy het sy standpunt duidelik uiteengesit:[183]

> "Wij moeten trachten toenadering te krijgen met de andere kerken, want er bestaat scheuring meer dan noodig is. Dus er is voor mij vandag een andere weg aangewezen. Toen ik na mijn terugkomst uit Holland na den oorlog in de Kaap was, hield de Kaapsche Kerk haar Synode. De Eerwaarde Neethling vroeg mij- wat denk ge hoe zal het nu gaan? Ik vroeg hem wordt er in Stellenbosch nog Engelsch gespreekt en in Bloemhof nog



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Engelsch geleerd. Ja antwoorde hij, maar het zal ophouden. Toen vatte hij mij bij de hand en wij maakten een heilige verbond en ik beloofde op mijn woord van trouw, niet te zullen tegenwerken. Wij zijn één in Zuid-Afrika zeide Neethling toen. Ik geeft mijn eere woord zeide ik om alles te doen wat mogelijk is om elke klove te dempen."

Hierna het Goddefroy in die verband ook verwys na die Gereformeerde Kerk:[184]

> "Ik heb met de Kerkeraad der Gereformeerde Kerk ook zulk een gesprek gehad. Met alle twee die Kerken heb ik gesproken: het beginsel is wij moeten tot elkaar komen op elk punt."

Talle afgevaardigdes het hulle teleurstelling en teenkanting teen Goddefroy se standpunt gestel. Die oorwegende beswaar van die meeste deelnemers, wat nie op die stadium kans gesien het vir die oprigting van 'n kweekskool nie, was die gebrek aan fondse.[185]

In die lig hiervan was L E Brandt se bydrae tot die debat so hoogs betekenisvol; toe hy met groot erns verklaar het:[186]

> "Ik heb den indruk, dat wij te veel over geld spreken, te weinig over geloof. In de groote zendinggenootschappen gaat het als hier: Men staat daar ook telkens voor de vraag: van waar het geld. Er zijn dan daar ook menschen van geloof en berekening, Er



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is groote berekening. Br. Wolmarans berekent het moet kunnen. Van andere kant berekend men: het kan niet.

Maar er is niemand die nog gevraagd heeft, wat wil God en waar het geloof. We zijn geen koophandelaars, maar leeraars en ouderlingen eener Christelijke Kerk. Is het beginsel onzer Kerk berekening? Is het vraag: Wat is het voordeeligst, of, wat wil God. Zullen wij God gehoorsaam zijn?"

Bogenoemde standpunt, dat die kerk in die geloof sy taak in die wêreld moet aanpak en volvoer, was altyd vir Brandt 'n saak van fundamentele belang. Brandt se uitgangspunt dat dit die kerk se roeping is om in geloofsgehoorsaamheid die fakulteit tot stand te bring, het dan ook uiteindelik geseëvier.

In die jaar 1910 het die Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria sy beslag gekry deur wetgewing in die parlement.[187] Die Algemene Kerkvergadering van 1912 wat deeglik van die ontwikkelinge kennis geneem het, het besluit dat met die regering onderhandel moes word oor 'n leerstoel in die teologie, met dien verstande dat die persone wat as die teologiese professore aangestel sou word ampsdraers van die Nederduitsch Hervormde Kerk moes wees en dat die benoeming by die Kuratorium sou berus en dat, alleen persone wat aan 'n erkende universiteit gepromoveer het, benoem kon word.[188] Intussen sou studente na Holland gestuur word vir opleiding. Die Utrechtse hoogleraars Visscher en Van Leeuwen het



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangebied om die opleiding van studente van die Kerk te behartig in ooreenstemming met die wense van die Kerk en 'n jaarlikse toelaag is aan hulle betaal, wat eers in 1916 gestaak is toe Prof. J W Pont, sekretaris van die <u>Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche studenten</u> die Kuratorium daarop gewys het, dat toelaes aan die Utrechtse professore onnodige uitgawes was.[189] Afgesien daarvan dat die professore vergoed is vir die werk, waarvoor hulle buitendien reeds besoldig is, was daar in daardie tyd slegs twee Hervormde studente in Utrecht te wete: S J Vermooten en S P Engelbrecht.[190]

Die Algemene Kerkvergadering van Mei 1916 het besluit om aansluiting by 'n moontlike teologiese fakulteit aan die Transvaalse Universiteits Kollege in Pretoria te soek. In Junie daardie jaar, het die TUK egter die kerk genader om hulp en steun vir die oprigting van 'n fakulteit.[191]

In antwoord hierop het die Kuratorium op 25 Januarie 1917 besluit om deel te neem aan die oprigting van 'n fakulteit teologie aan die TUK.[192] Die prinsipiële voorwaardes wat die Kuratorium by monde van hulle segsman, ds Jac van Belkum, aan die TUK gestel het is net so aanvaar.[193] In dieselfde vergadering is ook oorgegaan tot die benoeming van 'n professor. Dr J H J A Greyvenstein is met net een lid van die kuratorium, ouderling A D W Wolmarans, wat buite stemming gebly het, eenparig aangewys.[194] Brandt wat ten gunste was van moontlike hulp uit Holland het ook Greyvenstein se benoeming gesteun deur te motiveer:[195]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "..... dat in de tegenwoordige omstandigheden de benoeming van Dr Greyvenstein uitnemend geslaagd kon heten."

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1919 het talle afgevaardigdes onder leiding van ds S Vermooten en dr H D van Broekhuizen beswaar gemaak teen die totstandkoming van die fakulteit aan die TUK, omdat daar beweer is dat vanweë:[196]

> "grote gevaren verbonden voor onze Kerk, waar haar theologiese school gevestigd is aan een staatsuniversiteit."

Die beswaarmakers teen die opleiding by TUK was voor die voet pleitbesorgers dat die opleiding verplaas moes word na Potchefstroom, waar, in samewerking met die kweekskool van die Gereformeerde Kerk, die aspirant Hervormde predikante opgelei moes word.[197]

Die gevaar,[198] wat die opleiding in Pretoria sou ingehou het, was dat die studente blootgetel sou wees aan 'n man soos Prof E MacMillan wat in 1917 as tweede kerklike professor benoem is, maar wat nie die Hervormde Kerk se belydenis onderteken het nie. Hierdie beswaar het ook gegeld vir Prof. A C Paterson wat van die begin van die fakulteit af Hebreeus en Ou Testament gedoseer en prof H Th Reinink wat Grieks gedoseer het. Ds Vermooten het hieroor sy besorgdheid uitgespreek deur te stel-[199]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "De Theologiese wetenschap is gebonden aan de Kerk, is geestelik, zaligend, kan niet staan onder andere wetenschappen."

Vermooten was sterk anti-Engelsgesind en bekommerd dat die kerk se studente aan die Engelstalige TUK blootgestel sou word aan Engelse kulturele beïnvloeding. Dit was een van die redes waarom hy en andere voorstanders was van die verplasing van die opleiding na Potchefstroom.

Diegene wat voorstanders van opleiding aan Pretoria was en uiteindelik daarin geslaag het om die status quo te handhaaf, was ondermeer, ds A J Barger wat gewys het op die Gereformeerde kerke in Nederland se onverkwiklikheid jeens die Hervormde Kerk aldaar en die vraag gevra het of 'n ander gesindheid hier te lande verwag kan word. Hy het verder aan sy betoog, terwille van opleiding te Pretoria toegevoeg:[200]

> "Hier kunnen we gemakkeliker zelfstandig worden dan in Potchefstroom ."

Ds S J Strydom het gesê:[201]

> "De Broeders die naar Potchefstroom willen, verlangen dat we alleen formulier ondertekenaars zullen laten leren."

Ds J J Prinsloo was 'n vurige kampvegter vir universiteitsopleiding en wou geen "broeimachine" hê. Hy het toegegee:[202]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Gevaren van studie zijn er: maar wie nooit heeft getwijfeld, heeft ook nooit geloofd."

Volgens sy siening sou die Hervormde Kerk sy geskiedenis geloën het as die kerk sy opleiding na Potchefstroom verskuif het.

Ds Jac van Belkum het opgemerk:[203]

> "Brede wetenschappelike ontwikkeling met geloof kan niet anders dan de kerk ten zegen zijn."

Ds Brandt het as Voorsitter van die vergadering reeds tydens sy openingsrede swaar klem gelê op die feit dat die Kerk, om sy werk in die wêreld te kan doen, die wêreld waarin hy lewe moet verstaan en begryp; dit beteken dat die kerk in die wêreld:[204]

> " in haar midden leven, in aanraking zijn en blijven met al de gedachten en stromingen, waarin onze gemeenteleden zich bewegen. Maar wij moeten ook het Heiligdom kennen, waarin wij ons kunnen terugtrekken, n.l. Gods heilige Gemeenschap. Wij moeten ons niet in een klooster terugtrekken."

Hiermee het Brandt al by voorbaat gepleit vir die opleiding van die Kerk se studente aan die TUK.

Dit is duidelik dat in die periode na 1902 dit Brandt en Van Belkum was wat die leeue-aandeel gehad het aan die verwesenliking van die ideaal van 'n eie teologiese



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opleiding.[205] Na Brandt se aankoms in Suid-Afrika het daar 'n hegte vriendskapsband tussen die twee kollegas ontwikkel. Albei was Hollandse Afrikaner-patriotte wat alles in die stryd gewerp het vir die bevordering van die Afrikanersaak. Daarby het albei 'n groot liefde gehad vir die Nederduitsch Hervormde Kerk en albei het getrou meegewerk aan die uitbouing van die kerk. Dit is baie duidelik dat hulle twee steeds met mekaar in verbinding was oor kerksake van belang en dat voor belangrike vergaderings hulle ruggespraak met mekaar gehou het.[206] Op die wyse het hulle groot invloed in die kerk uitgeoefen.

Sedert 1914, was Van Belkum voorsitter en Brandt tesourier van <u>Het Fonds tot Ondersteuning van Behoeftige Studenten</u>[207] tot in 1919, toe die fonds onder die administrasie van die Kassier van die Kerk gestel is. Die doel van die fonds was om jong seuns wat nog nie gematrikuleer het nie, en van voorneme was om predikant te word finansieel by te staan:[208]

> "in den moeilijken tijd tusschen het gratis onderwijs van de lagere school en het matriek heen te helpen."

Die veronderstelling was dat na matriek hulle by die Kuratorium kon aanklop vir hulp.

Hierdie was 'n tydrowende taak wat baie tyd van Brandt vereis het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 12 Brandt en die Van Broekhuizen saak

Pas nadat Brandt verkies is tot voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, is die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gekonfronteer met die omstrede geval van die beroep van ds Van Broekhuizen deur die kerkraad van die gemeente van Pretoria.

### 12.1 Agtergrond

Ds Herman Dirk Van Broekhuizen[209] is gebore te Rijssen, Overijssel, Nederland. Op jeugdige leeftyd het hy saam met sy ouers na Suid-Afrika verhuis. Hy bring sy kinderjare grootliks op Ficksburg deur waar sy vader predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was. Na sy skoolopleiding word hy student in teologie aan die Kweekskool van Stellenbosch waar hy toelating tot die amp van evangeliebedienaar ontvang het. Hierna het hy verder in Holland in Leiden gaan studeer. Met sy terugkeer na Suid-Afrika is hy in 1898 georden tot hulpprediker van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Pretoria. In 1903 neem hy 'n beroep aan na die gemeente van Kuilsrivier waar hy tot 1906 gedien het. Daarna is hy weer na Pretoria waar hy tot 1914 in die Verenigde Kerk aldaar werksaam was. Daarna het hy aktief aan die Rebellie (1914) deelgeneem, is gevange geneem en 'n vonnis van agtien maande tronkstraf opgelê. In die gevangenis was sy selmaat dr H C M Fourie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op Maandag 2 April 1917 is Dr J H J A Greyvenstein deur die kerkraad van Pretoria as predikant losgemaak omdat hy aangestel is as professor aan die kerk se nuutbegonne teologiese opleiding aan die TUK. By dieselfde geleentheid het die kerkraad, onder leiding van die konsulent ds A Murray van Rustenburg, 'n beroep op Van Broekhuizen as opvolger vir Greyvenstein uitgebring.[210]

Die skriba van die kerkraad van Pretoria op daardie stadium, C R Frowein, het die beroepsbrief nie onmiddellik aan Van Broekhuizen gestuur nie, maar eers met Brandt in verbinding getree wat hom opdrag gegee het om die beroepsbrief voorlopig terug te hou.[211]

Op 'n vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 18 April 1917, het die Kommissie besluit om die beroep van ds Van Broekhuizen af te keur. Die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ds Van Belkum, het skriftelik die besluit van die Kommissie aan die kerkraad verduidelik.[212]

> "De Algemeene Commissie is van meening dat de Kerkeraad van Pretoria gehandeld heeft in strijd met Art. 57 al. 2 en volgens inlichting aan de Commissie verstrekt ook in strijd met Art 116."

Hierdie besluit het 'n uitgerekte stryd tussen die kerkraad van Pretoria en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontketen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kerkraad van Pretoria, onder aanvoering van ouderling A D W Wolmarans het geweier om die besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te aanvaar.[213] Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wou op sy beurt nie kopgee nie.

Die kerkraad van Pretoria het 'n vlugskrif die lig laat sien om hulle standpunt onder die aandag van die kerklike publiek te bring. Die publikasie het die titel gedra:Het Geschil van de Kommissie der Algemene Kerkvergadering van de Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika, met de Kerkeraad van Pretoria in zake de beroeping van Ds Herman D van Broekhuizen.[214]

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die vlugskrif van die kerkraad van Pretoria beantwoord met 'n brosjure wat die standpunt van die Kommissie verduidelik het. Ds L E Brandt was die opsteller van die Kommissie se weerwoord aan Pretoria se kerkraad.[215]

Op die eerste bladsye van die Kommissie se antwoord op die brosjure van Pretoria se kerkraad, vra ds Brandt die vraag na die betekenis van 'n kerkwet, wat hy aldus antwoord:[216]

> "Wij vatten dit zoo op, dat de kerkwet niet is een ordonnantie door een persoon of lichaam buiten de kerk staande aan haar opgelegd, maar een reeks van bepalingen door de wettige vertegenwoordigers der kerk in Algemene Kerkvergadering samengekomen, aangenomen, waaraan deze beloven zich te zullen houden, en die dus



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> vrijwillig moet gehoorzaamd worden door alle leden der kerk, of zij gemeenteleden zijn, of kerkeraadsleden. of leden gekozen door de Algemene Kerkvergadering om de kerk te dienen in andere lichamen, zooals de Algemene Commissie, de Financieele Commissie, of het Curatorium."

Dit was Brandt se antwoord, aan ouderling A D W Wolmarans van Pretoria se kerkraad se bewering, dat 'n kerkwet bloot die funksie het dat dit 'n band is wat die verskillende gemeentes van 'n kerk onderling saambind. Dit is duidelik dat Wolmarans hier blyke gee van 'n Vrye-kerk-opvatting wat vreemd was in die Nederduitsch Hervormde kerk van daardie tyd. Hy bedien hom waarskynlik van so 'n vreemde standpunt om punte in die twis rondom die Van Broekhuizen geval aan te teken.

Die groot kwessie van verskil het gegaan oor die interpretasie van artikels 57 en 116 van die kerkwet.

Artikel 57 van die kerkwet van 1917, het verskyn onder die hoofstuk wat gehandel het oor die "Kerkelijke Beampten" en het die voorwaardes genoem waaraan 'n persoon moes voldoen, om tot die evangeliebediening toegelaat te kon word.

Artikel 57 het gelui:[217]

> "Als predikant in eenige gemeente der Nederduitsch Hervormde Kerk zullen worden toegelaten alleen zij:
>
> a die door de kerk zelve tot predikanten zijn



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgeleid;

b die met medeweten en goedvinden der Commissie der Algemeene Kerkvergadering elders zijn opgeleid, aan eene wettig erkende Hoogeschool of Kweekschool en door haar zijn bevoegd verklaard.

De Commisie der Algemeene Kerkvergadering is bevoegd hierop uitzondering toe te laten, indien vooraf hare goedkeuring is gevraagd."

Vanaf 1907 was Brandt voorsitter van die Kommissie om Wetswysigings te behandel. Dit was 'n benoemde Kommissie wat telkens by die Algemene Kerkvergadering verslag moes uitbring. Brandt het op die terrein 'n konstruktiewe bydrae gelewer om die Kerkwet en Bepalinge sistematies te hersien. Gedurende 1912 se Algemene Kerkvergadering, waar die grootste deel van die hersiening afgehandel is, is die Kerkwet en Bepalinge hoofsaaklik op sy advies, en vanweë sy arbeid daaraan in verbeterde vorm aanvaar. Hy was alleen verantwoordelik om spel en formuleer-foute, asook vae omskrywings te korrigeer.[218]

Uit hoofde van dié agtergrondskennis kon Brandt met gemak 'n verifikasie bied vir die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se standpunt rakende die Van Broekhuizen-geval.

Vir Brandt sowel as ander lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering was dit heel duidelik dat Artikel 57 bepaal het dat wanneer 'n predikant van 'n ander kerk na



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Hervormde Kerk wou oorkom, moes die roepende kerkraad vooraf toestemming vir so 'n beroep van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gekry het. Brandt het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se standpunt veral gegrond op die geskiedenis en ontwikkeling wat artikel 57 vanaf 1907 tot 1917 deurgemaak het.[219]

Die rede waarom die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die beroep van Van Broekhuizen afgekeur het, setel in die feit dat die Kommissie op daardie stadium die toelating van Stellenbosch-opgeleide predikante vir die Hervormde Kerk nie wenslik geag het nie. Brandt bring die beswaar onder woorde:[220]

> "Reeds lang bestond de vrees, dat iets van de Ned. Hervormde Kerk zou verloren gaan, indien men voortging slechts predikanten uit andere kerken te beroepen ......

In opmerkings teenoor ampsdraers het Brandt die bekommernis uitgespreek dat 'n oorwig van Stellenbosch-opgeleide predikante in die Hervormde Kerk, die Kerk se karakter en eie aard sou skend.[221]

Ds J J Prinsloo, lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het in dieselfde trant geredeneer toe hy die saak van die Kommissie gestel het:[222]

> "Verder heeft de Algemeene Commissie getracht om Art 57 uit te leggen in de geest van de Alg. Verg. van 1909, waar uitdrukkelik uitgesproken is dat het de bedoeling



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> was om niet meer iedereen van buiten toe te laten, maar de deur kleiner te maken; en volgens de opvatting van de leden de Nederduitsch Hervormde Kerk daarin geboren en die nog nooit een enkele dag daar buiten zijn geweest."

Die kerkraad van Pretoria het egter volhard in die oortuiging dat artikel 57 met die beroep van 'n predikant niks te make gehad het nie. Vir hulle het artikel 57 bloot gewys op die:[223]

> "bron ader, waaruit op natuurlijke wijze de krachten, die in de Herv Kerk, dienen, Haar toevloeien."

'n Drukke pennestryd tussen die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ds Jac van Belkum en die skriba van Pretoria se kerkraad L L Steen, het ontstaan. Mettertyd is ds Brandt voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en ander lede van Pretoriase kerkraad by die heen-en-weerskrywery betrek.[224]

Op Sondag 6 Mei 1917 het Brandt die erediens in Pretoria gemeente gelei. Na afloop van die diens het hy met 'n voorstel vorendag gekom om 'n konferensie tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die kerkraad van Pretoria te hou.[225] Die aanwesige kerkraadslede het hiertoe eenparig ingestem.

Op Vrydagaand 25 Mei 1917 het dié konferensie in die konsistorie van die kerkgebou van Pretoria plaasgevind.[226]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandt, wat in die voorsitterstoel was, het tydens die drie-uurlange konferensie die kerkraad van Pretoria probeer oortuig om die beroep van ds Van Broekhuizen, waarvan hulle nie wou afsien nie, ten minste op die korrekte wyse volgens vasgestelde kerklike weë te hanteer, deur ondermeer, (a) bewys te lewer dat Van Broekhuizen sy attestaat by die Nederduitsch Hervormde Kerk ingelewer het en (b) dat hy bereidwillig was om kragtens artikel 24 c van die Kerkwet en Bepalinge 'n colloquium doctum af te lê voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Afgesien van die Kommissie se oortuiging dat nog 'n Stellenbosch-opgeleide predikant op daardie stadium vir die Kommissie onaanvaarbaar was, het die ontbrekende dokumente by die beroepsbrief van Van Broekhuizen dit vir die Kommissie onmoontlik gemaak om die beroep goed te keur. Deur die kerkraad se aandag op die leemte te vestig wou Brandt hulle lei, om, afgesien van sy persoonlike teenkanting teen Van Broekhuizen, in beginsel volgens voorgeskrewe bepalings en kerklike gebruike te handel.[227]

Die konferensie kon die geskil nie bylê nie. Die voortslepende stryd het die Kommissie genoop om die advies van regsgeleerdes in te roep om onafhanklik uitspraak te lewer op die Kommissie se interpretasie van artikel 57. Die dienste van advokate J W van Zyl en Tielman Roos is verkry. Daarbenewens het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, sowel as die kerkraad van Pretoria, elk 'n lid benoem om as 'n twee-man Kommissie 'n derde regsgeleerde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

te benoem, om sodoende saam aan Van Zyl en Roos advies te gee. Die keuse het op advokaat J van Hoytema geval.[228] Daarby sou twee lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en twee lede van die kerkraad van Pretoria die regskundiges voorlig.[229] Die kostes van die advokate sou tussen die twee partye verdeel word.

Op 15 November 1917 het die drie regsgeleerdes die getuies van die partye aangehoor. In 'n bondige verslag het die drie advokate eenstemmig die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gelyk gegee. Hiervolgens het die juriste beslis dat artikel 57 aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die bevoegdheid gee om die beroep van 'n predikant uit 'n ander kerk af te keur. Voorts was hulle bevinding dat slegs die Algemene Kerkvergadering die besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ter syde kon stel.[230]

Van Broekhuizen, wat intussen die beroep na Pretoria aanvaar het, was ten tye van die regsgeleerdes se ondersoek op 5 Augustus 1917 deur ds A Murray die konsulent bevestig as predikant van Pretoria. Die regsgeleerdes het hieroor beslis dat sy bevestiging van geen waarde was nie omdat die kerkraad van Pretoria in stryd met artikel 57 gehandel het. Ook het hulle bevind, dat net 'n meerderheidstem op 'n Algemene Kerkvergadering die bevestiging van Van Broekhuizen kon bekragtig.[231]

Die kerkraad van Pretoria wou nie in die besluit van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

advokate berus nie. Dit het daartoe gelei dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n oproep tot 'n Algemene Kerkvergadering laat uitgaan het, wat in November die saak sou aanhoor.

In die openingsrede van die belangrike Algemene Kerkvergadering wat byeengeroep is om uitspraak oor die kontensieuse aangeleentheid te gee, het Brandt gepreek na aanleiding van Psalm 122. Hy het ondermeer verklaar:[232]

> "De Psalm roept ons om te bidden voor de vrede van Jerusalem, de stad Gods, waar Hij woont. Dit geld ook voor onze kerk. Zij is verspreid en verdeeld, van buiten aangevochten en van binnen gescheurd. God heeft haar echter door Zijn goedheid bewaard. Wij moeten die kerk besturen naar Gods wil, zoals Calvijn zegt.
>
> Geen persoonlike dingen mogen toegelaten worde; geen vooroordeel en geen politiek. Wij zoeken de vrede van Jeruzalem. In die kerk waren altijd partijen; zij zijn ook in onze kerk, maar wij willen niet oordelen. Wij moeten zoeken en bidden dat de God des vredes zij in onze kerk. Wij willen niet twisten. Satan wil ons graag uiteen jagen. Wij moeten bidden. Niet alleen de Voorzitter bij het begin van de vergadering laten bidden, maar ieder hier biddend beraadslagen."

Hier het Brandt nie net gepleit vir vrede in die kerk nie, maar ook vir verantwoordelike kerkregering.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omdat Brandt so intens betrokke was by die Van Broekhuizen geval het hy afstand van die voorsitterstoel gedoen. Die vergadering het ds S J Vermooten aangewys om die funksie vir die duur van die vergadering te vul.[233]

Die woordvoerders van die Kommissie wat gekant was teen Van Broekhuizen se toelating tot die amp was di Brandt, Jac van Belkum en J J Prinsloo.[234]

Ds Prinsloo het die vrees uitgespreek dat die toelating van:[235] "enige predikanten van buiten" vir die Nederduitsch Hervormde Kerk wrange gevolge sou hê. Hiermee het hy gesinspeel op 'n moontlike kerkvereniging, wat hy by voorbaat verwerp het.

Ds Van Belkum het 'n lang en driftige betoog gelewer, waaruit dit duidelik was dat hy gekant was teen die beroep van predikante uit die Verenigde Kerk.[236]

Brandt was hierin Prinsloo en Van Belkum se geesgenoot. Hy wou ook nie nog 'n predikant van die Verenigde Kerk hê nie, vanweë sy opvatting dat dié predikante se teologiese uitgangspunte gebots het met die tradisionele Hervormde benadering. Daarby het by die Algemene Kerkvergadering aan die lig gekom dat hy bepaalde voorbehoude teen die persoon van Van Broekhuizen gehad het, toe hy opgemerk het:[237]

> "Beroepen wij nu toch van buiten dan moeten wij zorgen de rechte zoort te krijgen."

Brandt het ook in die beroep van Van Broekhuizen bepaalde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

politieke motiewe vermoed. Dit blyk uit sy opmerking:[238]

> "Wij moeten onze kerk ook niet voor politieke doeleinden gebruiken. Geen politiek in de kerk. Daarom kon spreker dit beroep niet goedkeuren."

Ten spyte van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se poging om die Algemene Kerkvergadering te beweeg om Van Broekhuizen se beroep na Pretoria af te wys, het die vergadering desnieteenstaande met 'n meerderheid van stemme besluit om die kerkraad van Pretoria se besluit, om Van Broekhuizen te bevestig as predikant van die gemeente, te bekragtig.

Die Algemene Kerkvergadering se goedkeuring van Van Broekhuizen se beroep na Pretoria, het nie beteken dat die Algemene Kerkvergadering die vrye-kerk-beginsel, naamlik dat elke gemeente soewerein in eie kring is, aanvaar nie. Veeleer moet die Algemene Kerkvergadering se optrede gesien word as 'n geleentheidsbesluit wat berus het op 'n simpatieke houding teenoor Van Broekhuizen.

Verskeie redes kan aangevoer word vir die simpatie jeens Van Broekhuizen. Hy was bekend as 'n knap kanselredenaar. Daarby was hy 'n persoon met 'n sterk persoonlikheid en imponerende forse gestalte. Van Broekhuizen se deelname aan die Rebellie en sy duidelike politieke standpunt, het beteken dat hy die steun gehad het van invloedryke predikante soos Vermooten en Fourie. Daarby is sy verbondenheid met die Verenigde Kerk geneutraliseer deur die feit dat ds H S Bosman hom as



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

predikant van Pretoria laat afsit het vanweë sy deelname aan die Rebellie. Verder was Van Broekhuizen getroud met 'n kleindogter van die vroeëre president, S J P Kruger, terwyl sy ook een van die stigterslede van die Nasionale Party in 1914 was. Hierdie faktore het waarskynlik 'n groter rol gespeel in die Algemene Kerkvergadering se besluit as die Kommissielede se besware.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het, vanweë sy optrede wat 'n konfrontasie met die kerkraad van Pretoria wou vermy, eintlik vanuit 'n ongunstige posisie gedebateer, want die Kommissie het deur nie op te tree nie, die verbreking van die kerkwet deur die kerkraad, de facto gekondoneer. So het die merkwaardige geval van Van Broekhuizen verloop en het die Kommissie self 'n groot bydrae gelewer tot die verwerping van sy standpunt deur die Algemene Kerkvergadering.

Uit die hele saak blyk ook 'n tipiese karaktertrek van Brandt, wat nooit graag 'n konfrontasie wou afdwing nie, maar eerder deur oorreding sy standpunt wou laat seëvier. Brandt se verdraagsame houding het egter die voordeel gehad dat die saak nie uitgegroei het tot 'n twisappel of 'n moontlike verdeeldheid in die kerk nie, wat makliker moontlik was want ouderling A D W Wolmarans was nie juis 'n ireniese figuur nie. So het Brandt geleidelik 'n voorbeeld geword van die hantering van kerklike probleme.[239]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 13 Brandt se aandeel in die sendingwerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk

Vanuit die pastorie in Johannesburg het Brandt hom betuig as 'n warme voorstander vir sendingwerk. Die lidmate van die Hervormde Kerk was egter in daardie tyd nie baie responsief ten opsigte van sy en ander predikante se pleidooie vir sendingwerk nie.

Die redes waarom baie lidmate op daardie stadium traag was om aan die oproep om sendingwerk te doen gehoor te gee, word breedvoerig aangetoon deur H G van der Westhuizen in sy proefskrif: Die Aanvanklike Houding Van Die Nederduitsch Hervormde Kerk Ten Opsigte Van Sending Histories-Krities Nagegaan[240]

Opsommenderwys kan gekonstateer word dat daar veral drie hoofredes was wat die Hervormde lidmate se versigtige houding jeens sending bepaal het. In die eerste plek was die lidmate negatief ingestel teenoor sending, vanweë die onsuiwere en on-Bybelse sending van veral buitelandse sendinggenootskappe in Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu.[241] In die tweede plek is sending en diakonaat dikwels vereenselwig, en omdat die kerk toe nog op die diakonale vlak geweldig behoeftig was, is weerstand gebied teen sending.[242] In die derde plek het daar onder lidmate 'n bepaalde vrees teen vermenging met die bantoe bestaan, wat die lidmate nie sendinggerig gestem het nie.[243]

Van der Westhuizen konkludeer dat ten spyte daarvan die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hervormde Kerk, as sodanig, nooit prinsipieel teen sending was nie. Ook die kerk se predikantekorps was op geen stadium lou teenoor dié faset van die kerk se werk in die wêreld nie.[244]

Brandt se groot bydrae om sendingwerk in die Hervormde Kerk van die grond af te kry, was om die lidmate se persepsie in verband met "verkeerde" sending uit die weg te ruim en hulle gesindhede teenoor dié kerklike verantwoordelikheid positief te verander. Dit is 'n empiries bewese feit, dat dit makliker is om vaardighede en tegnieke vir 'n mens aan te leer, as om hom te skool om van vooropgestelde gesindhede afstand te doen. Brandt se rustige en lankmoedige geaardheid sowel as sy vermoë om duidelik en eenvoudig te formuleer, het 'n besliste rol gespeel om die kerkvolk meer geneë te stem teenoor die kerk se taak onder die heidene.

Dat Brandt begrip gehad het vir die Hervormers se weerstand teen sending, blyk uit die volgende skrywe aan sy vader.:[245]

> "...... en dan hebben wij rondom ons veel zendingwerk onder de Kaffers, die van alle deelen van Z.Afrika komen voor de mijnen en de ander hier wonende Kaffers, waarvan velen reeds hun eigen kerken hebben met gekleurde voorgangers uit hun eigen midden. Ik heb ook in de Hervormer geschreven over de zending en dat heeft van verschillende kanten protest uitgelokt, en zooals u gelezen sult hebben brengen de menschen soms de malste argumenten tegen de zending, die er niets mee te maken



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hebben. Het spijt mij, maar als men tusschen de barbaarsche Heidendom leeft, ziet de zending er heel anders uit dan in Europa, waar men ze niet van nabij kent, (my onderstreping) en waar een enkele kaffer nageloopen wordt door al de jonge meisjes en soms zelfs een huwelijk kan doen met een blank meisje, wat hier bij de wet verboden is en ook in alle opzichten verkeerd is. Dit alles neemt toch niet weg, dat het onze plicht als Christelijke gemeente is, het Evangelie te prediken aan de heidenen en alle creaturen, maar op een verstandige wijze."

In sy poging om die kerk tot sending oor te haal, is dit fassinerend om daarop te let dat Brandt nooit in sy openbare optredes en skrywes die Hervormde Kerk se mense gekritiseer het oor hulle aanvanklike teëkanting teen sendingwerk nie, trouens, hy het selfs die kerk se gebrek aan sendingaktiwiteite verdedig. Dit is kensketsend van Brandt, dat hy altyd lojaal was teenoor die kerk en dat hy met afwesigheid van elke sweem van liefdelose kritiek vir sy kerk se mense in die bres getree het.

In 'n artikel, Onze Tradities en Gewoonten, waarin hy die Nederduitsch Hervormde Kerk se geskiedenis en roeping in Suid-Afrika verdedig en regverdig asook die kerk se anti-metodistiese benadering kondoneer, regverdig hy sy kerk se aanvanklike trae ywer vir sending. Breedvoerig stel hy die volgende:[246]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"De Nederduitsch Hervormde Kerk was nog nooit tegen de zending hoewel het haar soms verweten is en wij moeten erkennen, dat wij nog niet als kerk de zending opgenomen hebben onder de werkzaamheden van onze besturen. De zending is bij ons geen kerksaak, hoewel wij een Zending Com. hebben en de Alg Kerkverg. meermalen tegen protesten, in den naam gehandhaafd heeft. Wij hebben ons wel menigmaal verklaard tegen de methoden in de zending gebruikt door verschillende menschen en lichamen. Reeds in 1861 heeft de kerkeraad van Rustenburg onder leiding van Ds Smits op verzoek van Ds Neethling bij het Nachtmaal een collecte gehouden voor de zending, en sedert dien wordt door onze leden telkens en telkens gegeven voor de zendings werkzaamheden van de Ned Herv of Gerf Kerk en voor de belangen van de verwaarloosden onder ons eigen volk. De Zusterkerk heeft nooit tevergeefs bij ons gecollecteerd voor Langlaagte, de Griep weezen en andere inrichtingen.

Tot nog toe is het getal van onze predikanten nog altijd te klein geweest om onze eigen gemeenten en leden goed te kunnen bearbeiden, maar wij hebben onze verwaarloosden en uitgewekenen opgezocht sedert 1903 in Zoutpansberg, op den Witwatersrand, in Humpata en Oost Afrika, in Rhodesia en Natal en O.V.S. De oprichting van ons eigen kerkelijke Weeshuis is een daad van inwendige zending geweest. Reeds van de vroegste tijden



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van hun wonen te midden van de barbaren hebben onze voorvaders hun bedienden in kennis gebracht met het Evangelie van Jesus Christus en door die bedienden ook de omwonende heidenen.

Toen in 1904 en 1905 70 families grootendeels behorende aan de Hervormde Kerk naar het Uasin Gishu plateau in B.O.Afri vertrokken zijn, wisten de inboorlingen daar niets van de Zondag en hebben de Boeren hen geleerd den dag des Heeren te heiligen omdat God hem geheiligd had en nu wordt die dag ook door hen geeerbiedigd, terwille van den God dezer Afrikaansche Boeren."

Nie een van Brandt se tydgenote het op so 'n omvangryke skaal oor sending geskryf as hy nie. Vanaf 1911, het daar amper elke maand, vir 'n lang tyd, 'n artikel oor sending uit sy pen in De Hervormer verskyn.

In 'n groot aantal opeenvolgende uitgawes, het hy die lesers van De Hervormer op 'n boeiende wyse ingelig oor die Soedan-sending. Hy was 'n toegewyde lid van die Suid-Afrikaanse tak van die sendingbeweging. Hy het soms as die tyd hom dit toegelaat het die organisasie se jaarvergaderings bygewoon.[247] Vir 'n tyd lank het hy die taak op sy skouers geneem om vir dié aksie lede te werf en fondse te in.[248] Die Soedan-sending was vir hom 'n saak van groot erns vanweë die voortgang van die Islam in Afrika. Hy verwys in een van die artikels in sy reeks hierna:[249]

"Indien deze prachtige Centraal Afrikaanse stammen,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deze geboren krijgslieden verenigd worden onder de 'Halve Maan' kunnen zij een rustende vulkaan worden, die weer een dag zal uitbarsten en dood, oorlog, bloedvergieting, roof en slavenhandel zal uitbraken en al die gruwelen, die de gevolgen zijn van een Moslem fanatieke godsdienstoorlog."

In Kroniek, in De Hervormer van 15 Junie 1911, roep hy die lidmate van die kerk op om sending onder die heidene te steun wat:[250]

> ".... naar onze mening op de rechte manier gedreven wordt."

Hy begrond die noodsaak om sending te doen in die Pinkstergebeure. Voorts wys hy ook die lesers van De Hervormer daarop dat:[251]

> "Het Christendom is de openbaring van de levende God en heeft daarom een woord des levens voor alle mensen en alle tijden. Als waarlijk de Heilige Geest door ons spreekt, zullen de mensen ook de stem van God verstaan in hun geweten."

Vanaf De Hervormer se ontstaan in 1909, het nie een enkele ander artikel wat sedertdien in dié blad gepubliseer is, so 'n lewendige reaksie van die leserspubliek ontlok nie, soos juis die bepaalde bydrae van Brandt wat gehandel het oor "onze plicht" om sendingwerk te doen. Vir etlike maande, aflewering na aflewering, het lidmate hierop gereageer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enkeles het Brandt gesteun, vele ander het heftig protes aangeteken. Genoemde gewaagde artikel het dus 'n belangrike gespreksforum geskep oor die wenslikheid al dan nie van sendingwerk. Afwysende briewe teen Brandt se standpunt het hom die geleentheid gebied om besware te beantwoord en verdraaide opvattings reg te stel.

Nugter en bedaard, het hy sonder om moed op te gee, die een na die ander argument en verkeerde beskouing aangaande die saak van 'n weerwoord voorsien. Hy spreek uit sy diepste oortuiging, dat ten spyte van bepaalde opvattings in sy tyd, swartmense inderdaad mense is en:[252]

> "...... een sterflijke ziel hebben."

Met die kennis uit die ervaring van hoe die ou kerkmense gedink het, dat hulle hulself teenoor die Swartes as die verbondsvolk beskou het, waarsku hy:[253]

> "Laat men nu niet hiertegen komen aandragen met de predestinatie, want die heeft niets met onze roeping als Christenen te maken."

Op 'n ander keer besweer hy die vrees dat sending gelyk is aan onderwys as hy sê:[254]

> "...... ik ben ook een van de mensen die er tegen zijn, de kaffers allerlei dingen te leren, die met het Evangelie van Jesus Christus niets te maken hebben en de kaffers maar net parmantig en onbruikbaar maken."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op die Algemene Kerkvergadering van 1916 stel hy dit ondubbelsinnig dat sending nie intellektuele skoling is nie, as hy verklaar:[255]

> "De meeste broeders verwarren zending met ...... leeren.... Wij behoeven niet de heidenen op te leiden tot matriculatie."

Nie net op grond van beginsels redeneer hy met die sending-teëstanders nie, maar soos reeds aangetoon, gryp hy telkens terug na die empiriese werklikheid, soos byvoorbeeld in die geval as hy broeder W J Basson oortuig dat Swartes ook responsief op die evangelie kan reageer en as sodanig Christelike deugde kan vertoon. Hy sê:[256]

> "Ik heb een kaffer in mijn dienst, die nu meer dan drie jaren bij mij is, een gedoopte statie kaffer, maar hij is een voorbeeld voor menig witman."

In sy ywer om sending onder die kerkmense aan te wakker het hy hulle steeds die versekering gegee dat sending nie met gelykstelling verwar moet word nie.[257] Op die Algemene Kerkvergadering van 1926 het hy met nadruk daarop gewys dat die kerkwet geen gelykstelling toelaat nie. Vir die vergadering het hy dit uitgespel dat die Hervormde Kerk teen integrasie in die kerk is wat die konsekwensie inhou dat die kerk dit ook in die lewe daarbuite veroordeel.[258]

Dit is dus baie duidelik dat vir Brandt sending nie 'n aksie was om die kerk se lidmatetal uit te brei nie, 'n benadering



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat dikwels by die Engelse kerke aangetref is, en met die "gelykstellings-argument" geregverdig is. Brandt pleit hier opsigtelik vir "volkskerklike sending".

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat sending vir Brandt nie kultuuroordrag van die sendingwerker op die objek van sy missie is nie. Ook was dit nie diakonale versorging of maatskaplike opheffing nie. Dit alles blyk uit sy siening dat sending:[259]

> " .....in den grond der zaak niets anders dan het bereiden van den weg des Heeren, en moet ook niets anders willen bestaan. Wij kunnen de menschen niet beheeren, de bijzondere personen niet en de volken niet. Wij kunnen geen 'zielen winnen', gelijk het gewoonlik heet, voor het Koninkrijk Gods, en den nacht niet doen opklaren voor het licht. Dat is Gods werk en Zijne alleen. Maar wij kunnen wel zijn de aankondigers van Zijn komst."

In die laaste instansie het Brandt nie net oor die sending vanuit die ervaring of oortuiging geskryf en gepraat nie, maar vanuit die Woord van God, waaraan hy in die eerste plek gehoorsaam wou wees. Hy haal veral Matteus 28:29 aan wat vir hom die skrifgedeelte is wat sending fundeer.[260] Hierdie teksvers was dan ook die uitgangspunt van sy artikel van 15 Junie 1911 in die De Hervormer, waarmee hy die sendingdebat in die Hervormde Kerk aan die gang gesit het.

'n Gebeurtenis wat 'n betekenisvolle stoot aan die Hervormde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerk se sendingpoging gegee het, was ds A R Smit van Natal se oorkoms na die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika.[261] Smit was 'n sendeling in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Natal. Terselfdertyd het hy ook te Pietermaritzburg blanke lidmate bearbei. In 1921 het Smit hom tesame met dié lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk afgeskei saam met wie hy op 1 Februarie 1925 by die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ingelyf is.

In daardie tyd het 'n bekwame Zoeloe , Mlaba 'n predikant van 'n gemeente in Natal van die Free Church of Scotland, van die kerk weggebreek. Sedert 23 April 1923 het die swart gemeente met die steun van ds A R Smit as onafhanklike gemeente voortgegaan. Nadat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Natal in 1925 ingelyf is by die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, het hierdie sendingwerk in die lug gehang totdat, as gevolg van 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1928, 'n sendinggenootskap met die sanksie van die Kerk geregistreer is op 7 November 1929.[262] Die aandeelhouers was Dr H C M Fourie (Voorsitter), di L E Brandt (Tesourier), S Vermooten (Sekretaris), C H Rautenbach. Nie-predikantslede was: J W Gehle, W van Namen, J van Melle, H Sondorp, S H Koomans en B J A Lingbeek.

In dié gestigte sendinggenootskap het Brandt as tesourier 'n belangrike rol gespeel. Die betekenis van Brandt se rol in die totstandkoming van 'n gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Natal en, daaruit voortvloeiend, die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkryging van 'n Zoeloe-gemeente wat die Sendinggenootskap ten gevolg gehad het, was dat hy leiding geneem het om die gemeente van Smit by die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in te lyf.[263] Daarby het hy 'n besondere bydrae gelewer om dié ontwikkeling vir die kerkvolk aanvaarbaar te maak.

Afgesien van die reedsgenoemde bydraes van Brandt op die kerk se sendingakker, dien een van sy Johannesburgse gemeentelede se aandeel in sending onder die heidene, vermeld te word. Die lidmaat was Geertje Riphagen, by wie Brandt ywer en belangstelling vir sending gewek het. Dit alles het haar daartoe gebring om in 1918 haar skrede na die destydse Noord-Oos Rhodesië te wend, om aldaar, saam met die bekende Juf. Botes van die Nederduits Gereformeerde Kerk sendingwerk te doen. Sy het vanaf 'n ver afstand haar belangstelling vir die gemeente van Johannesburg se aktiwiteite behou en gereeld haar offergawe daarheen gestuur. Brandt se briewe was vir haar 'n bron van groot inspirasie op die sendingveld.[264]

Alhoewel daar vir die doel van die studie nie 'n vergelyking getref word tussen Brandt en sy tydgenootlike kollegas se bydrae tot sending nie, kan gekonstateer word dat ten spyte van die ander predikante se bydrae, waarvan sommiges se aandeel van groot betekenis was, Brandt se rol die bepalende was.

Sy standpunte oor verskillende aspekte van sendingwerk wat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reëlmatig in De Hervormer verskyn het, het die Hervormde Kerk se grondslae vir sendingwerk geword. Hy was ongetwyfeld die predikant wat in die eerste drie dekades na die Engelse-Oorlog die meeste gedoen het om die destydse vooroordeel teenoor sendingwerk uit die weg te ruim.

## 14 Brandt se rol om die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk se gevoel vir eiewaarde te verhoog

Ná die Engelse Oorlog van 1899 - 1902 het die Nederduitsch Hervormde Kerk, geen enkele gemeente buite Transvaal gehad nie. Dit beteken, dat dié oorlog die somtotaal van die Nederduitsch Hervormde Kerk se gemeentes beskadig en ontwrig het. Dit alles het veroorsaak dat dié Transvaal-gesentreerde kerk se herstel na afloop van die verwoestende oorlog, nog moeisamer was.

Boonop was die meeste lidmate van daardie periode verbonde aan die landboubedryf, wat dié sektor van die destydse Transvaalse ekonomie was, wat deur die oorlog feitlik ten gronde gerig is. Baie van die mense het noodgedwonge as armblankes na die ontwikkelende stede uitgewyk ter wille van oorlewing.[265]

Dit was gegewenhede wat van die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n hulpbehoewende Kerk gemaak het. Die kerk se gebrek aan middele om sy werk in die wêreld op daardie tydstip te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verrig, vertoon 'n mistroostige prentjie.

Die gesiene leidinggewende figure asook finansieel vermoëndes, het in bykans elke gemeenskap van die toenmalige Transvaal nie onder die Hervormde lidmate getel nie.

Brandt wat vanaf 1916 as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering die mees prominente leiersfiguur van die Nederduitsch Hervormde Kerk was, het met sy stylvolle optrede in die openbaar baie gedoen om, waar hy ookal opgetree het, fatsoenlikheid aan die kerk te verleen. Met sy fynbesnaarde, dog sterk persoonlikheid en imponerende voorkoms, het hy waar hy beweeg het, respek afgedwing. Almal wat met hom in aanraking gekom het kon dadelik:[266]

> ".. daardie Christen-gentleman in hom waardeer. So waardig en deftig, so aristokraties as wat hy uiterlik voorgekom het, so noukeurig deeglik, so opreg was ook sy innerlike."

Met woord en daad het hy alles in sy vermoë gedoen on die Nederduitsch Hervormde Kerk se unieke staanplek op die Suid-Afrikaanse kerklike toneel te regverdig. Onophoudelik het hy die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk geleer om hulle ryk erfenis te ontdek, en op so 'n wyse hulle geskool om 'n opgeskerpte historiese bewussyn te ontwikkel. Sy troue jongelingsvriend S P Engelbrecht wie se vordering hy met intense belangstelling gevolg het, sou hierdie spesifieke arbeid tot op 'n groot hoogte afrond met die verskyning van sy bekende werk: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Kerk van Afrika*, wat die selfrespek van die Hervormde lidmate besonder gestimuleer, en op hulle erfenis gewys het.

In 'n artikel in die *Almanak* van 19~~18~~25 oor *Onze Tradities en Gewoonten*, dui Brandt die verskille tussen die drie Hollandse kerke in Suid-Afrika aan. Hy bied 'n interpretasie van die geskiedenis op grond waarvan hy met gloeiende liefde vir die Nederduitsch Hervormde Kerk die lidmate aanspoor om dieselfde te voel:[267]

> "Er wordt door sommige menschen, die niet heelemal op de hoogte zijn, soms gezegd, dat de drie Hollandsche kerken in Zuid-Afrika eigenlijk zoo weinig verschillen, dat het niet de moeite waard is, dat er nog drie kerken bestaan, en dat men zoo maar zonder eenige moeite of bezwaar kan overgaan van de eene naar de andere.
>
> Hiertegenover hebben wij leden van de Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika altijd gesteld dat er wel degelijk verschil is, en dat de geschiedenis van de kerk ook dat verschil heel duidelijk aan het licht brengt.
>
> Met het oog op zekere gebeurtenissen op kerkelijk gebied, van den laatsten tijd, zooals het besoek van Dr A A Kuyper, de verschillen van richting in de Kaapsche kerk aan de Universiteit van Stellenbosch, de inlijving van de Nederduitsch Hervormde Kerk van Natal in ons Kerkverband meen ik, dat het nu de tijd is om eens



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

duidelijk uit een te zetten, wat wij bedoelen als wij zeggen, dat wij verschillen van de andere twee Hollandsche kerken, en waarin die verschillen bestaan.

Wij noemen ons de Nederduitsch Hervormde Kerk en wij willen Hervormd zijn, zooals onze voorouders dat ook gewild hebben. Liefst willen wij daarbij geen andere bepaling aannemen dan alleen die welke de geschiedenis sedert 1853 aanwijst, en als er dan een of andere bepaling bij moet, dan willen wij liefst denken aan de woorden van dat Gesang 62, dat wij op het voetspoor van onze voor geslachten zoo gaarne zingen: 'Hervorm vooral volmaak, mijn hart naar Uwen smaak' en dan willen wij vragen voor den smaak van den Heiligen Jesus, onzen Zaligmaker en niet voor dien van andere menschen.

Onze voorouders hebben sedert hun trek uit de Kaap en hun veztiging in Transvaal gewild en gedurfd op zich zelf te staan en zich zelf te zijn en als wij hen als vaders aanroepen, moeten wij dat nog willen en durven, maar dan moeten wij ook weten, waarom en waarin dit bestaat.

In 1853 en die jaren was het die handhaving van de vrijheid van geweten tegenover invloeden van over de zee, vrijheid van eeredienst tegenover gebruiken, die onbekend waren, politieke vrijheid tegenover de ten doode toe beschermende en vervolgende macht van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Engelend. Nu zijn het andere dingen, maar op den bodem ligt dezelfde zucht voor vrijheid, het verlangen om gebonden te zijn slechts door het wezen, de idee van de Schepping Gods, en niet door uiterlijke, door andere menschen opgelegde dingen."

Vervolgens formuleer Brandt die Nederduitsch Hervormde Kerk se kerkbegrip. Dit was die eerste keer dat die Nederduitsch Hervormde Kerk se beskouing van wat die kerk is, so in den brede verduidelik is. As in aanmerking geneem word dat Brandt hierdie verklaring in sy hoedanigheid as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering gemaak het, kan 'n mens aanneem dat dit die algemene opvatting was van ten minste die meeste predikante van daardie tyd. Alhoewel die Hervormde Kerk nooit ruimte gelaat het vir ex cathedra uitsprake nie, het kerklike leiers se uitsprake deur die jare heen meestal getrou die kerk se leer en usansies weergegee.[268]

Hieroor laat hy hom so uit:

> "Wij beschouwen de kerk als een geheel, samen komende in haar kerkelijke vergaderingen en tegenwoordig in haar kerkelijke vergaderingen en vertegenwoordigd door haar besturen. In dit kerkverband hebben de plaatselijke gemeenten, hare roeping in het bij eenhouden van de individueele leden der kerk, die rondom verschillende middelpunten op kerk plaatsen wonen, zooals verschillende leden van het lichaam samen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het geheele lichaam vormen. Vandaar dat wij bij voorkeur van den kansel de kerkgangers toespreken als Broeders en Zusters, of de geheele vergadering toespreken als gemeente van Jesus Christus, en niet als toehoorders. Wij willen hen niet aansien als een toevallig samen gestroomde bende, maar hen doen gevoelen, dat zij bijeen hooren, als kinderen van Eene Vader en daarom broeders en susters, als uitverkorenen, die geroepen zijn tot de gemeenschap van Jesus Christus en door zijn genade verbond samenverbonden zijn. Hieruit volgt, dat wij niet in de eerste plaats uitgaan om <u>sieltjes te winnen</u>, maar in het natuurlijke verband der gemeente door de opvoeding van onse kinderen in de vreeze des Heeren de gemeente trachten uit te breiden en door een waarlijk Christelijken wandel, zoodat de menschen onze goede werken mogen zien en onzen Vader in de Hemelen mogen verheerlijken, en daardoor voor Christus gewonnen mogen worden. Daardoor leggen wij niet zoo zeer nadruk op een oogenblikkelijke bekeering van den individu, maar zien wij uit een persoonlijke erkenning en toeeigening van de ons door Christus geschonken genade en het beantwoorden aan zijn roepstem. Wij verlangen een dagelijksche bekeering van al onze ongerechtigheden, een dagelijksche strijd tegen onze booze lusten, een dagelijks opwassen in de genade."

Op 'n baie verstaanbare wyse het Brandt die Nederduitsch



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hervormde Kerk se beskouing oor die Bybel gegee. Brandt se uiteensetting van die verstaan en gebruik van die Bybel as Woord van God is inderdaad in lyn met die gaande opvatting in die Nederduitsch Hervormde Kerk in die loop van die tyd.[269]

> "Wij erkennen den Bijbel als Gods Woord, met een gezag boven dat van Formulieren van Eenigheid of andere formulieren, die door menschen opgesteld; maar de Bijbel is voor ons niet een wetboek of een woordenboek waarin wij voor elke voorkomende geval een regel kunnen vinden. Daarom stellen wij ook niet een wet op, van raak niet en smaak niet en roer niet aan, en leggen wij niet aan anderen regels op om te zeggen, dit mog niet en dat mag wel, maar prediken, dat ieder mensch in zijn eigen geweten ten volle verzekerd moet zijn en dat mijne vryheid niet gebonden kan worden door het geweten van iemand anders, maar ook, dat mijn schuld niet kan vrijgepleit worden door wat een ander mensch geoorloofd acht. De Bijbel openbaart ons de liefde van God in Jesus Christus en wij willen ons laten overwinnen, ja vernietigen door de almachtige liefde, zoodat de liefde van Christus ons dringt en wij hetzij; dat wij eten, hetzij dat wij drinken, hetzij dat wij iets anders doen het alles doen ter eere Gods."

Aan die Hervormde kerkvolk hou Brandt voor dat die lewe van die Hervormer:[270]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "..... Heelemaal natuurlijk en spontaan zijn, ongedwongen zoodat het niet noodig is een gezicht te trekken als wij den naam van God noemen."

Op die stadium het Brandt hom heeltemal vereenselwig met die volhardende afwysing van bidure van Hervormde kant want:[271]

> "Wij willen geen gedwongen vastgestelde biduren, waar het een herhaling van woorden wordt en waar de meeste mensche onnatuurlijk en niet op hun gemak gevoelen."

In lyn hiermee verantwoord hy ook die Nederduitsch Hervormde Kerk se:[272]

> "...... afkeer van <u>speciale</u> <u>diensten</u>, met de onvermijdelijke opwinding en dwang, die ten slotte meestal heel weinig vrucht opleveren."

Nadat Brandt gespreek het oor die Nederduitsch Hervormde Kerk se benadering en leer ten opsigte van katkisasie en belydenisaflegging, die onderhouding van die sakramente en sondebegrip stel hy:[273]

> "Met opzet heb ik geen namen genoemd, omdat ik niet anderen wil veroordeelen en niet ons standpunt negatief wil uiteenzetten door te zeggen wat wij niet willen, maar getracht het positief te stellen wat wij wel voorstaan."

Ten slotte stel hy in geen onduidelike woorde, dat dit sy bedoeling was om die lidmate aangaande al genoemde kerklike



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewoontes en tradisies in te lei en bewus te maak van die Nederduitsch Hervormde Kerk se reg op voortbestaan:[274]

> "Moge deze uiteenzetting dienen om tegenover de Zusterkerken onze houding te rechtvaardigen en historisch te staven, om onze eigen jongere en oudere leden aan te moedigen onze kerkgeschiedenis te bestuderenen standvastig te zijn - en ons alleen te sterken in het voortzetten van de historische lyn van ontwikkeling waardoor wij onder Gods bestuur als een afzonderlijke kerk mag bestaan, opdat ons recht van bestaan voor iedereen duidelijk mag zijn en wij niet als ontrouw aan God en aan de geschiedenis gevaar loopen, dat onze kandelaar van haar plaats geneemd worden en onze naam uit de zij der Christelijke kerken weggedaan."

Telkens het Brandt ook in die openbaar vir die Nederduitsch Hervormde Kerk in die bresse getree. Slegs enkele voorbeelde hiervan word gegee.

Die beriggewing in The Transvaal Leader van 7 Desember 1912 oor daardie jaar se Algemene Kerkvergadering, was opsigtelik daarop uit om 'n karikatuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk te maak. Buitengewone aandag is aan die vergadering se besluite gegee wat die sing van Halleluja-liedere in die Sondagskool, en die gebruik van kollekteborde tydens eredienste veroordeel het. Op grond van genoemde besluite, het die koerant se beriggewing van die vergadering gehekel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met die Hervormers se "amazing conservatism."[275]

In 'n brief aan dié koerant gepubliseer op 12 Desember 1912, het Brandt skerp gereageer op die skewe voorstelling:[276]

> "Your correspondent has evidently been very badly informed about our church and its doings. He does not mention anything of the very important work done by the Synod, but has got hold of some incident, that was not at all a prominent feature in the meetings, and now he holds this up as the only thing worth reporting. Why not leave us alone, if you have nothing better to say of us? We did not ask to be reported, and I can hardly think the decisions you deem worthy of being printed in your columns can be of any interest to your English readers while they are unpleasant to those concerned and above all untrue."

In De Volkstem van 25 Julie 1918 het ds H S Bosman openlik die reg van bestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika ontken. Hy skryf:[277]

> " 't Volgende Onder Onsje mag hier wel 't licht zien. Keer op keer bekruipt mij de lust, zo dikwijls ik over de transvaalse Kerkgeschiedenis spreek of schrijf, zoals hierboven, om in boekvorm te bewijzen dat de Hervormde Kerk geen recht van bestaan in Z.A. heeft, doch ik ben 'n beetje schrikkerig voor de geleerde redakteuren van "De Hervormer", want hun tongen zijn glad en hun pennen scherp-reden waarom ik maar van 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vurig gekoesterd verlangen zal afzien. Met zulke talenten ben ik heel karig bedeeld."

Hieroor het Brandt hom op 'n waardige wyse skriftelik aangespreek:[278]

" Harmony, Pretoria
29Juli 1918.

Geachte Ds. Bosman.

Vergun mij een enkel woordje naar aanleiding van uwe "Herinneringen" in De Volkstem, voornamelijk over No. 7. Ik acht het geheel niet onmogelijk, dat u tot volkomen bevrediging en genoegen van uw leven enkele anderen in boekvorm kunt bewijzen, dat de Hervormde Kerk geen recht van bestaan in Z.A. heeft, maar wat heeft u dan nog daarmede bereikt?

Indien u daardoor het bestaan van die kerk ongedaan zoudt kunnen maken, dan zou er misschien van uw standpunt iets goeds mee bereikt zijn; maar een kerk met 35 gemeenten en 14 predikanten een eigen Theologische professor en studenten kan niet zoo maar weggetooverd worden ook al is het bewezen, dat die kerk geen recht van bestaan heeft.

U klaagt in diezelfde "Herinnering" over de verdeeldheid van ons Volk op staatkundig en kerkelijk gebied en over de toename van de Roomsche en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wesleyaansche kerken; maar zou uwe bewijsvoering niet alweer die twee kerken ten goede komen en aan onze nationale vijanden de gelegenheid geven te wijzen op onze onderlinge vervolgzucht?

Ik zou toch eigenlijk wel willen weten wat er toch voor geheim onder zekere menschen bekend is, dat zoo aantrekkelijk is en zoo interessant, dat men telkens weer op dit onderwerp terugkomt. U weet, dat ongeveer een jaar geleden er ernstige geruchten in omloop waren, dat Ds. van Broekhuizen plan had in zijn proefschrift te bewijzen, dat de Hervormde Kerk geen recht van bestaan had in Z.A. welk gerucht door hem ten sterkste ontkend is en nu komt uzelf er weer mee aan.

In de alinea voorafgaande aan die over onze kerk noemt u verschillende patriottische deugden, o.a. de spreuk: Wat verbittert verbetert nooit. Geldt deze waarheid soms niet in het geval van die Hervormde Kerk of niet op kerkelijk gebied?

U wilt afzien van dat vurig gekoesterd verlangen, omdat u bang is voor onze gladde tongen en scherpe pennen, maar Ds. Bosman u behoeft niet bang te zijn voor ons. Wij hebben u nog nooit aangevallen en hebben u ook nooit anders bestreden dan wanneer u ons onrecht hebt aangedaan.

Zou het niet meer waar, meer ridderlijk, meer Christelijk van u geweest zijn als u geschreven had,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat u er van wilde afzien gedachtig aan uw eigen spreuk over verbitteren en verbeteren/of zooals over leden vader Dr A Murray altijd gedaan heeft om aan het jongere geslacht een voorbeeld te geven van ware Christelijk liefde?

Gevoelt u niet, dat u zelf door deze dergelijke uitlatingen de grootste hinderpaal zijt voor een ware broederlijke toenadering tusschen de twee kerken, die u en ik vertegenwoordigen?

Ik eindig met de verontschuldiging, dat ik maar een zoon van 40 jaar ben en u een vader van 70. Maar u weet, dat als het op zaken van kerkelijk en algemeen belang komt een vader van 70 zich niet op zijn ouderdom mag beroepen om krenkende en onaangename dingen te zeggen, maar een voorbeeld moet zijn voor de jongeren, zooals ik gaarne met u wijlen Dr A. Murray op zijn ouden dag tot een voorbeeld neem.

Geloof mij Ds. Bosman, niettegenstaande wat ik hierboven geschreven heb,

Hoogachtend de Uwe
w.g. L E Brandt
Voorzitter Algemeene Vergadering
Nederduitsch Hervormde Kerk."

Bosman het Brandt kortliks op hierdie skrywe ~~as~~ soos volg



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geantwoord:[279]

"Geachte Broeder,

U neemt die zaak heelemaal te ernstig op. Ik schreef glimlachend, schertsend, grapperig en u laat voorkomen alsof ik Uwe Kerk van den aardbodem wil laten verdwijnen.

Dank voor berisping, terechtwijzing, reprimande."

Die wyse waarop Bosman Brandt se kritiek beantwoord het, is tekenend van die frustrasie wat Brandt soms moes ervaar in sy opreg bedoelde strewe om erkenning vir die Nederduitsch Hervormde Kerk te verkry.

15 <u>Ongewone huislike omstandighede</u>:

Brandt se eggenote, Johanna, was 'n kleurryke figuur wat oor buitengewone vermoëns en 'n groot aantal nie-alledaagse belangstellings beskik het. Slegs 'n paar daarvan word opgenoem:In haar tyd het sy ondermeer uitgemunt as skryfster, gewilde spreekster oor 'n verskeidenheid van sake, visioenêr, kampvegter vir Afrikaans, nie-beroeps politikus, patriot, pianiste, student in spiritisme, handlesery, teosofie en reïnkarnasie.[280]

Van hierdie bedrywighede van Johanna Brandt het soms gelei tot onortodokse optredes wat veral in haar leeftyd teen die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grein van aanvaarde konvensies ingegaan het. So het sy byvoorbeeld in 1918 met haar sewe kinders die pastorie in Johannesburg verlaat, om hulle vir bykans drie jaar op haar moeder se landgoed Harmony in Pretoria te vestig.[281]

Die verhuising van Brandt se gesin na Pretoria, het te make gehad met 'n eienaardige obsessie van Johanna en haar moeder met Harmony. Beide het geglo dat Harmony voorbeskik was vir 'n groot en edele doel.[282]

Hierdie obsessie by Johanna vir Harmony, is verhewig toe sy teen die einde van 1916, alleen haar moeder se sterwensoomblikke in die opstal van Harmony meegemaak het. In daardie morbiede omstandighede sou Johanna volgens haar eie vertelling, soos gepubliseer in haar geskrif Millennium, drie visioene ontvang het. Die gesigte is deur "A Messenger from on High" aan haar geopenbaar, wat gestuur is met die doel om haar met 'n gees van profesie te salf. In dié visioene is sy plegtig gewaarsku om te voorkom dat Harmony in die hande van vreemde besitters sou val.[283]

Enkele dae na die beweerde ervaring het Johanna weer 'n visioen ontvang waarin sy 'n volmaakte tempel op Harmony gesien het, wat volgens dié visioen die setel sou word van Goddelike krag en hoop, waaruit en waarvandaan die lot van alles in die geskapenheid bepaal sou word, want aan haar is geopenbaar:[284]

> "Harmony is the key to the universe."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

In opdrag van die bo-aardse boodskapper het Johanna nog 'n tydlank op Harmony aangebly om daar te wag op:[285]

> "..... Further revelations and the promised Return of the Redeemer."

Hierdie en nog drie verdere visioene wat sy op Harmony ontvang het, het haar geïnspireer om die bo-sintuiglike waarnemings te boekstaaf in die reeds genoemde bundel <u>Millenium</u> wat in 1918 verskyn het. In die werk betuig sy haar onomwonde vir die chiliasme. Intussen het sy die <u>World Harmony Movement Incorporated</u> wat sy in 1916 gestig het probeer uitbou.[286] Volgens haar was dit 'n geestelike organisasie vir die bevordering van harmonie op aarde - harmonie tussen rasse, geslagte, godsdienste, politiek; geestelik en aards; mistisisme en intellek; geloof en rede; die natuur en die wetenskap; tussen beginsels en praktyk; harmonie, in een gedagte gesien, tussen God en mens.

Vir ds Brandt het sy vrou se interim verblyf in Pretoria onteenseglik verleentheid veroorsaak. Dit blyk duidelik uit die Kerkraadsnotule van 23 September 1918, waarin vermeld word dat die kerkraad navraag gedoen het omtrent Mevrou Brandt se tydelike verlating van die pastorie.[287]

> "Bij de rondvraag vraagt ouderl. Bezuidenhout wat de rede is dat de familie van de voorzitter in Pretoria woont en waarom de pastorie voor een deel aan vreemden is verhuurd. De Voorz. geeft hierop uitvoerig antwoord. Op voorstel van br. Coetzee sec. br. Lingenfelder word



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

over de huur van de pastorie besloten dat de helft aan Ds Brandt en de helft aan de kerk voor een tyd van 12 maanden zou gegeven worden en ook dat de kosten voor reparatie ieder voor de helft zullen dragen."

Tydens die kerkraadsvergadering van 19 Julie 1919 het die kwessie van Mevrou Brandt se verblyf in Pretoria weer ter sprake gekom toe daar gehandel is oor die vraag of Brandt se traktament verhoog moes word.[288] Uit die bespreking wat gevolg het, is Brandt gepenaliseer vanweë sy vrou se optrede, want sommige kerkraadslede het geweier om vir Brandt verhoging te gee:[289]

"....zoolang Mrs. Brandt in Pretoria woont."

Die kerkraad het by alles ook nie vir lief geneem met Johanna se boek Millenium nie. Op 'n kerkraadsvergadering van 20 September 1919 is daar teen die verskyning van die bundel beswaar aangeteken.[290] Die beswaar het in die kerk wyer uitgekring. Ouderling A D W Wolmarans se afkeer in die publikasie het aanleiding gegee dat die saak voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedien het.[291] Op die Algemene Kerkvergadering wat later daardie selfde jaar plaasgevind het, is die aangeleentheid breedvoerig bespreek. Brandt se antwoord tydens die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, waarin hy hom kategories gedistansieer het van sy vrou se siening, soos vervat in Millenium, is deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar, want met 'n meerderheidstem is besluit:[292]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "De Algemene Vergadering, kennis genomen hebbende van het antwoord van Ds. Brandt over het boek "Millenium" van Mevr. Brandt, is hiermee tevreden, en dat daar geen klachten zijn ingekomen over de leer en de wandel van Ds. Brandt."

Johanna Brandt se werk, De Nieuwe Wyn, wat kort na hierdie gebeure in 1921 die lig gesien het, het egter 'n nog groter beroering as Millenium onder die kerkvolk veroorsaak.[293] In De Nieuwe Wyn bestry sy openlik verskillende leerstukke van die kerk. Sy verwerp ondermeer die kinderdoop en die onderhouding van die Sabbat op Sondag. Die kerkraad van Johannesburg het op grond hiervan eenparig besluit om die verspreiding van die geskrif onder gemeentelede te verbied. Terselfdertyd het die kerkraad 'n kommissie aangewys om die boek te bestudeer en daarna met Mevrou Brandt 'n onderhoud te voer.[294] Die Kommissie het bestaan uit ds Brandt, broeders Coetzee, Lindeque en Nortje bygestaan deur prof. dr. J H Greyvenstein. Op die kerkraadsvergadering van 17 Julie 1922 het ds Brandt oor die werksaamhede van die kommissie verslag gedoen. Hiervolgens wou mevrou Brandt nie afstand doen van haar sienings nie. Die kerkraad het dit aanvaar as ...[295]

> "... de private mening .... van Mevr. Brandt."

Vir die fynbesnaarde, innerlik trotse Brandt, wat voortdurend gestreef het na 'n betaamlike lewenstyl, moes sy aweregse huislike omstandighede, asook sy vrou se



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

openbaarmaking van haar oortuigings, wat in stryd met van die kerk se vernaamste leerstukke was, gewis 'n pynlike ervaring gewees het. Die standpunte wat Johanna in Millenium en De Nieuwe Wyn gehuldig het, het alles weerspreek waarvoor Louis Brandt gestry het en wat hy verkondig het.

Johanna se besluit om die pastorie vir drie jaar te verlaat om haar uitsluitlik te wy aan die bevordering van haar eie ideale, dui daarop dat sy onversetlik slegs aan haar siening van sake voorrang gegee het. As die moontlikheid oorweeg word van psigiese stoornisse wat by haar aanwesig kon wees, kan die afleiding gemaak word dat sy 'n uiters gekompliseerde persoon was, wat min ruimte gelaat het vir 'n ander se standpunt.

Brandt het vermoedelik hiervoor begrip gehad, en vanweë haar onbuigsaamheid, haar nooit teëgegaan nie. Opnuut kan gekonstateer word dat Brandt van nature nie polemies ingestel was nie. Tog het hy dwarsdeur sy lewe as predikant en bewese leier op kerklike, kulturele en maatskaplike gebied nooit gehuiwer om sy standpunt duidelik te stel nie. Wanneer dit nodig was het hy terwille van die welwese van die kerk en die eer van God op waardige wyse diegene vir wie dit nodig was, tereggewys. Klaarblyklik het hy terwille van vrede en die behoud van die huwelik sy vrou laat begaan.

Dit alles dui egter op die grootsheid van sy karakter, dat hy ten spyte van die verleentheid wat sy vrou hom aangedoen het, sin aan sy bestaan gegee het deur nugter en bedaard



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voort te gaan. Al was sy vrou vir lang periodes afwesig, en al het sy die beginsels wat hy moes verkondig bestry, het hy met onverdrote inspanning sy werk gedoen.

## 16 Brandt se eerste besoek aan lidmate in Oos-Afrika

Tydens Brandt se eerste verblyf in Johannesburg het hy tweemaal na Europa gereis. Die eerste besoek is in 1916, en die tweede in 1921 gebring. Elke tog was 'n uitgebreide reis wat nie net 'n besoek aan sy geboorteland ingesluit het nie, maar ook ander Europese state. Van al sy reise het hy noukeurige aantekeninge gemaak, wat gewoonlik neerslag gevind het in briewe aan familie en vriende. Hierdie memoirs getuig van sy diepgaande belangstelling in die Umwelt asook die drang om nuwe plekke te ontdek. Bo alles spreek sy reisjoernale van die vreugde wat hy uit sulke ekskursies geput het.

Op sy terugtog na Suid-Afrika in 1921 vanuit Europa, is die reis vir ongeveer twee maande onderbreek, vir 'n besoek aan lidmate van die kerk in Oos-Afrika

### 16.1 Die Nederduitsch Hervormde Kerk in Oos-Afrika - 'n Kort oorsig

Gedurende die periode van ontwrigting en verwarring ná die Engelse Oorlog (1899 - 1902), het 'n groot aantal



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaners - hoofsaaklik Transvaalse Boere, die land verlaat om elders 'n nuwe begin te maak. 'n Paar honderd het besluit om na die Amerikas (veral Argentinië), te verhuis. Ander het op landstreke op die vasteland van Afrika besluit.[296]

In die periode 1902 tot 1914 het meer as 'n duisend Boere na die toenmalige Brits-Oos-Afrika (Kenia) en Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) getrek.[297] In die meeste gevalle het 'n verskeidenheid faktore kumulatief bygedra om die mense te laat verhuis. Die heel vernaamste rede, volgens Changuion, tot verhuising, was blykbaar die verarming as gevolg van die oorlog. Baie Boere het dus getrek met die oog op 'n beter bestaansmoontlikheid.[298]

Die trek van die Boere na Oos-Afrika het saamgeval met 'n sameloop van gebeure wat Blanke nedersetting op die hooglande van Oos-Afrika moontlik en selfs wenslik gemaak het. Daar moet ook op gelet word, dat die uiters gunstige klimaat en die uitbundige vrugbare aarde wat yl bevolk was, baie aanloklik was vir die Boere.[299]

Mans, wat self vir 'n tyd in die vyftiger-jare onder die Afrikaners in daardie geweste gearbei het, stel dat die enigste rede wat vir die trek na Oos-Afrika aangevoer kan word, die "trekgees" is, wat intrinsiek eie is aan die Afrikaner se aard.[300] Van den Berg verwys in die verband dat die vernaamste beweegrede by die oorgrote meerderheid Afrikanertrekkers na Oos-Afrika 'n drang na maatskaplike vryheid was, wat hy ook as 'n pioniersgees of avontuurlus



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kwalifiseer.[301]

Die trekkers na Oos-Afrika het inderdaad die karaktertrekke van die tipiese grensboer en pionier van die 19 de eeu vertoon: individualisties, konserwatief, streng, 'n sin vir vryheid en 'n voorkeur vir avontuur.[302] Een van die Oos-Afrika Trekkers het self getuig:[303]

> "Byna daeliks het ons die basuine hoor blaas van die vrye, ongebonde en onafhanklike lewe in die veld en in die ope lug, van rillende avonture met leeus, tiers, renosters, olifante en ander wilde diere, en van die pragtige vooruitsigte en goeie kanse om vorentoe in die wêreld te kom"

en verder:

> "Alles het my so aanloklik toegeskyn en ek word, as't ware, met onsigbare bande aangetrek na die onbekende vreemde, waaraan ek geen weerstand kon bied nie - ek moes die geroep van die veld gehoorsaam."

Die trekkers na Oos-Afrika het hoofsaaklik uit twee hoofgroepe bestaan, die Hervormers en die Verenigde-mense.[304] Al gou is die Verenigde Kerk se lidmate op 'n permanente basis versorg. Die Hervormers daarenteen is kerklik verwaarloos vanweë die kerk se verarmde toestand in Transvaal. Dit is een van die redes waarom die Hervormde Kerk in daardie geweste in die beginjare heelwat lidmate verloor het.[305]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die eerste predikant wat die Hervormers in Oos-Afrika besoek het, was ds J J Kuhn van Krugersdorp. Op 2 Oktober 1910 het hy 'n gemeente Arusha in Duits-Oos-Afrika (destyds bekend as Tanganjika) gestig. Twee maande later op 10 Desember 1910 het hy die gemeente Rensburgrust in Brits-Oos-Afrika (Kenia) op die plaas van Jan Janse van Rensburg naby Eldoret gestig. In beide gebiede is die lidmate besoek, kerkraadslede gekies en die lidmate kerklik georganiseer.[306] In 1912 het Kuhn 'n opvolgbesoek aan die gemeentes gebring.[307]

Daarna moes die gemeentes nege jaar wag voordat die volgende predikant, in die persoon van ds L E Brandt, hulle sou besoek.[308]

Op 2 November 1921 het hy in Kilindini, die diepsee hawe by Mombassa aan die kus van Kenia, voet aan wal gesit. Hiervandaan is hy per trein via Nairobi na Londiani. Daar het die seun van ouderling J J van Rensburg hom ingewag.[309] Ouderling Van Rensburg was die bekende trekleier na Kenia wat in 1908 met 245 mense na Mombassa vertrek het met die Duitse skip, die Windbuk, wat hy vir £1,740 gehuur het vir die doel.[310]

Met 'n korttentwa getrek deur 'n span van twaalf osse het die jong Van Rensburg Brandt oor 'n afstand van 120 km na Rensburgrust, digby Eldoret, geneem. Hier op die plaas van die ouderling is Brandt se koms met blydskap begroet.[311]

Wat Brandt opgeval het was die materiële welvaart van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikanerboere in daardie geweste. Hy deel mee dat hy verstom is oor wat die blankes in 'n periode van minder as 15 jaar vermag het.[312]

Brandt se beskrywing van sy besoek aan Kenia werp lig op die betekenisvolle reorganisasiewerk wat hy aldaar verrig het:[313]

" Rensburgsrust, P.K. Eldoret.
24 November 1921.

Mijn dierbare Moeder, vrouw en kinderen.

Mijn laatste brief aan u was van 9 November en sedert dien heb ik nog van niemand enig bericht ontvangen. De post gaat hier langzaam en als er niet overmorgen een brief is, kan ik hier geen brieven meer ontvangen, omdat ik aan den postmeester in Mombassa gevraagd heb na den 20sten alles op te sturen naar het Duitsche gebied.

Ik ben nu hier ruim 2 weken en heb bijna al de leden der gemeente bezocht en twee Zondagen dienst gehouden in de kerk op het dorp Eldoret. De menschen hebben mij met alle liefde ontvangen en er was heel veel in orde te maken, omdat in 9 jaren geen predikant van onze kerk hier had kunnen komen en daardoor veel verwaarloosd was en ook kinderen in dien tijd gedoopt en aangenomen waren door andere predikanten, die hier op bezoek of doortrekkend waren en nu moest ik weer allerlei papieren op vragen en in deze gemeente terug brengen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toen Ds. Kuhn hier was heeft hij twee ouderlingen en twee diakenen laten kiezen maar daarvan heb ik slechts een ouderling en een diaken overig gevonden, de anderen waren gestorven. Voornamelijk door de predikanten van de Vereenigde kerk is gedurig moeite gedaan om de menschen van onze kerk moedeloos te maken in de hoop, dat zij ook maar bij die kerk zouden aansluiten en dat de Hervormde gemeente zou te gronde gaan en nu is er maar een klein getal over, maar die zijn dan ook standvastig en getrouw. Velen zijn weer terug gekomen nu dat ik hun de verzekering heb kunnen geven, dat de kerk in Zuid-Afrika alles zal doen om hen geregeld te bedienen en dat het niet zoo lang zal duren zonder dat er een Leeraar uitkomt.

Gister heb ik een lange conferentie gehad met Ds. van Zijl van de Vereenigde kerk en Ds. van der Walt van de Gereformeerde kerk, die ook hier is, over de samewerking tusschen de drie kerken en daar kwam weer uit, dat de Vereenigde kerk maar net ons wil opslikken. Ik heb het heel duidelijk gemaakt aan Ds van Zijl, dat daar geen sprake van kan zijn, en dat alleen, wanneer hij die gedachte geheel uit zijn hoofd zet, en daar niet meer over praat, hij verwachten kan, dat de Hervormde menschen zullen samenwerken op het gebied van onderwijs en ander nationale belangen.

Op Zondag 13 dezer ben ik 'smorgens met Ouderling van Rensburg, een man van 73 jaar, te paard naar het dorp



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> gereden, ongeveer 5 Eng. Mijl, om te gaan Kerk houden; de rest van de familie is met een ossenwagen gekomen. Wij hadden 'smorgens en 'smiddags dienst en reden daarna weer naar de plaats terug."

Nadat Brandt op boeiende wyse sy familie tot in die fynste besonderhede ingelig het oor die fauna en flora en die inheemste bevolking van 'n besondere wêrelddeel wat hy intens beleef het, handel hy verder oor sy kerklike besoek:[314]

> "Verleden Zaterdag morgen waren verscheidene gemeenteleden hierheen gekomen, omdat de gemeente op deze plaats is gesticht en ook den naam heeft van Rensburgsrust. Voordat er een kerk was op het dorp werd het Nachtmaal en al de diensten ook hier gehouden. Ik heb toen een korten dienst gehouden hier in huis en daarna zijn wij met vier ossen wagens en anderen te paard of op muilen en met karren naar het dorp gereden en is daar rondom de kerk een lager opgetrokken van de wagens en tenten, waar in wij een paar dagen gewoond hebben. Zaterdag avond heb ik een dienst gehouden en Zondag morgen was de kerk stampvol voor de hoeksteen legging. Er waren meer dan 100 menschen in de heel kleine kerk, ook velen van de andere Hollandsche kerken en na een dienst in de kerk gingen wij allen naar buiten en legde ik de hoeksteen op de plaats, die daarvoor open gelaten was. Op den steen staat "Nederduitsch Hervormde Kerk, 20 November 1921" en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binnen in is een dokument vermeldende wat de steen beteekent en door wien hij gelegd is en eenige munten van dit land.

'sMiddags was de eigenlijke inwijding van de kerk en 'savonds weer een dienst. Ik had een tent voor mijzelf alleen naast de kerk om in te slapen en te zitten, als ik alleen wilde zijn."

Die naweek na die kerkinwyding op Eldoret het Brandt daar die sakrament van die nagmaal bedien. Gemeentevergadering is ook gehou en die mense is belowe dat 'n predikant uit Suid-Afrika hulle voortaan elke jaar sal besoek.

Voor sy vertrek na Duits-Oos-Afrika het Brandt ook nog lidmate gekatkiseer en aangeneem. 'n Basaar is gehou wat £6-8-0 opgelewer het.

Op 3 Desember 1921 is Brandt met die trein via Vio na Moshi in Duits-Oos-Afrika. Hier het ouderling De Beer hom ontmoet. Op 'n klein waentjie, getrek deur agt maer osse, het 'n baie ongerieflike tog begin na Kampfontein, die plaas van ouderling De Beer digby Arusha.

Met die eerste oogopslag het Brandt bemerk dat dit met die mense in die ou Duitse gebied (gedurende Wêreldoorlog I het Duitsland Tanganjika aan die Engelse afgestaan) slegter gegaan het as met die in Kenia. Baie lidmate het gely onder die gevolge van die wêreldoorlog van 1914 - 1919. Sommige gemeentelede is deur die Duitsers geïnterneer en enkeles se



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

huise is selfs afgebrand.

Ook hier het Brandt dadelik ingespring om die mense te besoek en om kerklik orde te skep. Sy eie vertelling van huisbesoek getuig van die ongewone en interessante omstandighede daarvan:[315]

> „Op 13 dezer ben ik met mijn ouderling uitgereden, ik op een mooi groot vospaard en hij op een ezeltje. Zooals ik al geschreven heb, is hij een heel klein mannetje, zoodat het precies Don Quichot en Sancho Pansa was. Na het middag eten gingen wij met andere dieren, weer een paard en een ezel om bij de menschen in de buurt huisbezoek te doenen kwamen eerst 'savonds tegen 9 uur weer terug bij de de Wits, waar wij sliepen. Den volgenden morgen reden wij weer uit om nog andere menschen te gaan zien."

Afgesien van al die pastorale werk wat Brandt in Duits-Oos-Afrika verrig het, het dit by sy program ingepas om die Geloftedagvieringe van 1921 te Arusha te lei. Die verrigtinge het al die 15 de Desember begin. Met die immer met sneeu bedekte Kilimandjaro op die agtergrond is feesgevier:[316]

> "Den volgende dag 15 Dec. begon de Dingaans feestviering. 'Smiddags werd door een paar van de voormannen hier en door mij de geschiedenis van Hugenoten en de trek uit de Kaap en van Piet Retief en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

zijn menschen en van den grooten slag verteld en heb ik ook verteld van de feestviering, waar ik verlede jaar zelf bij was op de plaats Bloedrivier zelf, waar de slag geleverd is in 1838. Dien avond had ik een groote dienst over een toepasselijke text. Er was een heel groot aantal menschen opgekomen, bijna al de menschen, die in den omtrek wonen, en op den 16-den hadden wij 'smorgens, 'smiddags en 'savonds diensten, allemaal door mij geleid en 'smiddags nog een voor de kinderen."

Brandt se vertrek uit die geweste terug na Suid-Afrika was ontroerend. Hy sê daarvan:[317]

"Het kostte werkelijk moeite om afscheid te neem."

Oral langs die pad op die terugtog na Moshi, waar hy die trein moes haal na Mombassa, het lidmate opreg aangedaan van hom afskeid geneem.

Onderweg na Durban het die passasiersboot Karagola, waarmee Brandt teruggevaar het na Suid-Afrika, by Lourenqo Marques aangedoen waar dit 'n paar dae voor anker gelê het. Dit was 'n verkwikkende verposing vir hom na die bedrywige twee maande in Oos-Afrika. Hy het soveel as moontlik sy tyd benut om te swem en op die strand te ontspan.[318]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 17 Terug in Johannesburg

Na 'n afwesigheid van ses maande, het Brandt weer teen die einde van Januarie 1922 na sy standplaas in Johannesburg teruggekeer. Uiteraard was hy verplig om teen 'n stywe pas sy werksaamhede te hervat.

Op die stadium het die Brandt-gesin se samestelling in die pastorie taamlik verander. Op sy aandrang is sy twee dogters in 1920 na sy moeder in Velp gestuur vir verdere opleiding en afronding. Met Louis, die oudste seun uit die huis, was daar nog net die vier jongste seuns van die sewe Brandt-kinders in die huis oor.[319]

In die dae het Johanna haar besig gehou met die skryf van 'n historiese roman met die titel Patricia. Stof vir die verhaal het sy in die staatsargief versamel. Alhoewel sy vir lang periodes uithuisig was om elders in afsondering aan die verhaal te werk, gee sy in die dae blyke van opgewektheid. Voorlopig sou haar bedrywighede nie van kontroversiële aard wees nie.[320]

Haar ideaal was om met die moontlike tantieme van die te voltooide boek vir haar man 'n goeie klerk te huur om hom by te staan met sy druk werksprogram. Die ideaal het nooit gematerialiseer nie. Sonder sekretariële hulp, het Brandt benewens al sy ander verantwoordelikhede, 'n buitengewone groot volume korrespondensie en administratiewe take wat aan hom opgedra is hanteer.[321] Talle ampsdraers en 'n groot aantal lidmate het voortdurend per brief om advies gevra oor



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

'n verskeidenheid van sake. Sy nagelate korrespondensie-lêers getuig daarvan dat hy elke skrywe geduldig en noukeurig beantwoord het.[322]

## 18 Afskeid van Johannesburg

Onder sy groot werklas waaronder hy gebuk gegaan het, was hy ook voortdurend uitgelewer aan die nimmereindigende finansiële probleme van die gemeente, wat hom steeds vir lang rukke sonder inkomste gelaat het.[323]

Op 27 Julie 1923 is hy deur 'n gekombineerde kerkraadsvergadering van Vereeniging-Heilbron na die twee gemeentes beroep.[324] Op 'n kerkraadsvergadering van 12 Augustus 1923 het hy die kerkraad van Johannesburg versoek om hom leiding te gee om tot 'n besluit te kom oor wat hy met die beroep moes maak. Verskeie kerkraadslede het met vrymoedigheid by hom aanbeveel dat die tyd vir hom ryp was om te verhuis. Hy is hartlik verseker van die kerkraad en gemeente se liefde en agting vir hom. Daarenteen is gemeld dat van die gemeentelede nie dieselfde gesindheid jeens sy gade gekoester het nie.[325]

Hierna het Brandt die kerkraad met groot erns meegedeel van sy opreg pastoraal-bewoë gesindheid teenoor die gemeente en dat die gemeente se welwese vir hom 'n gewigtige saak is. Hy het voorts verklaar dat alhoewel hy sou verkies om nog in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die gemeente aan te bly, hy besef dat hy die gemeente op daardie stadium die beste sou dien deur die beroep na Vereeniging-Heilbron aan te neem. Vervolgens het hy self ook na sy vrou se rol in sy ampsvervulling verwys:[326]

> "Allen hebben hem gesteund in tijden van onaangenaamheid toen soms lelike dingen gezegd werde, ook in zake spr's vrouw, en daarom moet niemand ook maar de minste gedagte hebben dat er onheuse gedagten in zijn hart zouden zijn, doch hij glooft werkelik dat het beste zou zijn dat nu een nieuwe predikant komt."

Op 30 Augustus 1923 het die kerkraad van Vereniging op 'n buitengewone kerkraadsvergadering verneem dat Brandt die beroep daarheen aangeneem het.[327]

Hiermee het Brandt se verbintenis met die gemeente van Johannesburg tot 'n einde gekom, 'n verbintenis wat 'n eie onvervangbare betekenis gehad het in die wel en weë van twee dekades in die wordingsgeskiedenis van die Nederduitsch Hervromde Kerk van Afrika aan die Witwatersrand.

19 <u>Aantekeninge</u>

1 J & E H Gray: <u>A history of the discovery of the Witwatersrand Goldfields</u>, Johannesburg 1940, p. 84 - 113.

2 Ibid., p. 193.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3 Lantern, Tydskrif vir Kennis en Kultuur, Des 1986, jaargang 35 No. 4, p.15.

4 Ibid., p. 4.

5 J J Prinsloo: Die Gemeente Johannesburg, Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika 1936, jaargang 31. Die aanvanklike naam van die gemeente was "Fordsburg en Johannesburg".

6 Ibid., p. 135.

7 E L P Stals (red), Afrikaners in die Goudstad, 1886 - 1924, Deel I, Pretoria/Kaapstad 1978, p.17.

8 H S Bosman, Een terugblik op kerkelijke en godsdienstige toestanden in de Transvaal, Kaapstad 1923, p.46.

9 Stals, op. cit., p. 139.

10 J J Prinsloo, Almanak, op. cit., p. 135.

11 Ibid., p. 135.

12 Ibid., p. 135.

13 Notulen van de Buitengewone Algemeene Vergadering der Ned. Herv. Kerk der ZAR gehouden te Pretoria, 10 Februarie 1897, p. 19 - 20.

14 Kerkraadsnotule, Ned. Herv. Gemeente Johannesburg 10 Maart 1899, p. 25.

15 J.J. Prinsloo, Almanak, Jaargang 30, op. cit., p. 135.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

16 Ibid., p. 135.

17 Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 15 Maart 1905.

18 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/26, 17 Februarie 1908.

19 Ibid.

20 Ibid.

21 Ibid.

22 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 14 Desember 1907.

23 Ibid., 22 Desember 1907.

24 Ibid.

25 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/26, 22 Maart 1908.

26 Ibid., 7 Junie 1908.

27 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 21 September 1907.

28 A J G Oosthuizen: Ds L E Brandt, Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 41 ste jaargang 1947, p.33.

29 E L P Stals. op. cit., p. 1.

30 Ibid., p. 2.

31 Ibid., p. 51 - 56.

32 Ibid., p. 55.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

33 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 21 September 1907.

34 Ibid., 7 Maart 1908.

35 Ibid., 13 Maart 1908. In hierdie brief skryf Johanna Brandt dat hulle op daardie stadium £13.00 gehad het om vir die res van die maand te leef. Die hospitaalfooie was £7.10 per dag.

36 Ibid., 13 Maart 1908.

37 Ibid., 12 Julie 1908.

38 Ibid., 26 Julie 1908.

39 Ibid., 1 Januarie 1908.

40 A J G Oosthuizen, <u>Almanak</u> op. cit., p. 34.

41 Ibid., p.35.

42 <u>Preekbeurten</u> NHK-Argief Pretoria, LIX/137, 1908 - 1923.

43 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/26, 6 Augustus 1908.

44 Ibid., 19 Julie 1908.

45 E L P Stals. ibid. p. 147.

46 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/26, 19 Julie 1908.

47 <u>Notule</u> <u>Kerkraadsvergadering,</u> <u>gemeente</u> <u>Johannesburg</u>, 6 Junie 1908.

48 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/26, 11 September 1908.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

49 Preekbeurten, op. cit., Junie 1912 en Mei 1923.

50 Kerkraadsnotule, op. cit., 28 Oktober 1915.

51 Ibid., 19 Julie 1919

52 Notule Gemeentevergadering, op. cit., 4 April 1908.

53 Preekbeurten, op. cit., Augustus 1914.

54 Ibid., Mei 1915.

55 Ibid.

56 Ibid.

57 Ibid.

58 Kerkraadsnotule, op. cit., 6 Junie 1908. Die genoemde jeugvereniging is op 28 Februarie 1909 gestig met 28 lede. Dit was ook meteen die oprigting van 'n koor. (vgl Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/29, 24 Mei 1909).

59 Telkens in sy korrespondensie met sy familie in Nederland het hy hulle versoek om leerstof vir sy katkisasie klasse te voorsien.

60 Preekbeurten, op. cit., 1912 varia, et Briewe ibid, LIX/30, 15 April 1912.

61 Kerkraadsnotule, op. cit., 6 Junie 1908. Dr H.C.M. Fourie wat Brandt in 1924 as predikant in Johannesburg opgevolg het, was ook dikwels ongelukkig oor die "gees"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat tydens die kerkraadsvergaderings geheers het. Brandt het hom tot bemoediging meegedeel: "De Kerkeraads vergaderingen zijn voor mij ook altijd een nachtmerrie geweest en ik heb meermalen gezegd, dat als ik ooit moedeloos was en lust had de heele boel daar neer te smijten, het was na een vergadering van den Kerkeraad". (Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/67, 19 Junie 1924.)

62 Kerkraadsnotule gemeente Johannesburg, 1908 - 1914.

63 Gemeentevergadering, op. cit., 18 Julie 1914.

64 The Transvaal Leader, 16 Januarie 1909: "Pulpit and Pew."

65 Diverse preekaantekeninge NHK-Argief Pretoria, LIX/40.

66 Ibid., Gen 2:15;
Jer 8:19;
Matt 22:11 - 14;
Ps 73:17.

67 Brief van ds A Brandt aan skrywer gerig, 1987.

68 Preekaantekeninge, op. cit.

69 Ibid.,

70 Ibid.,

71 Ibid.,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

72 Mededeling van Prof. dr C H Rautenbach aan skrywer.

73 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/26, 10 Maart 1907.

74 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/32, 4 Februarie 1912 et 22 Maart 1912.

75 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/150, 14 Augustus 1910

76 <u>The Star</u>, 23 Junie 1939.

77 <u>De Volkstem</u> 25 September 1916: "Verloren Levens" van onze medewerkers.

78 Ibid., 4 Oktober 1916.

79 Ibid., 27 September 1916.

80 Ibid., 27 September 1916.

81 <u>De Hervormer</u>, 13 Maart 1913: "Ingezonden" L E B.

82 Ibid.

83 <u>Stompiesfontein/Strydpan nedersetting</u>, NHK-Argief Pretoria, LIX/54, 1914 - 1918.

84 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/31, 14 Oktober 1912. Sien ook <u>The Star</u>, Johannesburg 23 Junie 1939.

85 Sosiale sake LIX/60, NHK-Argief, Pretoria.

86 Ibid.

87 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

88 Ons Vaderland, 15 Januarie 1918: "Van de Rand".

89 Ibid., 16 Desember 1917.

90 De Volkstem, 3 Desember 1909: "Binneland; Afrikaners in bezigheden."

91 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 14 Augustus 1910.

92 A J Rasker, De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795, Kampen 1974, p 96 - 99. Belangrik in hierdie verband is ook Louis Naudé, Dr. A Hertzog, die Nasionale Party en die Mynwerker, Pretoria 1969, p 96 vg wat die situasie aan die Rand teken 'n twee dekades later as alles nog nie baie verander het nie.

93 Ibid., 25 Februarie 1912.

94 Nederlands Patriciaat 51 ste jaargang,1965. Uitgave van het Centraal Bureau voor Genealogie te s'Gravenhage. p. 25 - 36.

95 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/35, 15 Julie 1913.

96 Ibid., 9 Junie 1913.

97 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/29, 2 Oktober 1910. Vid., R Sauerzapf, Die Säkularisierung der Genfer Oekumene, (Ongepubliseerde DD proefskrif UP), Pretoria, 1975, p. 44 vlg. wat aantoon dat in die evangelisasie-strategie van die internasionale christen-studente-verenigings, waarvan die NCSV 'n onderdeel was, die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

jeug baie belangrik was. Dit was veral die Amerikaner John Mott wat deur middel van die YMCA en YWCA en die Word Students Christian Federation sy doel wou bereik nl: "The evangelization of the world in this generation". Mott wou ook dmv die jeugbewegings groot ideale bereik, soos Sauerzapf aantoon (p 51) "er trämte davon durch gute Werke die Welt allmählich in Gottes Reich verwandeln zu können". As die social gospel egter in hierdie bewegings die toonaangewende word, word die aftakeling daarvan vanselfsprekend.

98 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/37, 11 November 1914.

99 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 15 Augustus 1908.

100 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/28, 14 Maart 1909.

101 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/35, 4 Augustus 1913.

102 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/26, 6 September 1908.

103 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/27, 9 Mei 1909.

104 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/30, 29 Mei 1911 et LIX/31, 8 Januarie 1912.

105 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/30, 20 Maart 1911.

106 Stals, op. cit., p. 134.

107 <u>De Hervormer</u>, 15 Oktober 1909: "Kroniek".



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

108 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/26, 9 Augustus 1908.

109 Stals, op. cit., p. 132.

110 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/26, 9 Augustus 1908. Sien ook S.P. Engelbrecht, _Geskiedenis van Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika_, Kaapstad-Pretoria 1953, p. 274.

111 Syllabus Religions Instruction LIX/58 NHK-Argief Pretoria.

112 Ibid.

113 Ibid.

114 Ibid.

115 Ibid.

116 _The Star_, 23 Junie 1939.

117 Muller C F J (red), _500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis_, Pretoria en Kaapstad 1970, p. 352. Eintlik het die rebelle nie werklik oor die wapentuig beskik om op te tree nie. Geen wonder dat hulle nêrens offensief gehandel het nie.

118 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/37, 24 September 1914.

119 _Die Burger_, 18 Oktober 1922: "Die Vroue N.P. in TVL."

120 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/37, 23 Desember 1914.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

121 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/37, 22 September 1914.

122 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/37, varia. Sien ook M.A. Malan, _Die Nasionale Party van Suid-Afrika_, Elsiesrivier 1964.

123 E. Olivier, _H.C.M. Fourie 'n lewenskets_, (Ongepubliseerde BD-Skripsie U.P.), Pretoria 1987.

124 _Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering_, 7 Januarie 1916.

125 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/169.

126 Ibid.

127 Naturalisasie LIX/185, NHK-Argief Pretoria.

128 Politieke stukke NHK-Argief, Pretoria, LIX/164.

129 _De Volkstem_, 30 September 1915.

130 Ibid.

131 Ibid.

132 Politieke Vlugskrif, NHK-Argief, Pretoria, LIX/164.

133 _De Volkstem_, 7 Oktober 1915: "Brandt en Roodh".

134 Ibid., 30 September 1915.

135 Ibid., 7 Oktober 1915

136 _Verkiesings pamflet_, NHK-Argief, Pretoria, LIX/164.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

137 B M Schoeman, Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910 - 1976, retoria 1977, p 61.
Kerkraadsnotule op. cit., 23 Oktober 1915.

138 A.D. Pont, Die NHK se profetiese verantwoordelikheid teenoor die owerheid in die Verlede en Vandag, Hervormde Teologiese Studies jrg., 41.

139 N G S van der Walt, Die republikeinse strewe, Potchefstroom 1969, p 66 - 77.

140 Johanna Brandt se politieke stukke, Verslag NPV-Kongres. NHK-Argief, Pretoria, LIX/170.

141 De Volkstem, 28 April 1916, et LIX/169.

142 S. B. Spies (red) Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika In Woord en Beeld. Kaapstad/Pretoria, 1986, p. 245 - 246.

143 Ibid.

144 Korrespondensie met ds Jac van Belkum, NHK-Argief, Pretoria, LIX/94. 14 Maart 1922.

145 Notule Kerkraad, op. cit., 15 April 1922.

146 Stals, op. cit., p. 92.

147 The Sunday Times, 19 November 1922: "Labour on the Rand Mines."

148 Die Buger, 26 Mei 1922: "Die ellende aan die Rand."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

149 Notule Kerkraad op. cit., 15 April 1922.

150 Stals, op. cit., p. 92.

151 Die Burger, 13 April 1922: Die ellende op die Rand.

152 Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika 1908, p. 39 - 40.

153 Almanak, op. cit., 1917, p. 59.

154 Almanak, op. cit., 1918, p. 63.

155 Afrikaanse Kultuuralmanak, JHB, 1980, p. 11.

156 Almanak, op. cit., 1911, p. 39.

157 Ibid.

158 Almanak, op. cit., 1918.

159 S P Engelbrecht, Geskiedenis van Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Kaapstad/Pretoria, 1953. p. 370 - 372.

160 A D Pont, Kerkgeskiedenis, Pretoria/Kaapstad, 1978, p. 327.

161 S J Botha, Ds. Marié Joseph Goddefroy 1848 - 1920 Pretoria, 1979, p. 200.

162 Ibid., p. 201.

163 A D Pont, op. cit., p. 327.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

164 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/30, 6 November 1911.

165 Ibid., 8 April 1912.

166 H.J. Botes, _Grondlyne van die Etiese Teologie soos dit in Nederland Gedurende die 19de Eeu na vore gekom het_. (Ongepubliseerde DD-Skripsie U.P.), Pretoria, 1986.

167 _Notulen Algemene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika, 1912_, NHK-Argief Pretoria.

168 Ibid.

169 Ibid.

170 Ibid.

171 Ibid.

172 Ibid.

173 Notulen Algemene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika 1916, NHK-Argief, Pretoria.

174 J P Oberholzer, _Na Vyftig Jaar_, Van der Hoff Gedenkblad, 1967.

175 _De Volkstem_, 25 April 1890.

176 Notulen Algemene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika 1890, NHK-Argief,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria.

177 Ibid.

178 Oberholzer, op. cit.

179 C.J. Mans, Die Lewe en Werk van die Dogmatikus P.J. Muller, (Ongepubliseerde DD-verhandeling U.P.), Pretoria, 1967.

180 Ibid.

181 Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A., 1907.

182 Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A, 1909.

183 Ibid.

184 Ibid.

185 Ibid.

186 Ibid.

187 Ad Destinatum, Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, Johannesburg, 1960. p. 23.

188 Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A, 1912.

189 Oberholzer, op. cit.

190 Ibid.

191 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

192 Notule Kuratorium 25 Januarie 1917, NHK-Argief Pretoria.

193 Ibid.

194 Ibid.

195 Ibid.

196 Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A., 1919.

197 Ibid.

198 Ibid.

199 Ibid.

200 Ibid.

201 Ibid.

202 Ibid.

203 Ibid.

204 Ibid.

205 Korrespondensie L E Brandt met Jac van Belkum, NHK-Argief, Pretoria, LIX/94.

206 Ibid.

207 Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A, .1919.

208 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

209 C J Beyers (hoofred), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel IV, Durban - Pretoria 1981, p.712 - 713.

210 Notule Kerkraad Pretoria, 2 April 1917, NHK-Argief Pretoria

211 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/56, 11 April 1917.

212 Het Geschil van de Kommissie der Algemene Kerkvergadering van de Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika, met de Kerkeraad van Pretoria in zake de beroeping van Ds. Herman D. van Broekhuizen.

213 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/56, 8 Julie 1917.

214 "Het Geschil .....", op. cit.

215 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/56, 17 Mei 1917, Memorandum van die Kommissies van die Algemene Kerkvergadering se antwoord op die brosjure wat deur Pretoria se Kerkraad uitgereik is.

216 Ibid.

217 Kerkwet van Nederduitsch Hervormde Kerk 1917.

218 Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A., 1907 et 1912.

219 Ibid., 1917.

220 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/56. Vid., Memorandum van die Kommissies van die Algemene Kerkvergadering se



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

antwoord op die brosjure wat deur Pretoria se Kerkraad uitgereik is.

221 Ibid.

222 Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A., 1917.

223 "Het Geschil .....", op. cit.

224 Ibid.

225 Ibid.

226 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/56.

227 Ibid.

228 Ibid.

229 Ibid.

230 Ibid.

231 Ibid.

232 Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A. 1917.

233 Ibid.

234 Ibid.
235 Ibid.

236 Ibid.

237 Ibid.

238 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

239 A.D. Pont, _Die figuur van Van Broekhuizen uit die geskiedenis van die gemeente Pretoria_. Hervormde Teologiese Studies. jrg. 37, afl. 3.

240 H G van der Westhuizen, _Die Aanvanklike Houding van Die Nederduitsch Hervormde Kerk Ten Opsigte van Sending Histories-Krities Nagegaan_. (Ongepubliseerde DD-Verhandeling, UP), Pretoria, 1969.

241 Ibid.

242 Ibid.

243 Ibid.

244 Ibid.

245 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/30, 10 Februarie 1912.

246 L.E. Brandt, _Onze Tradities en Gewoonten_, Almanak, Nederduitsch Hervormde Kerk, 1918.

247 _De Hervormer_, 15 Julie 1911, 15 Augustus 1911, 15 November 1911, 15 Maart 1912, 15 April 1912, 15 Julie 1912, 15 November 1912, 15 Januarie 1913, 15 Maart 1913.

248 Brief i.v.m. Soedan Sending, NHK-Argief Pretoria, LIX/52, 15 Julie 1915.

249 _De Hervormer_, 15 November 1911.

250 Ibid., 15 Junie 1911.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

251 Ibid.

252 *De Hervormer*, 15 Januarie 1912.

253 Ibid., 14 Februarie 1912.

254 Ibid., 15 Julie 1912.

255 *Notulen Algemene Kerkvergadering der NHK in Z.A., 1916*.

256 *De Hervormer*, 14 Februarie 1912.

257 *Notulen Algemene Kerkvergadering, der NHK in Z.A., 1926*.

258 Ibid.

259 *De Hervormer*, 15 Desember 1912.

260 *De Hervormer*, 11 Julie 1911, 15 September 1911, et 15 Desember 1912.

261 P.S. Dreyer, *Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Sending*, Krugersdorp 1957.

262 H G van der Westhuizen, op. cit., p. 30.

263 N.H.Kerk Argief, G43, 7GJ De Inlyving .........

264 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/39, 7 Februarie 1918 en 7 Julie 1918

265 Stals, op. cit.

266 *Die Vaderland*, 23 Junie 1939.

267 *De Almanak*, op. cit., 19~~18~~25.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

268 Ibid.

269 Ibid.

270 Ibid.

271 Ibid.

272 Ibid.

273 Ibid.

274 Ibid.

275 _The Transvaal Leader_, 7 December 1912.

276 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/152, 12 Desember 1912.

277 _De Volkstem_, 25 Julie 1918.

278 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/152, 29 Julie 1918.

279 Ibid.

280 Bep du Toit, _Die Eintlike Kappiekommando - Johanna Brandt Van Volksmoeder Tot Dismal Jimmy_" De Kat, April 1986, Jaargang 1, No. 9. p. 28 - 31.

281 Notule Kerkraadsvergadering, op. cit., 19 Februarie 1921.

282 _Redeeming Harmony_, LIX/160.
Volgens hierdie artikel praat Johanna oor haar moeder se obsessie met Harmony en voeg daaraan toe: "I was the only one in the family who shared this strange obsession."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

283 Johanna Brandt, Millenium, Johannesburg, 1918. p. 78 - 81.

284 Ibid., p.100.

285 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/165.

286 Johanna Brandt, J. The Order of Harmony, 1929 pamflet.

287 Kerkraadsnotule op. cit., 23 September 1918.

288 Ibid., 19 Julie 1919.

289 Ibid., 19 Julie 1919.

290 Ibid., 20 September 1919.

291 Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. 1918 - 1919.

292 Notule Algemene Kerkvergadering, op. cit., 1919.

293 Johanna Brandt: Die Nieuwe Wyn, Bloemfontein 1921.

294 Notule van Kerkraad, op. cit., 12 November 1921 et 20 Mei 1922.

295 Ibid., 17 Julie 1922.

296 L J S Changuion, Die Verhuising Van Boere Na Oos-Afrika 1902 - 1914. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975, p.1.

297 Ibid., p.4.

298 Ibid., p.30.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

299 Ibid., p.35

300 C.J. Mans, Vyftig jaar Nederduitsch Hervormde Kerk in Oos-Afrika, Hervormde Teologiese Studies, jrg. 20, Afl. 3, p. 176.

301 C L van den Berg: Die betekenis van die Bestaan van die Nederduitsch Hervormde Gemeentes in Oos-Afrika, 1910 - 1960. Hervormde Teologiese Studies, jrg. 20, Afl. 3 en 4, p. 192.

302 L J S Changuion, op. cit., p. 18.

303 Bana Manie (M C Scholtz): Voortrekkerlewe in Donker Afrika (2 de dr) Pretoria, 1928, p. 17.

304 C J Scheepers Strydom (Samesteller): Afrikaners in die Vreemde, Kaapstad, 1976, p. 164.

305 Mans, op. cit., p. 181 en 182.

306 Ibid., p. 181 en 182.

307 Ibid., p.182.

308 Ibid., p.183.

309 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/152, 9 November 1921.

310 Mans, op. cit., p. 179.

311 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/152, op. cit.

312 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

313 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/152, op. cit., 24 November 1921.

314 Ibid.

315 Ibid.

316 Ibid.

317 Ibid.

318 Ibid.

319 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/152, op. cit., 23 Desember 1921 et 7 November 1922.

320 Ibid., 27 Februarie 1923.

321 Ibid.

322 Sien Brandt-versameling LIX/1 - 200.

323 Briewe NHK-Argief Pretoria, LIX/152, op. cit., 11 Julie 1923.

324 _Notule Kerkraadsvergadering Vereniging_, 27 Julie 1923.

325 _Notule Kerkraadsvergadering Johannesburg_, 12 Augustus 1923.

326 Ibid.

327 _Notule Buitengewone Kerkraadsvergadering van Vereeniging_, 30 Augustus 1922.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 8

## BRANDT PREDIKANT VAN VEREENIGING EN HEILBRON 1923 - 1930

### 1 Die ontstaan van Vereeniging

In Januarie 1877 het die destydse Vrystaatse regering die selfopgeleide geoloog George William Stow, wat in 1843 as Britse immigrant na Suid-Afrika verhuis het, in diens geneem. Hy moes teen 'n vergoeding van nagenoeg £1000 vir 'n jaar lank 'n behoorlike geologiese opname vir die staat maak, met die uitsluitlike doel om vas te stel of daar neerslae van edelmetale binne die grense van dié Republiek te vinde was.[1]

'n Werklose en platsak Stow het onmiddellik begin om sy opdrag uit te voer. Hy het stelselmatig 'n opname van die gebied vanaf die Oranjerivier in 'n noordwaartse rigting oor Kroonstad, tot by die Vaalrivier gemaak. Vroeg in 1878 het hierdie koers wat Stow ingeslaan het, hom na Maccauvlei se omgewing suid van die Vaalrivier gelei. In die omgewing van Taaibos- en Leeuspruit en Maccauvlei aan die Vaalrivier het hy omvangryke steenkoolneerslae ontdek. Die ontdekking sou later bekend staan as die Vereeniging-steenkoolveld. Hierdie steenkoolveld vorm deel van die sogenaamde Vryheidsformasie-steenkool provinsie, wat aaneenskakelend in die noordelike Oranje Vrystaat, die suidelike deel van Transvaal en Noord-Natal voorkom. Hoewel Stow baie opgewonde oor sy ontdekking was, het die Vrystaatse regering van die dag die steenkoolfonds nie van belang geag nie. Stow het opdrag



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gekry om na Bethlehem terug te keer en sy soektog na edelmetale voort te sit.[2]

Die ontdekking van dié steenkoolneerslae het intussen die Kimberleyse diamantmagnaat, Samuel Marks se ore bereik. Hy het op sy beurt dadelik reëlings getref om Stow te ontmoet ten einde die steenkoolfonds aan die walle van die Vaalrivier te ontgin.[3]

Hierdie ontmoeting tussen Marks en Stow wat in 1880 plaasgevind het, het tot die stigting van "De Zuid-Afrikaansche en Oranje Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging" gelei. Pas daarna het dan ook die eerste steenkoolbedrywighede op die plaas Leeukuil, aan die noordelike oewer van die Vaalrivier, 'n aanvang geneem. Hierdeur het 'n florerende transportryerbedryf ontstaan wat steenkool na die Kimberleyse diamantvelde vervoer het. Teen 1884 is 720 ton steenkool per jaar op ossewaens na die Diamantstad vervoer.[4]

Intussen het die steenkoolmynwerkergemeenskap op die walle van die Vaalrivier tot sowat 300 siele aangegroei. Hierdie groeiende gemeenskap het die mynbestuur genoop om die Pretoriase prokureursfirma, Simpson en Schapport, opdrag te gee om 'n skrywe aan die Staatsekretaris te rig om toestemming te vra om 'n dorp op die plaas Klipplaatsdrif te stig.[5] Die Uitvoerende Raad van die Transvaalse Republiek het op 4 Julie 1882 die nodige toestemming hiertoe verleen en meteen by die Volksraad aanbeveel dat die dorpsnaam



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vereeniging moet wees. Die mynmaatskappy se naam, De Zuid-Afrikaansche en Oranje Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging is in die volksmond na "De Vereeniging" verkort. Die dorpsnaam Vereeniging is dus afgelei van die Mynmaatskappy se naam.[6] Die finale dorpstigtingsdokument is op 23 Desember 1889 deur die toenmalige Staatspresident S J P Kruger onderteken. Aanvanklik het die dorpsontwikkeling betreklik langsaam verloop as in ag geneem word dat teen 1912 slegs 91 eienaars van die opgemete erwe op hul naam getransporteer het. Op daardie stadium het die dorpie ongeveer 500 inwoners gehad.[7]

Die oprigting van 'n kragstasie gedurende 1912 en 'n staalfabriek die daaropvolgende jaar in die omgewing van die nuwe dorp, was egter die nodige stimuli om groei aan te wakker.[8]

## 1.2 Die ontstaan Nederdtuisch Hervormde gemeente van Vereeniging

Tydens 'n Ringskommissievergadering van die Oostelike Ring op 22 Februarie 1911, het die voorsitter ds Jac van Belkum aan die skriba van die ring ds J J Prinsloo opdrag gegee om 'n skrywe aan die kerkraad van Potchefstroom te rig met die doel om 'n gemeente op Vereeniging te stig. Die Kommissie wou ook graag in die verband die kerkraad van Potchefstroom op Vlakfontein op 'n geleë datum ontmoet. Die versoek is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gerig omdat Vereeniging op daardie stadium binne die gemeentegrense van Potchefstroom geval het.[9]

Eers op 27 Maart 1912 het Prinsloo uitvoering gegee aan Van Belkum se versoek om per brief met Potchefstroom se kerkraad in aanraking te kom. Op 'n kerkraadsvergadering van die gemeente wat op 5 Julie 1912 plaasgevind het, is daar briewe van di Jac van Belkum en L E Brandt, die nuwe skriba van die Ring, in behandeling geneem oor die stigting van 'n nuwe gemeente. Die kerkraad van Potchefstroom se reaksie op die skrywes was:[10]

> "Dat volgens verkregen informatie de omstandigheden te Vereeniging niet zeer gunstig schijnen te zijn voor het stichten eener nieuwe Gemeente aldaar; dat alsnog geen wensch is uitgesproken door de lidmaten dezer Gemeente, zich bij de voorgestelde nieuwe gemeente bij Vereeniging aan te sluiten, maar in tegendeel zich daartegen hebben verklaard; dat de Kerk te Losberg, welke met veel moeite en koste overgebouwd, voldoende voorziening maakt voor het houden van kerk dienst in die buurt; dat het nu geen geschikte gelegenheid is, een verder deel dezer Gemeente af te snijden; dat deze Gemeente reeds aanzienlijk verzwakt is door de afsnijden van Kerkelijke grondlijnen tusschen Klerksdorp, Ventersdorp, Rustenburg en Venterskroon; en dat door het afsnyden van een verder deel dezer Gemeente de inkomsten derzelve, aanzienlijk zullen verminderd worden, hetwelk op het ogenblik niet



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> raadzaam is; dat om deze en anderen redenen het den Eerw. Kerkraad van harte leet doet zich met het stichten eener nieuwe Gemeente, niet te kunnen vereenigen en derhalve geene vrijmoedigheid gevoelt zich daarmede in te laten ....."

Die Ringskommissie wat op 28 Januarie 1913 te Johannesburg byeen gekom het, het ondanks Potchefstroom se weerstand teen afstigting besluit om voort te gaan om 'n gemeente op Vereeniging te stig.[11]

Op 'n kerkraadsvergadering op 4 Julie 1913 moes die Potchefstroomse kerkraad noodgedwonge kennis neem van die besluit.[12] Op daardie tydstip van die geskiedenis kon 'n Ringskommissie sonder die toestemming van die gemeentes daarby betrokke besluit om 'n nuwe gemeente te stig

By die eerste gemeentevergadering van die gemeente Vereeniging te Houtkop, die plaas van broeder J C van der Merwe, wat op Sondag 17 Augustus 1913 plaasgevind het, is op voorstel van broeder S C Cronje besluit om die gemeente van Vereeniging te stig. Brandt wat as voorsitter van die stigtingsvergadering opgetree het, is ook as eerste konsulent benoem. Drie en veertig manslidmate was teenwoordig by die vergadering. Op 'n Ringskommissie-vergadering van 11 Februarie 1914 is die versoek van die kerkraad dat Brandt die nuwe gemeente se konsulent sal wees, goedgekeur.[13]

In Meimaand 1914 is 'n gemeentetelling gehou en het dit aan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die lig gekom dat die gemeente toe uit 371 belydende lidmate bestaan het.[14] Die totale sieletal het 716 beloop. Die ywer en bekwame leiding van L E Brandt was duidelik sigbaar in die gang van sake:[15]

> "Hy het die kerkraad geïnspireer en kalm al die sake hanteer wat aandag moes geniet. By sy eie gemeentelike verpligtinge het hy hierdie konsulentsgemeente nooit afgeskeep nie."

Onder leiding van Brandt het die gemeente 4 erwe van die Ministerie van Lande verkry en nog agt aangrensende erwe gekoop van De Vereeniging Estates Ltd. Gedurende die nagmaalsviering van 18 en 19 Desember 1916 kon die gemeente met die hulp en toewyding van die konsulent, hul eerste kerkgebou van hout en sink inwy.[16]

In hierdie selfde periode het daar egter beroeringe ontstaan rondom die gewaardeerde persoon van Brandt. 'n Beswaarskrif, onderteken deur vyf lidmate is by die kerkraadsvergadering van 23 September ingedien. Die lidmate het protes aangeteken omdat Brandt in 1915 hom beskikbaar gestel het as kandidaat vir die parlement.[17] Hulle het selfs gedreig om die kerk te verlaat. Die saak is ernstig bespreek en soos volg genotuleer:[18]

> "Na zeer langdurige en ernstige discussie bezloot Ds Brandt te bedanken als consulent wegens de ontevredenheid met zijn candidatuur voor het parlement



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en om verdere scheuring in de gemeente te voorkomen. Dit word aangenomen."

Ds Strydom sou onmiddellik versoek word om voortaan as konsulent op te tree. Ds Brandt het ook opdrag gekry om dadelik alle boeke aan hom te oorhandig.

Brandt het die kerkraad en gemeente om verskoning gevra en belowe om nie weer aan die politiek deel te neem solank hy konsulent van Vereeniging sou wees nie. Die apologie het die gemoedere kalmeer en Brandt is opnuut versoek om sy werk as konsulent voort te sit.[19]

Vanaf 1920 het Brandt telkens die kerkraad en gemeente probeer oorreed om 'n eie predikant te beroep. Toe dit egter vir hom blyk dat die gemeente nie tot die stap wou oorgaan nie, aangesien hulle skynbaar niks meer verlang het as sy konsulentswerk nie, het hy op 27 April 1923 bedank as konsulent, omdat:[20]

"..... hy die ontwikkeling van die gemeente in den weg stond."

Hierdie besluit van Brandt het die gewenste uitwerking gehad, want op 27 Julie 1923 het Vereeniging se kerkraad saam met verteenwoordigers van Heilbron se kerkraad 'n beroep op hom uitgebring.[21] Heilbron sou een kwart van die onderhoudskoste vir die predikantstandplaas dra en daardeur geregtig wees op een kwart van die predikant se dienswerk. Die salaris is by die vergadering vasgestel op £500 per



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

jaar.

## 2 Die ontstaan van die gemeente Heilbron

Die dorp Heilbron in die Noord Vrystaat is in 1872 aangelê. Aanvanklik was daar in die gebied geen Hervormde lidmate nie. Eers na die Driejarige Oorlog en later het Hervormde mense uit Transvaal hulle in die geweste gevestig. Pont beskryf die verskynsel soos volg:[22]

> "Hoewel sommige by die gemeentes van die Ned Gereformeerde Kerk aldaar aangesluit het, het andere lid gebly van die Hervormde Kerk en hulle kerklike voorregte oorkant die grens in Transvaal behou. Vanweë die verloop van die kerkgeskiedenis in Transvaal het die goed-kerklike Hervormde lidmaat nie maklik van sy kerk afgesien nie. Trou aan die kerk van die vadere was een van die mooi eienskappe wat die Hervormde lidmate destyds vertoon het."

Sedert 1910 tot en met gemeentestigting op 23 en 24 September 1911 is van tyd tot tyd buitedienste op Heilbron gehou deur di Jac van Belkum (Heidelberg), K T van den Heever (Makwassie) en P W Ennis (Klerksdorp). Laasgenoemde was die stigter van die gemeente.[23]

Die reaksie van Ned Gereformeerde predikante op die stigting van die Hervormde gemeente te Heilbron beskryf Pont as merkwaardig, aangesien daar getrag is om dit verdag te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maak.[24]

Hierdie vyandige houding het egter aan die voortbestaan van die gemeente geen afbreuk gedoen nie, trouens die gemeente het 'n gestadige groei getoon. Met die hoeksteenlegging van die kerkgebou op 25 Oktober 1913 het ds J J Kuhn ondermeer gesê:[25]

> "Ik heb opgemerkt dat de Hervormde Kerk hier als een vreemdeling wordt beschouwd en misschien nog wel door de een of anderen als een sekte word genoemd; doch ik kan u de verzekering geven, dat de Ned, Herv Kerk gerust kan genoemd worden de Voortrekkers Kerk ...."

Gedurende die naweek van 4 en 5 Februarie 1916 is die kerkgebou feestelik ingewy. Ds L E Brandt het in sy hoedanigheid as Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering die kerkdeure oopgesluit, waarna hy die wydingsrede gehou het na aanleiding van Psalm 84 en in besonder die woorde:[26]

> "Hoe liefelijk zijn Uwe woningen, o Heer der leerscharen."

In 1917 het Brandt konsulent van die gemeente geword en was dit veral sy taak om die gemeente te lei en te inspireer om die kerkskuld terug te betaal. Tot en met 1923 toe Brandt in kombinasie met Vereeniging die eerste vaste predikant van die gemeente geword het, het die gemeente net op gesette tye Nagmaalsvierings gehou, sonder enige verdere gereëlde godsdiensoefeninge.[27]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

## 3 Brandt se arbeid in Vereeniging/Heilbron kombinasie as gemeentepredikant:

### 3.1 Vereeniging:

Op Vrydag 26 Oktober 1923 het die Brandtgesin by Vereeniging se kerkgebou met prof Greyvenstein se motor gearriveer. Mevrou Brandt deel hieromtrent die volgende mee:[28]

> "In Vereeniging stonden 'n schare van mensen rondom de kerk en waren er 'n hele boel wagens uitgespannen en tenten opgeslagen. Ik vond het toneel heel aangrypend want in gedachte werd ik terug gevoerd naar de oude dagen in Heidelberg toen ik als kind tussen de wagens drentelde en door de nachtmaal-gangers getracteerd werd op gedroogde vruchten, biltong en beschuit."

Die volgende dag is Brandt deur prof Greyvenstein bevestig as predikant van Vereeniging. Die plegtigheid is voorafgegaan deur 'n statige optog oor die kerkplein na die kerkgebou. Mevrou Brandt het die gebeure opgeteken en vertel meer daaromtrent:[29]

> "Oom Jan (Prof.G.) heeft prachtig gepreekt over Jesaja 40 - voornamelik de drie laatste versen - 'Hij geeft den moede kracht ....... die den Heer verwachten, zullen de kracht vernieuwen, enz.'"
> Prachtig was zijn waardering van wat Lou voor onze Kerk gedaan heeft."

Dieselfde aand het Brandt sy intreepreek gehou uit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Handelinge 16:10. By die geleentheid het hy ondermeer gesê:[30]

> "..... dat hij niet 'slaaf' zou zijn - dat hij van geen mens de slaaf was!"

Met Brandt se bevestiging in Vereeniging is 'n nuwe fase in die geskiedenis van die gemeente ingelui. As konsulent kon hy net op beperkte skaal in die gemeente gewerk het. Vandat hy die vaste predikant geword het kon hy die gemeente wat hy reeds goed geken het, intensief bearbei.[31]

Die pastorie wat die kerkraad kort vantevore aangekoop het was ondoelmatig en daarby te klein om die gesin te akkommodeer. Toe Brandt onder beroep gestaan het na die gemeente, is hy mondelings belowe dat die kerkraad die huis sou vergroot en die nodige verbeterings aanbring. Ná sy bevestiging as predikant wou dieselfde kerkraad egter nie voortgaan met die projek van huisverbetering nie. Hieroor lug Johanna hul griewe:[32]

> "Op die belofte heeft Lou het beroep aangenomen. Wij hebben de Kerkeraad niet naar 'n kantoor gesleept en voor 'n notaris 'n kontrak laten tekenen! Neen, wij hebben op hun woord vertrouwd! En nu, zonder de gemeente te raadplegen of in te lichten, heeft de Kerkeraad besloten om voorlopig niet aan te bouwen."

In die lig van die ongerieflike huis, het die pastorie-paar besluit om voorlopig 'n tent te huur om in die agterplaas op



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te slaan as voorlopige slaapplek vir die seuns. Tog by al die ongemak vanweë die woning, was die plattelandse rustigheid van Vereeniging vir die hele gesin 'n verademing na die lang verblyf in die Goudstad.[33]

Brandt was nou vyftig jaar oud. Sy vrou vind dit opvallend dat hy alhoe meer in homself gekeerd raak. Die versombering van sy geaardheid blyk ook duidelik uit sy persoonlike korrespondensie wat in die tydperk ook 'n baie meer saaklike trant vertoon. Die groter lewenserns, wat algaande sy lewenstyl begin kenmerk het, moet toegeskryf word aan die groot werklas vir baie jare, asmede baie ontberings waaraan hy in die verband en tuis blootgestel is. Johanna beskryf hom in die dae as "saintly", en voeg dan nog daaraan toe:[34]

> "Er is iets heiligs over hem. Ik weet niet wat het is, en smeek hem soms plagende om eens echt ondeugend en wêrelds te zijn omdat hij helemaal te goed word voor deze aarde."

Intussen het Brandt met sy vele verpligtinge voortgegaan wat, net soos in sy vorige twee gemeentes, erg belemmer is vanweë die ongesonde toestand waarin die gemeente finansieel verkeer het. Gedurende 1926 het sommige kerkraadslede geweier dat die gemeente die helfte van sy pensioenfonds betaal. Daar was ook weerstand dat die gemeente moes bydra vir die aankoop van 'n motor wat die persoonlike eiendom van Brandt geword het. 'n Gebruikte Esse is aangekoop vir £157.00. Brandt het self 'n bydrae van £27.10 gemaak en sy seun Louis £15.0.0.[35] In dieselfde jaar het kerkraadslede



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geprotesteer teen Brandt se sitting as stadsraadslid.

Die geleentheid om in 1927 as burgermeester op te tree is hom deur die kerkraad ontsê. Die pastorie het intussen erg vervalle begin raak. Die mure het gebars en die skoorsteen, wat die rook nie na buite nie maar na binne uitgelaat het, het probleme veroorsaak. Geld vir herstelwerk was daar nie.[36]

Die jaar 1927 het vir die gemeente met ernstige finansiële tekorte begin. 'n Deputasie is na die plaaslike stadsraad afgevaardig om te pleit vir die vermindering van belasting. Die kerkraad se houding ten opsigte van sy vroeëre betrokkenheid as stadsraadslid het intussen drasties verander. Met algemene stem is hy op die kerkraadsvergadering van 1 Oktober 1927 versoek, om hom weer met die verkiesing in 1928 vir die stadsraad beskikbaar te stel.[37]

## 3.2 Heilbron

Met die nagmaal van 10 en 11 November 1923 is Brandt as eerste predikant van Heilbron bevestig. Die bevestiging is waargeneem deur sy troue vriend prof dr S P Engelbrecht. Saterdagmiddag het Brandt sy intreepreek gehou:[38]

> "..... 't welk een diepe indruk maakte op de gemeente. Nu heeft ze ook haar eigen leeraar en diensknecht."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Saterdagaand het prof Engelbrecht 'n lesing oor 'n kerkgeskiedenis-tema aan die gemeente voorgedra en daarvan is berig:[39]

> "Wij zijn hem dank verschuldigt voor al zijn moeite en opoffering; het is dan ook geen gemakkelijk werk geweest om al die ouden dingen bij elkander te krijgen en dan een geschiedenis er van te maken. Waarlijk, daar hoort lust en moed voor."

Vanweë Brandt se toegewyde arbeid, het daar nou nie net meer bestendigheid nie, maar ook vooruitgang in die gemeente gekom. Op 13 Junie 1925 het die wyk Parys as 'n selfstandige gemeente van Heilbron afgestig.[40] Brandt het na die afstigting nog predikant van die nuwe gemeente gebly, sodat hy nou saam met Vereeniging en Heilbron drie gemeentes bearbei het.

In die jaar 1927 het die gemeente Heilbron verder uitgebrei toe 'n nuwe wyk bygekom het, naamlik die wyk Bloemfontein-Marquard. 'n Aantal lidmate van die kerk uit daardie geweste het gevra of hulle onder Heilbron mag resorteer en na goedkeuring, is as ouderling van dié wyk A B Wolmarans en as diaken J P Greyling gekies.[41] Brandt het in Januarie 1926 spesiaal na Bloemfontein gereis om daar Nagmaal te gaan bedien en huisbesoek te doen.[42]

Onder Brandt se leiding, deur sy organisasie van die gemeente, sy huisbesoek en prediking het die gemeente gegroei. Die algemene waardering vir Brandt en sy werk blyk



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit talle gegewens. Die volgende verwysing is sprekend van die gemeente se erkentlikheid jeens hom:[43]

> "Op 12 April 1925 hadden wij dienst bij Vechtkop in de Jongelingenzaal. Het weder was prachtig en de opkomst goed. Niettegenstaande al de Zusterkerken te Heilbron en Lindley Nachtmaal hadden waren er 33 karren en enige paarderuiters. Ds L E Brandt hield twee diensten, 'smorgens en 'smiddags. Er waren veel van de zustergemeenten die de dienst bijwoonden. De tekswoorden waren uit Markus 16 vers 7: Doch gaat heen, zeg zijne discipelen en Petrus. Deze woorden maakt een grote indruk op allen. Na het einde van de namiddagdienst gingen allen tevreden naar huis; het was werklik mooi om te zien hoe dat de toehoorders zich verlustigden in dit woord, het was of wij een zegen ontvangen hadden."

Die verhouding met die Nederduitse Gereformeerde gemeente op Heilbron, het met die loop van die tyd verander na 'n gesindheid wat beskryf kan word as besonder hartlik. Brandt is selfs van tyd tot tyd uitgenooi om in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Heilbron te preek.[44] Dieselfde kan ook gesê word van die Gereformeerde Kerk. Vanaf die stigting van die gemeente van Parys was daar 'n besondere gees van tegemoetkomendheid van die Gereformeerde Kerk se kant af. In die beginjare het die Hervormers in hulle kerkgebou Nagmaal gevier.[45]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die goeie gees van onderlinge samewerking tussen die drie susterkerke waarvan daar mettertyd sprake was op Heilbron en Parys, was egter 'n fenomeen wat slegs gelokaliseerd voorgekom het. Van der Watt beskryf die situasie so:[46]

> "Meer dikwels was die amptelike houding van die drie kerke teenoor mekaar die van afsydigheid, terwyl by tye selfs skerp uitlatings en aantygings gehoor is."

Hierdie negatiewe gesindheid tussen die drie kerke onderling en veral teenoor die Nederduitsch Hervormde Kerk, word bevestig deur 'n brief van Brandt aan ds A J Barger.[47] Brandt bring in die skrywe dit onder Barger se aandag dat die Hervormde Kerk 'n uitnodiging van die Kaapse sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontvang het, om 'n verteenwoordiger na die kerk se sinodesitting in 1924 te stuur. In aansluiting hierby maak Brandt 'n opmerking wat meer lig werp op die ander twee kerke se gesindheid jeens die Hervormers in daardie dae. Hy sê:[48]

> "Het is een merkwaardige feit, dat de Kaapsche kerk de eenige is, die ons nog ooit als een kerk erkend heeft. De Vrijstaatsche en Natalsche Synoden hebben dit nog altijd nagelaten of uitdrukkelijk geweigerd, ook de Gereformeerde kerk houdt nog altijd officieel vol, dat wij de valsche kerk zijn."

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1925 het ds Van Belkum bevestig dat die amptelike houding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Kaapland jeens die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hervormde Kerk, hartliker was as vele ander. Sy uitspraak in die verband was in reaksie op 'n vraag van ouderling G L Engelbrecht van Standerton, wat implisiet wou weet of die Kaapse sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die reg daartoe gehad het, om 1924 die 100-jarige bestaan van dié sinode te vier. Van Belkum se volledige antwoord was:[49]

> "...... dat in 1824 de Eerste Sinode gehouden is. Daardoor was de Kerk vrij en zelfstandig geworden. Wel is de naam van Nederduitsch Hervormd verander in Nederduitsch Gereformeerd in 1842 maar de Synode van de Kerk bestaat 100 jaar. Z. Eerw. deelt mee dat de verhouding tot onze Kerk verbazend vriendschappelijk is. Wij worden zeer gewaardeerd en gerespekteerd."

Laasgenoemde stelling van Van Belkum is deur ds A R Smit van Pietermaritzburg onderstreep, wie se broer predikant te Ugie in Kaapland was.

Uit die voorsitterstoel was Brandt se kommentaar oor die drie kerke se onderlinge verhouding dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika:[50]

> "..... 'n weeskind hier in dit land is."

Sy raad aan die vergadering in die verband was:[51]

> "... om bij afvaardiging naar Parlement, Provinsiale Raad, Schoolraden, enz. er rekening mee te houden of zulke personen lidmaten van onze Kerk zijn en zo ja,hen dan te ondersteunen."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie uitsprake van Brandt het daartoe aanleiding gegee dat by die vergadering 'n stortvloed van klagtes opgegaan het, oor onreg wat die Hervormde Kerk op baie plekke en by baie geleenthede aangedoen is. Afgevaardigdes van verskillende gemeentes het gewys op skromelike miskenning van die Hervormde Kerk in hulle onderskeie werkkringe.

Hierna het prof dr S P Engelbrecht met historiese feite bewys gelewer dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, Vrystaat en Transvaal asook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die vorige vyf en sewentig jaar, vanaf die datum van diskussie, met woord en daad die Nederduitsch Hervormde Kerk nie wou erken as 'n susterkerk nie. Die notule van die Algemene Kerkvergadering som sy betoog as volg op:[52]

> "Verder sprekende over de andere Kerken zegt Z. Hooggeleerde, dat de Zusterkerk, namelik de Verenigde Kerk vriendelik is in ons gezicht, maar bitter achter onze rug. Dit komt voort uit een minderwaardigheidsgevoel. Op de laatste Synode is daar een liedje gezongen met haat tegen de Hervormde Kerk, waaraan helaas ook Ds. K.T. van den Heever, vroeger predikant van onze Kerk, heeft meegedaan.
>
> Op de eerste Kerkvergadering van onze Kerk in 1853 heeft Ds. van der Hoff dadelik kennis gegeven aan de Kaapse Synode, waarop in 1862 onze Kerk erkend is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1869 stuurde onze Algemene Vergadering brieven aan de Ned. Geref. Kerk O.V.S. en de Ned. Geref. Kerk van Natal om zusterlike betrekkingen. De Ned. Geref. Kerk O.V.S. antwoordde dit niet te kunnen doen en die van Natal, dat zij ons niet wil erkennen.

In 1874 zijn Ds. Bosman en Ds. Ackerman naar de Hervormde Kerk beroepen. Men hoopte toen 'n kans te hebben om de andere predikanten uit te drukken.

Op 5 Desember 1885 is de Verenigde Kerk geboren.

In 1890 nodigde onze Algemene Vergadering de Ver. Kerk uit tot bijwoning. Het antwoord was, dat de Verenigde Kerk nog niet haar verhouding tot ons had uitgesproken en dus niet zal komen.

Ds Ennis heeft zich echter daaraan niet gestoord en die Vergadering toch bijgewoond.

Wat betreft het over en weer preken, zo heeft de Synode van 1897 besloten dit niet toe te laten, omdat volgens hun gevoelen leervrijheid mogelik was in onze Kerk.

Zolang dit besluit daar staat zal Prof. Engelbrecht niet meer preken in de Verenigde Kerk.

Z. HoogGeleerde deelt nog mee, dat de Geref. Kerk ons ook nog niet erkent maar volgens haar Kerkwet beschouwt als een valse en bedorven kerk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na dit gesprokene, hoopt Prof. Engelbrecht dat de diskussies over de andere Hollandse Kerken gesloten zal worden."

## 4 Brandt en die eerste geestelike liederebundel in Afrikaans

Op die Algemene Kerkvergadering van 1925, het dr H C M Fourie 'n voorstel ingedien dat 'n kommissie benoem word om vir die kerk 'n liederebundel op te stel. Die te benoemde kommissie moes:[53]

> "..... viral sorg vir Afrikaanse liedere. Vele mooie Hollandse liedere kon vertaal word."

'n Groot aantal afgvaardigdes het heftig beswaar teen die voorstel aangeteken. Die beswaarmakers het die vrees uitgespreek dat 'n liederebundel die plek van die Psalms en Gesange sou verdring. Ouderling Koomans het gewys op die gees van metodisme wat die Halleluja-liedere adem en dat dit afgewys moes word. Ouderling J H Vorster van Middelburg het ernstig gewaarsku dat as Fourie se voorstel aangeneem sou word, dit moontlik 'n skeuring in die kerk kon veroorsaak.[54]

Uiteindelik is Fourie se voorstel met 'n meerderheidstem aangeneem. Die kommissie wat belas was met die opstel van 'n liederebundel was: di Brandt, Poen, Alers en mevv Erasmus (eggenote van ds D F Erasmus) en Jo Fourie (eggenote van dr



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

H C M Fourie.)

Een en twintig afgevaardigdes het hulle teenstem aangeteken teen die samestelling van die beoogde bundel.[55]

Die manier waarop Brandt, wat as voorsitter van die Liederebundel Kommissie aangewys is, die projek aangepak het, dui op sy taakgerigtheid. Vanweë lang afstande wat die kommissielede geskei het het hy feitlik alleen die korrespondensie in verband met die afhandeling van die bundel hanteer. Onderhandelinge met drukkery-maatskappye, voorstelle, kennisgewings en verslae, asook oorleg met medewerkers en alle ander skrywes rakende die poging is in sy handskrif opgeteken.[56]

Mevv Erasmus en Fourie het waardevolle werk gelewer met die uitsoek en byeenbring van liedere wat vir die bundel geskik was.[57]

Die werkmetode van die kommissie was dat al die lede daarvan die mooiste liedere wat hulle geken het na Brandt deurgestuur het vir versameling. Vervolgens is die liedere se woorde in Afrikaans vertaal - 'n taak waarmee mev Jo Fourie tot groot hulp was. Hierna is die vertaalde tekste aan proff S P E Boshoff van Potchefstroom en T H le Roux van Johannesburg voorgelê wat as taalkundiges die vertaalwerk nagesien het.[58]

Proff J D du Toit (Totius) van Potchefstroom en F W Jannasch van Stellenbosch het goedgunstiglik ingestem dat twaalf



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

berymde getoonsette Psalms in die bundel opgeneem kan word.[59]

Benewens die genoemde aantal Psalms, het die bundel vier en vyftig ander geestelike liedere bevat, afkomstig uit die Anglo-Amerikaanse metodistiese sfeer.[60]

Die bundel is ook voorsien van musiek volgens die "tonika-solfa metode".[61]

Die liedere, behalwe die dosyn Psalms, was wat woorde sowel as musiek aangaan van 'n swak kwaliteit. Oppervlakkige godsdienstige gevoelspoësie wat verwoord is, is deur minderwaardige melodieë verklank.

Die bundel waarvan 'n oplaag van 13000 gedruk is deur Drukkerij Der Weesinrichting Neerbosch, Nederland, was die heel eerste liederebundel van godsdienstige aard wat in Afrikaans verskyn het.[62]

Met die Algemene Kerkvergadering van 1931 is 'n beskrywingspunt deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien, dat die Algemene Kerkvergadering versoek word om uitspraak te lewer oor die gebruik van die voltooide liederebundel.[63] Talle afgevaardigdes het hulle bedenkinge teen die gebruik van die bundel gehad. Sommiges was gekant teen die feit dat die bundel hoegenaamd verskyn het. Ds C H Rautenbach het die bestaan van die bundel geregverdig deur 'n retoriese vraag te stel:[64]

"Ds Brandt is die Voorsitter van die kommissie vir die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> liederebundel en al 16 jaar Voorsitter van die Algemene Vergadering. Het ons dan nie meer vertroue in ons Voorsitter nie?"

Rautenbach het verder daaraan toegevoeg dat:[65]

> "Ons Hervormde Kerk is wyd van opvatting en ruim van gees."

Hy het egter gepleit dat die bundel net in die Sondagskool en in die huisgesin gebruik mag word. Toe Brandt die versekering gegee het dat dit die bedoeling van die liederebundel was en dat in eredienste nie daaruit gesing sou word nie, het die gemoedere gekalmeer en is die bundel met 'n meerderheidstem goedgekeur.[66]

Die omstrede bundel het egter nooit werklik inslag in die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind nie, en het binne 'n paar jaar na die verskyning daarvan in die vergetelheid geraak.

5 <u>Die teologiese fakulteit van die Nederduitsch Hervormde kerk aan die Transvaalse Universiteitskollege in die weegskaal - Brandt se aandeel om die behoud daarvan</u>.

Gedurende die jare 1926 tot 1928 is die voortbestaan van die Teologiese Fakulteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die destydse Transvaalse Kollege by twee geleenthede ernstig in die gedrang gebring.[67]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eerste probleem vir die kerk om die Teologiese Fakulteit te handhaaf het in 1925 ontstaan rondom die aanstelling van 'n derde professor.[68]

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1922 het dr Van Broekhuizen, met sekondant ds Jac van Belkum voorgestel dat aan die Kuratorium vir Teologiese Opleiding opdrag gegee word om 'n derde professor aan die Teologiese Fakulteit te benoem, sodra dit finansieel haalbaar sou wees. Dié voorstel is met net twee teenstemme aanvaar.[69]

Op 12 November 1925, het die Kuratorium vir Teologiese Opleiding dr Gemser benoem vanweë die Kerk, om Ou Testamentiese Wetenskap te doseer. Die Kuratorium het op die stadium reeds vooraf oorleg met die topbestuur van die TUK gepleeg, dat Gemser in die Fakulteit Lettere aangestel word as professor in Semitiese Tale en opvolger van professor A C Paterson.[70] Deur bemiddeling van Brandt en prof S P Engelbrecht, het prof H Th Obbink van Utrecht Nederland, dr Gemser predikant van Lutjesgast Nederland geïdentifiseer as die aangewese persoon vir die beoogde pos.[71] Brandt wat Gemser persoonlik geken het, het die aanbeveling van Obbink dadelik opgevolg en aan hom geskryf om hom hieromtrent te pols.[72] In antwoord op Brandt se skrywe het Gemser laat blyk dat hy oorweging daaraan sou skenk om die pos te aanvaar.[73]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5.1 B Gemser - 'n kort lewenskets:

Berend Gemser is gebore op 17 Mei 1890 uit 'n Nederlandse predikantegeslag. In 1910 het hy as teologiese student ingeskryf aan die Ryksuniversiteit van Groningen. Nadat hy 1917 die doktorale eksamen in die Teologie afgelê het is hy getroud met mej K E Jellema en is hy op 17 November 1917 georden as predikant in die gemeente Lutjesgast, Groningen. Intussen het hy sy studies in die semitiese lettere voortgesit onder die beroemde Assirioloog De Liagre Böhl, en het hy ook weekliks les in Hebreeus aan die twee gimnasia in Groningen gegee. Op 16 Oktober 1924 promoveer hy in die Lettere en Wysbegeerte met die proefskrif: "De Beteekenis der Persoonsnamen voor onze kennis van het Leven en Denken der Oude Babyloniërs en Assyriërs". Gemser was 'n geleerde van internasionale formaat en het eventueel in Suid-Afrika die wetenskap van die Semitiese Tale en die Ou Testament gevestig.[74]

## 5.2 Die stryd rondom die aanstelling van Gemser

In sekere kringe in die Hervormde Kerk het die aanstelling van Gemser beroeringe veroorsaak. In 'n brief aan Brandt maak ds S Vermooten heftig beswaar teen Gemser se aanstelling.[75] In dié skrywe van Vermooten, gee hy ondubbelsinnig te kenne dat sy keuse vir die pos dr H C M Fourie was. Vermooten en Fourie het tot die konfessionele, en Gemser tot die etiese rigting behoort. Met stelligheid



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan ook aangeneem word dat nasionale sentimente by Vermooten se keuse vir Fourie 'n rol gespeel het. Fourie as patriotiese Afrikaner was 'n geesgenoot van Vermooten, terwyl Gemser vir hom 'n onbekende Nederlander was.

Vir Brandt en Engelbrecht het Gemser se aanstelling ingehou dat die kerk profiteer van sy bevoegdheid as gewikste Semitikus by die Lettere Fakulteit, sowel as sy bevoegdheid om Ou Testament te doseer. Nieteenstaande dit alles vra Vermooten aan Brandt:[76]

> "Waarom vraagt de Faculteit dan iemand voor Hebreeuws en Arabisch? Is Arabisch nu een essentieel vak voor de Theoloog of zijn er studenten, die zulk een Bezonderen aanleg hebben voor de Semitische talen, dat dit noodig geworden is?"

Vermooten was so ontevrede met Gemser se aanstelling dat hy hom van die <u>Koomansfonds</u> onttrek het. Die Fonds is 'n paar jaar vantevore deur ouderling Koomans van Potchefstroom in die lewe geroep om geld vir die Teologiese Fakulteit in te samel. Die Fonds het eventueel 'n fonds geword vir die bekostiging van 'n derde professor aan die Teologiese Fakulteit. Sedert die stigting van die Fonds, was ds Vermooten en ouderling Koomans die trustees daarvan.[77]

Die grootste krisis in verband met Gemser se aanstelling het egter ontstaan toe dr D F Malan, die toenmalige minister van Onderwys in die Hertzog-kabinet, besluit het om Gemser se aanstelling te veto op grond van 'n konsep regulasie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangaande universiteite wat hy op daardie stadium in die Staatskoerant wou publiseer.[78] Kragtens die beoogde regulasie wou Malan nie die skep van nuwe doseerposte aan die universiteitsowerhede oorlaat nie. Volgens bestaande wetgewing ten tye van Gemser se aanstelling as hoogleraar by die TUK, het universiteitsowerhede die outonome reg gehad om nuwe poste in die lewe te roep en aanstellings volgens behoefte en na goeddunke te maak. Gemser se pos was inderdaad 'n nuwe pos omdat met sy aanstelling daar 'n professoraat in Hebreeus by die TUK geskep is. Sy voorganger Paterson was professor in Latyn waaronder Hebreeus en Ou Testamentiese Wetenskap geressorteer het. Met Paterson se vertrek in 1924 is daar in sy plek slegs 'n professor in Latyn aangestel sonder om voorsiening te maak vir 'n dosent in Hebreeus en Ou Testament. S P Engelbrecht, professor in Kerk- en Dogmengeskiedenis het met die vertrek van Paterson, vir bykans twee jaar lank, sonder vergoeding tydelik Hebreeus en Ou Testamentiese Wetenskap gedoseer.[79]

Dit is dus duidelik dat die betrokke minister met die veto van Gemser se aanstelling ultra vires opgetree het. Hy het gehandel asof die beplande wetgewing reeds op die wetboek gestaan het.

Met die instemming van Brandt as die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, het prof S P Engelbrecht 'n sterk bewoorde memorandum opgestel wat direk aan die adres van die eerste minister genl J B M Hertzog gerig is. Engelbrecht maak in sy memorandum die volgende veelseggende opmerking:[80]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Deur duisende Hollands sprekende Afrikaanders sal hierdie handelswyse van die Minister van Onderwys beskou word as 'n baie onvriendskappelike daad van die teenswoordige Regering teen een van die Hollandse Kerkgenootskappe. En nou al word daar - miskien geheel ten onregte - deur sommige mense 'n verband gelê tussen die voorspelling van die H E Actuaris van die Ned. Herv. of Geref. Kerk op die Synode van Mei 1925 dat die Teologiese Fakulteit aan die T.U.K. 'n natuurlike dood sal sterf, en die handelswyse van die Minister wat aan die Fakulteit 'n natuurlike dood voorberei."

Die Eerste Minister het tussenbeide getree en die veto van dr Malan tersyde gestel.[81]

Deur die ingryping van Hertzog is dié gevaar wat die voortbestaan van die Teologiese Fakulteit bedreig het verwyder en kon Gemser kort daarna in 1926 sy benoeming aanvaar.[82] Indien Gemser destyds nie aangestel kon word nie, sou dit prakties onmoontlik gewees het dat die teologiese opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die TUK kon voortgaan. Die akademiese wêreld in Suid-Afrika sou in elk geval ook veel armer gewees het sonder die voortreflike werk van Gemser op die gebied van universitêre onderrig van Hebreeus, die Ou Testamentiese Wetenskap en Antieke Kultuurgeskiedenis.[83]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5.3 Die bedreiging van die Fakulteit in 1928.

Die bedreiging van die voortbestaan van die Hervormde Kerk se teologiese opleiding rondom die Gemser-aanstelling was skaars afgeweer, toe 'n tweede, ernstiger probleem opgeduik het. 'n Kommissie wat die Suid-Afrikaanse Universiteitswese moes ondersoek, het in paragraaf 66 van sy verslag van 1928 'n aanbeveling gemaak wat die Teologiese Fakulteit as't ware dood verklaar het.[84]

In paragraaf 66 van die memorandum van bevinding van die kommissie van ondersoek, het talle leemtes voorgekom, trouens die paragraaf kon bestempel word as 'n konglomerasie van onoorwoë argumente. Kursories word op slegs drie aspekte van die paragraaf gewys:

Die verslag wys in die omstrede paragraaf 66 dat:[85] "Verskillende godsdienstige liggame afwykende teologiese stelsels vereis."

In die tweede plek is aanbeveel dat bestaande teologiese fakulteite afgeskaf moet word en dat teologiese grade nie meer deur universiteite toegeken sou word nie. In stryd hiermee word egter aan die hand gedoen, dat universiteite wel sal kan voortgaan om die DD-graad, honoris causa, toe te ken.[86] Die vreemde aanbeveling was op sigself niks anders nie as 'n contradictio in terminis.

In die derde plek moet gewys word op 'n besondere aspek in die verslag, naamlik dat pertinent gestel is dat drie van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die vier teologiese professore aan die TUK lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk was, terwyl die kerklike verbintenis van die hoogleraars van die Potchefstroomse Teologiese Skool en Stellenbosch se Kweekskool verswyg is.[87] Dit dui op vooroordeel en 'n optrede wat in stryd was met die sogenaamde Gewetensklousule wat 'n ondersoek na die kerklike oortuigings van professore aan universiteite verbied het.

In beginsel het die aanbevelings van die kommissie daarop neergekom dat Teologiese Fakulteite aan universiteite opgeskort moes word, terwyl kweekskole ongestoord sou kon voortgaan met hulle werksaamhede. Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk se teologiese opleiding was die skrif dus aan die muur.

Die gunstige ervaring met genl. Hertzog se optrede tydens die aanvanklike probleme met Gemser se aanstelling, het aan Brandt die vrymoedigheid gebied om hom regstreeks tot die premier te wend.[88] Hy is egter beleefd versoek om die saak eers met die minister van Onderwys, dr D F Malan op te neem.[89]

Hierna het daar tussen Brandt en die betrokke minister se privaatsekretaris 'n drukke briefwisseling plaasgevind in 'n poging om met die minister 'n afspraak te kry. Intussen het Brandt en S P Engelbrecht onophoudelik met mekaar gekorrespondeer en beraadslaag, om so goed as moontlik voorbereid te wees wanneer die minister ten einde laas aan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle 'n oudiënsie sou verleen.[90]

Die pogings om die minister te ontmoet het uiteindelik geslaag, toe Malan Brandt in kennis gestel het, dat hy 'n afvaardiging van die Hervormde Kerk op 25 Oktober 1928 te Pretoria te woord sou staan.

Onder leiding van Brandt, het 'n sterk deputasie van Hervormde voormanne wat deur Brandt en Engelbrecht uitgesoek is op die vasgestelde datum by die minister se kantoor opgedaag. Benewens bogenoemde twee here, was die ander lede van die deputasie: di Jac van Belkum, J G M Dreyer, proffe J H Greyvenstein, B Gemser, ouderlinge J H Vorster en J P Prinsloo. Hervormde parlementslede is ook by die groep afgevaardigdes ingesluit. Hulle was: dr H D van Broekhuizen (ook in sy hoedanigheid as lid van die Universiteitsraad van die TUK), gen J J Pienaar, en H Oost. Dr A E du Toit die rektor van die TUK was ook teenwoordig.[91]

Brandt het bedaard en beredeneerd die saak van die kerk gestel. Hy het die minister ondermeer op die volgende gewys:[92]

> "De verhouding van de Kerk tot de T.U.K. is nu zoo, dat de Kerk jaarliks £1,100 bijdraagt tot de fondsen van de Universiteit, terwijl de geheele onkosten aan de Theologische Faculteit verbonden ongeveer £3200 bedragen.
>
> .... verder werd gewezen op den verheffenden en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> kultureelen invloed, die van de studie der Theologie uitgaat niet alleen op de andere studenten, maar ook op de geheele land."

Dr Malan het aan die Hervormde deputasie verduidelik dat die uitsprake in paragraaf 66 van die ondersoekverslag na universiteite besuiniging ten doel het. Hy het sy ideaal in verband met teologiese opleiding aan die deputasie verduidelik in die volgende woorde:[93]

> "... dat aan de Universiteit door den Staat voorziening gemaakt zou worden voor de studie van hun speciale sectarische vakken door hun eigen studenten. Hij meende, dat het niet op den weg van den Staat lag om predikanten op te leiden voor al de verschillende kerken, die er in het land mochten zijn."

In die samesprekings met dr D F Malan, het Brandt hom daarop gewys, dat die Teologiese Fakulteit aan die destydse TUK in wese 'n oop fakulteit was waar studente van ander kerke vrylik kon studeer. Die onderhoud met Malan was nie sonder betekenis nie, tog was dit genl Hertzog se deurslaggewende beslissing in belang van die opleiding van predikante vir die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat dit moontlik gemaak het dat die teologiese fakulteit aan die TUK opnuut gehandhaaf is.[94]

Die aanhoudende en weldeurdagte bemoeienis van Brandt met die saak van die voortbestaan van die Teologiese Fakulteit het vrugte afgewerp. In hierdie stryd het hy in S P



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Engelbrecht 'n onvermoeide en knap medestander gehad.

In 1935 is vir die eerste keer 'n behoorlike ooreenkoms tussen die kerk en die universiteit aangegaan. Die ooreenkoms tussen kerk en universiteit tot op daardie stadium, was in wese nie meer as 'n mondelinge afspraak nie.

Die genoemde ooreenkoms dui op die hartlike verhouding wat daar tussen kerk en universiteit sedert die oprigting van die fakulteit bestaan het. Die ooreenkoms is gekenmerk deur die afwesigheid van 'n gees van oor reglementering.[95]

By alles het Brandt gemeentepastor gebly. Met liefde en toegeneëntheid het hy in sy gemeente gearbei en met oorgawe hom geïdentifiseer met die lidmate. Die erns waarmee hy byvoorbeeld huisbesoek gedoen het tydens sy Vereeniging/ Heilbron periode bevestig dit. Hiervan vertel hy self:[96]

> "Ik heb in mijn drie gemeenten alles te samen ongeveer 26 afdeelingen zoodat ik er meer dan twee elke maand moet doorgaan als ik het heele jaar daarvoor nemen wil. Elke afdeeling kost gewoonlijk 2 of drie dagen rijden en dan heb ik 's Zondags een of 2 diensten in een centrale school of huis ergens in die afdeeling. Elke afdeeling heeft een Ouderling en een Diaken en heeft van 10 tot 50 huisgezinnen al naar de afstanden. Bij elk bezoek wordt verwacht, dat ik een kopje thee of koffie zal drinken, zoodat het niet zelden gebeurt, dat ik 20 kopjes op een dag moet uit drinken. Om niet ziek te worden, neem ik dan gewoonlijk maar net een paar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slokjes en laat de rest staan, want als ik weiger iets te drinken word dat erg kwalijk genomen, vooral door de vrouwen, die niet al te netjes en schoon zijn. Waar ik dus liever niet zou willen drinken, daar moet ik het toch doen, en als ik dan bij een huis kom, waar ik wel zou willen omdat de koffie daar lekker is, dan kan ik niet meer."

## 6 Brandt en die Krugersdorpse weeshuis

Ds A J Barger het op die Algemene Kerkvergadering van 1922 die voorstel ingedien, dat die Vergadering beklemtoon die:[97]

> ".... noodzakelijkheid van het oprichte en onderhouden van een Hervormd Weeshuis door de Ned. Hervormde Kerk van Zuid-Afrika en benoemt een Kommissie om de mogelijkheid van uitvoering van deze zaak te onderzoeken."

Ter motivering van sy voorstel het ds Barger gewys op die feit:[98]

> "..... dat vele Hervormde weeskindere in weeshuizen van andere Kerken worden opgevoed. De Kerk moet de Moeder zijn, als de aardsche ouders zijn weggevallen. Zullen wij dan de kindere van onze Kerk aan een stiefmoeder geven? Z. Eerw. herinnert aan de openings prediking van de Hoogeerw. Voorzitter en de woorde van zijn tekst: Geeft gij hun te eten.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

De tijde zijn zwaar, maar de Heer zal onze brooden vermenigvuldigen."

Sonder om daaroor te diskusseer is die voorstel van Barger aangeneem. Di A J Barger, Jac van Belkum en P S Grobler is aangewys as kommissie om uitvoering aan die besluit te gee.

Die werksaamhede van die aangewese kommissie het eers werklik momentum gekry toe J Groeneveld 'n Hollandse lidmaat van Pretoria, die ruim bedrag van £500 geskenk het vir die oprigting van 'n weeshuis.[99] Afgesien van die onnoembare groot steun wat die Afrikanervolk in die algemeen van Hollanders na die Engelse Oorlog (1899 - 1902) gekry het, dien dit vermeld te word dat die Hervormde Kerk in die besonder veel te danke gehad het aan meelewende Hollandse lidmate in daardie jare. In baie gemeentes was sulke Hollandsgebore ampsdraers en lidmate 'n gawe Gods aan die kerk in die krisisure van sy bestaan.

Groeneveld se skenking het dit moontlik gemaak om op Krugersdorp 'n woonhuis, wat oorspronlik 'n hotel was, aan te koop en te omskep in 'n tehuis wat van meet af aan 99 kinders kon huisves.[100]

Op 19 Januarie 1924 is die weeshuis amptelik in die lewe geroep en as 'n maatskappy, beperk deur aandele, geregistreer onder die naam: <u>De Hervormde Weeshuis</u>.[101]

Ten spyte van geldskaarste en armoede wat geheers het, is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kinders in die tehuis van die begin af goed versorg en opgevoed, onder die bekwame en simpatieke oog van ds en mev S J Strydom wat as die eerste huisouer-paar gedien het.[102]

Van oral oor het lidmate se harte oopgegaan vir die saak van die Weeshuis en is offers vir die instandhouding daarvan gebring. Die kollektelyste vir die tehuis in die beginjare spreek op deerniswekkende wyse van bydraes wat vir die geharde materialis onbeduidend mag voorkom. Die skynbaar geringe gawes het egter die verweesde en verwaarloosde kinders gevoed en geklee. Desembermaand 1929 word byvoorbeeld verslag gedoen van twee pakke kerse uit Morgenzon se wêreld. Vanaf Groot Marico is vyf sakkies lemoene gestuur, terwyl 'n offervaardige lidmaat van Brits 8 lb se seep bewillig het.[103]

Brandt het nie net as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering nie, maar ook as lid van die Weeshuis Kommissie hom as warme ondersteuner van sorgbehoewende kinders bewys.

Hy dien as lid van die Weeshuis-kommissie vanaf 1928. Die eerste paar jaar neem hy by tye waar as voorsitter en as skriba van die Kommissie. Vanaf 1932 tot en met sy dood was hy ononderbroke voorsitter.[104]

Trou op die spoor van Otto Heldring (1804 - 1876), Réveil-figuur en vader van weeshuise in Nederland, het Brandt met ongekende ywer hom vir die Weeshuis beskikbaar gestel. Bo en behalwe die werk wat gereelde kommissie vergaderings vereis



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, spreek sy Weeshuis-lêers van sy buitengewone toewyding en verbluffende werkvermoë soos dit gemanifesteer word in die Weeshuis se aktiwiteite.[105] Hy is letterlik by elke faset van die bedryf van die weeshuis betrokke. Die voorsiening van naaimasjiene, die aankoop van melkkoeie, die persoonlike probleme van personeel en kinders, om maar enkele aspekte te noem, kry sy volle aandag waaraan hy dan ook inderdaad met groot geduld toegespitste aandag verleen.[106]

## 7 Brandt besoek Oos-Afrika vir 'n tweede keer.

Op versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het Brandt teen die einde van 1925 die gemeentes in Oos-Afrika vir 'n tweede keer gaan besoek.[107]

Kenmerkend van Brandt was dat hy hom deeglik vir die reis voorberei het. So het hy byvoorbeeld eers in verbinding getree met dr H C M Fourie en ds H P Wolmarans, wat sedert hy laas in 1921 in Oos-Afrika was, daar gearbei het. Hy wou van hulle 'n aanbeveling kry van watter deel van Oos-Afrika hy eerste moes besoek.[108]

Vervolgens het hy as hulpvaardige bedagsame mens, talle persone waarvan hy in die tussentyd bewus geraak het en wat as Transvalers familie in Oos-Afrika het, genader om te verneem of hy iets vir hulle familie in die vreemde kon meeneem.[109]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandt het met hierdie reis na Oos-Afrika eers die gemeente Arusha besoek. Hy skryf aan ds Van Belkum dat daar 'n verandering te bespeur was in die gemeente en hy sien dit so:[110]

> "Er is een duiwelsche geest los onder hen en ik kan niet anders zeggen, dan dat dit losgebroken is sedert een zekere familie, die ook vroeger hier was, weer terug gekomen is en voornamelijk een vrouw, die oorzaak is van veel kwaad. Die menschen hebben ruzie en zij vermijden elkaar en spreken kwaad van elkander en komen niet meer naar de diensten, die eenmaal in de maand door de ouderlingen gehouden worden."

In dieselfde skrywe versoek hy ook Van Belkum om hom te help om in Transvaal na 'n onderwyser te soek vir die skool te Kampfontein by Arusha. Hy kwalifiseer egter dat:[111]

> ".... het absoluut noodzakelijk is dat hier een meester komt die tot de Hervormde Kerk behoort."

Die rede hiervoor was, dat 'n onderwyser-lidmaat goud werd kon wees as katkisasiemeester en Sondagskoolonderwyser in die gemeente.

Vir die tweede deel van sy besoek aan Oos-Afrika is Brandt na Kenia waar hy ook die Dingaansfees en Kersdiens van daardie jaar gelei het.[112] In hierdie geweste was die materiële en finansiële groei opmerklik. Sedert sy vorige besoek van 1921 het hy ook ervaar dat die kerk sigbaar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vooruitgang gemaak het.[113]

Sy besoek aan Brits-Oos-Afrika het hom ook die geleentheid gebied om meer van die Wandrobo-stam in die omgewing van Eldoret te wete te kom. Met die hulp van twee tolke het hy met lede van die stam gesprek gevoer om hulle oorsprong en eiesoortige gewoontes en gebruike vas te stel. Oor hierdie stam het hy 'n behoorlike verslag opgestel waarvan S P Engelbrecht gesê het, dat dit tiperend is van Brandt se wye belangstellingsveld.[114]

Die besoek van Brandt in 1925 aan Oos-Afrika het vir hom 'n onaangename nasleep in die Suid-Afrikaanse pers gehad. Met sy terugkeer het Brandt 'n breedvoerige onderhoud met die korrespondent van Die Burger in Pretoria gevoer omtrent sy wedervaringe in Oos-Afrika. Hy het ondermeer aan die joernalis meegedeel dat die Afrikaners in Tanganjika se algemene lewensomstandighede vergelyk met die armste blankes in Suid-Afrika.[115] Hy het hierdie mense ook vergelyk met hul volksgenote in Kenia en sy konklusie was:[116]

> "Die boere is hier (in Kenia) ewewel baie beter as in Tanganjika. Sedert die aanleg van die spoorweg-verbinding saai hulle taamlik baie mielies en koring, en is oor die algemeen baie meer ondernemend as die boere wat by Meroe woon."

Die reaksie van die inwoners van Tanganjika omtrent Brandt se waarneming en vergelyking van hulle omstandighede met die mense van Kenia word weerspieël in 'n berig in Die Burger



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 26 April 1926:[117]

> "Onder die Afrikaners van Meru heers 'n algemene gevoel van verontwaardiging. Hulle voel diep gegrief. Die feit dat hulle met alle erns die saak bespreek, is 'n bewys dat die saak hulle nie in die klere sit nie maar swaar op die hart lê. Hulle word in die Burger en De Volkstem van Januarie 1926 deur ds Brandt bestempel as mense wat gebrek ly aan ondernemingsgees, en dat hulle agterstaan by hul mede-Afrikaners van Kenia."

Trou aan Brandt se aard as eerbare persoon, wat 'n hoë premie op eerlikheid geplaas het, het hy op 30 April 1926 aan die Redakteur van Die Burger geskryf en bevestig dat die koerant se joernalis hom reg aangehaal het. Wat hy meegedeel het oor die mense van Tanganjika was sy eerlike indrukke. Hy vra die redakteur om deur middel van die koerant:[118]

> "....... aan de verontwaardigde medeburgers te verzekeren, dat ik nog steeds hun vriend en voorstander hoop te blijven, zooals ik mij ook, toen ik in hun midden was, betoond heb."

In 1926 sou Brandt saam met ds Ennis na Rhodesië gaan om die lidmate van daardie streek te besoek, asook om die eerste Hervormde kerkgebou in Rhodesië te Gwelo op 19 Desember 1926 in te wy. Onderweg daarheen is hy egter verhinder om met die besoek voort te gaan vanweë siekte. Op Johannesburg moes hy omdraai:[119]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ".... weens 'n verschrikkelijke aanval van ischias waardoor ik geen stap kon lopen."

## 8 Johanna Brandt se ontdekking van die druiwekuur

In 1925 het Johanna, na eksperimente op haarself en haar gesin, die Druiwekuur as geneesmiddel vir kanker ontdek.[120] Die ontdekking was, volgens Johanna, deel van die Harmonie-Beweging wat sy vroeër in die lewe geroep het, se doel om die krankhede van liggaam en siel op aarde te bestry.[121]

Hierdie ontdekking as teenmiddel teen kanker tesame met die Harmonie-Beweging moes volgens haar diepste oortuiging 'n wêreldbeweging word. In die lig daarvan het sy besluit om teen die middel van 1927 via Engeland en Holland na Amerika te reis, omdat sy geglo het die mense daar meer geneë sou gewees het om na haar te luister as hier te lande. Tenspyte van haar man se teenkanting teen so 'n beoogde reis, vertrek sy op 4 Julie 1927 vanaf Vereeniging op 'n lang reis wat haar agtien maande van die huis sou wegneem.[122] Sy teken die aanvang van haar kruisvaart so:[123]

> "Dit was die hartjie van die winter toe ek my tuiste in Vereeniging, Transvaal, verlaat het om die boodskap van die ontdekking van 'n kankerkuur aan die Verenigde State van Amerika te bring.
>
> Kon iets meer weemoedig gewees het dan die stowwerige



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

klein spoorwegperron van ons provinsiale dorpie? Ek hou my hart vas toe ek vir die laaste keer kyk na die betrokke gesiggies van die kinders wat gehelp het om Moeder en haar bagasie klaar te kry vir haar vreemde ekspedisie. Wanneer sal ek hulle weer sien? Die beproewing is vererger deur die feit dat my man afwesig is, op reis in verband met kerksake."

In Amerika aangekom, het sy dadelik begin om die groot land met 'n rustelose gejaagdheid te deurkruis. Oral hou sy openbare lesings om The Order of Harmony en daarmee gepaardgaande die Druiwekuur te propageer.[124] Sy soek naarstiglik na ondersteuning by figure soos Rockefeller en Henry Ford, want al wat sy, aldus haarself benodig, is geld.[125] Op 'n stadium tydens haar verblyf in die VSA smeek sy Brandt om sy werk as predikant voorlopig op te skort en om so gou as moontlik met die kinders na Amerika te verhuis.[126] Sy voorsien vir die hele Brandt gesin 'n euforiese toekoms in die Verenigde State van Amerika.

Haar werk vind aanvanklik by die Amerikaners groot byval. Sy word dan ook vereer deur die American School of Neuropathy met 'n eredoktorsgraad.[127] Sy bots egter met verteenwoordigers van die mediese professie en na enkele vrugtelose pogings om die Harmony Skool vir Natuurgenesing te vestig, kom sy terug na Suid-Afrika waar sy haarself aandien as dokter Brandt.[128]

Brandt het ook tydens hierdie periode van lang afwesigheid



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van sy vrou ongestoord voortgegaan met sy veelvuldige en veeleisende pligte. Hy en drie van sy seuns, Louis, Willem en Chris en twee van Louis se maats wat by hulle loseer het, behartig die huishouding sonder om te kla. Hy verwys speels na dié omstandighede as hy opmerk:[129]

> "Wij hebben het nu niet stil want wij leven met 6 mannetjies bij elkaar."

Brandt was vir sy kinders 'n geliefde vader vir wie hulle hoë agting gehad het. Die nagelate herinneringe van sy kinders, teken hom as 'n waardige en ernstige persoon wat by alles as 'n groot kindervriend ook met oorgawe met sy kinders kon speel. Hulle getuig ook dat wanneer hy beskikbaar was hy altyd tyd vir hulle gemaak het en groot begrip vir hulle jeugdige behoeftes getoon het. Wat veral belangrik is om op te merk is dat die kinders van jongs af op 'n besondere wyse aangespreek is deur hulle vader se voortreflike Christelike lewenswandel.[130]

In Augustus 1927 skryf hy egter 'n sterk bewoorde brief aan Johanna om sy misnoë met haar chroniese uithuisigheid en voortdurende kruistogte te kenne te gee. Haar reaksie hierop getuig van haar radikale manier van optrede as sy ~~teëgaan~~ teëgegaan word, want sy dreig om selfs nie terug te keer na hom toe nie. Sy verduidelik dat haar missie in Amerika 'n dwang is wat haar opgelê is vanweë haar verpligting teenoor Harmony.[131] Anders as in die geval van Johannesburg se gemeente het die kerkraad en gemeentelede van Vereeniging



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nooit openlik protes aangeteken oor Johanna se lang periodes van afwesigheid nie. Met haar terugkoms na Vereeniging is sy tydens die gemeentevergadering van 12 Januarie 1929 hartlik terug verwelkom. Die gebeurtenis is soos volg opgeteken:[132]

> "Mrs Brandt vertelt een en ander van haar lange reizen in Europa en Amerika en kondigt aan, dat zij later een publieke lezing daarover zal houden en over de genezing van kanker en andere ziekten door druiven.
> Ouderling Basson stelt een motie van hartelijke welkom voor aan Mrs. Brandt, die door de gemeente staande wordt aangenomen."

Dit kom voor asof Johanna 'n skuldgevoel gehad het oor die verwaarlosing van huis en haard as gevolg van haar omswerwinge. Sy wy haar die eerste paar maande na haar terugkeer met ywer aan die huishouding. Gedurende 1929 neem sy 'n dogtertjie aan. Die moeder het die kind verlaat en in die sorg van die grootouers gelaat wat haar nie kon versorg nie.[133] Bennie soos die dogtertjie genoem is, het Johanna grootgemaak met die doel dat sy haar werk in natuurgenesing kan voortsit, 'n ideaal wat nie verwesenlik is nie.[134]

## 9 Brandt en die sosiale lewe van Vereeniging

Brandt het by alles tyd gevind om net soos in sy vorige gemeentes, betrokke te raak by die gemeenskapslewe van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vereeniging. Daar is van hom gesê dat hy waardevolle werk gelewer het as stadsraadslid.[135] Daarby het hy 'n blaasorkes op die dorp op die been gebring wat verskeie kere onder sy dirigeerstok konserte in Vereeniging se stadsaal aangebied het.[136]

Ook op Vereeniging blyk dit dat sy lewenslange belangstelling in sport in hierdie werkkring van hom nie laat verflou het nie. Hy stig terwyl hy daar gewoon het, die Vaalrivier roeiklub. Die Brandt-span, bestaande uit Brandt en sy vier seuns Louis, Frans, Andries en Willem het gereeld aan kompetisies deelgeneem en was gedugte opposisie vir ander spanne.[137]

## 10 Brandt neem afskeid van Vereeniging-Heilbron

Vanaf 1929 het alles in die gemeente Vereeniging vinnig begin agteruitgaan. Van die mure van die pastorie het omgewaai en ander herstelwerk aan die huis was bitter noodsaaklik. Die predikant se salaris en bydrae van die pensioenfonds kon nie bygebring word nie. Oor die sake is ernstig gepraat. Daar is verskillende redes aangevoer waarom daar so 'n gebrek aan offervaardigheid was by die lidmate. Sommiges, is beweer, wou nie offer nie as gevolg van kerkbelasting (heffings) en ander het gesê om basaars te hou is sonde. Brandt wat ook aan die besprekings deelgeneem het, het gedreig om onwillige lidmate onder sensuur te plaas.[138]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By die eerste kerkraadsvergadering van 1930 op 11 Januarie, berig Brandt dat die vorige jaar afgesluit is met 'n tekort van £166.00. Die bank was bereid om aan die gemeente geld te leen op voorwaarde dat al die lede van die kerkraad 'n skuldbewys moes teken. Aangesien die meeste kerkraadslede geweier het om te teken moes die gedagte laat vaar word.[139]

Die kerkraadsvergadering van 25 Maart, het 'n verslag van 'n kommissie wat met Parys en Heilbron moes onderhandel oor die beëindiging van die kombinasie-ooreenkoms, in behandeling geneem. Al die betrokke partye het gevoel dat die kombinasie opgehef moes word. Op inisiatief van Brandt is besluit om egter die kombinasie ooreenkoms vir nog twaalf maande te handhaaf aangesien alternatiewe reëlings op daardie stadium nie getref kon word nie. Hierdie optrede van Brandt spruit uit 'n diep gevoelde pligsbesef teenoor die twee betrokke Vrystaatse gemeentes, want persoonlik sou hy die kombinasie wou ontbind omdat die uitgestrekte werkgebied vir hom te veel geword het.[140]

Drie maande later, op 5 Junie, word 'n buitengewone kerkraadsvergadering belê sodat Brandt reëlings kon tref vir sy vertrek na die gemeentes Turffontein en Kensington waarheen hy 'n beroep aanvaar het. By hierdie vergadering het Brandt sy redes vir sy aanvaarding van die beroep verstrek.[141]

> "Voorsitter vertelt verschillende redenen waarom hij het beroep heeft aangenomen, naamlik in verband met de



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> combinatie met Heilbron en Parys, het bouwen van een nieuwe pastorie, de verslapping in de gemeente, en omdat er van af de stichting nog nooit een anderen predikant geweest is in Vereeniging als consulent of als predikant. Wat homself betreft, zal het een voordeel zijn dat de kinderen weer in huis kunnen wonen, en dat het werk minder sal zijn."

Hierna het die kerkraad sy dank teenoor Brandt betuig:[142]

> "Br. S W Marx, W Lindeque, L N G Marx, S W Marx, M M Basson spreken allen hun spijt uit over het vertrek van ds Brandt en danken hom voor wat hij gedaan heeft voor die gemeente. Sij spreken met waardering over zijn werk en zijn persoon en vragen dat hij in de toekomst de gemeente sal helpen met raad en voorlichting waar het nodig mag sijn."

Op Sondag 6 Junie 1930 neem Brandt van die gemeente afskeid. Sy prediking by die geleentheid was na aanleiding van Genesis 16 vers 8.[143] By dié geleentheid kon Brandt, ten spyte van baie probleme wat die gemeente op finansiële gebied ervaar het, tog teruggekyk het op sewe jaar van betekenisvolle arbeid. Die gemeente het onder Brandt se bearbeiding, eers as konsulent en later as predikant 'n groei getoon van 400 lidmate met stigting tot ongeveer 800 met sy vertrek.[144]

Op 10 Augustus 1930 het Brandt afskeid geneem van Heilbron. By die geleentheid het hy dieselfde preek gehou as met sy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afskeid van Vereeniging.[145]

In 1929 het Brandt sy 25 jarige ampsjubileum gevier. Wat by daardie geleentheid van hom in De Hervormer gesê is, het in 'n neutedop sy betekenis vir die kerk in die algemeen, maar ook vir Vereeniging-Heilbron saamgevat:[146]

> "Vanaf 1916 is hy onafgebroke die Voorsitter van onse Algemene Kerkvergadering, en hy het die kerk gelei in 'n rigting, wat 'n voortsetting is van die ingeslage weg vanaf die stigting van die Hervormde Kerk in Transvaal, waarmee hy getoon het, dat hy die verlede van die kerk ken en begryp en haar gees verstaan. Sy leiding was geen afwyking op sypaaie naar regs of links, maar reguit. Brandt se opregtheid en trou, sy geestesaristokrasie en sy vrome lewenswandel het op die ganse kerk verheffend ingewerk...... As 'n kultuurmens is sy optrede altyd waardig, en is hy nie alleen op die preekstoel 'n Evangeliedienaar nie, maar ook in die breë stroom van die wêreld waar na God nie gevra word nie."

Ook in hierdie werkkring was die prediking vir Brandt sy primêre taak en verantwoordelikheid. Al sy werksaamhede van kerklike opbou en reorganisasie was daarop afgestem dat die lidmate die evangelie van Jesus Christus sou hoor.

Aangesien dit in daardie jaar 'n vaste gebruik in die kerk was dat die predikante mekaar bygestaan het tydens nagmaalsnaweke, het Brandt net soos sy kollegas in die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meeste gemeentes van die kerk gepreek. Berigte in die De Hervormer van Brandt se eie gemeentes en van elders in daardie jare, het telkens blyke gegee dat lidmate sy woordbediening hoog op prys gestel het. Herhaaldelik word na sy preke verwys as "ernstig", "vermanend" en "veral verstroostend".

Vanuit Heidelberg, word in 1926 van Brandt se preke gedurende die nagmaalviering van Maart 1926 aldaar berig:[147]

> "Het waren echte Evangelie preken, waarvan telkens Christus en zijn lijden het middelpunt was."

Sy ernstige, opregte deurleefde Woordverkondiging wat volledig in ooreenstemming met sy lewe was, was die vernaamste middel waardeur hy die kerk opgebou het.

11 Aantekeninge

1 G J Beyers (hoofred), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel IV, Durban-Pretoria, 1972, p. 737 - 740.

2 P J J Prinsloo, Die Vestiging Van Die Eerste Dorp In Die Vaaldriehoek - Vereeniging, Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Vereeniging, 75 ste Herdenking, s.l., s.a., p. 3 - 8.

3 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4 Ibid.

5 Ibid.

6 G J Beyers, op.cit., p. 739.

7 P J J Prinsloo, op.cit., p. 3-8.

8 Ibid.

9 Notule Ringsvergadering Oostelike Ring, 22 Februarie 1911.

10 Notule kerkraadsvergadering Potchefstroom, 5 Julie 1911.

11 Notule Ringskommissievergadering Oostelike Ring, 28 Januarie 1913.

12 Notule kerkraadsvergadering Potchefstroom, 4 Julie 1913.

13 Notule kerkraadsvergadering Vereeniging, 17 Augustus 1913.

14 Notule kerkraadsvergadering Vereeniging, Mei 1914.

15 S P Pretorius, Stigting En Groei Van Die Gemeente (1913-1930) Onder Die Leiding Van Ds En Mev L E Brandt, Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Vereeniging, 75 ste Herdenking, s.l., s.a., p. 13.

16 Ibid.

17 Notule kerkraadsvergadering Vereeniging, 23 September 1915.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

18 Ibid.

19 Ibid.

20 <u>Notule kerkraadsvergadering Vereeniging</u>, 27 April 1923.

21 Ibid., 27 Julie 1923.

22 A D Pont, <u>Die Ned. Hervormde Gemeente Heilbron 1911 - 1961</u>, Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1963, jrg 47. p 53.

23 Ibid.

24 Ibid.

25 W A Vergeer, <u>Hoeksteenlegging van de N.H.Kerk te Heilbron</u>, De Hervormer, 15 November 1913.

26 <u>De Hervormer</u>, 15 Maart 1916.

27 A D Pont, op.cit., p 59.

28 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 31 Oktober 1923.

29 Ibid.

30 Ibid.

31 S P Pretorius, op.cit., p 19.

32 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 31 Oktober 1923.

33 Ibid.

34 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 31 Oktober 1923.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

35 S P Pretorius, op.cit., p 20.

36 Ibid.

37 <u>Notule</u> <u>kerkraadsvergadering</u> <u>Vereeniging</u>, 10 Oktober 1927.

38 A D Pont, op. cit., p. 62.

39 <u>De</u> <u>Hervormer</u>, 15 Desember 1923.

40 <u>De</u> <u>Hervormer</u>, 15 Julie 1925.

41 A D Pont, op.cit., p. 64.

42 Ibid.

43 De Hervormer, 15 Mei 1925

44 A D Pont, op.cit., p 65.

45 Ibid.

46 P B van der Watt, <u>Die</u> <u>Nederduitse</u> <u>Gereformeerde</u> <u>Kerk</u> <u>1824</u> <u>-</u> <u>1905</u>, deel 111, Pretoria 1980, p 212.

47 Korrespondensie met ds A J Barger, NHK-Argief Pretoria, LIX/92, 21 September 1924.

48 Ibid.

49 <u>Notule</u> <u>Algemene</u> <u>Kerkvergadering</u> <u>1925</u>, p. 10.

50 Ibid, p. 9.

51 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

52 Ibid., p. 9 et 10.

53 Ibid., p. 30.

54 Ibid.

55 Ibid., p. 31.

56 Liederbundel I - V, NHK-Argief, Pretoria LIX/69.

57 Ibid.

58 Ibid.

59 Ibid.

60 Eerste Afrikaanse Liederebundel Vir Sondagskool En Huisgesin, Uitgegee van wee Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, s.l., s.a.

61 Ibid.

62 Liederbundel I - V, op.cit.

63 Notule Algemene Kerkvergadering 1931.

64 Ibid.

65 Ibid.

66 Ibid.

67 H M Rex, Aanslae Op Die Voortbestaan Van Die Teologiese Fakulteit Aan Die Ou Transvaalse Universiteitskollege In Die Twintiger Jare, Almanak En Bybelse Dagboek



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1970, jrg 64, p. 20 - 23.

68 Ibid., p. 21.

69 <u>Notule Algemene Kerkvergadering 1922</u>.

70 <u>Notule Kuratorium vir Teologiese Opleiding</u>, 12 November 1925.

71 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/68, 8 Julie 1925.

72 Ibid.

73 Ibid., 1 September 1925.

74 J P Oberholzer, <u>Na Vyftig Jaar</u>. Van der Hoff Gedenkalbum 1967.

75 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/68, 8 Desember 1925.

76 Ibid.

77 <u>Notule Algemene Kerkvergadering 1922 et 1925</u>.

78 <u>Memorandum van S P Engelbrecht ingedien by Gen J B M Hertzog i/s aanstelling Gemser</u>, NHK-Argief, Pretoria, LIX/73 - 3.

79 Ibid.

80 Ibid.

81 H M Rex, op.cit., p. 21. Vid., SPE/IV/14 NHK-Argief



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria, vir kopieë van telegram wat Hertzog se optrede ten gunste van die NHK bevat.

82 Ibid.

83 A van Selms, By Die Vertrek van Prof Gemser, Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1958, jrg 52, p. 58 - 69.

84 Rapport Oor Paragraaf 66 Van Die Rapport Van Die Universiteitskommissie 1928, NHK-Argief Pretoria LIX/73.

85 Ibid

86 Ibid.

87 Ibid.

88 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/73 - 23 Julie 1928.

89 Ibid., 30 Julie 1928.

90 Sien uitgebreide korrespondensie hieroor in LIX/73.

91 Ibid.

92 Kort verslag van het onderhoud van een deputatie van vertegenwoordigers van de Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en van den Raad en den Senaat van de T.U.K. met ZHE Dr D F Malan Minister van Onderwijs op 25 Oktober 1925 te Pretoria, NHK-Argief, Pretoria, LIX/73. Die £1100 wat die kerk jaarliks aan die TUK moes betaal



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir die instandhouding van die fakulteit is jaarliks pro-rata van die gemeentes van die kerk gevorder.

93 Ibid. Eers vanaf 1939 het daar in die verband 'n verandering ingetree met die verdeling van die fakulteit in 'n A en B afdeling. Dit is genoodsaak toe die Nederduitse Gereformeerde kerk vanaf daardie jaar 'n begin gemaak het met opleiding van predikante aan die Universiteit van Pretoria. Van toe af is die twee kerke se naam eksplisiet gekoppel aan die fakulteit. Die A-Afdeling was die Hervormde afdeling en die B-Afdeling die van die Nederduitse Gereformeerde kerk.

94 H. M. Rex, op. cit., p. 23.

95 <u>OREENKOMS tussen die UNIVERSITEIT VAN PRETORIA en die NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA</u>.

NADEMAAL die verhouding tussen die UNIVERSITEIT VAN PRETORIA en die NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA tot hiertoe berus het op mondelinge afspraak;

NADEMAAL dit wenslik is om die gesegde verhouding te bestendig en in geskrfite te bepaal;

NADEMAAL dit ook wenslik is om opening te laat vir uitbreiding van die Teologiese Fakulteit van en aan die genoemde Universiteit

SO IS DIT, dat die UNIVERSITEIT VAN PRETORIA (hierna



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

genoem die Universiteit) aan die een kant en die NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (hierna genoem die Kerk) aan die ander kant, hierby ooreenkom, as volg:

1 (a) Daar sal hoogstens ses Akademiese Professorate in die Fakulteit van Teologie aan die Universiteit wees.

(b) Daar sal in die Fakulteit van Teologie steeds tenminste drie (3) Akademiese Professorate in die Teologiese wetenskappe wees, wat, soos in die verlede, beset sal wees deur Professore in die Teologie aangestel deur die Universiteit uit 'n drie-tal deur die Kerk op versoek van die Universiteit aanbeveel, vir elke Professoraat.

(c) Die Dekaan van die Fakulteit Teologie sal beurtelings gekies word, die een keer uit die drie Akademiese Professore wat aangestel is op aanbeveling van die Kerk en die ander keer uit die Akademiese Professore wat aangestel is nie op aanbeveling van die Kerk nie, met die verstande, dat solang die Professore wat aangestel is nie op aanbeveling van die Kerk nie, minder is as twee sal die dekaan gekies word uit die Professore wat aangestel is op aanbeveling van die Kerk.

2 Die salaris, wat verbind is aan die drie onder 1(b) gemelde Akademiese Professorate, sal deur die Universiteit betaal word uit fondse waartoe die Kerk,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soos in die verlede, jaarliks die bedrag van £1100 (elf honderd pond) onderneem by te dra, watter bedrag die Universiteit sal kan verhaal van die Kerk.

3 (a) Die Universiteit sal aan die te eniger tyd in die Fakulteit van Teologie bestaande Akademiese Professorate 'n verdere dosent (of dosente) toevoeg, wanneer die Kerk met die oog op die onderwys en die opleiding van sy toekomstige predikante dit nodig ag en 'n daartoe strekkende versoek by die Universiteit ingedien het; hierdie dosent(e) sal as assessorlid (-lede) sitting hê op die Fakulteit.

(b) Die salaris van enige verder aan te stelle dosent (of dosente) soos onder 3(a) voorsien, sal betaal word deur die Universiteit uit 'n fonds, wat die Kerk onderneem om in sy geheel te betaal en watter bedrag die Universiteit kan verhaal van die Kerk.

4 Die onderwys in die vak (of vakke), ten behoewe waarvan die verder aan te stelle dosent (of dosente) aangestel word, sal opgedra word aan sodanige dosent (of dosente) wat as voltydse of deeltydse dosent (of dosente) aangestel sal kan word. Hierdie dosent (of dosente) sal aangestel word deur die Universiteit uit 'n drie-tal deur die Kerk op versoek van die Universiteit aanbeveel vir elke pos.

5 Die beslissing of die onder artikel (4) genoemde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dosent (of dosente) voltyds of deeltyds sal optree, sal berus by die Kerk, met goedkeuring van die Universiteit, en die beslissing sal verband hou met die omvang van die onderwys in die vak of vakke wat aan die dosent (of dosente) opgedra sal word.

6 (a) Studente, wat van voorneme is om in die diens van die Kerk te tree, sal hulle studies vir teologiese grade voltooi onder die Professore aangestel op aanbeveling van die Kerk en indien die Kerk daarvoor toestemming gee, ook onder ander Professore. Die Universiteit onderneem om die nodige Roosterreëlings vir die uitvoering van hierdie doel te tref.

(b) Indien die Kerk besluit om 'n end te maak aan die opdrag aan 'n dosent, wat nie op aanbeveling van die Kerk aangestel is nie om onderwys aan sy toekomstige predikante te gee, sal die Universiteit op 'n daartoe strekkende versoek van die Kerk, van die begin van die volgende jaar, die betrokke dosent onthef van die genoemde opdrag vir sover dit die onderwys van die toekomstige predikante van die Kerk betref.

7 Enige dispuut wat uit hierdie ooreenkoms mag ontstaan sal besleg word deur arbitrasie in terme van die Arbitrasiewet 1904 (Transvaal).

8 Beëindiging van hierdie ooreenkoms is onderhewig aan kennisgewing van minstens drie kalenderjare vir beide partye.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

9 Hierdie ooreenkoms sal notarieël opgestel word op onkoste van die Kerk en Universiteit om die helfte.

10 Die Kerk vrywaar die Universiteit teen enige eise vir skadevergoeding wat ingestel mag word ten gevolge van die uitvoering van die bepalings in hierdie ooreenkoms bevat.

96 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 22 Junie 1927.

97 Notule Algemene Kerkvergadering 1922.

98 Ibid.

99 De Hervormer, 15 Desember 1929.

100 Ibid.

101 Die Weeshuis, NHK-Argief Pretoria, LIX/67 19 Januarie 1924.

102 De Hervormer, 15 Desember 1929.

103 Ibid.

104 Almanak Nederduitsch Hervormde Kerk, 1928 - 1939.

105 Krugersdorp weeshuis, NHK-Argief, Pretoria LIX/194.

106 Ibid.

107 Ds L E Brandt, Oos-Afrika 1924 - 1926, NHK-Argief, Pretoria LIX/141.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

108 Ibid.

109 Ibid.

110 Ibid., 30 November 1925.

111 Ibid.

112 Verschlag Aan de Commissie der Algemene Vergadering 8 Januarie 1926, NHK-Argief, Pretoria LIX/141.

113 Ibid.

114 Ibid.

115 Die Burger, 21 Januarie 1926, Afrikaners in Oos-Afrika, mislukking van hulle veeboerdery, 'n besoek van L E Brandt.

116 Ibid.

117 Die Burger, 26 April 1926, 'n Stem uit Die Verre Noorde.

118 Brief, Brandt aan Red. van Die Burger wat op 30 April 1926 in dié blad verskyn.

119 Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, NHK-Argief, Pretoria LIX/141. 10 Januarie 1927

120 Johanna Brandt, Die Druiwekuur, s. l., 1948, p. 1 - 5. Johanna beweer in die werk dat sy deur die Druiwekuur van "folterende kanker" genees is. Sy beweer ook dat die Brandt-gesin se "ganse vermoë " aangewend is om die "stelsel van natuurgenesing op te bou."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

121 Ibid, Voorwoord.

122 Bep du Toit, *Johanna Brandt*, Nederduitsch Hervormde Kerk gemeente Vereeniging 75ste herdenking, s.l., s.a., p. 31.

123 Johanna Brandt, op.cit., p. 1.

124 Bep du Toit, op.cit.

125 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/147, 19 Augustus 1928.

126 Ibid., 7 Junie 1928.

127 Ibid., 11 Maart 1928.

128 H J Botes, *Ds L E Brandt 'n Kort Lewenskets*, Nederduitsch Hervormde Kerk Gemeente Vereeniging 75ste Herdenking s.l., s.a., p 24.

129 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/150, 21 September 1927.

130 Mondelingse mededelings deur sy dogters Mevv Emmie Kellerman, Mira Durant en sy seuns ds A Brandt en mnr Chris Brandt.

131 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/147, 7 September 1928 et 9 September 1928.

132 Notule Gemeentevergadering Vereeniging 12 Januarie 1929.

133 Bep ~~Serfontein~~ du Toit, op.cit.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

134 Ibid.

135 G.J. Beyers, op. cit.

136 Brief ds A Brandt aan skrywer.

137 Ibid.

138 S J Pretorius, op.cit., p.

139 Notule Kerkraadsvergadering, Vereeniging, 11 Januarie 1930.

140 Ibid., 25 Maart 1930.

141 Buitengewone Kerkraadsvergadering, Vereeniging, 5 Junie 1930.

142 Ibid.

143 S J Pretorius, op.cit.

144 Ibid.

145 A D Pont, op.cit.


146 De Hervormer, 8 April 1929.

147 De Hervormer, 15 April 1926.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



L. E. Brandt gedurende 1938



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 9

## LAASTE TYDPERK

### 1 Predikant van Turffontein-Kensington 1930 - 1939

Die Ringsvergadering van Standerton het op 13 Maart 1929 te Germiston besluit dat die gemeente van Johannesburg in meerdere gemeentes moes verdeel.[1] Uitvoering is nog dieselfde jaar aan dié besluit gegee toe drie nuwe gemeentes te wete Newlands, Kensington en Turffontein afgestig het.[2]

Turffontein wat op 15 Mei 1929, en Kensington wat op 31 Mei 1929 tot stand gekom het, het besluit om in kombinasie 'n predikant te beroep.[3] Op 30 April 1930 het hierdie besluit gerealiseer toe 'n gekombineerde kerkraadsvergadering van die twee gemeentes ds L E Brandt van Vereeniging beroep het. 'n Traktement van £500 is hom aangebied. Ouderling Basson van Turffontein het hierteen beswaar aangeteken omdat dit volgens sy opinie 'n te groot traktement was. Die konsulent van Kensington, ds A J G Oosthuizen wat die vergadering gelei het, het daarop gewys dat dit al vir 'n geruime tyd 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering was, dat die minimum kontantdeel van 'n predikant se traktement op daardie stadium £500 per jaar sou wees.[4]

Die skriba van Turffontein, J D Geers het sy ontevredenheid met die beroep van Brandt by die beroepsvergadering te kenne gegee, omdat hy eerder 'n predikant in die gemeente sou wou sien wat saam met die gemeente kon organiseer. Om die rede



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hy bedank as skriba.[5]

Geers het waarskynlik een of ander persoonlike vooroordeel teen die persoon van Brandt gehad, want sedert Brandt se aankoms in Transvaal het hy 'n onvergelyklike rekord gehad van 'n bogemiddelde organisasievermoë.

Beide kerkrade het akkoord gegaan dat Brandt sy eie huisvesting voorsien waarvoor hy £9 per maand sou ontvang. Genoemde behuisingstoelaag, sowel as sy traktement sou deur die twee roepende gemeentes om die helfte betaal word.[6]

Oor die huistoelaag was daar net soos in die geval van sy traktement ongelukkigheid. Dit blyk uit die volgende opmerking wat op 'n kerkraadsvergadering van Kensington gemaak is:[7]

> "Br. v.d. Berg sê ons het van Ds. Oosthuizen gehoor dat Ds. B. maar 'n klein familie had en nou moet ons vir 'n groot huis betaal."

Brandt wat die beroep aangeneem het is op 11 Junie 1930 in Kensington,[8] en op 20 Julie 1930 in Turffontein[9] bevestig. Die eerste paar jaar van Brandt se bediening in hierdie werkkring het afgespeel teen die agtergrond van 'n fel bewoë tyd vir kerk en volk. Gedurende die jare 1930 - 1932 was daar op haas elke gebied van die ekonomiese lewe 'n diep insinking te bespeur. Asof dit nie erg genoeg was nie, is die land gedurende 1932 - 1933 deur 'n droogte geteister wat in langdurigheid en hewigheid weinig gelykes in hierdie eeu



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehad het.[10]

Die ekonomiese insinking, wat deel van 'n wêreldverskynsel was, het as die Groot Depressie bekend gestaan wat erntige afmetings oor 'n breë spektrum van die volkslewe aangeneem het. Die toestand het onder andere die Hertzog-regering tot koalisie en later samesmelting met Smuts se Suid-Afrikaanse Party gedwing.[11] Dit het weer aanleiding gegee tot bittere politieke gevegte in veral Afrikaner geledere. Uiteraard het die gegewe ekonomiese en politieke toestand bygedra dat maatskaplike verval vanweë armoede en verlies aan 'n toekomsverwagting toegeneem het.

Brandt se gemeentelede wat net soos die meeste Afrikaners van destyds aan die Rand, bestaan het uit mense wat as arbeiders 'n "van die hand na die mond" bestaan gevoer het, is swaar deur die hewige depressie getref. Daarby is dit 'n ekonomiese wetmatigheid dat mense wat in sodanige posisie verkeer baie moeilik en langsaam van 'n ernstige finansiële terugslag herstel. Gevolglik is Brandt se hele bedieningstydperk van nege jaar in Turffontein en Kensington gekenmerk deur 'n uitputtende stryd om die gemeentelike finansies te laat klop.

In die loop van die nege jaar van sy verblyf in Turffontein en Kensington, het die kerkrade hom afsonderlik by verskeie geleenthede versoek om as predikant te bedank, vanweë hulle finansiële onvermoë om sy traktement by te bring. Die eerste versoek in die verband, is in September 1932 deur Kensington



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se kerkraad tot hom gerig.[12] In Oktober 1935 het dieselfde gemeente se kerkraad die pleidooi herhaal.[13] In Turffontein was die situasie ook nie anders nie. In Oktober-maand 1936 berig Brandt oor die toestand daar soos volg:[14]

> "In Turffontein is er weer moeilijkheid geweest. Kerkraadsleden zijn bij elkaar gekomen om te praten over de schuld van de gemeente en om plannen te maken om die te betalen en daar heeft Oudl. Wolmarans voorgesteld om mij weer te vragen om te bedanken. Op de kerkraadsvergadering Zaterdag is dat ook besproken, maar ik heb beslist geweigerd. Sommige kerkraadsleden hebben toen bedankt, maar er zijn anderen gekozen die ook aangenomen hebben."

Hierdie moedelose situasies het Brandt nie onaangeraak gelaat nie. Trouens, in 'n persoonlike ontboeseming aan sy moeder, het hy bely dat dit vir hom telkens uiters pynlik was as hy moes verneem dat die gemeentes openlik van hom ontslae wou raak vanweë geldskaarste.[15] Wat die swak finansiële toestand van die gemeentes nog vererger het, was die feit dat mense wat as kerkraadslede beskikbaar was, dikwels vanweë sosio-ekonomiese omstandighede nie altyd oor die intrinsieke vermoëns beskik het om daadwerklik leiding te gee nie. Brandt som dit so op:[16]

> "De moeilijkheid is met een vlottende bevolking om geschikte mannen te vinden, die ook gewillig zijn om te dienen en zich op te offeren voor den dienst in Gods



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Koninkrijk."

Dikwels het dit ook in hierdie werkkring gebeur dat die gemeentes soms vir maande aaneen versuim het om sy traktement aan te suiwer. Reeds 'n jaar na sy bevestiging in Kensington is sy traktement met 25% verminder. Dit het hom egter nooit verhoed om met sy werk voort te gaan nie. Nooit het hy onder alles heen kerkrade of gemeentes kwetsend of verwytend aangespreek nie. Johanna Brandt beskrywe Brandt se arbeidstoewyding in hierdie swaar tye soos volg:[17]

> "... Tog werk Lou met leeuwenmoed niet tegenstaande de ontnuchtering en zelfs ondankbaarheid die hij gedurig ondervindt. Hij is nogal mager maar ziet er altijd even prachtig uit, met zijn roze teint en sneeuw-witte hoofd. Velen bewonderen hem. Hoe minder salaris hy trekt, hoe meer hij werkt, hoe later komt hij 'savonds thuis."

2 <u>Brandt gedwing om af te tree as predikant van Turffontein vanweë sy vrou</u>.

Gedurende die Ringsvergadering van Standerton wat op 20 April 1933 in sitting te Brakpan was, het van die predikante-afgevaardigdes aan Brandt meegedeel dat hulle briewe van lidmate van Turffontein-gemeente ontvang het, waarin hulle meegedeel is dat mev Johanna Brandt ongeveer 16 jaar vantevore groot gedoop is by die Apostoliese



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geloofsending. Dit was die heel eerste keer dat Brandt van die insident kennis geneem het omdat sy vrou dit teenoor hom verswyg het.[18] Die openbaarmaking van die verstoke dwaling van Johanna Brandt het ernstige reperkussies veroorsaak waarvan Brandt die lydende party was.

In die gemeente Turffontein is daar dadelik na die Ringsvergadering met kerkraadsbyeenkomste begin wat sonder Brandt se medewete geskied het. Op dié vergaderings is planne gesmee om van Brandt as predikant ontslae te raak.[19] Die houding van Turffontein se kerkraad het aan Brandt geen ander keuse gelaat nie, as om tydens 'n kerkraadsvergadering van 28 April gehou te Turffontein, as predikant van Turffontein te bedank nie.[20] Aan Kensington se kerkraad het Brandt die toestand en die omstandighede van sy bedanking aldaar so geskets:[21]

> "Voorsitter sê dat in Turffontein kerkraad 'n paar persone is wat hom teë werk en hy is gevra geword om te bedank, ...... daar is selfs gedreig dat as hy nie bedank die kerk deure gesluit sal word sodat dienste onmoontlik gehou kan word. Onder die omstandighede het Voorsitter dit toe maar beter geag om te bedank."

Op die kerkraadsvergadering van 22 April 1930 van die kerkraad van Turffontein, waartydens Brandt ingewillig het om te emeriteer, het ds J J Prinsloo opgetree as voorsitter van die vergadering. Ds Kühn sowel as mev Brandt was ook teenwoordig.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

By die vergadering het Johanna erken:[22]

> ".... dat sy 15 of 16 jaar gelede gedoop is deur mnr Pochenpoel in haar huis. Haar kinders weet dit, maar vir Ds was dit nog altyd 'n geheim gewees, totdat dit bekend gemaak is in die Ringsvergadering. Mev. Brandt sê dat sy aan Ds. gevra het om haar te doop maar hy het geweier en toe het sy mnr Pochenpoel (apostolie leier van Pretoria) gevra om haar te kom doop en met die dood van haar moeder het die Gees op haar gekom."

Die kerkraad van Turffontein het Johanna se dwaling eendragtig afgekeur. Die gevoel van die vergadering was so sterk teen haar dat in 'n gees van onverkwiklikheid sy op 'n stadium in die vergadering die swye opgelê is, waarop sy ook versoek is om sonder versuim die vergadering te verlaat, omdat sy volgens die kerkraad as nie-lidmaat nie die reg gehad het om langer ter vergadering te wees, of in die vergadering op 'n spreekbeurt aanspraak te maak nie.[23]

Alhoewel etlike kerkraadslede en lidmate van Kensington in die tyd die kerk verlaat het, het die meerderheid kerkraadslede van Kensington Brandt trou bygestaan in die vir hom spanningsvolle tyd. Kensington se kerkraad het Turffontein se kerkraadslede se optrede teenoor Brandt selfs veroordeel. Ook is laasgenoemde gewys op hulle kombinasie-verpligtinge teenoor Kensington.[24]

Op 'n spesiale Gemeentevergadering van Turffontein wat op 20 Mei 1933 geskied het, is die stryd rondom mev Brandt



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voortgesit. By die vergadering het Geers gevra:[25]

> "...... of daar al stappe geneem is teen Mev Brandt en wil weet van die Skriba of haar naam nog in die boeke is, en versoek die kerkraad om daadlik op te tree."

Ouderling Van Staden het opgemerk dat volgens wet en die siening van Turffontein se kerkraad was Johanna nie meer 'n lidmaat van die Hervormde Kerk nie.[26]

Ouderling Maré het verklaar dat die treurige finansiële posisie van die gemeente, asook die swak kerkbywoning, te wyte was aan mev Brandt se ketterse optrede. Sedert die bekendmaking van die nuus dat:[27]

> "Mevrou Brandt Appostolie is,"

het alles begin agteruitgaan in die gemeente. Op die kerkraadsvergadering wat onmiddellik na die onrustige gemeentevergadering plaasgevind het, is Brandt bitterlik deur die kerkraad verwyt oor sy vrou se afwyking van die kerk se leer.[28]

Die kerkraad van Turffontein was nou haastig dat Brandt moes uittree. Ouderling Laubscher het by dieselfde vergadering ter versagting van Brandt gepleit, deur te sê dat:[29]

> "Ds Brandt 'n beroemde persoon is tussen Engels en Afrikaans sprekende mense en dat sy toekoms nie belemmer word nie."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op die vergadering van die kerkraad van Turffontein wat op Saterdag 17 Junie 1933 plaasgevind het, het die probleem rondom mev Brandt skielik 'n nuwe wending geneem. Net na die opening van die vergadering is 'n brief van mev Brandt aan die vergadering voorgelê waarin sy haar dwaling bely het. Voorts het sy 'n versoek gerig om opnuut die geleentheid te kry om voor die gemeente belydenis van geloof af te lê. Die versoek is toegestaan en daar is gereël dat sy die volgende dag tydens die erediens in die geleentheid gestel sou word tot belydenisaflegging.[30]

By dieselfde vergadering het Brandt skriftelik sy vroeëre aankondiging van uittrede teruggetrek.[31] Hierdie besluit van Brandt om nie te emeriteer nie, het hy ook deels geneem op advies van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat hom aangeraai het om met sy werk in Turffontein-Kensington voort te gaan.[32] Tien van die twaalf kerkraadslede wat teenwoordig was by hierdie vergadering het sonder vermelding van redes hulle amp neergelê.[33]

Met die Gemeentevergadering van 4 Julie 1933 kon die meeste van die vakatures wat op die wyse ontstaan het weer gevul word.[34] Met die aanvang van die vergadering, het Brandt 'n dringende beroep op die gemeente gedoen, wat uit drie punte bestaan het:[35]

1 Samewerking sonder twis en tweedrag sal met liefde vrede en verdraagsaamheid seën op die gemeente bring.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2 Finansiële toestand in ons gemeente is nie te sleg nie, onthou dat die geld wat aan die kerk gegee word is vir die Heer, en die voorsitter sê dat hy nog £5 op sy salaris sal laat val omdat hy die gemeente tegemoet wil kom, sy salaris sal dus wees £20.6.8 per maand vanaf die 1ste Julie 1933 ingesluit huis rent en motortoelae.

3 Mev Brandt is ook weer terug onder die gemeente en wil opnieuw saamwerk."

## 3 Die ongewone pastorie van Turffontein-Kensington

Soos reeds vermeld moes Brandt in hierdie werkkring self vir huisvesting sorg. Om in die behoefte te voorsien het Brandt skuld gemaak en 'n stukkie grond met 'n woonhuis in die Rosettenville omgewing aangeskaf. Die plasie het bekend gestaan as Oakdene. Die primêre doel met die aankoop van die eiendom was om ruimte te vind waar Johanna haar natuurgenesingswerk kon voortsit.[36] Reeds in Vereeniging se pastorie het Johanna by geleentheid sewe kankerpasiënte in die pastorie onderdak geneem vir behandeling. Hieroor het groot probleme ontstaan want die destydse distriksgeneesheer van Vereeniging, dr Viviers, is deur die owerhede verbied om konsulteerwerk te doen:[37]

> "..... by instellingen waar natuurgenesing toegepast worden."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit het Johanna in 'n posisie geplaas waarvan sy gesê het:[38]

> "Wij moeten nu heel voorzichtig zijn om geen ernstige gevallen te nemen. Er zou niemand zijn om de doodscertificaat te tekenen en wij zouden in de grootste moeilikheid komen."

Met die verhuising na Johannesburg was Johanna oortuig dat in die groot stad haar natuurgenesing groter byval sou vind.[39] Gevolglik het Brandt hom nog dieper in die skuld gesteek deur die oprigting van 'n hospitaal op Oakdene. Sy moeder vanuit Holland het Louis gewaarsku:[40]

> "Om het werk van genezing nie te combineren met gemeente-werk."

Johanna het haar skoonmoeder gerus gestel deur haar te verseker van die groot toekoms wat vir die inrigting beskore was. Sy voeg ook daaraan toe:[41]

> "Voor de eerste keer werken Lou en ik met hart en ziel samen in onze gemeenten. In elke huis is ziekte. De mensen zijn moedeloos, wanhopig - al hun tanden uit (dat is hier een van de krankzinnigste 'fads' van de doktoren) hun organen uit, hun bloed vergiftigd, hun zenuwen verwoest en verbrand met Radium. En hun laatste staat is erger dan hun eerste. Financieel zijn zij ook geruineerd. Nu komt de Domine met vertroosting - 'm woord van hoop, en toch, iets moeiliks, streng. De Heer heeft je niet ziek gemaakt. De duiwel ook niet. Je



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bent zelf verantwoordelik. Door onkunde mischien, maar toch zelf te blameren niemand kan je genezen dan je zelf. Het zal zelf-beheersing eisen - de ontzegging van de dingen die je ziek gemaakt hebben.

Dat de Domine dan na zijn praktiese predikatie 'n gebed doet maakten veel indruk. Verder laat hij de behandeling aan mij over. De patient heeft nieuwe hoop en moed gekregen. Zijn zelf-respect is ook hersteld want hij heeft nu, als zelfstandig mens, iets te doen gekregen. Hij volgt niets blindelings de raad van 'n medicus maar denkt en handelt voor zichzelf. Hij ontwikkeld.

Dat mijn werk tot nog toe niet heel voorspoedig was, hebben wij voornamelik te danken aan het feit dat onze gemeenten niet zeker waren van de goedkeuring van de Dominé. Nu dat Lou zijn laatste bezwaren overwonnen heeft en wij openlik samen werken, zal alles goed gaan."

In die beginstadium van die bedryf van die hospitaal het die Brandtegpaar se skoonseun en dogter, Johannes en Emmie Kellerman, Johanna bygestaan in die hospitaal.[42]

Die bestaan van Johanna se unieke hospitaal het vir Brandt eventueel mateloos hoofbrekens besorg. In 1932 het Johanna 'n ene dr Keyter, 'n natuurgeneser, by die hospitaal in diens geneem. Hy was 'n swendelaar wat vir die gereg gevlug het. Hierdeur is die Brandts se naam en die reputasie van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die hospitaal op die spel geplaas.[43] Dit het uiteindelik daartoe gelei dat Johanna se hospitaal leeggeloop het. Desperaat open sy 'n spreekkamer in die stad om haar natuurgenesing-poging voort te laat gaan. Terselfdertyd word die hospitaal omskep in 'n losieshuis om te poog om 'n inkomste te verseker.[44] Brandt beken teenoor sy moeder dat hy geweldig swaar kry om sy finansiële verpligtinge na te kom, vanweë die groot skuldlas wat hy aangegaan het om die eiendom te bekostig en die hospitaal op te rig.[45]

Vroeg in 1933 word die hospitaal heropen. Ongelukkig word die Brandts andermaal deur teëspoed geteister. Johanna stel 'n sekere dr Jay by die inrigting aan van wie sy hoë verwagtinge gekoester het. Dit blyk al gou dat hy nie 'n opgeleide mediese dokter is nie, soos hy voorgegee het om te wees. Hy word gevolglik kort na sy aanstelling gearresteer en opgesluit. Die hospitaal kon egter die terugslag oorleef en het nog vir etlike jare bly bestaan.

Dikwels moes Brandt gedurende die periodieke afwesigheid van sy vrou die bestuur van die hospitaal op sy skouers neem. Omdat hy aanspreeklik was vir die delging van die skuld aangegaan vir die oprigting daarvan, moes hy maar noodgedwonge by tye die taak aanvaar.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4 Brandt se betrokkenheid in wyer verband as die gemeente Turffontein-Kensington

### 4.1 Bevordering van die Afrikaner se kultuur en taal.

Op Dinsdag 9 Oktober 1923 word Brandt ingestel as lid van die Afrikaner Broederbond, 'n organisasie wat in 1918 gestig is om die Afrikanerbelange te bevorder. Die plegtigheid het plaasgevind in die beweging se hoofkantoor in De Kortestraat 133, Johannesburg.[46]

Die feit dat hy tot die eksklusiewe Afrikaner organisasie toegelaat is, wat in daardie jare hoofsaaklik die mees patriotiese en lojale Afrikaners geakkommodeer het, is 'n bewys dat die Afrikaner van daardie tyd Brandt volkome in hulle midde aanvaar het.

Pont merk in die verband tereg op:[47]

> "Juis sy lojaliteit aan die Kerk het ds Brandt in staat gestel om hom so goed aan te pas by die Afrikaner, sy kerk, sy kerklike tradisie en gewoonte."

Op 27 Augustus 1933 is die eerste vertaling van die Bybel in Afrikaans deur die hele land feestelik in ontvangs geneem.[48] By die Sentrale fees in Bloemfontein in die Marksaal, het Brandt in sy hoedanigheid as Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, namens die Nederduitsch Hervormde Kerk opgetree. Voor die versamelde skare van 5000 mense het Brandt in sy boodskap, wat ook oor die radio uitgesaai is, sy persoonlike vreugde oor die verskyning van die Afrikaanse



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Bybel en sy volkome aanvaarding van Afrikaans as die taal van sy volk te kenne gegee.[49]

Met sy terugkeer in 1930 na Johannesburg om as predikant van Turffontein - Kensington te dien, was hy weer intensief betrokke by die Nederlandsche Vereeniging aan die Rand.[50] Die verbindingslyn tussen die Hollanders en Afrikaners was vir hom 'n vanselfsprekende sinergisme tussen twee volke wat bymekaar hoort.

Vanaf 1930 het hy gereeld godsdiensuitsendings oor die A.S.& T Broadcasting Company Limited in Hollands laat opklink. Met die totstandkoming van die SAUK in 1936 is hy aangewys om op die liggaam se Adviesraad Insake Godsdiensuitsendings te dien.[51] In dié kapasiteit beywer hy hom vir kwaliteit programme en sorg dat die Nederduitsch Hervormde Kerk ook amptelik geleentheid kry vir erediensuitsendings. Vir hom was dit 'n groot deurbraak toe Afrikaans vanaf 1937 ook gereeld oor die eter gehoor kon word.[52]

Tot aan die einde van sy lewe het hy getrou jaarliks Dingaansfeeste, soos Geloftefees toe bekend gestaan het, gehou. Met die honderdjarige herdenking van die Groot Trek en slag van Bloedrivier in 1938, het hy op die Rand 'n beduidende rol gespeel.[53] Met die rondgaan van die waens van die Gedenktrek deur die Witwatersrandgebied, het hy by verskeie plekke as spreker en prediker opgetree. Tydens die Oos-Randse fees op Bezuidenhoutsplaas op 10 Desember, het Brandt die 6000 feesgangers toegespreek:[54]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> "Hy het verklaar dat die Groot Trek 'n geestelike en sedelike grondslag gehad het. Die Voortrekkers wou koningskinders op hulle eie grond wees. As die Afrikaner van die hede ook koningskind wil wees, moet hy hom soos een gedra."

Brandt het hom ook as 'n meelewende lid van Die Handhawersbond betoon. Die Bond wat in 1929 gestig is, se doelstellings was om die Hollands-Afrikaanssprekende Afrikaner op te wek tot 'n sterker self- en volksbewussyn, die gees van oppervlakkigheid ten opsigte van staatkundige en kultuurvraagstukke te bestry; besieling op te wek in belang van die handhawing van die Afrikaner-eiegoed; om onverdraagsaamheid by die Afrikanervolk in geval van onderlinge meningsverskille te bestry; om suiwer Afrikaans oral en te alle tye tot sy reg te laat kom; om alle moontlike steun te verleen aan goedgekeurde verenigings en organisasies wat hulle die op- en uitbouing van 'n suiwer Suid-Afrikaanse kultuur ten doel stel; om op ekonomiese gebied na die heil van die Afrikaner te strewe; en om die suiwerheid van die Afrikanervolk teenoor gekleurdes te bestendig en gelykstelling op maatskaplike gebied te vermy.[55]

Van dié Bond word vermeld dat die afdelings daarvan, wat veral aan die Rand gefunksioneer het, daarin geslaag het om:[56]

> "..... groot geesdrif vir die Afrikaanse taal en kultuur op te wek in 'n tyd toe dit 'n moeilike bestaan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die stedelike sentra gevoer het."

Soms is funksies van dié Bond se Rand-sentraal afdeling, waartoe Brandt behoort het, by sy huis op Oakdene aangebied.[57]

Jaarliks met sy verjaardagviering op 23 Oktober het die lede van die afdeling van die Broederbond waartoe hy behoort het, saam met hulle gesinne op Oakdene bymekaar gekom vir 'n braaivleis. Dit dui daarop dat Brandt se huis 'n saamkomplek was vir Afrikaner kultuurorganisasies gedurende die jare dertig aan die Rand.[58]

Brandt is ook 'n Voortrekkervriend genoem op grond van sy steun aan die Voortrekkerbeweging, (hoewel dit nie duidelik is wat dit presies behels het nie). Die Voortrekkerbeweging as Afrikanerjeugorganisasie is op 1 Augustus 1931 gestig en het sedertdien op die beginsel van Christelik-nasionaal gefunksioneer.[59]

Krugerfeesvieringe op 10 Oktober, het vir Brandt na aan die hart gelê. Feitlik elke jaar het hy op 10 Oktober iewers die woord gevoer in die gees van Kruger se ideale vir die Afrikaner. In 1936 het Brandt tydens die Krugerdagfees in Pretoria 'n toespraak van sy vriend Anton van Wouw, beeldhouer van die Kruger-standbeeld op kerkplein, namens hom voorgelees omdat Van Wouw nie beskikbaar was vir die geleentheid nie. Die toespraak het gehandel oor die Kruger-beeld.[60] In 1935 word Brandt ook aangewys om op die Transvaalse Provinsiale Komitee van die sentrale



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volksmonumente-komitee te dien, wat as doel gehad het om 'n groot en waardige monument ter gedagtenis aan die Voortrekkers op te rig.[61]

### 4.2 Maatskaplike en liefdadigheidswerk:

Benewens die kerklike barmhartigheidswerk, wat hy as gemeentepastor en voorsitter van die kerk se weeshuisbestuur verrig het, het hy ook tydens sy Turffontein-Kensington periode baie tyd en krag aan die opheffing van maatskaplik minderbevoorregtes bestee. Hiervan getuig sy voortgesette bemoeienis met die Emmasdale en Houtpoort-nywerheidskole.[62] Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg is allerweë gerespekteer.[63]

#### 4.2.1 Die armblanke vraagstuk:

Brandt se hele lewe in Transvaal, sedert 1904, is nie net deur sy arbeidslading en huislike omstandighede verswaar nie, maar ook deur die ekonomies-maatskaplike toestand wat gedurende sy lewe op die breë terrein van die volkslewe afgespeel het. Die verarming van die noordelike Afrikaner wat min of meer ~~in~~ 'n aanvang geneem het met die uitbreek van die runderpes in 1896, en wat verhewig is deur 'n oorlog (1899 - 1902), asmede die ongunstige politieke, ekonomiese en droogte toestande; het met die depressie van 1932 - 1933



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geëskaleer tot 'n volskaalse armblanke-vraagstuk.

Die Carnegie verslag van 1932 insake die ekonomies-maatskaplike toestand van die armblanke, het 'n skokkende toestand van verval en veragtering die lig laat sien.[64] Dit het denkende Afrikaners laat besef dat daar opgetree moes word om die rampspoedige gevolg wat die verslag vir die Afrikaner in die vooruitsig gestel het, af te wend. Die probleem van werkloosheid moes eerste aangespreek word.

Op 17 Augustus 1933 neem Brandt die vrymoedigheid om 'n skrywe aan die toenmalige minister van Arbeid, min A P J Fourie te rig met die doel om hulp van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan te bied, "hoe gering die ook mag zijn", ter bekamping van die kwellende werkloosheidsvraagstuk.[65] Fourie aanvaar Brandt se aanbod en lê 'n plan van aksie voor. Brandt reageer hierop deur die volgende betekenisvolle voorstel aan die minister te maak:[66]

> "Een punt, dat ons Kerk zou willen voortbrengen is, dat op verschillende plekken, die daarvoor geschikt geacht worden kleinere besproeiings werken worden aangelegd en de menschen, die daar komen wonen, direct onder toezicht van de plaaslijke kerken gesteld worden."

Dit is bekend dat sodanige projekte aangepak is.

Nog een van die manne wat op hierdie stadium na vore gekom het om die Afrikaners tot dade op te roep, was die jeugdige prof dr Hendrik French Verwoerd van Stellenbosch.[67] Nes



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandt was hierdie geniale volksman 'n Nederlander van geboorte. In Brandt se eerste gemeente in Johannesburg, het dieselfde H F Verwoerd se vader die heer W F Verwoerd by die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Johannesburg aansoek gedoen om die pos van oefenaar, wat ongelukkig nie kon deurgaan nie vanweë gebrek aan geld.[68] Die jong Verwoerd het aan die gedagte van 'n Volkskongres oor die armblankevraagstuk vaart gegee.[69]

Met die oog op so 'n kongres is drie komitees in die lewe geroep wat moes begin voorberei vir die kongres.[70] Die komitees het bekend gestaan as (i) die sosiologies-ekonomiese, (ii) die opvoedkundige en (iii) die maatskaplik-godsdienstige komitee.

Brandt is deur die voorsitters van twee van die komitees versoek om op hulle onderskeie komitees te dien. Dr H F Verwoerd, voorsitter van die sosiologies-ekonomiese komitee, en ds J R Albertijn van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat voorsitter van die maatskaplik-godsdienstige komitee was, het Brandt hieromtrent genader, hy het geredelik ingewillig.[71] Uiteindelik het Brandt op twee van die onder-komitees van die sosiologies-ekonomiese komitee van dr Verwoerd gedien. Die een was die onderkomitee vir kinderwelvaartsake en die blanke arme, en die ander een was die ontwikkeling van vermaaklikheids- en ontspanningsaangeleenthede.[72]

Die voorbereidingswerk vir die kongres het die grootste deel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die jaar 1934 in beslag geneem. Brandt was verplig om lang afstande te reis, vergaderings by te woon en korrespondensie by te hou. Omdat hy nie net deur die kerk aangewys is om deel te hê aan die beoogde kongres nie, maar ook die Nasionale Kindersorgraad moes verteenwoordig is hoër eise aan hom gestel, aangesien hy ook as redakteur moes optree vir laasgenoemde organisasie se studiestukke.[73]

Met die beoogde kongres wat die probleem van die armblankes onder die loep moes neem in aantog, het Brandt in De Hervormer van 25 April 1934, hieroor en oor die fenomeen van armblankes as sodanig hom uitgelaat:[74]

> "Het is een verblijdend verschijnsel, dat in alle deelen van onze samenleving aandacht gegeven wordt aan het groote en moeilijke vraagstuk van de Arme Blanken in Zuid-Afrika, want dit is een speciaal Zuid-Afrikaansch probleem en een dat het heele volk aangaat. De ryke man van vandaag kan de Arme Blanke worden van morgen.
>
> De grond oorzaak van het Armeblankendom ligt natuurlijk in de aanwezigheid in Suid-Afrika van een lagerstand inboorlingenras, maar verder is de oplossing van dit groote vraagstuk niet zoo eenvoudig, als sommige menschen schijnen te denken.
>
> Het is niet alleen maar een kwestie van werkverschaffing, hoewel werk een heel belangrijke factor is, maar bij de Arme Blanken is een



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

psychologische houding, een sekere levensbeschouwing ontstaan, die meer dan iets anders oorzaak is van hun toestand. De Conferentie, die op 24 en 25 Januari in Kaapstad bijeen geweest is, heeft dan ook op grond van de rapporten van de onderzoeking van de Carnegie Commissie terecht dit vraagstuk van alle kanten aangepakt, n.l. Godsdienstig, opvoedkundig, economisch, sociaal, medisch, en in verhouding tot de gekleurde bevolking van Zuid-Afrika.

Maar nu is er een gevaar. Ieder meent in zijn vak een oplossing te kunnen vinden en draagt dit voor als het beste en daar heeft hij zeker grond voor.

De een zegt: Als er net werk is voor alle blanken, en de man, die niet wil werken, gedwongen kan worden om zijn aandeel te verrichten, dan is alles in orde. De ander draagt voor, dat het noodzakelijk is, om voor ieder huisgezin een passende woning te verschaffen, Nog een ander ziet in de opvoeding van die jeugd en de verzorging van de kinderen de eenige hoop voor de toekomst, en al deze dingen zijn van het hoogste belang.

Maar wij moeten niet uit het oog verliezen dat de mensch een geheel is, wel een heel ingewikkeld geheel maar dat wij ten slotte te doen hebben met menschen en de menschelijke natuur en niet met machines.

Alle plannen en stelsels tot verbetering van de



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omstandigheden van onze medemenschen en die geen rekening houden met de inherente traagheid en zondigheid van de menschelijke natuur, zijn reeds vooruit gedoemd tot mislukking.

Daarom moeten wij ook in deze ernstige en prijsenswaardige pogingen, die de volste ondersteuning van kerk en staat verdienen en die misschien meer hoop op welslagen hebben dan eenige andere, juist omdat kerk en staat hierin samenwerken, zekere teleurstellingen verwachten.

Er zijn nu eenmaal menschen, die niet beantwoorden, zelfs aan de beste behandeling en de gunstigste omstandigheden. Maar ongetwijfeld zal, indien, wat verwacht mag worden, de aandacht van mannen en vrouwen, die het waarachtig heil van het heele volk zoeken, gericht wordt op dit vraagstuk een oplossing gevonden worden, die aan zeer velen ten goede zal komen.

Een kenmerk van de afgelopen 50 jaar was de verslapping van gezag en tucht, de vrees voor dwang en ten gevolge daarvan de toenemende bandeloosheid en zedeloosheid. Gelukkig is daarin een verandering gekomen, en op allerlei gebied wordt weer de noodzakelijkheid van tucht erkend en in toenemende mate toegepast. Ook in liefdadigheid moet er tucht zijn, evenals de liefde van God gegrond is in Zijn heiligheid, en zoo is de ware liefdadigheid om de menschen, oud en jong, zelfstandig



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> te maken en onafhankelijk binnen den kring, waarin God hen geplaatst heeft en in samenhang met degenen aan wie God hen verbonden en voor wie Hij hen verantwoordelijk gemaakt heeft.
>
> Geen onpersoonlijke algemeene maatregels, geen Kaïnsgeest van: "Ben ik mijn broeders hoeder?" zullen ooit verbetering brengen, maar de persoonlijke belangstelling en de invloed van de liefde van Christus gedragen door de heiligende werking van Gods geest, zal tot stand brengen wat deze Conferentie en het aanstaande Volkscongres beoogen."

Die kongres wat op 2 Oktober 1934 te Kimberley begin het, het in vele opsigte die keerpunt van die verval van die Afrikanervolk ingelui. In die persoon van Brandt het die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n betekenisvolle bydrae tot die tydige redding van die Afrikaner gemaak. Vooraf reeds het dr Verwoerd gestel, dat min Afrikanerleiers van destyds, soveel kennis en kundigheid van die Afrikaner se toenmalige maatskaplike verval gehad het, soos Brandt.[75]

Reeds in 1931 het Brandt voelers uitgesteek na dr Maria te Water, hoof van die Kinderleiding Kliniek en Skool van Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria, om met haar die moontlikheid te bespreek dat toekomstige predikante wat aan UP opgelei word, ook onderrig in maatskaplike werk sal ontvang. Brandt motiveer sy siening in die verband so, omdat:[76]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"…. de predikanten in hun arbeid elken dag te doen krijgen met sociale vragen en moeilijkheden en dat het een groote voordeel zal zijn, indien aanstaande predikanten bij hun opleiding de hulp van een wetenschappelijke studie van de beginselen van sociologie kunnen krijgen."

Die poging van Brandt om predikante te onderlê in die beginsels van maatskaplike werk, dui enersyds op die nood op maatskaplike vlak wat onder die kerkvolk van daardie tyd geheers het, en andersyds op die waarde wat hy aan opheffingswerk geheg het. Van die poging het egter nie veel in die Nederduitsch Hervormde Kerk tereg gekom nie, omdat die gees en gedagterigting wat van die teologiese professore uitgegaan het, hierteenoor te staan gekom het. Laasgenoemdes was steeds van oordeel dat die primêre taak van die opleiding was om studente op te lei om as Woordverkondigers in die kerk te werk.

## 5 Kerkwerk in wyer verband

In 1934 met die Algemene Kerkvergadering, word Brandt met 'n kleiner meerderheid as vorige kere herkies as voorsitter van die vergadering. Hy ervaar dit as 'n veranderde gesindheid jeens hom wat in die kerk vaardig geword het. Hy gee geen blyke van hierdie aanvoeling nie en sit sy werk as voorsitter met groot erns voort.[77] Terselfdertyd doen hy steeds waardevolle werk as voorsitter van die Finansiële



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Kommissie, Voorsitter van die Kuratorium, Voorsitter van die Weeshuis-Kommissie en Voorsitter van die Arme Blankes en diakonale Armversorging.[78]

In die tydperk van sy tweede Johannesburgverblyf het hy talle besoeke aan verskeie afgeleë gemeentes gebring. In 1930 onderneem hy sy eerste reis na Suid- en Noord-Rhodesië. In die suide besoek hy al die bestaande gemeentes.[79] In Lusaka omgewing spoor hy verstrooide lidmate van die kerk op en stig 'n gemeente aldaar.[80] Hierdie besoek word in 1932 opgevolg met 'n besoek aan Suid-Rhodesië in 'n poging om die kwaad wat die ontslane ds Alers gedoen het te probeer besweer. Brandt gee toe in 'n skrywe dat Alers se gedrag die kerk in Suid-Rhodesië geknou het. In 1938 besoek Brandt weereens die gemeentes in Oos-Afrika. Hierdie keer as 'n dankbare vader, wat sy seun Andries dáár in sy eerste werkkring, wat die hele Oos-Afrika beslaan het, as predikant kon bevestig.[81]

## 6 Brandt en tussen-kerklike verhoudings:

By geleentheid van 'n vergadering van die Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke wat vanaf 8 tot 10 Maart 1933 te Pretoria in sitting was, het Brandt namens die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n groeteboodskap oorgedra.[82] In sy boodskap het hy die Nederduitse Gereformeerde Kerk versoek om mee te werk om 'n Interkerklike Kommissie op die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

been te bring wat die gemeenskaplike belange van die drie Hollands-Afrikaanse Kerke kon behartig. Brandt se versoek is gunstig in die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontvang.[83] Na die goeie reaksie vanuit daardie oord het Brandt hom vervolgens gewend tot die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Hy skryf aan ds N H van der Walt, Gereformeerde predikant van Heidelberg en versoek deur middel van hom samewerking met die Gereformeerde kerke.[84]

Die Gereformeerde Sinode van 1936 het positief gereageer op Brandt se pleidooi om die stigting van 'n Interkerklike-Kommissie. Dr E L J Venter en ds I D Kruger is as deputate aangewys, om samesprekings tussen die drie kerke met die oog op die stigting van só 'n inter-kerklike liggaam, by te woon.[85]

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat onderneem het om met die byeenkoms van die Raad van die Kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat in Mei 1935 te Durban plaasgevind het, opnuut aandag aan die oprigting van so 'n Interkerklike-Kommissie te gee, het egter niks daadwerkliks hieromtrent gedoen nie. Dit het Brandt egter nie ontmoedig nie en op 3 Julie 1936 neem hy weer die inisiatief en skryf aan ds A J van Wijk, skriba van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Raad van die Kerke om hom opnuut oor die stigting van 'n Interkerklike Kommissie te pols.[86]

Op 2 Maart 1937 verklaar Brandt aan ds D J van der Spuy, Nederduitse Gereformeerde predikant van Reitz:[87]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ".... dat er zooveel gemeenschappelijke belangen zijn, en dat wij als Christelijke kerken elkander beter behooren te kennen in onzen strijd, dat er reeds lang geleden zulk een commissie moest geweest zijn.
>
> De oecumenische beweging in Europa word bij den dag sterker maar wij schijnen hier in Zuid-Afrika heelemaal buiten de zegenrijke stroom te blijven en zoo weinig belang te stellen in dingen, die buiten den kring van onze eigen kerken staan. Ik vind dit zoo jammer, we missen daardoor zoo veel."

Op grond van die aanvoorwerk deur Brandt gedoen, het afgevaardigdes van die vier sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en dr E A Venter en ds I D van der Walt van die Gereformeerde kerk, op 14 Maart 1939 in Bloemfontein vir die eerste vergadering van Brandt se geïdealiseerde Tussenkerklike Kommissie saamgekom.[88] Dit word tans erken as die stigtingsdatum van die Tussenkerklike Kommissie van die drie Afrikaanse susterkerke.[89]

Dit is ironies dat die Nederduitsch Hervormde Kerk nie afgevaardigdes by die geskiedkundige byeenkoms gehad het nie, gesien in die lig dat Brandt as Hervormde predikant die vader van die Tussenkerklike Kommissie genoem kan word.[90] Eers in 1943 het die Nederduitsch Hervormde Kerk afgevaardigdes na 'n vergadering van die Tussenkerklike Kommissie gestuur.[91]

Die rede vir die afwesigheid van die Nederduitsch Hervormde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerk by die stigtingsvergadering van die Tussenkerklike Kommissie in 1939, het 'n lang aanloop gehad.

Reeds tien jaar voor die stigting van die Tussenkerklike Kommissie, het afvaardigings van die Nederduitsch Hervormde Kerk en Nederduitse Gereformeerde Kerk mekaar in Pretoria ontmoet. Die vergadering wat op 28 Augustus 1929 plaasgevind het, was die resultaat van Brandt se pleitredes dat pogings aangewend moes word om die verhouding tussen die twee kerke te verbeter.[92] Die Nederduitsch Hervormde Kerk is verteenwoordig deur: di L E Brandt, A J G Oosthuizen, J G M Dreyer, J J Prinsloo en proffe J A Greyvenstein en S P Engelbrecht. Die lede van die Nederduitse Gereformeerde afvaardiging was: di P Nel. A J Louw, J H Eybers, G D Worst, J M Louw, drs G B A Gerdener en W Nicol.[93]

Brandt het by die byeenkoms as voorsitter opgetree. Pas na die opening het Brandt aan die teenwoordiges meegedeel:[94]

> "...... dat voordat hij de punten van de Vereen. Kerk wil laten bespreken, hij eerst aan de orde wil stellen de erkenning van onze kerk door de Zusters kerk als de Hervormde Kerk die op 8 Augustus 1853 zijn Alg. Verg. te Rustenburg heeft."

Die Nederduitse Gereformeerde afgevaardigdes was nie geneë met die versoek van Brandt nie en wou nie negatief of positief daarop reageer nie. Ds P Nel was daarop teë:[95]

> ".... om over geschiedenis te spreken."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Prof Engelbrecht het hierna gedeeltes uit die notules van 1890 - 1897 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal en die Vrystaat se sinodes voorgelees. Volgens dié notules het die twee sinodes by genoemde datums geweier om die Nederduitsch Hervormde Kerk as susterkerk te erken. Vanuit die voorsitterstoel het Brandt weer eens aan die Nederduitse Gereformeerde afvaardiging gevra of hulle ook nog staan op die standpunt van 1897 wat verklaar het dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n afgeskeie kerk is.[96]

By die vergadering het harde woorde vanuit Hervormde geledere opgeklink oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk se vroeëre uitsprake rakende die Nederduitsch Hervormde Kerk. Ten einde laas het die vergadering 'n mosie aangeneem wat lui:[97]

> "Hierdie vergadering versoek aan die twee Sinodes om sig uit te spreek oor die verhouding van die Kerke tot mekaar. Verder bly hierdie twee Kommissies met mekaar in voeling en sal hulle hul voorstelle wat hulle by hulle Sinodes gaan indien tydig aan mekaar bekend maak."

Met die Algemene Kerkvergadering van Meimaand 1931 het die Hervormde Kerk se afgevaardigdes die afspraak soos in die mosie hierbo uiteengesit nagekom, met 'n voorstel van ds J G M Dreyer, gesekondeer deur Br C F Taljaard. Die voorstel van Dreyer het gelui:[98]

> "Soos tevore herhaaldelik gedaan, spreek die Ned. Herv.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Kerk in die sitting van sy Algemene Kerkvergadering van 19 Mei 1931 en volgende dae sig weer uit, dat hy in broederlike betrekking wens te staan met die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suidafrika en geneë is, om mee te werk tot 'n beter verstandhouding en onderlinge samewerking tussen die twee susterkerke."

Hiermee het die Nederduitsch Hervormde Kerk se afgevaardigdes trou gebly aan die ooreenkoms tussen die twee kerke aangegaan op 28 Augustus 1929, om by die kerke se onderskeie sinodesittings voorstelle te dien effekte van beter samewerking en wedersydse respek, in te handig.

Na die byeenkoms van 28 Augustus 1929 het nog twee vergaderings van die aard plaasgevind. By die laaste vergadering van 10 ~~Desmeber~~ Desember 1931 in Pretoria, het die Hervormde afvaardiging hulle spyt en teleurstelling uitgespreek dat die Nederduitse Gereformeerde afvaardiging versuim het om by hulle sinodesitting van 1931 'n voorstel met die strekking van die besluit in die verband, in te dien.[99]

Die gesprekvoering oor 'n beter verhouding tussen die twee kerke het hiermee 'n dooiepunt bereik. In die lig hiervan en verwikkelinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se kant af het die Hervormde afvaardiging, of Kommissie van Sewe soos dit ook genoem is, die volgende voorstelle by die Algemene Kerkvergadering van 1937 ingedien:[100]

> "U Kommissie wens aan te beveel om die Kommissie te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontbind op grond van die volgende:

a Die Kommissie van die Ned. Herv. óf Gerf. Kerk het nie voldoen aan die ooreenkoms om 'n voorstel in te dien dat die Kerk hom uitspreek oor die verhouding tussen die twee kerke soos reeds vroeër gerapporteer aan die Hoogeerwaarde Vergadering.

b Lede van die Kommissie van die Ned. Herv. of Gerf. Kerk drie jaar gelede aan die Sinode voorgestel het en die Sinode die voorstel aangeneem het om nie meer verder te onderhandel met U Kommissie op die basis soos in die begin ooreengekom met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie, maar net op die basis en oor die punte soos deur daardie Kommissie voorgestel."

Hiermee is gesprekvoering op amptelike vlak tussen die twee kerke tydelik opgeskort. Dit dien ook as verklaring waarom die Nederduitsch Hervormde Kerk afwesig was by die stigtingsvergadering van die Tussenkerklike Kommissie in 1939, waarvan Brandt die oprigter was.

Dit is duidelik dat, alhoewel Brandt hom beywer het vir die ekumene en veral die verstewiging van bande tussen die Afrikaanse susterkerke, sy hoogste prioriteit altyd lojaliteit jeens die Nederduitsch Hervormde Kerk was. Die erkenning van sy kerk se staanplek op die Suid-Afrikaanse kerklike toneel was die uitgangspunt in onderhandeling met andere.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende 1936 het 'n interkerklike liggaam, genaamd Die Christenraad van Suid-Afrika tot stand gekom. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en 'n aantal Engelse en Swart Kerke het hieraan meegewerk. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het op geen stadium betrokkenheid by dié organisasie gehad nie. Brandt het egter in sy persoonlike hoedanigheid homself voortdurend op die hoogte gestel met die aktiwiteite van die liggaam. Soms het hy selfs byeenkomste daarvan bygewoon.[101]

Brandt se ekumeniese interesse het ook oor die grense van die land heen gereik. 'n Bewys daarvan was sy lidmaatskap van die Europäische Zentralstelle Für Kirchliche Hilfsaktionen waarvan prof dr D Adolf Keller van Genéve die Algemene Sekretaris was.[102] Die primêre doel van die protestantse ekumeniese aksie was om hulp te verleen aan verdrukte protestante in Roomsbeheerde lande soos byvoorbeeld Spanje. Brandt het tydens 'n besoek aan Genéve in 1935 indringende samesprekings met Keller gevoer.[103] Onder Brandt se invloed het die Nederduitsch Hervormde Kerk die organisasie gesteun. Dwarsdeur sy lewe was Brandt 'n heftige teenstander van die Roomse invloed. Reeds in 1911 het hy ernstig gewaarsku teen die gevaar wat Roomse magsuitbreiding ingehou het. Hy het sy vrese hiervoor so onder woorde gebring:[104]

> "Daarin is een wezenlijk gevaar voor beschaving, wetenschap, vrijheid, ja feitelijk alles wat het Germaansche zoo hoog acht en waarvoor wij altijd gestreden hebben."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanaf 1935 het die Kirchliche Hilfsaktionen ook bystand verleen aan die lydende Protestantisme in Oos Europa. In 'n omsendskrywe in die voorjaar van 1936 aan alle reformatoriese kerke wêreldwyd, konstateer Keller:[105]

> "May we draw your attention to the fact that the Reformed Church in Russia has come to an end. The last Church in Odessa had to be closed, and our reformed minorities in Eastern Europe are everywhere in a very difficult position."

In antwoord hierop, versoek Brandt Keller om hom van inligting te voorsien van die toestand van die kerk in die kommunistiese lande ten einde die Afrikaner kerkvolk hieromtrent in te lig. Intussen het hy belowe om nie stil te sit nie en het in die verband die volgende onderneem:[106]

> "I intend making use of the little I know about the Church in eastern Europe in our own Church magazine."

Nog 'n internasionale ekumeniese liggaam waarvan Brandt in sy privaat hoedanigheid lid was, was die Wêreldbond Der Kerken - Afdeling Nederland, wie se voorsitter die bekende prof dr F M Böhl van Leiden was.[107]

## 7 Uittrede as Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering

Met die Algemene Kerkvergadering van 1937 is Brandt nie weer as voorsitter aangewys nie.[108] Ds J J Prinsloo wat hom



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

opgevolg het, is met 'n groot meerderheid van stemme verkies. Met die oorhandiging van die voorsittershamer aan Prinsloo is 'n betekenisvolle fase in die lewe van Brandt maar ook die Nederduitsch Hervormde Kerk afgesluit. Vir die kerk was dit die beëindiging van 'n tydperk wat genoem kan word as die tydperk van "Hollandse leierskap" in die kerk. Vanaf die Eerste Algemene Kerkvergadering van 1853 tot en met Brandt se uittrede, behalwe met 'n kort onderbreking van enkele jare, was al die voorsitters van die Algemene Kerkvergadering gebore en getoë Nederlanders.

Prof dr J H Greyvenstein het namens die professore ter vergadering 'n dankwoord jeens Brandt geuiter, hy het van Brandt gesê:[109]

> "Meer as twintig jaar het hy bewonder die geduld en billikheid waarmee die afgevaardigdes behandel is. Ons waardeer sy gewilligheid en trou, sy menigvuldige opofferinge vir die kerk en die opleiding."

Vir een en twintig jaar was dit die kerk beskore om te baat by sy stylvolle dog koersvaste leiding. Sy openingsredes en herderlike skrywes asook sy optrede en uitsprake tydens en na vergaderings was altyd besielend. Daarby was Brandt nie net 'n prater nie maar 'n dader van die Woord wat hy getrou bedien het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7.1 Evaluasie van Brandt se rol as Voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 1916 - 1937

Toe Brandt in 1916 ds C W du Toit as voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opgevolg het, het die kerk uit 35511 siele, waarvan 16711 belydende lede was, bestaan. Die totale aantal lidmate is deur 30 gemeentes versorg wat in drie ringe georganiseer is. Op daardie tydstip was veertien predikante voltyds werksaam in die kerk. Oor die algemeen was die kerk arm met 'n gebrek aan doelmatige kerkgeboue.

Met Brandt se uittrede as voorsitter in 1937 was daar 77 gemeentes wat in vyf ringe verdeel is. Die toename in die lidmatetal was fenomenaal. Die sieletal sowel as belydende lede het bykans verdubbel. Die 66144 siele waarvan 34374 belydende lede was is deur 32 predikante bearbei.

Die Teologiese Fakulteit was goed gevestig met vier doserende personeellede wat aan vyftien BD-studente onderrig gegee het.[110]

Die Weeshuis wat in 1923 gestig is het nie net gegroei wat toerusting en fasiliteite betref nie, maar ook goeie resultate getoon in die versorging van verweesde en verwaarloosde kinders.

Die kerk kon op die tydstip sy sendingbeleid deeglik verantwoord. Enkele swart gemeentes in Noord-Natal het 'n werklikheid geword.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gereelde kerklike publikasies: Almanak en De Hervormer het ontwikkel in vaste instellings wat die groei van die kerk duidelik weerspieël het.

Hoofsaaklik vanweë Brandt se bemoeienis is 'n doeltreffende kerklike administrasie vir die behoeftes van daardie jare op die been gebring. In dié periode was die administrateur van die kerk mnr H J Th L Roorda wat in 1928 opgevolg is deur mnr J A Janson. Die sentrale sowel as gemeentelike boekhou-stelsel is in 'n groot mate gekoördineer en op 'n aanvaarbare standaard van boekhou-beginsels geplaas.

Die hele aantal kerklike kommissies en rade, wat in die periode in die lewe geroep is, het bygedra dat die kerk in staat was om effektief bepaalde take en opdragte van die Algemene Kerkvergadering te kon verrig.

Gedurende die 21 jaar van Brandt se voorsitterstermyn was die kerk ook gekonfronteer met terugslae en probleme van uiteenlopende aard. Deur alles heen het Brandt met standvastigheid leiding gegee.

Die groei gedurende die genoemde 21 jaar was gelukkig nie net 'n ontwikkeling in uiterlike dinge nie. Ook die kerk se karakter as Calvinistiese belydende volkskerk het al hoe meer tot ontplooiing gekom deur die lidmate voortdurend bewus te maak van hulle ryk verlede en erfenis. Hierin het Brandt die voortou geneem.

Sy openingsredes en optredes by die Algemene



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerkvergaderings, herderlike skrywes aan gemeentes en geleentheidsoptredes tydens kerklike funksies het hy te baat geneem, om die lidmate en ampsdraers te inspireer en op te voed om hulle roeping in die wêreld as gelowiges te vervul. 'n Deel van Brandt se erfenis aan die kerk, wat tot vandag toe nog merkbaar is, is die riglyn wat hy neergelê het vir die hantering van krisissituasies. Vanweë sy ireniese ingesteldheid het hy altyd met groot omsigtigheid omstrede sake hanteer. Hy het nooit onverbiddelik 'n vooringenome standpunt kompromieloos gehuldig nie. As 'n saak besleg is tot welwese van die kerk, al het dit geskied op 'n basis anders as sy aanvanklike benadering, het hy daarin berus en met 'n onverstoorbare houding sonder verwyt voorgegaan.

As voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het Brandt die kerk op talle inter-kerklike en openbare liggame en by baie geleenthede verteenwoordig. Ook op hierdie terreine was sy optrede altyd waardig en verantwoordelik waardeur die kerk se selfrespek in 'n hoë mate gedien is.

Toe 'n ongekende welvaartsgolf na 1945 oor Suid-Afrika en ook oor die Afrikaner gespoel het, kon die kerk ook daarin deel. Enorme uitbreiding op talle terreine in die lewe en werk van die kerk het plaasgevind. Dit alles is alleen moontlik gemaak omdat daar gedurende die periode van Brandt se leidinggewing in die kerk so 'n hegte basis gelê is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 8 Uittrede as predikant

Vir twee jaar lank kon die kerk in die algemeen en die gemeentes Kensington/Turffontein nog sy kragte en talente benut. Ook Brandt was as mens bevoorreg om tot die einde van sy lewensdae die evangelie te verkondig, 'n faset van sy werk waarin hy altyd groot vreugde gevind het. Iets van die vreugde klink op in sy mededeling aan sy kinders van hoe hy die Kersfeesprediking van 1935 beleef het. Aangrypend stel hy:[111]

> "Ik vind het erg treffend, dat juist aan het einde van het jaar, met veel beproevingen en moeilijkhede, als de menschen moe en het jaar oud is, de prediking van de geboorte van Jesus Chrisus, het nieuwe krachtige Goddelijke, leven door de wêreld mag klinken, om nieuwe kracht en moed en hoop te geven. Een heerlijke toepassing voor ieder mensch persoonlijk, voor de volken, voor de kerk, een bewijs van de alles vernieuwende kracht van Jesus Christus en Zijn Evangelie."

Die jare 1938 - 1939 was vir Brandt jare van swaarkry, omdat sy vrou in die tyd onbeheersd begin reis het.[112] Met haar vertrek in 1938 op 'n uitgebreide Europese reis het sy te kenne gegee dat sy haar permanent wou losmaak van Brandt en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kinders. Teen die einde van daardie jaar het sy Brandt egter laat weet dat sy van plan was om terug te keer na Suid-Afrika. Met gemengde gevoelens oor die onstabiele huislike toestand deel Brandt sy kinders hieromtrent mee. Hy voeg verder die volgende daaraan toe:[113]

> "De dinge van moeder is baie moeilik, ek kan my nie heeltemaal losskeur van haar nie en ek bid nog daagliks vir haar, maar ek verlang nie eintlik na haar nie. Ek ga nou maar voort met my werk, en verdiep my daarin. Daar sal wel 'n besliste wending kom in die verhouding tussen ons."

Teen die einde van 1938 het Johanna inderdaad teruggekeer. Na 'n kortstondige verblyf van enkele dae het sy egter weer na Londen koers gekry. Op die stadium het Brandt 'n brief van 'n Du Toit, sekretaris van Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen ontvang, waarin Brandt dringend versoek is om toe te sien dat Johanna nie weer Londen alleen besoek nie. Die waarskuwing het Brandt helaas te laat bereik aangesien Johanna alreeds vertrek het.[114]

Du Toit se brief hou verband met die feit dat Johanna in die dae van omswerwinge oral skuld gemaak en geld geleen het. Hierdeur het Brandt ook groot finansiële laste bygekry. In die begin van 1939 was hy verplig om die vernederende stap te doen om 'n kennisgewing in die Londense koerante te plaas dat hy nie verantwoordelik gehou moes word vir skuld aldaar deur Johanna aangegaan nie.[115] Hy het hom ook egter voorgeneem om indien Johanna sou terugkeer, hy vir haar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behandeling sou reël by 'n dr Beyers van Pretoria van wie Brandt verklaar het:[116]

> "...... hy het baie ondervinding van geeste en mense wat onder die invloed van geeste is en het 'n bisondere krag van die Here ontvang om mense te help."

Die swaarste slag wat Brandt egter getref het was toe die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hom in Mei 1939 versoek het om as predikant van Turffontein-Kensington te bedank. Hierdie versoek het gevolg op aanbeveling van die Ringskommissie van die Ring van Standerton, wat na 'n ringsvisitasie in Kensington en Turffontein gemeentes tot die slotsom gekom het, dat die gemeentes se finansiële posisie so verswak het dat hulle nie meer 'n predikant standplaas kan onderhou nie.[117]

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het Brandt egter nie in die woestyn gelaat nie. In 'n omsendskrywe, gedateer 16 Mei 1939 aan al die gemeentes van die kerk, is £1.0.0 per manlike lidmaat en 10/- per vroulike lidmaat gevra om 'n hospitaalpredikant standplaas aan die Rand te bekostig. Die pos is spesiaal vir Brandt geskep. Die Kommissie het ook die hoop uitgespreek dat hy die pos sou aanvaar. In die tyd is ook die moontlikheid deur die Kommissie uitgespreek dat Brandt dalk op Robbertshoogte as kapelaan kon werk.[118]

Op 7 Junie 1939 het Brandt egter die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering skriftelik versoek om sy eervolle



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontslag as predikant van die kerk toe te staan.[119]

Op 'n kerkraadsvergadering van 16 Junie 1939 onder voorsitterskap van ds J J Prinsloo is ook die kerkraad se toestemming verkry vir Brandt se emeritaat.[120] Die vergadering het voorts besluit dat op 2 Augustus 1939 'n groot afskeidsgeselligheid vir Brandt aangebied sou word. Ds Prinsloo het hieroor die volgende in die vooruitsig gestel:[121]

> "...... die Waarnemende voorsitter sê dat dit goed sou wees om die Selborne saal te kry en dan nie allenig van Turffontein en Kensigton 'n afskeid sal gee nie maar dit ook 'n funksie van die gehele kerk of so nie dan van die gehele Rand ....."

9 <u>Dood en begrafnis</u>

'n Luisterryke afskeid na 'n leeftyd van selfverloënende arbeid in die kerk was Brandt egter nie beskore nie. Die volgende dag, na die kerkraadsvergadering waarop planne gemaak is om 'n afskeidsgeleentheid te reël wat hom toegekom het, is hy in 'n frats ongeluk tuis ernstig beseer. Johanna verhaal die ongelukkige gebeure in ope brief aan Brandt se vriende:[122]

> "Op Saterdag, 17 Junie, het hy na ons private sanatorium gegaan om 'n nuwe stoof-pyp in die muur in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te sit agter die kombuis. Die leer was te kort. Vrolik fluitende en met sy gewone ywer, het hy die leer bo op 'n tafel gesit nadat hy dit binne in 'n leë pakkis geplaas het om die uitgly daarvan te voorkom. Om dit nog veiliger te maak het hy twee kaffer bediendes gelas om dit styf vas te hou. Alles sou goed gegaan het as daar nie 'n onverwagte ding gebeur het nie. Die gewig was te veel. Toe hy dig by die dak was het die pote van die tafel gebreek, en in een sekond het hy na benede gestort. Sy linker skouer het gebreek en is uit lid geruk, maar die noodlottigste letsel was aan die hoof. In bewustelose staat is hy per ambulans na die Algemene Hospitaal vervoer waar hy op die sewende dag heengegaan het."

Op die vraag of Brandt ná die ongeluk nog iets gesê het, gee Johanna antwoord in die reeds aangehaalde Ope Brief aangaande sy dood:[123]

"Net twee woorde, byna onhoorbaar, 'help my'. Van die lippe van die man wat nooit om hulp vir homself gevra het nie, is hierdie woorde afgepers, 'help my'. Niemand kon hom help nie. Ons kon die fiere liggaam nie red nie. Die menslike stem is vir ewig stil. Maar die stem van die verloste siel sal in ons ore klink solank ons leef. Wat is dit wat hy trag om op ons geheue te graveer?

'Help my om my werk voort te sit. Help my deur elkander



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te help. Help my deur my vermaning te onthou, deur die voorbeeld van die Meester te volg in die kleinste besonderhede van die daaglikse lewe, deur die donkere toekoms tegemoet te gaan, sonder vrees, met vertroue en optimistiese geloof, opsiende tot Diegene wat gesê het, 'Ek sal die Trooster na julle stuur, en kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.'"

Op 23 Junie 1939 het Brandt gesterf. Die plaaslike pers het groot prominensie aan sy skielike afsterwe verleen. In breedvoerige berigte is sy vol en sinryke lewe en die betekenis daarvan aangehaal. Die Brandwag van 7 Julie het die patos van sy dood so gerapporteer:[124]

"Vrydag, 23 Junie, is ds L E Brandt, een van die grootste figure in Hervormde Kerk in Suid-Afrika heengegaan."

Die Vaderland van 23 Junie 1939 het na wyle ds L E Brandt verwys as:[125]

"'n Teer Christen, 'n liefdevolle mens en 'n ywerige werker vir die saak van sy God, sy volk en sy land was hy inderdaad, en die Hervormde Kerk sal in hom iemand mis wat deur sy taktvolle leiding, sy ywer en bekwaamheid veel gedoen het om die kerk te bring waar dit vandag is."

Op Sondagmiddag 25 Junie 1939 is die stoflike oorskot van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Louis Ernst Brandt in die Brixtonse begraafplaas te ruste gelê.[126] Die begrafnisdiens het plaasgevind vanuit die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde gemeente ~~Cottesloe~~ Johannesburg. The Star van 26 Junie 1939 het die gebeurtenis so beskryf:[127]

> "At the Cottesloe Nederduitsch Hervormde Kerk about three thousand people gathered to pay tribute to the high esteem in which mr Brandt was held. The majority stood on the rocky koppie outside the church, and followed the proceedings with the aid of loud speakers. Reverent crowds thronged the route which the cartege followed through Vrededorp. A dozen speakers took part in the proceedings."

Onder die duisende begrafnisgangers was talle hoogwaardigheidsbekleërs van albei die blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, maar ook talle gewone lidmate wat vir Brandt opreg lief was. Prof dr J H Greyvenstein het die roudiens gelei na aanleiding van Openbaring 14 vers 13: "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe .... en hul werke volg met hulle." Prof Greyvenstein het hierby aansluitend die volgende gesê:[128]

> "Vir sommige is die dood 'n engel van verlossing; vir ander is dit 'n koning van verskrikking. Vir dié wat naby God lewe het Christus die dood oorwin. 'n Christen glo nie aan die dood nie, maar aan die lewe.
>
> Vir wyle ds. Brandt gun ons ook die rus na sy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moeitevolle arbeid. God sal nie vergeet wat in sy naam gedoen is nie.

Dr. Greyvenstein het in herinnering geroep die 25 jaar wat hy ds. Brandt geken het. Dit was 25 jaar van troue vriendskap. Nooit het hy 'n hoër en edeler karakter ontmoet as ds. Brandt nie. Die Hervormde Kerk was ryker as gevolg van sy koms na Suid-Afrika en is vandag met sy heengaan armer. As 'n man met 'n hoë adel van karakter, was hy tewens beskeie om in die hoekie waar God hom geplaas het, te werk. Sy nederigheid het hom altyd gekenmerk.

**Hy kon beweeg in die paleise van die hooggeplaastes en ook in die huise van die armes.**

Al die jare was sy lewe een van selfopofferende diens. 'n Verdere kenmerk was sy ruime kinderlike geloof. Daar is droefheid oor sy heengaan maar ook dankbaarheid vir wat hy vir sy kerk en volk gedoen het."

Hierna het ds J J Prinsloo, van Rustenburg, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering namens die hele kerk hulde aan Brandt gebring. Hy het gesê:[129]

„Meer as dertig jaar was hy 'n bekende figuur in die kerk en in so baie bedrywighede het hy 'n leidende aandeel geneem. As voorsitter van die Algemene Kerkvergadering het hy begin met die opleiding van predikante aan die Universiteit van Pretoria wat tot



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soveel heil gestrek het."

Namens die Universiteit van Pretoria het prof dr S P Engelbrecht gepraat. Hy het na wyle ds L E Brandt verwys as iemand wat in Gods hand 'n middel tot seënryke werk was.[130]

Ds A J G Oosthuizen, voorsitter van die Ring van Heidelberg, waarvan Brandt een van die stigters was, het die oorledene beskrywe as iemand van wie 'n mens menslikerwyse kan sê dat hy onmisbaar was. Brandt was een van die eerste predikante wat in die Ring werksaam was.

Ds Oosthuizen het voortgegaan deur daaraan toe te voeg:[131]

> "Baie jare het hy en ds Van Belkum die uitgestrekte gebied alleen bearbei. Die oorledene het 'n werkkrag gehad soos 'n mens min teenkom. Niks was te swaar vir hom nie. Oral was hy gewillig om te help.
>
> Vir die kerk het hy baie beteken deur die stille getuienis van sy lewe van hoop, verdraagsaamheid en lydsaamheid. Net eenmaal was iets te swaar vir hom en dit was toe hy sy bediening moes neerlê. Die pynlike ondervinding het God hom gespaar."

Die Transvaler van 26 Junie 1939 het die verdere verloop van die verrigtinge so opgesom:[132]

> "Ds. S P van der Walt, van die Geref.Kerk, Turffontein, het as kollega wat saam met dr Brandt gewerk het, getuig dat sy plek moeilik opvulbaar sal wees. Wat hy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in stilte gedoen het, was met bekwaamheid. Ons sal hom nie vergeet nie as ons die Skrifwoord in herinnering hou: "Die regverdige sal in ewige gedagtenis wees."

Ds. A.H. Stander, van die Ned. Herv. of Geref. gemeente Turffontein, het gesê dat dit hom altyd 'n vreugde was om met ds. Brandt, wat hy in 1918 leer ken het, saam te werk. Sy lewe was 'n geseënde voorbeeld.

Die gesant van die Nederlande, jhr. W. F. van Lennep, het as neef van die oorledene een en ander meegedeel uit die loopbaan van ds. Brandt. Hy het as kind opgegroei in Velp, Holland, waar sy vader burgemeester was.

**In sy studentetyd was hy een van die beroemdste studente. Hy was 'n groot atleet en tweemaal was hy die skifroeikampioen van die wêreld.**

Hy was een van die oprigters van die N.C.S.V. in Nederland en het saam met Van Boetzelaar die eerste jongenskampe in Europa gestig, waarvan daar tans dertig is.

Mnr J.M. Donker, konsul van die Nederlande in Johannesburg, het namens die Hollandse gemeenskap hulde aan die oorledene gebring, terwyl prof. dr. B. Gemser, van Pretoria, namens sy vriende gepraat het.

Ds P. S. Grobler, van Krugersdorp, wat namens die Hervormde Weeshuis gepraat het, het ds. Brandt as



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kindervriend bestempel. Sy verhouding met die kinders wat hy by hul name geken het was altyd een van liefde.

Eindelik het mnr. F. Handel Thompson. L.P.R., namens die Kindersorgvereniging getuig van ds. Brandt se gewaardeerde dienste.

'n Groot skare het die lykswa grafwaarts gevolg, waar ds. S.J. Vermooten opgetree het.

Oudl. Coertze het namens die gemeentes Turffontein en Kensington die dankwoord uitgespreek.

Mnr. Frans Brandt, seun van die oorledene, het uiteindelik almal bedank vir die blyke van deelneming in sy vader se afsterwe. Vir sy huisgesin was sy vader altyd die simbool van liefde.

Die vernaamste roudraers is: mev. Brandt, Frans, Willem en Chris Brandt, Emmie Kellerman, dogter van die oorledene, ds. Andries Brandt, van Kenia, Mira Brandt, wat in Italië is. Louis Brandt, wat op die oomblik in Skotland vertoef, mnr. George Brandt, broer van die oorledene, die eggenotes van mnre. Frans en Willem Brandt en mnr. J. Kellerman, jhr. W F van Lennep, neef van die oorledene.

By die kerk het as draers opgetree: mnre. George Brandt, jhr. W. F. van Lennep, Frans, Willem en Chris Brandt en mnr. J. Kellerman.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By die graf was die draers: di. S Vermooten, T Dreyer, J Dreyer, P J Smit, dr. H P Wolmarans en dr. C. H. Rautenbach.

Ds J J Prinsloo, van Cottesloe, het die reëlings in hande gehad. 'n Menigte kranse is ontvang."

By wyse van 'n terugblik op die lewe van 'n baanbreker evangeliedienaar, wat die edelste trekke van die Europese mensheid in sy lewe vertoon het, pas miskien tog maar die woorde van Johanna Brandt self, toe sy aan Louis Ernst terug gedink het vanaf daardie tydstip toe hulle vanuit Nederland na Suid-Afrika vertrek het:[133]

"Onbekend was die land aan hom, maar nie onbemind nie, want die hartstogtelike liefde wat hy gekoester het vir die Suid-Afrikaanse volk gedurende hul stryd vir onafhanklikheid is nie uitgeblus by hul nederlaag nie, maar eerder verskerp.Hy was gemaak van die stof wat nodig is vir die vorming van morele helde, baanbrekers - indien nodig, martelare.

In die opbou van die Hervormde Kerk van die Voortrekkers het hy 'n ruime veld gevind wat gestrek het van Kairo tot die Kaap. Maar vir sy onbeperkte kragte was dit nie genoeg nie. Behalwe die verantwoordelikheid wat op hom as Moderator van die Kerk gerus het, was hy ook stigter en organiseerder van verenigings vir kindersorg en liefdadigheid, 'n voorstander van sport en kampioen van die roeiers op



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Vaalrivier.

Debatsverenigings, geheelonthouding, vegetarisme, musiekverenigings, dit alles, en nog veel meer, is met sukses bevorder deur die wilskrag en volharding, die idealisme en geloof van hierdie veelsydige man."

## 10 Aantekeninge

1 Notule Ring van Standerton, NHK-Argief, Pretoria, 13 Maart 1929.

2 Notulen van vergadering gehouden in de Nederduitsch Hervormde Kerk te 60 Schullerstraat Forest Hill door lidmaten de zuidelike afdeeling, NHK-Argief, Pretoria, 15 Maart 1929.

3 Notule Gekombineerde Kerkraadsvergadering van Turffontein en Kensington, NHK-Argief, Pretoria, G. 68, 15 Januarie 1930.

4 Notule Gekombineerde Kerkraadsvergadering van Turffontein en Kensington, NHK-Argief, Pretoria, G. 68, 30-04-1930.

5 Ibid.

6 Notule Kerkraadsvergadering Kensington, NHK-Argief, Pretoria, G.65, 10 Mei 1930



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7 Ibid.

8 Ibid., 27 Mei 1930.

9 Notule Kerkraadsvergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 17 Junie 1930.

10 C.F.J. Muller (red), 500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis Pretoria-Kaapstad 1970, p. 371-372.

11 T. Cameron et S.B. Spies (red) Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika In Woord en Beeld, Kaapstad-Pretoria 1986, p. 254-255.

12 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 21 September 1932.

13 Ibid., 2 Oktober 1935.

14 Ibid., 22 Oktober 1936.

15 Ibid.

16 Ibid., 26 November 1935.

17 Ibid., 23 November 1932.

18 Notule Kerkraadsvergadering Kensington, NHK-Argief, Pretoria, G.65, I/I/I, 13 Mei 1933.

19 Ibid.

20 Notule Kerkraadsvergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 22 April 1933.

21 Notule Kerkraadsvergadering Kensington, NHK-Argief,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria, G.65, I/I/I, 13 Mei 1933.

22 Notule Kerkraadsvergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 22 April 1933.

23 Ibid.

24 Notule Kerkraadsvergadering Kensington, NHK-Argief, Pretoria, G.65, I/I/I, 13 Mei 1933.

25 Spesiale Gemeentevergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 20 Mei 1933.

26 Ibid.

27 Ibid.

28 Notule Kerkraadsvergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 20 Mei 1933.

29 Ibid.

30 Notule Kerkraadsvergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 17 Junie 1933.

31 Ibid.

32 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 17 Junie 1933.

33 Notule Kerkraadsvergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 17 Junie 1933.

34 Notule Kerkraadsvergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 4 Julie 1933.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

35 Ibid.

36 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 12 Augustus 1930.

37 Ibid., 12 Maart 1930.

38 Ibid., 19 Maart 1930.

39 Ibid., 12 Augustus 1930.

40 Ibid.

41 Ibid., 5 November 1930.

42 Ibid., 15 Augustus 1932.

43 Ibid., 14 September 1932.

44 Ibid., 15 Februarie 1933.

45 Ibid.

46 Persoonlike Korrespondensie van L E Brandt, NHK-Argief, Pretoria LIX/182, 22 September 1923.

47 A D Pont, Nederduitsch Hervormde Gemeente Heilbron, op. cit., p. 65.

'n Bewys van Brandt se volkome vereenselwiging met die Afrikaner en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika spreek ondubbelsinnig uit 'n brief aan ds W P J Poen, destydse predikant van Pietersburg. Poen het volgens klagtes wat in die De Hervormer verskyn (sien in die verband bv. De Hervormer van 15 Augustus 1924) gepleit vir die invoer van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie-Hervormde gebruike. Beswaarde lidmate wys ook op 'n gees van metodisme wat hy sou uitstraal.

Brandt wys Poen oor al die klagtes tereg en gee self blyke van sy eerbied vir die gevoelens van die ou staatmakers van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Brandt se skrywe lui:

"Ds. W.P.J. Poen                                Pretoria 16.9.24

Pietersburg

Waarde Collega.

Vergun mij, dat ik u over een private zaak schrijf, die met onze kerk te maken heeft. Zoo nu en dan krijg ik brieven uit uwe gemeente van oude beproefde en standvastige ondersteuners van onze kerk, die ik ken van 20 jaar geleden, en die zich bezwaard voelen over uw optreden in uwe gemeente. De correspondentie in de Hervormer heeft ook zekere ontevredenheid aan het licht gebracht. Nu wil ik in het belang van u zelf en van onze kerk u op een en ander wijzen.

Onze kerk heeft, zooals elke kerk, zekere gewoonten en tradities, waaraan onze leden gehecht zijn, en die een zekere wijze van denken, een bepaalde mentaliteit ook een bepaalde vorm van Christendom vertegenwoordigen. Wij mogen en zullen ook heelwaarschijnlijk anders denken over die dingen, omdat wij een andere opvoeding, en geschiedenis achter ons hebben en ander karakter dragen, maar wij moeten toch probeeren elkander te verdragen en te erkennen en geen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanstoot te geven. Gij zijt gastvrij opgenomen in onze kerk, na een zeer afgewisselden loopbaan in andere kerken, toch zeker niet met de bedoeling om onze kerk of de gemeente, die u beroepen heeft te gaan hervormen naar uw private opvatting, die zeker recht van bestaan heeft, maar niet opgedrongen behoeft te worden als de eenige ware, terwijl van u verwacht mag worden, dat gij ook onze opvattingen en die van de oude staatmakers in uwe gemeente zult respecteeren. Broeder: Denkt aan de geschiedenis van Rehabeam. Als gij uwe gemeente en kerkeraad wilt tegemoet komen zult gij hun harten winnen en zullen zij u aanhangen en liefhebben, anders mag met u misschien gaan als Rehabeam. Er zijn natuurlijk principieele en essentieele dingen, maar er zijn ook heel veel bijkomstige dingen, waarin gij hem kunt tegemoet komen en waarover dikwijls juist de aanstoot komt, omdat er in de groote principiepia geen verschil is. De Hervormde Kerk heeft in Transvaal altijd sekere beginselen voorgestaan en nu is het niet te verwachten dat gij, die nog heelemaal onbekend zijt met onze geschiedenis en nieuw in onze kerk, al die dingen zult weten en verstaan, maar juist daarom zou het verstandig zijn, als gij u liet leiden en wildet luisteren naar de oude menschen, die geboren en groot geworden zijn in de Hervormde Kerk, en die deze dingen voelen, ook al kunnen zij die misschien niet zoo beredeneeren en waarvan gij er verscheidene hebt in uwe gemeente in Zoutpansberg.

Als de kerkgeschiedenis van Dr Engelbrecht verschijnt zult



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gij wel daarin veel van die dingen kunnen leeren verstaan en zult gij ook begrijpen, wat ik bedoel, maar intusschen kan er veel kwaad gedaan worden. Er zijn in onze kerk buiten sommige predikanten ook in elke gemeente gewone leden, die uit andere kerken tot ons zijn overgekomen, en niet van huis uit Hervormd zijn en geen Transvalers en die dus de oude dingen, en de oude strijdpunten en moeilijkheden niet hebben meegemaakt en dus voor die dingen niets gevoelen, maar dat zij niet de menschen, voor wie wij in de eerste plaats moeten luisteren, dat zult gij wij wel toegeven. Hierover is op de laatste Algemene Kerkvergadering een storm ontstaan, die later in eenige brieven in de Hervormer weer losgebroken is, o.a. over zekere uitlatigen van Dr Engelbrecht, en ik geef toe, dat dit voor sommigen onaangename dingen zijn, maar het zijn niet te min feiten en daar moeten wij mee erkennen, anders doen wij schade aan de kerk en an ons zelf en misschien selfs aan het Koninkrijk Gods. Broeder, ik hoop, dat gij u over dezen brief niet zult ergeren, want ik schrijf uit ware liefde en belangstelling voor onze kerk en ook voor uw eigen voordeel als predikant in onze kerk. Neem het als zoodanig op en als gij lust gevoelt er op te antwoorden, zul ik dankbaar zijn, meer van u te hooren. Geloof mij intusschen met broederlijke groeten

de uwe.

L.E. Brandt."

(Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/67)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

48 Afrikaanse Kultuuralmanak, Johannesburg, 1980 p. 248.

49 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 30 Augustus 1933.

50 Ibid., 6 Mei 1931.

51 Minutes of Meeting of Advisory Committee On Religious Broadcasts, NHK-Argief, Pretoria, LIX/86.

52 Korrespondensie i.v.m. S.A.U.K., NHK-Argief, Pretoria, LIX/86.

53 G.D.J. Duvenage, Die Gedenktrek van 1938, Pretoria, 1988, p. 193-203.

54 Ibid., p. 193.

55 Afrikaanse Kultuuralmanak, op. cit., p. 224.

56 Ibid.

57 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 14 Desember 1932.

58 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 21 Desember 1932.

59 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 21 Desember 1932 et Afrikaanse Kultuuralmanak, op cit., p. 284.

60 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 8 Oktober 1936.

61 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/84, 10 September 1935.

62 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 6 Mei 1931.

63 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 14 Junie 1932.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

64 G.D. Scholts, Dr. Hendrik French Verwoerd, deel I, Johannes 1974, p. 32-46.

65 Volkskongres Armblanke Vraagstuk, NHK-Argief, Pretoria, LIX/83, 19 September 1933.

66 Ibid.

67 G D Scholtz, op. cit.

68 Notule Kerkraadsvergadering, Gemeente Johannesburg, NHK-Argief, Pretoria, 23 Januarie 1915.

69 G D Scholtz, op. cit.

70 Volkskongres, op. cit.

71 Ibid.

72 Ibid.

73 Ibid.

74 De Hervormer, 25 April 1934.

75 Volkskongres, ibid. 15 Mei 1934.

76 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/80, 22 April 1931.

77 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 15 Mei 1934.

78 Notule Algemene Kerkvergadering 1934.

79 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/176, 13 Junie 1930.

80 E.J. van der Westhuizen, 'n Oorsig Oor Die Geskiedenis



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>Van Die Nederduitsch Hervormde Kerk In Rhodesië tot 1939</u>. (Ongepubliseerde BD-Skripsie, UP), Pretoria 1981.

81 Reis na Kenia en Tanganjika 1938, NHK-Argief, Pretoria, LIX/199.
Alhoewel ds Andries Brandt eers in 1938 deur sy vader L E Brandt as predikant van die kombinasie Arusha/Rensburgrust bevestig is, het hy alreeds sedert 1936 in die gebied as "tydelike predikant" gewerk. Vid., C J Mans, <u>Vyftig Jaar NHK In Oos-Afrika</u> in HTS jrg 20, Afl 3 en 4.

82 <u>De Kerkbode</u> 29 Maart 1933.

83 <u>De Kerkbode</u> 16 Maart 1933.

84 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/82, 20 Oktober 1935.

85 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/82, 18 Maart 1936.

86 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/82, 3 Julie 1936.

87 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/82, 2 Maart 1937.

88 <u>De Kerkbode</u>, 28 April 1989, p. 7.

89 Ibid.

90 Ibid.

91 Ibid.

92 Samesprekings, NHK-Argief, Pretoria, LIX/76, 28 Augustus 1929.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

93 Ibid.

94 Ibid.

95 Ibid.

96 Ibid.

97 Ibid.

98 Notule Algemene Kerkvergadering, 1931.

99 Samesprekings. op. cit.

100 Notule Algemene Kerkvergadering, 1931.

101 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/82, varia.

102 Memoranda NHK-Argief, Pretoria, LIX/84.

103 Ibid.

104 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/30, 20 November 1911.

105 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/84.

106 Ibid., 7 Julie 1936.

107 Ibid., 6 Mei 1935.

108 Notule Algemene Kerkvergadering 1937.

109 Ibid.

110 Almanakke van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1916 - 1939.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

111 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/201, 25 Desember 1935.

112 Ibid., varia.

113 Briewe NHK-Argief, Pretoria, LIX/205, 28 Januarie 1939.

114 Ibid., 21 Desember 1938.

115 Ibid., 2 Februarie 1939.

116 Ibid.

117 Stukke, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, NHK-Argief, Pretoria, B 1 - 6.

118 Stukke Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, NHK-Argief, Pretoria, 1934 - 1940, Band III

119 Ibid.

120 Notule Kerkraadsvergadering Turffontein, NHK-Argief, Pretoria, G.68, 16 Junie 1939.

121 Ibid.

122 Ope Brief aan die Vriende van wyle ds L E Brandt, NHK-Argief, Pretoria, LIX/102.

123 Ibid.

124 Die Brandwag, 23 Junie 1939.

125 Die Vaderland, 23 Junie 1939.

126 Rand Daily Mail, 26 Junie 1939.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

127 *The Star*, 26 Junie 1939.

128 *Die Transvaler*, 26 Junie 1939.

129 Ibid.

130 Ibid.

131 Ibid.

132 Ibid.

133 Johanna Brandt, *Die Kappiekommando*, Kaapstad/Pretoria, 1913. p. 174.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 10

## 'N WAARDERING VAN BRANDT SE TEOLOGIESE BENADERING EN SY ARBEID IN SUID-AFRIKA

Soos reeds in die loop van hierdie verhandeling genoem is, het die prediking van Brandt die hoogste waardering van die lidmate van die kerk geniet.

Wat die prediking van Brandt oor die algemeen betref, is die volgende van sy groot aantal preke wat behoue gebly het opmerklik:

> Baie van sy preke het 'n sterk didaktiese tendens vertoon. Deur sy prediking het Brandt getrag om die lidmate op te voed. In 1924 hou hy byvoorbeeld 'n preek na aanleiding van Spreuke 14:34
>
> > "Gehoorsaamheid aan die Here laat 'n volk sterk staan; sonde bring 'n skande oor 'n volk."[1]
>
> Hy noem in die loop van dié bepaalde preek talle sondes in die lewe van die volk wat tot skande strek. Ondermeer verwys hy soos volg na die "eet- en drinkgewoonte" van 'n groot deel van die volk:[2]
>
> > "De strekking van onzen tijd is bij sommigen om te willen eten en drinken zonder om hun aandeel te doen aan het werk van de wêreld, anderen moeten meer werk doen, dan zij kunnen, de meeste menschen eten en drinken veel te veel en die gevolgen zijn



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ziekte en kwalen bij jong en oud."

In talle van sy nagelate preke, is dit opmerklik dat hy in 'n hoë mate sy prediking op die daaglikse praktyk van die lidmate betrek het.[3] Lidmate is telkens opgeroep om te lewe volgens die eise van God se Woord, tot verhoging van die eie en die volk se lewenskwaliteit. Op hierdie wyse het sy prediking van herderlike besorgdheid gespreek waardeur die herder deur voorligting die kudde wou lei tot 'n hoër vlak van geestelike ontwikkeling.

Tweedens was die meeste van sy preke Christusverkondiging. Maar dan Christusverkondiging met 'n bepaalde nuanse, in die sin dat Christus gepredik is soos hy tereg kom in die Christelike geloofslewe. Op grond daarvan vertoon sy preke dikwels die trekke van sosiaal-maatskaplike lesings. In sodanige preke figureer Christus implisiet as onderbou vir die Christelike lewe, wat die hoogste vlak van ontwikkeling is waartoe die mens kan kom.

In 'n preek wat gedurende 1919 die lig gesien het na aanleiding van Ps 95 : 7 en 8, gee hy breedvoerig voorligting aangaande die ontwikkelingsfases wat 'n kind deurmaak. Die psigologiese kennis het relevansie vir die jongeling se opvoeding, om uiteindelik tot 'n volkome Christelike lewenswandel te kom.[4]

Derdens kan wéér gewys word op die feit, dat hy afwysend gestaan het teenoor die oorbeklemtoning van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die bevindelikheid wat in die metodistiese kringe die deurslag gegee het. Reeds in hoofstuk 6 is aangetoon dat die metodistiese rigting en die etiese teologie nie gelykgestel kan word nie.

L M le Roux noem Brandt 'n "eties-ortodokse" teoloog.[5] Die beoordeling van Brandt se nagelate preke en uitsprake dui daarop dat hy oor baie sake konfessioneel gedink het. Dit alles bevestig Le Roux se tipering, dat Brandt tot die etiese rigting behoort het wat meer "regs" of konfessioneel was as die latere etici wat meer modernisties geneigd was. Tog vind 'n mens telkens weer by Brandt tipies etiese trekke, byvoorbeeld waar hy méér klem lê op die private gewete se oortuiging as op die geloof van die kerk. Tog moet dit weer gestel word, dat Brandt egter nooit die geloof van die kerk weerspreek of teëgegaan het nie.

Hierdie en ook ander afwykings (waaronder die belangrikste seker onder sy Christologie voorkom), het nie noemenswaardige aanklank in die Nederduitsch Hervormde Kerk gevind nie. Die Teologiese Fakulteit het deur die jare heen die teologiese denke van die kerk gevorm. Veral sedert 1935, met die aanstelling van prof H P Wolmarans wat goed onderlê was in die dialektiese teologie, het dit wat kerklik, konfessioneel en ortodoks is, behoue gebly.

Brandt was geen kontroversiële figuur nie, alhoewel hy vas op sy beginsels gestaan het. Sy hele lewe is gedra deur 'n opregte geloof wat uitgemond het in 'n voortreflike



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorbeeldige Christelik-etiese lewenswandel. Vir die etiese teoloë het "eties" erns met die "geestelike lewe" beteken.[6] Dit beteken dat waar dit vir die konfessioneles gegaan het oor regsinnigheid, dit vir die etici gegaan het oor regdadigheid. Brandt se optrede in die uitvoering van sy ampstaak en omgang met almal wat sy pad gekruis het, het altyd blyke gegee van 'n regdadige lewensvrome mens.

Hoewel sy hele lewe oorskadu was deur 'n voortdurende finansieel-arm kerk en ongewone huislike omstandighede vanweë 'n eggenote wat bekend was vir haar onortodokse optredes, het Brandt koersvas met oortuiging sy werk voortgesit en volbring. "Die wete van 'n oorsprong in God en 'n lewensdoel anderkant die lewe, waardeur alles gebind word tot kontinuiteit ....."[7] was die bron van krag waaruit hy gelewe het en hom in staat gestel het om die skynbare onmoontlike te verrig.

Ten spyte van al Brandt se verpligtinge as voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die eise wat in breëre sosiale verband aan hom gestel is, het die totaal van sy ampswerk gewentel om die prediking, huisbesoek en diakonaat. Sonder twyfel kan gestel word dat Brandt in sy werk in die kerk reg geoordeel het om die drie sake as prioriteit te stel.

Die prediking is die vernaamste taak van die kerk in die wêreld, omdat:[8]

> "... prediking en kerkdienst een gebeuren van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Godswege (is). Het Woord is werkzaam door de Heilige Geest. Zoals het Woord zonder ophouden bezig is met de instandhouding van de schepping en de voortstuwing van de geschiedenis, zo is datzelfde Woord in de kerkdienst bezig met de bekendmaking van de God der schepping in der verzoening. God maakt zich bekend. Door woorden raakt Hij onze planeet aan op die plaatsen waar de gemeente Gods verzameld is. In deze wêreldwijde en eeuwige verbanden staat het gebeuren van prediking en kerkdienst."

Naas die prediking, bly die huisbesoek van die predikant by sy lidmate van kardinale belang. Geen plaasvervanger kan vir huisbesoek gevind word nie om die gemeente te bou. 'n Reggeaarde predikant, wat erns maak met die herderlike opdrag wat Christus aan die kerk toevertrou het, se pastorale bewoënheid kom tereg in die getroue doen van huisbesoek.

So is ook die diakonaat 'n onontwykbare opdrag van die kerk. Die noodlydendes in die gemeente móét te hulp gekom word. Aan hierdie aspek van die kerk se opdrag het Brandt ten volle aandag geskenk. Hy het die werk verrig op die patroon van die Réveil se benadering van inwendige sending, waaronder noodleniging en maatskaplike opheffing van verarmde en gevalle mense verstaan is.[9]

Heldring en Pierson, was gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu die leiersfigure vanuit Réveil-geledere in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederland, wat konstruktief besig was met die opheffing van die maatskaplik gekweldes. Veral onder leiding van Heldring is tehuise vir verweesde en verwaarloosde kinders en gevalle dogters opgerig. Selfs op die arbeidsterrein, was Réveil predikante die voormanne in die stigting van Christelike vakbonde vir arbeiders wat aan ongunstige werksomstandighede uitgelewer was.

Binne die kerk, in inter-kerklike en ook nie-kerklike liggame het Brandt, soos reeds aangetoon, hom met oorgawe op die Réveil-model van noodleniging beywer vir die verbetering van die maatskaplike omstandighede van verarmde en verwaarloosde mense.

Die Bybels-prinsipiële uitgangspunt van diakonale werksaamhede is altyd Woordverkondiging <u>en</u> noodleniging. Die twee komponente in wisselwerking met mekaar staan bekend as barmhartigheidswerk. Streng gesproke kan nét die kerk aanspraak maak op die begrip. As Woordverkondiging losgemaak word van noodleniging, word bloot welsynswerk verrig wat deur enige humanitêre organisasie bedryf kan word.[10]

Dit is duidelik uit Brandt se lewensskets, dat baie van sy werksaamhede onder veragterde Afrikaners, veral die werksaamhede wat met behulp van die buite-kerklike liggame verrig is, bloot welsynswerk was.

Brandt kan egter nie beskuldig word dat hy gedring was deur 'n negentiende eeuse optimistiese antropologie, om slegs aan basiese goeie mense in nood hulp te verleen nie. Feit van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die saak is, dat hy gekonfronteer was met 'n oormaat van noodlydendes waarvoor hy die oë nie kon sluit nie. Op grond van sy Christelike gewete, wat altyd belangrik vir hom was en nie doodgesmoor mog word nie, het hy gedoen wat sy hand gevind het om te doen. Al moes hy hom bedien van nie-kerklike liggame, wat welsynswerk en uiteraard nie barmhartigheidswerk kon verrig het nie. Die werklikheid van die nood was so oorweldigend en dit moes eenvoudig gelenig word.

By wyse van terugskouing op die lewe en werk van L E Brandt, kan net met die hoogste waardering gespreek word oor die feit dat hy bereid was om na afloop van die Engelse Oorlog vanuit Nederland na Suid-Afrika te kom om sy hele lewe aan die Afrikanervolk en die Nederduitsch Hervormde Kerk te wy. As sodanig was Brandt die heel laaste van die groot leidinggewende Nederlanders wat na Suid-Afrika gekom het om hier te lande in die Nederduitsch Hervormde Kerk betekenisvolle bouwerk te doen. Dit beteken ook dat hy saam met hierdie ander Nederlanders van faam, waarvan manne soos Van Warmelo, Goddefroy, Van Belkum en Muller die belangrikste was, bygedra het dat die Nederduitsch Hervormde Kerk tot vandag toe, wat leer en lewenskwessies aangaan, meerendeels Europees as Engels-Amerikaans georiënteerd is.

As Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, het hy 'n bepaalde styl en optrede van kerkregering gevestig, wat tot vandag nog merkbaar is in die optrede van die Kommissie van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Algemene Kerkvergadering. 'n Optrede wat deurgaans spreek van 'n méér verdraagsame houding in die hantering van byvoorbeeld tugsake, as wat normaalweg gereflekteer word deur die meer juridies-konfessionele standpunt.

Brandt was sy hele lewe deur 'n vriend van die Boerevolk. 'n Man vir wie die uitwissing van die volk ondenkbaar was. Hy het 'n deeglike kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad, wat hom in staat gestel het om as kampvegter vir die Afrikaner die regte verbande te lê.

Sy bydrae wat hy gelewer het tot opbouing van die Nederduitsch Hervormde Kerk na die ontwrigting van die oorlog, kan nie hoog genoeg aangeslaan word nie. Sy ywer vir die vestiging van instellings en middele ten behoewe van die kerk se voortgang, was prysenswaardig.

Sy werk as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering was van hoogstaande gehalte. Tog was hy deur alles heen gemeente-predikant, wat as sodanig, menslik gesproke 'n onuitwisbare bydrae gemaak het in die Kerk van die Here.

1 Aantekeninge

1 L.E. Brandt, Gerechtigheid verhoogt een volk, Almanak voor de Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1924.

2 Ibid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3 Diverse preekaantekeninge, NHK-Argief, Pretoria, LIX/40.

4 Jac van Belkum (red) Predikatie Boek Bevattende Leerredenen Van Verschillende Predikanten Der Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika, Potchefstroom 1919.

5 Die Hervormer, Julie 1989, p. 10.

6 J.A. Loader, Die Etiese Ou-Testamentici In Nederland Tussen 1870 en 1914, (ongepubliseerde DD-verhandeling Unisa) Pretoria 1984, p. 14.

7 Jaap Marais, Stryd is Lewe, Pretoria 1980, p. 160.

8 H. Jonker, En Tóch Preken, Nijkerk 1973. p. 30.

9 N. K. van den Akker en E. L. Smit, Geschiedenis van het Christendom, Den Haag/Bussum 1959.

10 A. D. Pont, Klasaantekeninge 1973.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SAMEVATTING

## DS L E BRANDT (1873 - 1939) AS KERKLIKE LEIER EN BOUER

deur

HENDRIK JACOBUS BOTES

PROMOTOR: PROF. DR. A.D. PONT

DEPARTEMENT: KERKGESKIEDENIS

FAKULTEIT: TEOLOGIE (AFDELING A)
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

GRAAD WAARVOOR PROEFSKRIF INGEHANDIG IS:- DOCTOR DIVINITATIS

Louis Ernst Brandt wat op 21 Oktober 1873 te Zoeterwoude in Nederland gebore is, het tussen 1904 en 1939 'n groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse kerklike en openbare lewe gemaak.

Hy het onder besonder bevoorregte omstandighede in Velp groot geword, waar sy vader die amp van burgemeester beklee het. Sy skoolopleiding ontvang hy tuis en aan die Stedelike Gimnasium van Arnhem.

Vanaf 1893 tot 1898 studeer hy teologie aan die Universiteit van Utrecht, waar hy in aanraking kom met 'n teologie wat grootliks deur die Nederlandse etiese rigting van die negentiende eeu bepaal is. Prof J J P Valeton jr (1848 - 1912) was een van sy vernaamste mentors. Brandt was 'n eminente student wat veral op kulturele en sportgebied uitstaande prestasies gelewer het.

Na voltooiing van sy universitêre studie word hy die eerste voltydse sekretaris van die NCSV waarvan hy 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

leidinggewende stigterslid was.

Vanaf 1900 tot 1903 is hy predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk, gemeente Niezijl. Op 28 Augustus 1902, tree hy in die huwelik met Johanna van Warmelo van Transvaal, 'n gevierde Afrikaner-heldin gedurende die Engelse Oorlog van 1899 - 1902.

In 1904 verhuis die gesin na Transvaal waar Brandt agtereenvolgens in die volgende gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika dien:- Zoutpansberg/Waterberg, Johannesburg, Vereeniging/Heilbron en Kensington/Turffontein. Sy bydrae wat hy gelewer het tot opbou van die Kerk na die ontwrigting van die oorlog en die bewoë twintiger en dertiger jare wat daarop gevolg het, kan nie te hoog waardeer word nie.

Afgesien van talle kerklike kommissies waarop hy gedien het, was hy vir 21 jaar voorsitter van die Algemene Kerkvergadering. Die vernaamste vrugte van sy ewewigtige leierskap was die vestiging van 'n deeglike kerklike infra-struktuur, die teologiese fakulteit aan UP en sendingwerk onder die heidene.

Hy vereenselwig hom volkome met Afrikaner-nasionalisme. Onvermoeid bevorder hy dié ideaal op die terrein van die onderwys, kultuur en ekonomiese opheffing. Hy beywer hom doelbewus vir die verbetering van tussen-kerklike betrekkinge en speel in die verband 'n beduidende rol.
Op 23 Junie 1939 sterf hy op 66-jarige ouderdom



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

TEH REV L E BRANDT (1873 - 1939)AS CHURCH LEADER AND BUILDER

by

HENDRIK JACOBUS BOTES

PROMOTOR: PROF. DR. A.D. PONT.

DEPARTMENT: CHURCH HISTORY

FACULTY: THEOLOGY (SECTION A), UNIVERSITY OF PRETORIA

DEGREE: DOCTOR OF DIVINITY

Louis Ernst Brandt who was born at Zoeterwoude in the Netherlands on October 21, 1873, made noteworthy contributions between 1904 and 1939 in Church and public life in South Africa.

He was brought up under very favourable circumstances in Velp where his father was mayor. He received his schooling at home and at the City Gymnasium of Arnhem.

From 1893 to 1898 he studied theology at the University of Utrecht where he came into contact with a theology which was mainly determined by the Netherlands Ethical direction of the nineteenth century. Prof. J J P Valeton jr (1848 - 1912) was one of his most important mentors.

Brandt was an eminent student who produced outstanding



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

performances especially in the cultural and sports areas.

After completion of his University studies he became the first full-time secretary of the NCSV - an organisation of which he was a founder member.

From 1900 to 1903 he was minister of the Netherlands Reformed Church in the parish of Niezijl. On August 28, 1902 he married Johanna van Warmelo of Transvaal, a famous Afrikaner heroine during the English war of 1899 to 1902. During 1904 the family moved to the Transvaal where Brandt consecutively served the Nederduitsch Hervormde Kerk in the following parishes: Zoutpansberg/Waterberg, Johannesburg, Vereeniging/Heilbron, Kensington/Turffontein.

His contribution to the restructure of the church after the disruption of the war and the miserable twenties and thirties which followed, cannot be overestimated.

Apart from his service on numerous Church Commissions he was chairman of the General Assembly for 21 years. The most important fruits of his well-balanced leadership were the founding of a thorough church infrastructure, the theological faculty at Pretoria University and mission work amongst the heathen.

He identified himself completely with Afrikaner nationalism. Tirelessly he furthered this ideal in the fields of education, culture and economic upliftment.

He purposely did his best to improve inter-church relations.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In this regard he played an important role.

He died at the age of 66 on June 23, 1939.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018